

**DIE IDENTIFISERING VAN TEMAS VIR DIE
ONTWIKKELING VAN 'N
VOORBEREIDINGSPROGRAM VIR ADOLESSENTE
WAT STIEFGESINNE BETREE**

**CYNTHIA MAREE
Hons.(B.A.)**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad Magister Artium
(Kliniese Psigologie) aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

STUDIELEIER: PROF. C.A. VENTER

MEI 2001



VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie studie vermeld en bedank ek graag die volgende persone:

- My studieleier Professor Chris Venter vir sy leiding, ondersteuning en bydrae tot hierdie studie.
- Die proefpersone wat ten spyte van die sensitiwiteit van die onderwerp, hierdie studie moontlik gemaak het.
- Peter Bekker en Heleen Roets vir hul rol in die afneem van die vraelyste by die onderskeie hoërskole.
- Cecilia van der Walt, vir die noukeurige taalversorging en morele ondersteuning.
- My ouers en gesinslede, vir hul volgehoue ondersteuning, geloof en vertroue in my.
- Nici, vir haar onvoorwaardelike ondersteuning, voortdurende aanmoediging en waardevolle hulp gedurende hierdie studie.
- Clarissa, my kollega, wat hierdie ervaring saam met my meegemaak het.
- Dr. Chris Kotze vir sy geduldige ondersteuning.

Die grootste dank is egter aan God vir die geleenthede en ondersteuning waarsonder niks moontlik sou wees nie.



INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING.....	(xv)
SUMMARY	(xvii)

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLING EN BEGRIPSVERKLARING

1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING.....	2
1.3	DOELSTELLINGS	4
1.4	HIPOTESE	4
1.5	BEGRIPSVERKLARING.....	5
1.5.1	Vorbereidingsprogram	5
1.5.2	Adolescente	7
1.5.3	Stiefgesinne	8
1.6	METODE VAN ONDERSOEK	9
1.6.1	Literatuurstudie	9
1.6.2	Empiriese ondersoek	9
1.6.3	Ontplooiing van die navorsingsverslag	10

HOOFSTUK 2

DIE VERHOUDINGSWÊRELD VAN DIE ADOLESSENT

2.1	INLEIDING	12
2.2	TEORETIESE PERSPEKTIEWE.....	13
2.2.1	Die psigososiale benadering van Erikson.....	13
2.2.2	Die identiteitstatusse van Marcia	18
2.2.3	Blos se objekverhoudingsperspektief	20
2.2.4	Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling	25
2.2.5	Integrasie van die teoretiese perspektiewe	30
2.3	DIE VERHOUDING MET DIE GESIN.....	34
2.3.1	Die sisteemteorie	34
2.3.2	Gesinsverhoudinge gedurende adolessensie.....	40
2.4	DIE ROL VAN DIE PORTUURGROEP	48

2.4.1	Vriendskappe	48
2.4.2	Die portuurgroep	51
2.5	SAMEVATTING	56

HOOFSTUK 3

DIE PROBLEME WAT ADOLESSENTE IN STIEFGESINNE ERVAAR

3.1	INLEIDING	57
3.2	DIE KONTEKS WAARIN STIEFGESINNE FUNKSIONEER.....	58
3.2.1	Die basiese verskille tussen die strukture van die stiefgesin en die eerste huweliksgesin.....	62
3.2.2	Die fases in die normale stiefgesinontwikkelingsiklus	65
3.2.3	Die afwesigheid van duidelike stiefrolvoorskrifte	68
3.3	SPESIFIEKE PROBLEEMAREAS TEN OPSIGTE VAN DIE ADOLESSENT IN DIE STIEFGESIN	70
3.3.1	Die verkryging van outonomie	71
3.3.2	Seksualiteit.....	74
3.3.3	Die aanpassing van adolessentseuns en -dogters in stiefgesinne.....	75
3.3.4	Ouerskapstyle in die stiefgesin	77
3.3.5	Stiefvadergesinne	79
3.3.6	Stiefmoedergesinne	80
3.3.7	Lojaliteitskonflikte	83
3.3.8	Woede.....	84
3.3.9	Skuldgevoelens.....	85
3.3.10	Vrees.....	85
3.3.11	Stiefsibbe	85
3.3.12	Konflik	88
3.3.13	Kommunikasie	89
3.3.14	Selfesteem	90
3.3.15	Aanpassings- en gedragsprobleme	91
3.3.16	Intergenerasiegrense	93
3.3.17	Handhawing van verhoudings met die nie-toesighoudende biologiese ouer	93
3.3.18	Handhawing van verhoudings met die uitgebreide gesin	93
3.4	POTENSIELE VOORDELE VIR DIE ADOLESSENT IN 'N STIEFGESIN	94
3.5	SAMEVATTING	95

HOOFSTUK 4

DIE EVALUERING VAN BESTAANDE VOORBEREIDINGSPROGRAMME VIR KINDERS WAT STIEFGESINNE BETREE

4.1	INLEIDING	97
4.2	BESPREKING VAN DIE BESTAANDE RELEVANTE PROGRAMME.....	97
4.2.1	Preparing for a creative marriage: Premarital preparation with reconstituted Families.....	98
4.2.2	A model for stepfamily development.....	98
4.2.3	A model for group work with remarried couples and their children.....	100
4.2.4	A family life education group for working with stepparents.....	102
4.2.5	A skills program for parents in stepfamilies	103
4.2.6	Renew: A program for building remarried family strengths	105
4.2.7	The stepfamily enrichment program	106
4.2.8	Die benutting van psigodrama met adolessente in hersaamgestelde gesinne	107
4.2.9	'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief.....	108
4.2.10	Die rolverwagtingsprogram	110
4.2.11	Die ontwerp van 'n tweedehuweliksvoorbereidingsprogram vir 'n tweede huwelik gebaseer op 'n behoeftebepaling	110
4.3	EVALUERING VAN BESTAANDE VOORBEREIDINGSPROGRAMME VIR KINDERS WAT STIEFGESINNE BETREE	111

HOOFSTUK 5

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1	INLEIDING	114
5.2	NAVORSINGSONTWERP.....	114
5.3	PROEFPERSONE	115
5.3.1	Die seleksieprosedure van die proefpersone	115
5.3.2	Beskrywing van die steekproef	117
5.3.2.1	Geslag.....	117
5.3.2.2	Taal	117
5.3.2.3	Ouderdom	117
5.3.2.4	Opvoedkundige vlak	118
5.3.2.5	Voltyds woonagtig in 'n stiefgesin.....	118
5.3.2.6	Tydperk betrokke by die stiefgesin	119

5.3.2.7	Geslag van die stiefouer in die gesin.....	120
5.3.2.8	Stiefsibbe	121
5.3.2.9	Biologiese ouer oorlede	121
5.3.2.10	Nie-inwonende biologiese ouer hergetroud	121
5.4	MEETINSTRUMENT	122
5.5	NAVORSINGSPROSEDURE	125
5.6	DATAVERWERKING.....	125
5.7	SAMEVATTING	125

HOOFSTUK 6

DIE BESPREKING VAN DIE RESULTATE

6.1	INLEIDING	127
6.2	BESPREKING VAN DIE RESULTATE VAN DIE VRAELYS.....	128
6.2.1	Afdeling 2: Die portuurgroep.....	128
6.2.2	Afdeling 3: Aannames en mites oor stiefgesinne.....	132
6.2.3	Afdeling 4: Struktuur van die nuwe stiefgesin.....	138
6.2.4	Afdeling 5: Die fases in die normale stiefgesinsontwikkelingsiklus	146
6.2.5	Afdeling 6: Die verkryging van outonomie	149
6.2.6	Afdeling 7: Seksualiteit in die stiefgesin.....	153
6.2.7	Afdeling 8: Die aanpassing van adolessentseuns en -dogters in stiefgesinne.....	157
6.2.8	Afdeling 9: Ouerskapstyle in die stiefgesin	166
6.2.9	Afdeling 10: Stiefvader- en –moedergesinne.....	173
6.2.10	Afdeling 11: Emosies van adolessente in stiefgesinne.....	177
6.2.11	Afdeling 12: Stiefsibbe	186
6.2.12	Afdeling 13: Konflik	193
6.2.13	Afdeling 14: Kommunikasie	198
6.2.14	Afdeling 15: Selfesteem.....	202
6.2.15	Afdeling 16: Aanpassings- en gedragsprobleme teenwoordig in die aanvanklike verhoudings.....	206
6.2.16	Afdeling 17: Intergenerasiegrense	214
6.2.17	Afdeling 18: Verhoudings met die biologiese ouers en uitgebreide gesin.....	215
6.2.18	Afdeling 19: Potensiële voordele vir die adolessent in die stiefgesin	221
6.3	SAMEVATTING	227

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1	INLEIDING	230
7.2	GEVOLGTREKKINGS	230
7.3	RIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N VOORBEREIDINGSPROGRAM VIR STIEFADOLESSENTE	232
7.4	LEEMTES VAN HIERDIE NAVORSINGSPROJEK.....	237
7.5	AANBEVELINGS	238
7.5.1	Aanbevelings ten opsigte van hierdie studie	238
7.5.2	Aanbevelings ten opsigte van die voorgenome voorbereidingsprogram.....	238
7.5.3	Aanbevelings vir 'n soortgelyke voorbereidingsprogram vir toekomstige stiefouers sowel as die biologiese ouers betrokke by die adolessent se lewe.....	239
7.5.4	Verdere algemene aanbevelings	240

BRONNELYS	241
------------------------	-----

BYLAES

Bylaag A	Afrikaanse dekbrief	254
Bylaag B	Engelse dekbrief	255
Bylaag C	Vraelys aan adolessente in stiefgesinne	256
Bylaag D	Questionnaire to adolescents in stepfamilies	275

LYS VAN TABELLE

	BLADSY
Tabel 1	Geslag 117
Tabel 2	Taal 117
Tabel 3	Ouderdom - Seuns 117
Tabel 4	Ouderdom - Dogters 118
Tabel 5	Opvoedkundige vlak 118
Tabel 6	Woonstatus 119
Tabel 7	Tydperk betrokke by stiefgesin - Seuns 119
Tabel 8	Tydperk betrokke by stiefgesin - Dogters 120
Tabel 9	Stiefouergeslag - Seuns 120
Tabel 10	Stiefouergeslag - Dogters 121
Tabel 11	Stiefsibbe 121
Tabel 12	Biologiese ouer oorlede 121
Tabel 13	Nie-inwonende biologiese ouer hergetroud 121
Tabel 14	In watter mate is jou vriende vir jou belangriker as jou gesin? (vraag 12.1) 128
Tabel 15	In watter mate kom jy met jou portuurgroep (kinders van jou ouderdom) oor die weg? (vraag 12.2) 129
Tabel 16	In watter mate beskik jy oor hegte ("close") vriende met wie jy jou persoonlike sake bespreek? (vraag 12.3) 129
Tabel 17	In watter mate pas jy in die portuurgroep in? (vraag 12.4) 129
Tabel 18	In watter mate is jou vriende daar vir jou wanneer jy hulle nodig het? (vraag 12.5) 130
Tabel 19	In watter mate pla dit jou vriende dat jy 'n stiefkind is? (vraag 12.6) 130
Tabel 20	In watter mate is van jou vriende ook stiefkinders? (vraag 12.7) 131
Tabel 21	In watter mate pla dit jou om 'n stiefkind te wees? (vraag 13.1) 133
Tabel 22	In watter mate is jy skaam om vir jou vriende en onderwysers te sê dat jy 'n stiefkind is? (vraag 13.2) 133
Tabel 23	In watter mate voel jy anders as jou vriende wat nie stiefkinders is nie? (vraag 13.3) 133
Tabel 24	In watter mate was jy voor hierdie huwelik bang dat jou stiefouer lelik en/of kwaai en/of vyandig met jou sou wees? (vraag 13.4) 134
Tabel 25	In watter mate verwag jou inwonende biologiese ouer van jou om lief te wees vir jou nuwe stiefouer? (vraag 13.5) 134
Tabel 26	In watter mate het jy gedink julle as stiefgesin gaan dadelik gelukkig en/of lief vir mekaar wees? (vraag 13.6) 135
Tabel 27	In watter mate verwag jy dat jul nuwe stiefgesin dieselfde moet wees

Tabel 28	as jou vorige gesin toe jou biologiese ouers met mekaar getroud was? (vraag 13.7)	135
Tabel 29	In watter mate het jou inwonende biologiese ouer en jou stiefouer verwag dat jy gou sal aanpas in die nuwe stiefgesin? (vraag 13.8)	136
Tabel 30	In watter mate het jy gevoel jy sal nooit weer heeltemal “okay” wees na jou biologiese ouers se egskeiding nie? (vraag 13.9)	136
Tabel 31	In watter mate meen jy dis makliker om ‘n stiefouer te aanvaar indien jou ander biologiese ouer oorlede sou wees? (vraag 13.10)	137
Tabel 32	In watter mate meen jou biologiese ouer by wie jy woon dis beter vir almal as jou ander biologiese ouer ietwat op die agtergrond staan? (vraag 13.11)	137
Tabel 33	In watter mate verskil jou lewe in die stiefgesin van jou lewe in die enkelouergesin? (vraag 14.1)	139
Tabel 34	In watter mate mis jy jou vorige lewe? (vraag 14.2)	139
Tabel 35	In watter mate verskil jy en jou stiefbroers en –susters se waardes van mekaar? (vraag 14.3)	139
Tabel 36	In watter mate kies jy tussen jou biologiese ouers? (vraag 14.4)	140
Tabel 37	In watter mate wedywer jou biologiese ouers met mekaar vir jou aandag? (vraag 14.5)	141
Tabel 38	In watter mate het jy genoegsame kontak met albei jou biologiese ouers? (vraag 14.6)	141
Tabel 39	In watter mate sal jy dankbaar/bly voel as jou stiefouer jou wettiglik wil aanneem? (vraag 14.7)	141
Tabel 40	In watter mate het jy ongewaardeerd gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.1)	143
Tabel 41	In watter mate het jy magteloos gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.2)	143
Tabel 42	In watter mate het jy vreesbevange gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.3)	144
Tabel 43	In watter mate het jy eensaam gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.4)	144
Tabel 44	In watter mate het jy gefrustreerd gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.5)	145
Tabel 45	In watter mate het jy hartseer gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.6)	145
Tabel 46	In watter mate het jy jaloers gevoel nadat julle ‘n stiefgesin geword het? (vraag 15.7)	145
Tabel 47	In watter mate het jy voor die huwelik gewens jou biologiese ouer en jou stiefouer trou nie? (vraag 16.1)	147
Tabel 48	In watter mate was dit vir jou lekkerder toe julle alleen gewoon het na die egskeiding in die enkelouergesin? (vraag 16.2)	147
Tabel 48	In watter mate het jy gehoop jou biologiese ouers se huwelik kan	

	herstel word? (vraag 16.3)	148
Tabel 49	In watter mate voel jy jy is gedwing om as gevolg van die nuwe situasie meer dinge op jou eie te doen as voorheen? (vraag 17.1)	149
Tabel 50	In watter mate het jy onafhanklik geraak as gevolg van jou stiefgesinlewensituasie? (vraag 17.2)	149
Tabel 51	In watter mate wens jy almal wil jou net alleen los sodat jy jou eie ding kan doen? (vraag 17.3)	150
Tabel 52	In watter mate het jou verhouding met jou biologiese moeder verander? (vraag 17.4)	150
Tabel 53	In watter mate het jou verhouding met jou biologiese vader verander? (vraag 17.5)	150
Tabel 54	In watter mate voel jy in staat om jou eie besluite te neem? (vraag 17.6)	152
Tabel 55	In watter mate voel jy skuldig wanneer jy jou eie ding doen? (vraag 17.7)	152
Tabel 56	In watter mate stry/baklei julle wanneer jy jou eie ding wil doen? (vraag 17.8)	152
Tabel 57	In watter mate voel jy ongemaklik wanneer jou stiefouer aan jou raak of jou 'n drukkie gee? (vraag 18.1)	154
Tabel 58	In watter mate raak jy ongemaklik wanneer hulle mekaar druk en/of soen voor jou en jou vriende? (vraag 18.2)	154
Tabel 59	In watter mate is dit vir jou ongemaklik om te weet dat jou biologiese ouer en stiefouer seksueel intiem verkeer in julle huis? (vraag 18.3)	154
Tabel 60	In watter mate het jy al verlief gevoel op een van jou stiefsusters of –broers? (vraag 18.4)	155
Tabel 61	In watter mate voel jy skaam en/of selfbewus voor jou stiefsusters en –broers? (vraag 18.5)	156
Tabel 62	In watter mate het jy al verlief gevoel op jou stiefouer? (vraag 18.6)	156
Tabel 63	In watter mate het dit al vir jou gevoel asof jou stiefouer op jou verlief is? (vraag 18.7)	156
Tabel 64	In watter mate kom jou biologiese ouer by wie jy nie woon nie en jou stiefouer met mekaar oor die weg? (vraag 19.1)	158
Tabel 65	In watter mate het jy meer vryheid gehad in jou vorige biologiese gesin as in jou huidige stiefgesin? (vraag 19.2)	158
Tabel 66	In watter mate het jy meer vryheid gehad in jou enkelouergesin as in jou huidige stiefgesin? (vraag 19.3)	158
Tabel 67	In watter mate het jou skoolprestasie verander vandat jy deel is van 'n stiefgesin? (vraag 19.4)	159
Tabel 68	Het julle verhuis nadat hierdie huwelik plaasgevind het? (vraag 19.5)	159
Tabel 69	Indien julle wel moes verhuis, het dit veroorsaak dat jy van skool moes verander? (vraag 19.6)	159
Tabel 70	Indien wel (ja op vraag 19.6) in watter mate het jy belangrike vriende	

	verloor as gevolg hiervan? (vraag 19.7)	160
Tabel 71	In watter mate is jou stiefgesin se gewoontes en/of lewenstyl anders as die van jou vorige biologiese gesin? (vraag 19.8)	161
Tabel 72	In watter mate wens jy soms dinge kan alles terug verander soos voor hierdie huwelik? (vraag 19.9)	161
Tabel 73	In watter mate het jy aangepas in jou stiefgesin? (vraag 19.10)	161
Tabel 74	In watter mate was hierdie aanpassing vir jou moeilik? (vraag 19.11)	162
Tabel 75	In watter mate was jy in die begin negatief teenoor jou stiefouer? (vraag 19.12)	163
Tabel 76	In watter mate is jy nou negatief teenoor jou stiefouer? (vraag 19.13)	163
Tabel 77	In watter mate voel jy dat jou stiefouer 'n invloed het op jou verhouding met jou biologiese ouer in die stiefgesin? (vraag 19.14)	163
Tabel 78	In watter mate het jou stiefouer van jou take en verantwoordelikhede oorgeneem? (vraag 19.15)	164
Tabel 79	In watter mate deel jou biologiese ouer dinge met jou stiefouer wat hy of sy vroeër met jou gedeel het? (vraag 19.16)	164
Tabel 80	In watter mate is jou stiefouer betrokke by jou dissiplinerings? (vraag 20.1)	166
Tabel 81	In watter mate stry/baklei jy met jou biologiese ouer en stiefouer oor die reëls in jul gesin? (vraag 20.2)	166
Tabel 82	In watter mate gehoorsaam jy jou stiefouer? (vraag 20.3)	167
Tabel 83	In watter mate is die reëls in jou stiefgesin verskillend van jou ander ouer se huisreëls? (vraag 20.4)	167
Tabel 84	In watter mate beïnvloed jou ander biologiese ouer jou ten opsigte van jou stiefouer? (vraag 20.5)	168
Tabel 85	In watter mate dink jy dat jou stiefouer eintlik geen sê oor jou behoort te hê nie? (vraag 20.6)	168
Tabel 86	In watter mate sal jy eerder na jou biologiese ouer(s) as jou stiefouer luister? (vraag 20.7)	169
Tabel 87	In watter mate ondersteun jou ander biologiese ouer jou verhouding met jou stiefouer? (vraag 20.8)	169
Tabel 88	In watter mate was jou biologiese ouer minder liefvallig teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	171
Tabel 89	In watter mate was jou biologiese ouer minder geselskerig teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	171
Tabel 90	In watter mate was jou biologiese ouer meer teruggetrokke teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	171
Tabel 91	In watter mate het jou biologiese ouer minder beheer oor jou uitgeoefen kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	171
Tabel 92	In watter mate het jou biologiese ouer inkonsekwente dissipline toegepas kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	172
Tabel 93	In watter mate was jou biologiese ouer minder betrokke by jou kort na	

	die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	172
Tabel 94	In watter mate het jou biologiese ouer jou swak en/of wangedrag toegelaat kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)	172
Tabel 95	In watter mate probeer jy jou stiefouer se aandag kry? (vraag 21.1)	174
Tabel 96	In watter mate voel jy dat jou stiefouer jou as 'n struikelblok beskou? (vraag 21.2)	174
Tabel 97	In watter mate voel dit vir jou asof jy een van jou biologiese ouers verrai deur van jou stiefouer te hou? (vraag 21.3)	174
Tabel 98	In watter mate voel jou biologiese ouer dat jou stiefouer (die nuwe lewensmaat) te veel vir jou doen? (vraag 21.4)	175
Tabel 99	In watter mate voel jou biologiese ouer dat jou stiefouer (die nuwe lewensmaat) te min vir jou doen? (vraag 21.5)	175
Tabel 100	In watter mate baklei jou biologiese ouers oor geld? (vraag 21.6)	176
Tabel 101	In watter mate voel jy dat dit van jou verwag word om jou ander biologiese ouer te vergeet? (vraag 22.1)	177
Tabel 102	In watter mate het jy al gevoel dat jy moet kies tussen jou stiefouer en biologiese ouer/s? (vraag 22.2)	178
Tabel 103	In watter mate voel jy skuldig teenoor een van jou biologiese ouers? (vraag 22.3)	178
Tabel 104	In watter mate was jy kwaad toe jou biologiese ouer met jou stiefouer getrou het? (vraag 23.1)	179
Tabel 105	In watter mate is jy kwaad omdat jy vriende verloor het as gevolg van die nuwe stiefsituasie? (vraag 23.2)	179
Tabel 106	In watter mate voel jy dat jou stiefouer probeer om jou ander biologiese ouer se plek in te neem? (vraag 23.3)	180
Tabel 107	In watter mate voel jy dat jy 'n keuse het oor wat met jou lewe gebeur? (vraag 23.4)	180
Tabel 108	In watter mate voel jy een van jou biologiese ouers het jou ander biologiese ouer verrai en/of in die steek gelaat? (vraag 23.5)	181
Tabel 109	In watter mate wil jy 'n egskeiding veroorsaak tussen jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 23.6)	181
Tabel 110	In watter mate voel jy dat jy bygedra het tot jou biologiese ouers se egskeiding? (vraag 24.1)	182
Tabel 111	In watter mate is jy bang jy veroorsaak 'n egskeiding tussen jou ouer en stiefouer? (vraag 24.2)	183
Tabel 112	In watter mate voel jy skuldig omdat jy van jou stiefouer hou? (vraag 24.3)	183
Tabel 113	In watter mate vrees jy dat jy weer 'n gesin kan verloor? (vraag 25.1)	184
Tabel 114	In watter mate is jy bang jou biologiese moeder raak net so lief (of selfs meer) vir jou stiefbroers en –susters as vir jou? (vraag 25.2)	184
Tabel 115	In watter mate is jy bang jou stiefouer verwerp jou? (vraag 25.3)	185
Tabel 116	In watter mate is jy bang jy verloor jou inwonende biologiese ouer se	

	liefde? (vraag 25.4)	185
Tabel 117	Word dit van jou verwag om jou kamer met 'n stiefbroer of –suster te deel? (vraag 26.1)	186
Tabel 118	Indien wel (ja op vraag 26.1) is dit vir jou moeilik om jou lewensruimte met ander kinders te deel? (vraag 26.2)	187
Tabel 119	Het jou sibbeposisie (dit wil sê jou geboorteorde – of jy die oudste, jongste is) verander? (vraag 26.3)	187
Tabel 120	In watter mate kompeteer jy en jou stiefbroers en –susters vir aandag en voorregte van die ouers in die stiefgesin? (vraag 26.4)	188
Tabel 121	In watter mate voel jy dat jou stiefouer sy/haar kinders wat in die gesin bly, voortrek? (vraag 26.5)	188
Tabel 122	In watter mate word jy (en jou eie broers of susters) deur jou/julle biologiese ouer voorgetrek? (vraag 26.6)	188
Tabel 123	In watter mate voel jy jou biologiese ouer is net joune en die stiefkinders het geen reg op hom of haar nie? (vraag 26.7)	189
Tabel 124	In watter mate voel jy die stiefkinders het jou gebied betree en hoort nie daar nie? (vraag 26.8)	189
Tabel 125	In watter mate voel jy soos 'n vreemde besoeker wanneer jy by jou ander biologiese ouer se huis gaan kuier? (vraag 26.9)	190
Tabel 126	In watter mate is dit vir jou moeilik om tussen twee huishoudings te beweeg? (vraag 26.10)	190
Tabel 127	In watter mate voel jy soos 'n buitestaander in die stiefgesin? (vraag 26.11)	191
Tabel 128	In watter mate vergelyk jy jouself met jou stiefbroers en –susters met betrekking tot geld en/of besittings? (vraag 26.12)	191
Tabel 129	In watter mate voel jy belangrik/gewaardeerd in jou stiefgesin? (vraag 26.13)	192
Tabel 130	In watter mate is jy jaloers op een van jou stiefbroers of –susters? (vraag 26.14)	192
Tabel 131	In watter mate baklei jou biologiese ouers wanneer hulle in mekaar se teenwoordigheid is? (vraag 27.1)	194
Tabel 132	In watter mate veroorsaak 'n bakleiery tussen jou biologiese ouers konflik in jou stiefgesin? (vraag 27.2)	194
Tabel 133	In watter mate kry jy lekker as jou biologiese ouer en stiefouer baklei? (vraag 27.3)	195
Tabel 134	In watter mate tart jy jou stiefouer ten einde 'n stryery uit te lok? (vraag 27.4)	195
Tabel 135	In watter mate stry/baklei die meeste gesinslede in jou stiefgesin met mekaar? (vraag 27.5)	196
Tabel 136	In watter mate stry/baklei jy en jou moeder meer vandat sy weer getroud is? (vraag 27.6)	196
Tabel 137	In watter mate stry/baklei jy en jou vader meer vandat hy weer getroud	

	is? (vraag 27.7)	196
Tabel 138	In watter mate deel jy dinge van jouself met jou stiefouer? (vraag 28.1)	198
Tabel 139	In watter mate kan jy eerlik en reguit met jou stiefouer gesels oor sake wat vir jou belangrik is? (vraag 28.2)	198
Tabel 140	In watter mate deel jy dinge van jouself met jou stiefbroers en –susters? (vraag 28.3)	199
Tabel 141	In watter mate deel jou stiefouer dinge met jou? (vraag 28.4)	199
Tabel 142	In watter mate is dit vir jou gemaliker om dinge rakende jouself eerder met jou biologiese gesinslede te deel? (vraag 28.5)	200
Tabel 143	In watter mate gesels die lede van jou stiefgesin vrylik met mekaar? (vraag 28.6)	200
Tabel 144	In watter mate onderdruk jy jou ware gevoelens in jou stiefgesin? (vraag 28.7)	200
Tabel 145	In watter mate is dit vir jou belangrik wat jou stiefouer van jou dink? (vraag 29.1)	202
Tabel 146	In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefouer belangstel in jou gevoelens? (vraag 29.2)	202
Tabel 147	In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefouer jou opinies ondersteun? (vraag 29.3)	203
Tabel 148	In watter mate is dit vir jou belangrik wat jou stiefbroers en –susters van jou dink? (vraag 29.4)	204
Tabel 149	In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefbroers en -susters van jou hou? (vraag 29.5)	204
Tabel 150	In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefbroers en -susters van jou biologiese gesinslede hou? (vraag 29.6)	204
Tabel 151	In watter mate het jy verminderde kontak met jou ander biologiese ouer ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.1)	206
Tabel 152	In watter mate het jy gevoelens van teneergedruktheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.2)	206
Tabel 153	In watter mate het jy gevind dat jy jou onttrek het van jou vriende kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.3)	207
Tabel 154	In watter mate het jy buierigheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.4)	208
Tabel 155	In watter mate het jy aggressie ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.5)	208
Tabel 156	In watter mate het jy angs ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.6)	208
Tabel 157	In watter mate het jy skuldgevoelens ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.7)	209
Tabel 158	In watter mate het jy swakker skoolprestasie ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.8)	209

Tabel 159	In watter mate het jy probleme met dissipline tuis ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.9)	210
Tabel 160	In watter mate het jy probleme met dissipline by die skool ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.10)	210
Tabel 161	In watter mate het jy spanning in die huis ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.11)	210
Tabel 162	In watter mate het jy verhoogde alkohol- en dwelmgebruik ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.12)	211
Tabel 163	In watter mate het jy skoolafwesigheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.13)	211
Tabel 164	In watter mate het jy verhoogde seksuele aktiwiteite ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.14)	212
Tabel 165	In watter mate het jy die begeerte om die skool te verlaat ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.15)	212
Tabel 166	In watter mate het jy die begeerte om die huis te verlaat ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.16)	212
Tabel 167	In watter mate verwar dit jou om te verduidelik wie is deel van jou gesin en wie nie? (vraag 31.1)	215
Tabel 168	In watter mate voel jy dat jou stiefouer 'n invloed het op jou verhouding met jou biologiese ouer in die stiefgesin? (vraag 32.1)	216
Tabel 169	In watter mate voel jy soms dat jou ouers jou afskeep? (vraag 32.2)	216
Tabel 170	In watter mate is jy bang jy gaan kontak met jou ander biologiese ouer verloor? (vraag 32.3)	216
Tabel 171	In watter mate wil jy meer kontak met jou ander biologiese ouer hê? (vraag 32.4)	217
Tabel 172	In watter mate wil jy 'n afsonderlike band met jou toesighoudende biologiese ouer hê? (vraag 32.5)	217
Tabel 173	In watter mate wil jy meer tyd met hierdie ouer deurbring? (vraag 32.6)	218
Tabel 174	In watter mate bied jou oumas en oupas ondersteuning wanneer jy dit nodig het? (vraag 33.1)	220
Tabel 175	In watter mate bied die res van jou biologiese familie ondersteuning wanneer jy dit nodig het? (vraag 33.2)	220
Tabel 176	In watter mate is dinge beter in jul huishouding vandat jou stiefouer deel is van die gesin? (vraag 34.1)	221
Tabel 177	In watter mate het jou stiefgesin jou geleer om makliker aan te pas? (vraag 34.2.1)	222
Tabel 178	In watter mate het jou stiefgesin jou geleer om konflik beter te hanteer? (vraag 34.2.2)	222
Tabel 179	In watter mate het jou stiefgesin jou die geleentheid gegee vir meer mense om vir jou om te gee? (vraag 34.2.3)	222
Tabel 180	In watter mate het jou stiefgesin aan jou 'n beter lewenstandaard gebied as die enkelouergesin? (vraag 34.2.4)	223

Tabel 181	In watter mate is jy bly dat jou biologiese ouer gelukkig getroud is met jou stiefouer? (vraag 34.3.1)	224
Tabel 182	In watter mate is jy bly dat jy stiefbroers en –susters het? (vraag 34.3.2)	224
Tabel 183	In watter mate is jou stiefouer vir jou 'n vriend? (vraag 34.3.3)	224
Tabel 184	In watter mate is jy tevrede in jou huidige stiefgesin? (vraag 34.4)	225

Die identifisering van temas vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree

Die doel van hierdie studie was om deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek die spesifieke probleme waarmee adolessent-stiefkinders in stiefgesinne gekonfronteer word, te ondersoek ten einde belangrike temas te identifiseer wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne gaan betree.

Die literatuurstudie behels 'n teoretiese begroning van die psigologiese ontwikkelingsstake van adolessensie, waarvan identiteitsverwerwing die sentrale ontwikkelingskrisis is. Die adolessent se ontwikkeling, in interaksie met die gesin en portuurgroep, is verder bestudeer. Daar is gelet op die konteks waarin stiefgesinne funksioneer, die fases in die normale stiefgesinontwikkelingsiklus asook die strukturele verskille tussen stief- en eerstehuwelikgesinne, terwyl die spesifieke probleme waarmee stiefadolessente in hul stiefgesinne te doen kry, sowel as die potensiele voordele wat die stiefsituasie inhou, ondersoek is. Bestaande voorbereidingsprogramme vir kinders wat stiefgesinne betree, is kortliks geëvalueer ten einde hul waarde en doeltreffendheid te bepaal en om bestaande leemtes wat by sulke programme bestaan, te identifiseer.

Die empiriese ondersoek het bestaan uit die opstel van 'n behoeftebepalingsvraelys op grond van die literatuurstudie en die toepassing daarvan op stiefadolessente. Die vraelys is deur adolessente ingevul wat tans in stiefgesinne woonagtig is om sodoende die probleme wat in die literatuur geïdentifiseer is, in die praktyk te verifieer. Die vraelys het ook ten doel gehad om te bepaal watter temas adolessente wat reeds by 'n stiefgesin betrokke is, noodsaaklik beskou vir insluiting by 'n voorbereidingsprogram. 54 proefpersone is op 'n anonieme basis by twee hoërskole gewerf en 6 proefpersone deur middel van kettingverwysing. Hul ouderdomme het gewissel tussen 13 en 18 jaar.

Die inligting wat uit die empiriese ondersoek verkry is, stem slegs gedeeltelik ooreen met die aannames in die literatuur. Dit het ook geblyk dat daar by talle van die dimensies wat ondersoek is, verskille was tussen die ervarings van die seuns en die dogters. 'n Moontlike rede vir die diskrepansie tussen die bevindinge in die literatuur en die deelnemers se response is waarskynlik daarin geleë dat die meerderheid respondente

reeds langer as 6 jaar in hul stiefgesinne woon en reeds die meeste aanpassingsprobleme oorkom het. Ten spyte daarvan dat die empiriese ondersoek talle van die aannames in die literatuur nie bevestig nie, is die relevante temas soos in die literatuur aangedui, tog noodsaaklik vir 'n voorbereidingsprogram vir voornemende stiefadolessente.

Ten slotte is die leemtes van hierdie studie aangedui en aanbevelings vir verdere navorsing is gemaak.



SUMMARY

The identification of themes for developing a preparation program for adolescents who enter stepfamilies

The aim of this study was to investigate the specific problems adolescent stepchildren in stepfamilies are confronted with by means of a literature study and an empirical investigation to identify important themes necessary for developing a preparation program for adolescents who enter stepfamilies.

The literature study involves a theoretical grounding of the psychological development tasks of adolescence of which identity acquisition represents the central development crisis. The development of the adolescent, in interaction with the family and peer group, was also studied. The context in which stepfamilies function, the phases in the normal stepfamily development cycle, as well as the structural differences between step and first-marriage families were looked at while the specific problems step-adolescents encounter in their stepfamilies, as well as the potential advantages the step-situation hold in store for them, was investigated. Existing preparation programs for children who enter stepfamilies were briefly evaluated with the aim to establish their value and efficiency and to identify omissions that exist in such programs.

The empirical investigation consisted of the drafting of a questionnaire for determining needs on the grounds of the literature study and its application to step-adolescents. The questionnaire is filled out by adolescents who presently live in stepfamilies to verify the problems in practice that were identified in the literature. A further aim of the questionnaire was to establish which themes adolescents, who are already involved in stepfamilies, deem necessary for inclusion in a preparation program. 54 subjects were recruited from two high schools on an anonymous basis, and 6 subjects by means of snowball sampling. Their ages varied between 13 and 18 years.

The information obtained from the empirical investigation only partially corresponds with the suppositions in the literature. It also appeared that differences occurred in many of the dimensions that were investigated, between the experiences of the boys and the girls. A possible reason for the discrepancy between the literature and the responses of the subjects probably lies in the fact that the majority of the respondents have already lived in their stepfamilies for longer than 6 years and have already overcome most of their

adaptation problems. In spite of the fact that the empirical investigation does not confirm many of the suppositions in the literature, the relevant themes however, as indicated in the literature, are necessary for a preparation program for prospective step-adolescents.

Finally the omissions in this study were indicated and recommendations were made for further research.

1.1 Inleiding

Die wêreldegskeidingsyfer is fenomenaal. Die Suid-Afrikaanse egskedingsyfer is self kommerwekkend hoog, veral betreffende die blanke bevolking. In 1997 is 15 295 blanke egpare in Suid-Afrika geskei waardeur 16 445 minderjarige kinders geraak is (SSD-Verslag, P0307, 1997). Verder is 4 634 kleurling-egpare in 1997 geskei waarby 7 542 minderjarige kinders betrokke was, 1 685 Indiër/Asiër-egpare met 2 488 minderjarige kinders betrokke, 7 174 nie-blanke egpare met 9 722 minderjarige kinders betrokke, 184 gemengde egpare met 214 minderjarige kinders en 5 259 ongespesifiseerde egpare met 7 065 minderjarige kinders betrokke (SSD-Verslag, P0307, 1997).

In 1998 is 14 443 blanke egpare in Suid-Afrika geskei waardeur 15 848 minderjarige kinders geraak is (SSD-Verslag, P0307, 1998). Verder is 3 790 kleurling-egpare in 1998 geskei waarby 6 027 minderjarige kinders betrokke was, 1 753 Indiër/Asiër-egpare met 2 620 minderjarige kinders betrokke, 6 673 nie-blanke egpare met 8 969 minderjarige kinders betrokke, 250 gemengde egpare met 276 minderjarige kinders en 8 883 ongespesifiseerde egpare met 11 383 minderjarige kinders betrokke (SSD-Verslag, P0307, 1998).

Die totale aantal egskedings in 1997 is 34 231 waarby 43 476 minderjarige kinders betrokke was, terwyl dit in 1998 toegeneem het tot 35 792 egskedings met 45 123 betrokke minderjarige kinders. Die aangepaste egskedingsproporsie (die egskedingsyfer vir getroude pare in Suid-Afrika as 'n geheel) het gestyg van 643 per 100 000 in 1997 na 662 per 100 000 in 1998 (SSD-Verslag, P0307, 1997;1998). Hierdie data toon 'n gemiddeld van een minderjarige kind per egskeding (SSD-Verslag, P0307, 1998).

In die hedendaagse samelewing word die huwelik nie meer as 'n permanente instelling beskou wat slegs deur die dood ontbind kan word nie (Hetherington, 1999). Die moontlikheid van egskeding is reeds teenwoordig voordat sommige huwelike voltrek word, aangesien voorhuwelikse kontrakte en reëlings reeds voor die huwelik opgestel word, sou 'n egskeding plaasvind.

Die tradisionele kerngesin verteenwoordig deesdae nie meer die tipiese gesinsituasie nie (Whitsett & Land, 1992) en weens die stygende egskeiding- en hertrouyfer word stiefgesinne 'n algemene verskynsel (Visher & Visher, 1979). Volgens Bray en Berger (1993; p. 76) is "marital transitions created by divorce and remarriage common events in modern families". Demograwe voorspel dat tot en met 50% getroude egpare gedurende hul leeftyd sal skei en dat die oorgrote meerderheid van hierdie volwassenes sal hertrou (Bray & Berger, 1993; Hetherington, 1999). Volgens Visher en Visher (1996) leef meer kinders as ooit tevore in stiefgesinne. In 1987 was die geskatte aantal hertroues onder gesinne in die VSA 11 miljoen terwyl 4,3 miljoen van hierdie stiefgesinne kinders onder die ouderdom van 18 jaar ingesluit het (Glick, 1989; Kelley, 1992). 'n Tweede huwelik word 'n realiteit vir 'n derde van Amerikaanse kinders (Brown, Green & Druckman, 1990; Bumpass & Rindfuss, 1978) aangesien ongeveer 76% vroue jonger as 30 jaar en 73% vroue met jong kinders weer in die huwelik tree. Die helfte van die geskeide vroue in hul dertigerjare en 'n derde van die vroue in hul veertigerjare tree ook 'n tweede keer in die huwelik (Hodges, 1992). Ongelukkig eindig 44% tot 60% van alle tweede huwelike ook in 'n egskeiding (Hetherington, 1999; Hodges, 1992; Spilke, 1979). In 1997 het 35 451 hertroues in Suid-Afrika plaasgevind met 'n toename na 37 564 in 1998 (SSD-Verslag, P0307, 1997;1998). Stiefgesinne blyk dus ook in Suid-Afrika 'n toenemende fenomeen te wees.

1.2 **Probleemstelling**

Alhoewel stiefgesinne 'n alledaagse verskynsel in Suid-Afrika blyk te wees, bestaan slegs 'n beperkte aantal huweliksvoorbereidingsprogramme vir egpare wat 'n tweede huwelik betree. Die fokus van die bestaande programme sentreer hoofsaaklik om die hersaamgestelde gesin as 'n eenheid (Du Plessis, 1993; Hart, 1993). Afsonderlike voorbereidingsprogramme vir hergetroude volwassenes en die betrokke stiefkinders blyk dus 'n leemte te wees. Pretorius (1997) het in haar evaluasie van plaaslik beskikbare programme gevind dat die meerderheid programme gerig is op egpare en kinders wat hulle reeds in die stiefgesinsituasie bevind en gevolglik nie voorbereidend van aard is nie.

'n Tweede huwelik is 'n groot aanpassing vir volwassenes en die kinders daarby betrokke. Ouers wat hertrou is nie altyd ten volle bewus van al die veranderinge wat 'n tweede huwelik in hul kinders se lewens teweeg bring nie (Visher & Visher, 1988). Die stiefouer-kind-verhouding word beskou as die stresvolste en mees problematiese verhouding en speel 'n sleutelrol by die geluk en oorlewing van die stiefgesin (Visher & Visher, 1996). Pre-adolescente en adolessente ondervind meer probleme as jonger

kinders aangesien hulle stadiger verhoudings met belangrike ander tot stand bring en die behoefte daaraan het om toenemend meer outonoom te funksioneer (Walsh, 1991). Die voorbereiding van adolessente op die betreding van 'n stiefgesin is essensieel en kan verskeie vrese, onsekerhede, onduidelikhede en negatiewe emosies aanraak ten einde die groot aanpassingsproses te vergemaklik. Soos reeds aangetoon, is die bestaande programme egter meer gerig op die behoeftes van die volwassenes as op dié van die kinders in hierdie gesinsituasies teenwoordig.

Dit blyk uit die literatuur dat sekere aspekte geïdentifiseer kan word vir die moontlike insluiting by 'n effektiewe voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin gaan betree, naamlik:

- Die verhouding tussen die stiefsibbe, die wedywing, kompetisie en jaloesie tussen hulle, die verandering van die geboorteorde in die hersaamgestelde gesin sowel as seksualiteit tussen stiefsibbe (Beer, 1988).
- Bray (1995) beskou die nie-inwonende ouer-kind-verhouding, asook die toekomstige rol van die afwesige biologiese ouer, as belangrike fokusareas en is van mening dat bestaande mites en onrealistiese verwagtings ook aandag behoort te geniet.
- Volgens Martin, Martin en Jeffers (1992) is privaatheid en die behoeftes van adolessentstiefkinders belangrike besprekingspunte.
- Die veranderings ten opsigte van grootouers en die insluiting van en onderskeid tussen biologiese en "nuwe" grootouers (Werner, 1991).
- Die stressors van die post-egskeidingsomgewing en gesinskommunikasie (Hodges, 1992).
- Stres en spanning, asook die hantering daarvan, in stiefgesinne (Fausel, 1995).
- Rolverwarring, woede, skuldgevoelens, gedeelde lojaliteite en verliese (Berger, 1994).
- Die verhouding met die biologiese ouers, ouerlike koalities, vorige familietradisies en -waardes, praktiese oorwegings ten opsigte van die biologiese ouer by wie die kind tuisgaan, waar hy hoort, waar hy tuis voel, wyses waarop affeksie aan die stiefouer getoon word, asook die grense tussen die hersaamgestelde gesinslede (Walsh, 1991).
- Visher en Visher (1979) beklemtoon die hantering van die wrede stiefouermitte, dissipline en onafhanklikheid as sentrale temas by problematiese aanpassing en beklemtoon verder die fantasieë van kinders waarin hul biologiese ouers weer trou.

-
- Hodges (1992) verwys verder na die verminderde seksuele taboes in die hersaamgestelde gesin wat kan lei tot ontoepaslike seksuele gedrag, die aspek van territorialiteit en die afleer en aanleer van lewenstyle en -gewoontes.
 - E.B. Visher (1994) beklemtoon herhaaldelik die belangrikheid van die aanvaarding van veranderinge waarmee adolessente moeilik vrede maak.

In die lig van die bogenoemde inligting bestaan 'n behoefte dus aan voorbereidingsprogramme vir adolessente wat stiefgesinne betree. 'n Belangrike stap voordat hierdie programme ontwerp kan word, is die identifisering van temas en onderwerpe wat in so 'n program opgeneem behoort te word ten einde suksesvol en volledig te wees. Hierdie temas kan geïdentifiseer word deur 'n indringende literatuurondersoek, maar dit sou ook wenslik wees om hiermee saam inligting in te win deur middel van 'n opnamestudie by adolessente reeds betrokke by stiefgesinne.

Die navorsingsvraag ter sake by hierdie studie is dus: watter temas blyk belangrik te wees, vanuit 'n literatuurondersoek, vir die opname daarvan in 'n plaaslike voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin betree en watter temas sal deur adolessente, reeds woonagtig in stiefgesinne, as noodsaaklik vir so 'n program geïdentifiseer word?

1.3 Doelstellings

Ten einde die bogenoemde navorsingsvraag te beantwoord word drie doelstellings geformuleer. Hierdie navorsingsdoelstellings is eerstens om deur middel van 'n deeglike literatuurondersoek temas te identifiseer wat opgeneem behoort te word in 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin gaan betree. 'n Tweede doelstelling is om op grond van die literatuurondersoek 'n behoeftebepalingsvraelys te ontwerp vir adolessente wat tans in 'n stiefgesin woon om sodoende te bepaal watter temas hulle as relevant vir 'n effektiewe program sou aandui. Die derde doelstelling van hierdie studie is om 'n behoeftebepaling te doen by adolessente wat tans in stiefgesinne woon deur middel van die ontwerpte vraelys ten einde vas te stel watter temas hulle wel identifiseer vir 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin gaan betree.

1.4 Hipotese

Vanweë die eksploratiewe en beskrywende aard van die ondersoek sal geen hipoteses gestel word nie.

1.5 Begripsverklaring

Die onderstaande begrippe, naamlik voorbereidingsprogram, adolessente en stiefgesinne verskyn in die titel van die skripsie en verteenwoordig die essensie van die studie. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie begrippe deeglik omskryf word.

1.5.1 Vorbereidingsprogram

Die term “voorberei” beskryf volgens die Reader's Digest Oxford Complete Wordfinder (1994, p. 1199): “to make (a person or oneself) ready or disposed in some way”.

Die term “voorbereiding” beskryf volgens die Reader's Digest Oxford Complete Wordfinder (1994, p. 1199): “1. the act or an instance of preparing; the process of being prepared, 2. something done to make ready”. Hierdie definisies impliseer dus dat 'n voorbereidingsprogram voorbereidend van aard is.

Die term “program” impliseer volgens die Reader's Digest Oxford Complete Wordfinder (1994, p. 1216): “3. a plan of future events, 4. a course of series of studies, lectures, etc.; a syllabus”.

Hiervolgens impliseer 'n voorbereidingsprogram dus 'n uitgewerkte werkplan, waarvan die inhoud sodanig is dat dit die betrokke persone voorberei op 'n toekomstige gebeurtenis. Dit impliseer dus eerstens dat die persone behoorlik ingelig behoort te word rakende dit wat hulle te wagte kan wees en tweedens dat hulle toegerus en gereedgemaak behoort te word ten einde hierdie gebeurtenis toereikend te hanteer.

Volgens Silliman (1987) is 'n voorbereidingsprogram enige vorm van formele of informele vergaderings wat strek oor twee of meer sessies met 'n professionele of opgeleide para-professionele persoon, soos 'n religieuse leier, 'n berader, of 'n lekeberader, waarin 'n individu, wat 'n bepaalde gebeurtenis antisipeer, instruksies, vaardighedsopleiding en/of die geleentheid vir interaksie en vraagstelling ontvang ten opsigte van onderwerpe wat direk relevant is vir hierdie gebeurtenis.

Vorbereidingsprogramme word beskou as intervensies gerig op die bevordering van geestesgesondheid (Durlak, 1995) en word ook in die literatuur na verwys as voorkomende en/of verrykingsprogramme.

Die International Encyclopedia of Psychology (1996, p. 487) definieer voorkomingsprogramme as “intervention strategies designed to reduce or eliminate difficulties in the future by providing training in specific skills”. Volgens Kessler, Goldston en Joffe (1992) beskik voorkomingsprogramme oor twee definieerbare kenmerke, naamlik dat dit proaktief is en op groepe mense wat nog nie deur hierdie omstandighede beïnvloed is nie, gerig is. Voorkomende programme is dus volgens Krivacska (1990, p. 96) die “promotion of psychosocial health by developing competence (interpersonal skills fostering self-esteem, coping skills, knowledge and attitude change)”.

Wodarski (1989, p. 3) is van mening dat voorkoming veral toepaslik is ten opsigte van die hantering van adolessentprobleme weens die feit dat “it provides an early developmental focus for intervention which may forestall development of future problems”. Durlak (1995, p. 3) stipuleer dat voorkomingsprogramme wat direk op kinders gerig is ten doel het “to prevent specific problems or to use a skill-building or competency-building approach to teach children important behaviors or skills that will directly enhance their functioning”. Durlak verduidelik verder dat (1995, p. 3):

Health promotion interventions assume that enhanced functioning resulting from skills acquisition will ultimately be preventive for any number of reasons, e.g. individuals will be better able to deal with stress, will be more adept in social situations, will have greater self-confidence, or will be interpersonally more flexible and adaptable.

Verdere doelwitte van voorkomingsprogramme vir adolessente behels die aanleer van alternatiewe hanteringswyses ten opsigte van situasionele omstandighede (Wodarski, 1989) ten einde hulle aanpassing te verbeter “by increasing their self-understanding and self-acceptance, and by helping them understand factors that influence their own and others’ feelings and behaviors” (Durlak, 1995, p. 20).

Verrykingsprogramme fokus hoofsaaklik op die kommunikasievaardighede, die verdieping van positiewe gevoelens teenoor mekaar asook die verbetering van konflikthanterings- en onderhandelingsvaardighede (Wilson, 1980). Die doelwitte van gesinsverrykingsprogramme is gewoonlik die verbetering van die lewensomstandighede, die bereiking van individuele potensiaal in ondersteunende verhoudings, verhoudingsgroei, die aanleer van kommunikasievaardighede sowel as die beginsels van menslike gedrag, die versterking van die gesinsidentiteit, die identifisering van sterkpunte in die gesin en die vestiging van nuwe geleenthede vir wedersydse samewerking en ondersteuning (Rider, 1985).

Dit is ooglopend dat voorbereidings-, voorkomings- sowel as verrykingsprogramme die aanleer van noodsaaklike vaardighede impliseer ten einde aanpassing te bevorder en probleemgedrag te bekamp. Ter volledigheid van hierdie begripsverklaring word vaardigheidsopleiding vanuit 'n psigologiese benadering deur Goldstein (1981, p. 3) soos volg gedefinieer:

Psychological skills training is the planned, systematic teaching of the specific behaviors needed and consciously desired by the individual in order to function in an effective and satisfying manner, over an extended period of time, in a broad array of positive, negative and neutral interpersonal contexts.

1.5.2 Adolescente

Adolesensie verwys na die "transitional period of human life between the onset of sexual maturity that marks the end of childhood, and full adulthood" (Gale Encyclopedia of Psychology, 1996, p. 9). In die Westerse kultuur vind adolesensie gewoonlik plaas tussen die ouderdomme 12 en 21 jaar, alhoewel individue op verskillende wyses, tempos en ouderdomme ontwikkel (Wolman, 1998).

Die Concise Dictionary of Psychology (Statt, 1990, p. 3) omskryf adolesensie soos volg:

Adolescence is usually defined as the period of human development between the onset of puberty at around 12 years and the attainment of physical adult maturity at around 21 years, i.e. a biological definition. Emotional, moral, and intellectual development may not occur on the same time schedule.

Aansluitend hierby definieer Corsini (1999, p. 21) adolesensie as:

The period of life beginning with puberty and ending with completed growth and physical maturity. In humans, the period spans ages 12 to 21 in females and 13 to 22 in males. During this period, major changes occur at varying rates in sexual characteristics, body image, sexual interest, career development, intellectual development, and self-concept.

Adolesensie verteenwoordig dus 'n tydperk van fisieke, psigiese en sosiale woeling. Op 'n fisieke ontwikkelingsvlak word die adolescent gedomineer deur die ontwikkeling van sy of haar reprodutiewe stelsel en die gepaardgaande verskyning van sekondêre geslagskenmerke. Op 'n psigologiese vlak ervaar die adolescent normaalweg beduidende innerlike onrus en stres aangesien hy of sy gedurende

hierdie periode geleidelik 'n stel volwasse waardes vorm, tesame met 'n ingrypende toename in die vermoë om die self op 'n verantwoordelike wyse te rig, ten einde volgens hierdie waardes te leef. Die adolessent word terselfdertyd gekonfronteer met konflikte ten opsigte van seksualiteit, selfbeeld en onafhanklikheid. Alhoewel die psigologiese dinamiek van adolessensie kompleks is, is die toereikende oplossing van hierdie unieke kwessies noodsaaklik ten einde toekomstige toereikende psigologiese ontwikkeling moontlik te maak (Gale Encyclopedia of Psychology, 1996; Newman & Newman, 1999; Petersen, Silbereisen & Sörensen, 1996; Thom, 1990; Wolman, 1998).

Op 'n sosiale vlak is adolessensie 'n periode waartydens die verskillende fisiese en psigiese veranderings en konflikte soms in radikale, vlugtig variërende en selfweersprekende gemoedstemminge en gedrag resulteer (Petersen *et al.*, 1996; Wolman, 1998). Ongeruimdheid word byvoorbeeld vinnig afgewissel met 'n depressiewe bui terwyl die adolessent wat uiters rebels en opstandig teenoor sy of haar ouers is, onderdanig ten opsigte van die portuurgroep blyk te wees. Volgens die Gale Encyclopedia of Psychology (1996, p. 10) is een van die rampspoedigste sosiale aspekte van adolessensie daarin geleë dat “no other period of human life is held in such low regard, and this view surely has a negative effect on adolescents themselves”.

In beginsel verteenwoordig adolessensie die natuurlike soeke na 'n onafhanklike identiteit (Erikson, 1968; Gale Encyclopedia of Psychology, 1996, Head, 1997; Wolman, 1998). Hierdie proses behels 'n aantal moeilike, stresvolle take, naamlik: die verbreking van intieme emosionele bande met ouers terwyl nuwes met ander gevorm word; die begrip vir en die tot stand bring van toereikende liefdevolle verhoudings as 'n seksuele wese; besluite ten opsigte van loopbaanrigtings en lewensdoelwitte; asook die aanvaarding van die realiteit tesame met die verreikende implikasies van persoonlike verantwoordelikheid (Gale Encyclopedia of Psychology, 1996).

1.5.3 Stiefgesinne

Die term stiefgesin word nie formeel in die literatuur omskryf nie (Visher en Visher, 1979). Die Reader's Digest Oxford Complete Wordfinder (1994, p. 1525) omskryf die term “stief” as “a relationship resulting from a parent's remarriage”.

Schwebel en Fine (1994, p. 6) definieer 'n stiefgesin as “two adult partners, children from one or more previous relationship(s) and, sometimes, children from the present marriage”.

Vanweë hierdie afwesigheid van 'n formele definisie wend Visser en Visser (1979) 'n poging aan om hierdie term so duidelik moontlik af te baken ten einde verwarring uit te skakel. Volgens Visser en Visser (1979, p. xviii) word 'n stiefgesin gedefinieer as "a family in which at least one of the adults is a stepparent". Die term stiefgesin sluit ook die volgende situasies in:

- Gesinne waarin kinders saam met 'n hergetroude ouer en stiefouer woon.
- Gesinne waarin kinders uit 'n vorige huwelik hul hergetroude ouer en stiefouer besoek.
- Gesinne waarin die volwasse paar nie getroud is nie en kinders uit 'n vorige huwelik óf saam met hulle woon, óf besoek by hulle aflê.

Die definisie van Visser en Visser (1979) impliseer dus 'n volwasse paar in 'n huishouding waarvan ten minste een van hierdie volwassenes 'n kind uit 'n vorige huwelik het.

Visser en Visser (1979, p. 3) se navorsing toon dat die "stief-" ("step")-voorvoegsel afgelei is van die ou Engelse voorvoegsel "steop" wat ontneming ("bereavement") of wees gelaat ("orphaned") beteken. Stiefgesinne word ook in die literatuur na verwys as hergetroude, hersaamgestelde, hergepaarde en gemengde gesinne.

1.6 Metode van ondersoek

In die ondersoek sal twee navorsingsmetodes aangewend word, naamlik 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

1.6.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie sal eerstens indringend fokus op die psigologie van die adolessent-ontwikkelingsfase. In die daaropvolgende gedeelte sal die konteks waarin stiefgesinne funksioneer, sowel as die spesifieke en unieke probleme waarmee stiefadolessente gekonfronteer word, ondersoek word ten einde belangrike temas relevant vir 'n effektiewe voorbereidingsprogram te identifiseer. Die bestaande voorbereidingsprogramme vir stiefadolessente en hersaamgestelde gesinne sal deeglik bestudeer word om te bepaal watter belangrike temas wel ondervang word en watter leemtes geen aandag geniet nie.

1.6.2 Empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek is gerig op die ontwikkeling van 'n behoeftebepalingsvraelys uit die literatuurstudie vir adolessente betrokke by stiefgesinne ten einde vas te stel watter temas hulle as noodsaaklik vir 'n volledige voorbereidingsprogram beskou. Die vraelys het ook ten doel om die bevindinge van die literatuur in die praktyk te

bevestig. Hierdie doelwit sal bereik word deur die vraelys toe te pas op die adolessente in 'n aantal geïdentifiseerde hoërskole wat reeds by stiefgesinne betrokke is.

Op grond van die literatuurstudie en empiriese ondersoek sal temas geïdentifiseer word as riglyn vir die ontwikkeling van 'n volledige en toepaslike voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin in die toekoms gaan betree.

1.6.3 Ontplooiing van die navorsingsverslag

Die navorsingsverslag sal uit die volgende sewe hoofstukke bestaan, naamlik:

Hoofstuk 1 stel die navorsingsvraag en oriënteer die leser ten opsigte van die voorgenome studie. Die hoofstuk het verder ten doel om die oogmerk van die ondersoek te verduidelik en die studieterrrein af te baken. Relevante begrippe word verklaar ten einde moontlike verwarring uit te skakel en die metode van ondersoek word uiteengesit.

Hoofstuk 2 verteenwoordig die eerste gedeelte van die literatuurstudie waarin die ontwikkelingsfase van adolessensie vanuit verskeie teoretiese perspektiewe bestudeer sal word ten einde lig op hierdie komplekse lewensfase te werp. Hierdie ontwikkelingsfase geskied nie in isolasie nie maar binne die konteks van die gesin en die portuurgroep. Die res van hierdie hoofstuk word gewy aan die aard van die adolessent se gesinsverhoudings en die invloed van die ouerskapstyle waaraan hy/sy blootgestel word. Vervolgens word die belangrike rol van die portuurgroep op die ontwikkeling van die adolessent bespreek.

Hoofstuk 3 sentreer om die kern van die studie, naamlik die probleme wat adolessente in stiefgesinne ervaar. Hierdie hoofstuk beskryf eerstens die konteks waarin stiefgesinne in die samelewing funksioneer met die gepaardgaande stereotipering en stigmatisering. Die basiese verskille tussen eerstephuweliksgesinne en stiefgesinne word aangetoon, waarna die fases in die normale stiefgesinsontwikkelingsiklus bespreek word. Spesifieke probleemareas waarmee die adolessent as 'n stiefgesinslid te doen kry word geïdentifiseer en volledig bestudeer. Die impak van hierdie probleemareas op die adolessent se suksesvolle bemeesting van die ontwikkelingsfase word ook by hierdie hoofstuk ingesluit.

In Hoofstuk 4 word die bestaande voorbereidingsprogramme wat vir hersaamgestelde gesinne en adolessente beskikbaar is geëvalueer ten einde die

behoeftebepalingsaspek van die studie te regverdig en om die bestaande leemtes in die programme te identifiseer. Die evaluasie van hierdie programme dien verder as riglyne vir die uiteindelijke identifisering van temas vir die ontwikkeling van 'n volledige voorbereidingsprogram vir tieners wat 'n stiefgesin gaan betree.

Hoofstuk 5 beskryf die empiriese ondersoek volledig met betrekking tot die navorsingsontwerp, die proefpersone, die meetinstrument, die prosedure en die dataverwerking.

Hoofstuk 6 bestaan uit die volledige bespreking van die statistiese resultate van die empiriese ondersoek volgens die formaat van die ontwerpte meetinstrument.

Hoofstuk 7 is die konkluderende hoofstuk en bestaan uit die gevoltrekkings gemaak uit hierdie studie, die geïdentifiseerde temas vir die beplande voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin betree, die bestaande leemtes in hierdie studie, asook relevante aanbevelings ten opsigte van die studie, die beplande program en verdere aanbevole navorsing.

2.1 Inleiding

Adolesensie verteenwoordig die ontwikkelingsfase tussen die voltooide kinderjare en die aanvang van volwassenheid (Violato & Travis, 1995). Die sentrale ontwikkelingstaak van hierdie fase is die verwerwing van 'n persoonlike identiteit waarmee volwassenheid suksesvol betree kan word (Head, 1997). Identiteit verwys na:

A balance between that which is taken to be self and that considered to be other. The means by which we differentiate ourselves from other people in our lives as well as from our own organic functions constitutes the very core of our experiences of personal identity (Kroger, 1996, p. 8).

'n Goed ontwikkelde persoonlike identiteit konstitueer 'n belangrike aspek van optimale psigologiese funksionering (Waterman, 1992).

Tydens die laat-kinderjare word die kinderidentiteit bemeester wat gekenmerk word deur geïntegreerde interpersoonlike vaardighede en gemaklike konformering met die portuurgroep (Breger, 1974). Hierdie ewilbrium word egter gedurende adolesensie versteur aangesien die kind afstand doen van sy kinderidentiteit en begin met die soeke na 'n nuwe identiteit vir die definiëring van homself en sy toekoms. Die sekuriteit van die kinderidentiteit word prysgegee en vervang met die gepaardgaande onsekerheid van volwasse identiteitsvorming. Die adolessent beleef verder ingrypende liggaamlike en psigologiese veranderinge wat soms aanleiding gee tot gevoelens van onsekerheid, verwarring, hopeloosheid en eensaamheid (Newman & Newman, 1999; Sharp, 1980).

Die jong persoon se ontwikkelende kognitiewe vermoëns stel hom in staat om 'n mate van perspektief te kry rakende homself en sy lewenservaringe. 'n Bewuswording van differensiasie en individualiteit vind plaas en gevolglik hersien hy sy huidige beskouing van die lewe, homself en sy persoonlikheid (Sharp, 1980). Die adolessentfase is nie 'n geïsoleerde ervaring nie maar sluit die herevaluering en integrasie van alle vorige ontwikkelingsfases in ten einde die daaropvolgende fases te betree. Adolesensie beskik dus oor 'n tydsperspektief en vind plaas op 'n kontinuum (Kroger, 1996). Sharp (1980) beskou adolesensie as die natuur se

tweede kans; 'n tydperk waarin vorige ontwikkelingsstemas weer vir evaluering en integrasie te voorskyn kom. Indien die vorige ontwikkelingsstadia nie suksesvol bemeester is nie het dit 'n betekenisvolle impak op die adolessentfase. Die voorafgaande fases dien as die fondament waarop adolessensie en uiteindelik volwassenheid gebaseer word.

In hierdie hoofstuk word die teoretiese perspektiewe van Erikson, Marcia, Blos en Piaget geïmplementeer om die proses van identiteitsvorming gedurende adolessensie vanuit verskillende invalshoeke te bestudeer. Erikson en Marcia maak gebruik van 'n psigososiale benadering, Blos se benadering spruit voort uit die objekverhoudinge terwyl Piaget vanuit die kognitiewe ontwikkelingsraamwerk werk. Elkeen van die teoretici onderskei spesifieke ontwikkelingsfases wat adolessensie voorafgaan en uiteindelik beïnvloed. Die voorafgaande fases sal eers bespreek word waarna 'n integrasie van die adolessentfase sal plaasvind.

Die veranderinge waardeur die adolessent groei ten einde 'n persoonlike identiteit te bemeester, geskied nie in isolasie nie, maar vind plaas in verhoudings met sy gesin en die portuurgroep (Thom, 1990). Die tweede gedeelte van die hoofstuk fokus op die rol wat die adolessent se gesin en portuurgroep speel met betrekking tot fasilitering en ondersteuning in hierdie proses.

2.2 Teoretiese Perspektiewe

2.2.1 Die Psigososiale Benadering van Erikson

Erikson se werk betreffende die verwerwing van die adolessent-identiteit lewer een van die betekenisvolste en sinrykste bydraes tot die studie van adolessensie (Sprinthall & Collins, 1995). Erikson (1968) omskryf adolessensie as die verwerwing van 'n persoonlike identiteit gedurende die interval tussen die einde van die kindertydperk en die aanvang van volwassenheid. Hierdie verwerwing is nie 'n maklike taak nie en behels "a synthesis that incorporates yet transcends all previous identifications to produce a new whole, based upon, yet qualitatively different from that which has gone before" (Kroger, 1996, p. 9).

Volgens Erikson (1968) resulteer persoonlikheid uit die voortdurende interaksie tussen drie onskeibare en interafhanklike sisteme, naamlik die biologiese, die sosiale en die individuele sisteem. Die biologiese dimensie behels 'n meganisme wat alle organiese ontwikkeling onderlê en staan bekend as die epigenetiese beginsel. Hierdie beginsel stipuleer dat elke groeiende organisme 'n grondplan het

waarvolgens elke gedeelte op 'n spesifieke tyd ontwikkel totdat al die gedeeltes saam 'n funksionerende geheel vorm (Erikson, 1968). Die sosiale dimensie beklemtoon dat die grondplan van die mens nie in 'n vakuum kan plaasvind nie, aangesien die mens nie in die afwesigheid van ander mense kan ontwikkel nie. 'n Baba word hulpeloos gebore en is afhanklik van sy gesin. Namate die gesin by sy behoeftes aanpas, pas die baba op sy beurt weer aan by die gesin ten einde in 'n toereikend aangepaste volwassene te ontwikkel. Die sosiale dimensie behels dus 'n reeks wedersydse akkommodasies (Gallatin, 1975). Alhoewel kulturele verskille bestaan, bly die basiese grondplan van elke mens min of meer dieselfde (Erikson, 1968). Die menslike persoonlikheid ontstaan uit die interaksie tussen die biologiese en sosiale dimensies. Aangesien geen twee mense oor identiese persoonlikhede beskik nie word 'n element van individualiteit wat die derde dimensie verteenwoordig, by persoonlikheidsontwikkeling ingesluit (Gallatin, 1975).

Behoorlike koördinasie van hierdie drie sisteme resulteer in 'n gesonde persoon wat sy omgewing aktief kan bemeester, 'n eenheid in sy persoonlikheid toon en in staat is om die wêreld en homself korrek waar te neem (Erikson, 1968). Erikson (1968, p. 88) stipuleer dat 'n gesonde persoon oor 'n "firm sense of inner identity" beskik wat hy definieer as 'n bewustheid van individuele uniekheid, 'n onbewuste strewe na kontinuïteit ten opsigte van ervarings en groepsolidariteit (Lerner, 1987).

Erikson (1968) sonder adolessensie uit as die kritieke periode vir identiteitsontwikkeling. Slegs wanneer die individu hierdie fase betree, kan hy insien dat hy oor 'n bepaalde verlede beskik en 'n bepaalde toekoms vir homself in die vooruitsig stel. Adolessensie rekapituleer dus alle vorige ontwikkelingsfases en antisipeer terselfdertyd die daaropvolgende fases (Gallatin, 1975). Kroger stipuleer vanuit die werk van Erikson dat "identity depends upon the past and determines the future; rooted in childhood, it serves as a base from which to meet later life tasks" (1996, p. 17). Identiteit is 'n deurlopende ontwikkelingsproses wat in die kinderjare 'n aanvang neem en regdeur die lewensiklus hervorm word. Adolessensie word dus nie as 'n geïsoleerde fase bespreek nie maar in die konteks van agt ontwikkelingsfases.

Volgens die epigenetiese beginsel identifiseer Erikson (1968) agt hiërgiese lewensfases elk met 'n bepaalde bipolêre krisis wat eers suksesvol opgelos moet word voordat die volgende fase betree kan word (Head, 1997; Sprinthall & Collins, 1995). 'n Positiewe oplossing van 'n bepaalde bipolêre krisis word 'n egosintoniëse uitkoms genoem en behels dit waarna die persoon strewe, terwyl 'n egodistoniëse

uitkoms negatief is en dit verteenwoordig wat die persoon poog om te vermy (Waterman, 1992). Die lewensfases is:

Basiere vertrou teenoor wantroue: hoop

Gedurende die eerste lewensjaar is 'n baba hulpeloos en afhanklik van versorgers vir sy oorlewing. Deurdat hulle konsekwent in sy behoeftes voorsien, leer hy om te vertrou dat hulle daar sal wees wanneer hy hulle nodig het en terselfdertyd dat hulle nie altyd teenwoordig is nie. Die baba is in staat om sy moeder buite sy gesigsveld uit te laat beweeg sonder onnodige ang en woede. Die krisis in hierdie fase is interpersoonlik van aard en behels dat die baba leer om op ander te vertrou. Sy interaksie met hulle bewerkstellig die basis vir sy eie identiteit. Die mate waarin die baba hierdie krisis oplos, is 'n voorloper van die hoop wat hy later in volwassenheid sal hê (Erikson, 1968; Gallatin, 1975; Meyer, 1997; Sprinthall & Collins, 1995). Indien die baba ontdek dat sy versorgers fisies of psigologies nie vir hom beskikbaar is nie, ontwikkel wantroue. Wantroue manifesteer deurdat die baba hom aan interaksie onttrek, asook deur simptome van depressie en ongelukkigheid te vertoon, byvoorbeeld: 'n hartverskeurende gehuil, die afwesigheid van emosie, letargie en 'n verlies aan eetlus (Newman & Newman, 1999). Wantroue lei tot onseker verbintenisse en die onvermoë om bevredigende intieme verhoudings gedurende adolessensie en volwassenheid te skep. Verder stel wantroue 'n basis vir die ontwikkeling van negatiewe selfskemas (Newman & Newman, 1999).

Outonomie teenoor skaamte en twyfel: wilskrag

Hierdie fase strek van die eerste tot die derde lewensjaar van die kind. In hierdie fase leer die kind om sekere dinge te bemeester en word hy bewus van sy outonome wil. Hy is egter steeds afhanklik van sy ouers en konflik kan intree wanneer hy sy eie wil probeer afdwing. Onsuksesvolle pogings kan lei tot gevoelens van skaamte en twyfel wanneer hy van sy onvermoë bewus word (Erikson, 1968; Gallatin, 1975). Sy ouers moet dus oordeelkundig optree ten einde sy wilskrag te bevorder. Die suksesvolle sintese van hierdie krisis is geleë in die kind se vertrou in die ontwikkeling van 'n eie wil of wilskrag wat deurgetrek word na volwassenheid. Wanneer die kind te veel gevoelens van skaamte en twyfel ervaar, ontwikkel hy 'n minderwaardigheidsgevoel wat hy regdeur sy lewe behou (Kroger, 1996).

Inisiatief teenoor skuld: doelgerigtheid

Die derde fase vind plaas gedurende die voorskoolse jare, tussen die ouderdomme drie en ses jaar, wanneer die kind genot put uit sy infantiele genitaliteit. Die kind ontwikkel ook 'n verbeelding wat 'n sentrale rol by vroeë kinderspeletjies speel.

Hierdie vermoë tot verbeelding is die voorloper van inisiatief in die proses waar gedagtes in handeling omgesit word. Volgens Kroger (1996, p. 24) is dit slegs moontlik om vanuit 'n outonome posisie te inisieer; "in knowing *that* one is, it is then possible to learn *what* one is". Kritieke aspekte wat na vore tree, sentreer om die tipe persoon wat die kind wil word en watter geslagsrol aangeneem behoort te word. Uit inisiatief groei doelgerigtheid en ambisie wat noodsaaklik is vir die ontwikkelingsstake van adolessensie en volwassenheid (Erikson, 1968, Kroger, 1996). Die potensiaal vir skuld bestaan wat die individu in toekomstige besluite immobiliseer vanweë vrees en skuldgevoelens.

Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid: bekwaamheid

Erikson (1968) beskou die laerskooljare as geleenthede waardeur die kind die vaardighede kan oefen en die take kan voltooi wat later in volwasse werksrolle geantisipeer word. Arbeidsaamheid verteenwoordig 'n situasie waarin die kind voorberei word op die eise van 'n beroep in volwassenheid. Gevoelens van bevoegdheid en prestasie, asook erkenning versterk die kind se selfvertroue en dra by tot die identifisering van unieke talente. Gevoelens van minderwaardigheid lei tot vervreemding van die kind en sy take (Erikson, 1968). Volgens Nielsen (1987) is dit noodsaaklik dat die kind bewus word van beide sy sterk- en swakpunte ten einde sy beperkinge te kan aanvaar en verder optimaal te kan ontwikkel.

Identiteit teenoor identiteitsverwarring: betroubaarheid

Hierdie fase beslaan die adolessentperiode. Erikson (1968) beskou betroubaarheid as die essensie van identiteit. Gedurende hierdie fase word die individu bewus gemaak van die persoonlike, beroeps-, seksuele en ideologiese aanpassings wat van hom vereis word voordat hy volwassenheid kan bereik (Erikson, 1968, Gallatin, 1975). Die taak van hierdie fase is om te identifiseer met 'n bepaalde ideologiese wêreldbeskouing wat die individu se basiese waardes reflekteer en waarin hy sy beroepsenergie kan investeer (Kroger, 1996). Die adolessent begin gevolglik om hom te definieer ooreenkomstig sekere dimensies. Hy kan voortbou op sy vorige identifikasies genaamd vertroue, outonomie, inisiatief en arbeidsaamheid en sy eie strategieë ontwikkel vir die krisis van volwassenheid (Gallatin, 1975). Adolessensie is die transisie na volwassenheid waartydens die adolessent 'n betroubare "ek" ontwikkel wat as 'n outonome individu in staat is om take te inisieer en te voltooi soos gemodelleer deur betekenisvolle ander en terselfdertyd sensitief te wees ten opsigte van sy eie behoeftes en talente ten einde vir hom 'n plek in die samelewing toe te eien (Kroger, 1996). Die individu word letterlik gebombardeer met 'n magdom keuses aangaande homself wat die potensiaal vir verwarring en disoriëntasie en uiteindelijke

identiteitsverwarring daarstel. Volgens Head (1997) resulteer die onvermoë om 'n persoonlike identiteit gedurende hierdie periode te verwerf in oneffektiewe volwasse besluitneming gekenmerk deur oorhaastigheid of ontwyking.

Intimiteit teenoor isolasie: liefde

Volgens Erikson (1968) word hierdie fase gedurende vroeë volwassenheid bemeester en is hy van mening dat ware intimiteit slegs moontlik is indien die individu se identiteit reeds gevorm is. Hierdie intimiteit omsluit baie meer as bloot seksuele aktiwiteite. Erikson (in Kroger, 1996, p. 27) beskou intimiteit as die "ability to fuse your identity with somebody else's without fear that you're going to lose something yourself". Intimiteit verteenwoordig die begeerte om deel te wees van 'n verhouding selfs al vereis daardie verhouding opofferings. Isolاسie vind plaas wanneer intimiteit die individu voortdurend ontwyk en hy hom later isoleer deur alleenlik stereotiepe en formele verhoudings te betree of verhoudings met die onwaarskynlikste persone aan te knoop. Erikson (in Gallatin, 1975) stipuleer verder dat 'n balans tussen intimiteit en isolasie moet heers sodat die individu enersyds daartoe in staat is om affeksie aan ander te toon en andersyds selfversekerd genoeg te voel om alleen te kan wees wanneer hy werk moet verrig.

Generatieweit teenoor stagnasie: sorgsaamheid

Generatieweit vind gedurende die grootste deel van 'n persoon se volwassenheid plaas en verwys na die bydrae wat hy as volwassene tot die samelewing lewer. Ouerskap is die algemeenste en sigbaarste teken van generatieweit, hoewel nie die enigste nie. Die begeerte van 'n outonome individu ("ek") as deel van 'n intieme eenheid ("ons") om tot die huidige en toekomstige welsyn van ander lewensiklusse by te dra is ook generatief van aard. Hierdie individue tree op as modelle met wie die jonger lede van die gemeenskap kan identifiseer. Stagnasie vind plaas wanneer persoonlike gerief die primêre motiveerder vir handeling word en selfabsorpsie intree (Erikson, 1968; Kroger, 1996).

Integriteit teenoor wanhoop: wysheid

Die finale lewensfase word bereik gedurende 'n persoon se laat volwasse jare. Integriteit is volgens Erikson (1963, p. 268) die "acceptance of one's one and only life-cycle as something that had to be and that, by necessity, permitted of no substitutions . . . in such final consolidation, death loses it's sting". Die vermoë om mortaliteit te aanvaar is 'n belangrike aspek van integriteit. Integriteit word verder gekenmerk deur die wysheid van volwasse oordeel en die besef van elkeen se tydelikheid (Kroger, 1996). Wanhoop tree in wanneer die lewensjare te min is om 'n

alternatiewe, bevredigender lewenspad te selekteer en die persoon die kwaliteit en geldigheid van sy lewe bevraagteken (Gallatin, 1975).

Identiteit is teenwoordig in elke fase van die menslike lewensiklus met sy wortels stewig in die fase van basiese vertrouwe teenoor wantroue regdeur tot in die fase van integriteit teenoor wanhoop. Gedurende adolessensie neem identiteit egter 'n ander vorm aan deur 'n proses verskillend van die identifikasies in die vroeëre fases. Die nuwe gestalte ontwikkel in 'n struktuur verskillend van, maar verwant aan, die som van al die dele (Erikson, 1968; Kroger, 1996). Erikson (1968, p. 16) stel dit dat:

The final identity, then, as fixed at the end of adolescence, is superordinated to any single identification with individuals of the past: it includes all significant identifications, but it also alters them in order to make a unique and reasonably coherent whole of.

2.2.2 Die Identiteitstatusse van Marcia

Marcia (1993) brei uit op Erikson se vyfde psigososiale fase wat handel oor betroubaarheid, en ontwikkel 'n konseptuele raamwerk vir die assessering van identiteitstatusse (Newman & Newman, 1999; Waterman, 1992). Hy identifiseer twee sleutelprosesse betrokke by die ontwikkeling van identiteit, naamlik krisis en verbintenis. Krisis verwys na 'n periode van aktiewe eksplorering en besluitneming tussen verskeie alternatiewe. Verbintenis impliseer persoonlike betrokkenheid ten opsigte van beroepskeuse, godsdiens en politieke ideologie (Head, 1997; Newman & Newman, 1999). Uit die interaksie tussen die twee prosesse identifiseer hy vier verskillende identiteitstatusse wat die adolessent kan aanneem, naamlik:

Identiteitsverwerwing

Hierdie status verwys na adolessente wat reeds die krisisperiode van besluitneming ervaar het en hulle verbind het tot beroeps- en ideologiese doelwitte. (Head, 1997; McKinney & Vogel, 1987; Newman & Newman, 1999). Hierdie adolessente is buigsaam, introspektief en beskik oor 'n goeie humorsin (Kroger, 1996). Hulle is verder eties, empaties, selfstandig en selfversekerd en presteer op akademiese gebied (Nielsen, 1987). Hulle beskik oor intiemer persoonlike verhoudings as adolessente in die ander drie identiteitstatusse, en is ook meer gefokus op hul toekomstige beroepskeuse en waardeformulerings as in sosiale en seksuele ervarings. Hierdie identiteitstatus korreleer met 'n demokratiese ouerskapstyl waar ouers onafhanklikheid aanmoedig en ondersteun (Sprinthall & Collins, 1995). Identiteitsverwerwing word positief verbind met egosintese, formele denke, etiese

beredenering en 'n lokus van kontrole, sowel as psigologiese welstand, aanpassing, persoonlike effektiwiteit en verminderde angstigheid (Sprinthall & Collins, 1995).

Identiteit-uitsluiting ("foreclosure")

Hierdie status verwys na dié waarin adolessente hulle reeds verbind het tot ideologiese en beroepsdoelwitte, alhoewel hulle nog nie 'n krisisperiode van besluitneming ervaar het nie. Hulle verbintenis is eerder gebaseer op ouerlike verwagtinge (McKinney & Vogel, 1987). Hierdie identiteit is misleidend aangesien die adolessent volwasse en selfversekerd voorkom terwyl sy identiteit in essensie gebaseer is op die premature aanvaarding van ouerlike en gemeenskapswaardes en hy die onsekerheid van selfeksplorasië vermy (Head, 1997). Volgens Marcia (in Kroger, 1996, p. 37) is "the strength of the foreclosure a rigid and brittle strength, rather like glass; if you push at it in one way, it is very strong; if you push at it in a different way, it shatters". Hierdie posisie blyk veilig te wees en die individu kan onbepaald hierin vertoef. Adolessente wat hierdie status aanhang, konformeer maklik en word beskou as rigied, konserwatief en onderdanig (Nielsen, 1987). Outoritêre of dogmatiese persoonlikhede word deur hierdie identiteitstatus gekenmerk (Head, 1997).

Identiteit-moratorium

Hierdie identiteitstatus verwys na die periode waartydens die adolessent besluitneming beleef, maar hom nog nie tot doelwitte verbind het nie (McKinney & Vogel, 1987; Newman & Newman, 1999). Dit is vir sommige adolessente 'n pynlike, angswekkende periode waarin labiele gemoedskommelings wissel tussen idealisme en sinisme, optimisme en hopeloosheid (Head, 1997). Op 'n intrapsigiese vlak ervaar die adolessent probleme met die losmaking van sy ouers, veral betreffende die ouer van die teenoorgestelde geslag (Kroger, 1996). Moratorium verwys na 'n asemskepperiode, 'n verlengde adolessensie, waarin die individu alternatiewe kan oorweeg sonder om hom tot oorhaastige besluite te verbind (Erikson, 1971). Dit is nie 'n ontwykingsmetode nie; eerder 'n voorbereidingsperiode vir uiteindelijke besluitneming en verbintenis (Sprinthall & Collins, 1995).

Identiteitsdiffusie of –verwarring

Hier word verwys na die identiteitstatus waarin die adolessent óf alreeds 'n krisis beleef het, óf glad nie, maar in ieder geval hom nie tot enige ideologiese of beroepsdoelwit verbind nie (McKinney & Vogel, 1987; Newman & Newman, 1999). Hierdie adolessent is rigtingloos, impulsief en lewe vir die oomblik. Hy soek onmiddellike gratifikasie en word maklik beïnvloed deur nuuttjies; 'n bevestiging van

sy betekenisloosheid (Nielsen, 1987). Sy strestoleransie en selfbeeld is laag, asook sy vermoë tot doelwitstelling (Sprinthall & Collins, 1995). Identiteitsdiffusie kom meesal voor by adolessente wat verwerp deur of verwyderd van hul ouers voel. Dit is adolessente juis uit hierdie een van die vier identiteitstatusse wat die minste geneig is tot intieme verhoudings met beide geslagte (Nielsen, 1987). Hulle is egter die meeste geneig tot deelname aan riskante en roekelose gedrag met negatiewe implikasies vir hul fisieke en psigiese welsyn (Sprinthall & Collins, 1995).

Identiteitstatusse as teoretiese konstruk impliseer 'n progressiewe ontwikkeling waar identiteitsverwarring die swakste gedefinieerde status is. Beweging van identiteitsverwarring na insluiting, moratorium of identiteitsverwerwing reflekteer ontwikkelingsprogressie. Beweging van enige status na identiteitsverwarring impliseer regressie (Newman & Newman, 1999). 'n Individue wat reeds 'n identiteit verwerf het, kan gedurende die krisisperiode na 'n moratoriumstatus terugkeer.

Gedurende die proses van identiteitsontwikkeling ervaar die adolessent tydelike periodes van depressie en verwarring aangesien die integrasie van verskeie elemente van persoonlike ervaring tot 'n gekoördineerde selfdefinisie tydrowend en moeilik is (Newman & Newman, 1999). Oomblikke van preokkupasie met die self, isolasie en moedeloosheid word beleef sodat selfs die positiewe identiteitstatus voorafgegaan word deur 'n mate van identiteitsverwarring. Die negatiewe uitkoms van identiteitsverwarring resulteer in die onvermoë van die adolessent om 'n aanvaarbare identiteit te ontwikkel. Hierdie individue beskik oor die konstante vrees dat hulle hul selfbehoud en greep op die lewe sal verloor (Newman & Newman, 1999).

2.2.3 Blos se Objekverhoudingsperspektief

Objekverhoudingsteoretici is eerstens gemoeid met die wyse waarop intrapsigiese prosesse interpersoonlike reaksies beïnvloed, en tweedens met die wyse waarop selfdifferensiasie gedurende die individue se lewensiklus ontwikkel en verander (Kroger, 1998). Greenberg en Mitchell (1983, p. 10) postuleer dat:

People react to and interact with not only an actual other but also an internal other, a psychic representation of a person which in itself has the power to influence both the individual's affective states and his overt behavioral reactions.

Objekverhoudinge berus op die aanname dat ons in verhoudings met ander nie net ten opsigte van die ware ander persoon reageer nie, maar ook teenoor die geïnternaliseerde beeld van ander belangrike persone uit die verlede (St. Clair,

1986). Objekverhoudinge speel dus 'n belangrike rol by die vorming van 'n persoonse identiteit.

Terwyl Erikson (1968) die begrip ego-identiteit gebruik, verkies Blois (1967) die term karakter wanneer hy verwys na daardie entiteit wat gedurende adolessensie geherstruktureer en gekonsolideer word. Blois (in Kroger, 1996) postuleer karakter as die persoonlikheidsaspek wat verantwoordelik is vir die individu se response ten opsigte van stimuli uit die omgewing en komende van die self.

Blois (in Kroger, 1996) identifiseer vier subfases of uitdagings betrokke by die proses van karakterverwerking. Indien elk van hierdie subfases nie suksesvol afgehandel word nie, behou die adolessent 'n karakter wat ontoereikend is ten opsigte van die struktuur wat noodsaaklik is vir gesonde volwassenheid. Die vier karaktersubfases is die tweede individuasieproses, die herdeurwerking en bemeestering van die kindertrauma, egokontinuiteit en seksuele identiteit.

Die tweede individuasieproses sentreer om die afsien van "those very intrapsychic parental representations which were internalized during toddlerhood and have formed the structure of childhood identity" (Kroger, 1996, p. 49). Blois (in Kroger, 1996) is van mening dat regressie 'n normale adolessenteienskap is wat voorkom wanneer die adolessent hom losmaak van vroeëre objekbande. Gedurende die herdeurwerking van die kindertrauma keer die adolessent terug na "the scene of early organismic insult and re-experience the injury so that it may be mastered rather than defended against through adult life" (Kroger, 1996, p. 50). Volgens Kroger (1996) ondersteun Blois Erikson se aanname betreffende die noodsaaklikheid van kontinuiteit vir die verwerking van 'n gesonde identiteit. Hy stipuleer dat egokontinuiteit 'n persepsie van 'n persoonlike verlede vereis en dat 'n toekoms sonder 'n verlede nie moontlik is nie (Kroger, 1996). Die finale fase behels die heraktivering van vroeëre oedipale kwessies, asook die verwerking van 'n seksuele identiteit wat suksesvol afgehandel is wanneer die adolessent dan in staat is om romantiese verhoudings buite die gesin aan te knoop.

Karakter kan, net soos ego-identiteit (Erikson, 1968), slegs gekonseptualiseer word ooreenkomstig ontwikkelingsfases aangesien die ontwikkeling daarvan reeds in die babatydperk begin en aan die einde van adolessensie stabiliseer. Blois (1967) verskil egter van Erikson (1968) in die opsig dat hy nie karakterontwikkeling deurtrek na volwassenheid nie. Karaktervorming behels 'n progressiewe differensiasie en onafhanklikheid van die omgewing (Kroger, 1996). Die vier subfases in die

karaktervormingsproses moet beskou word as komponente van 'n totale proses waarvan die geïntegreerde oplossing die einde van adolessensie aandui (Kroger, 1996).

Die vier subfases in die karaktervormingsproses word vervolgens bespreek.

Die tweede individuasiëproses

Blos (in Kroger, 1996) baseer sy standpunte oor adolessensie grootliks op Margaret Mahler se werk betreffende die fases waarvolgens 'n kind hom van sy primêre versorger differensieer en 'n "sense of self" ontwikkel (Kroger, 1998, p. 176; St. Clair, 1986, p. 110). Blos (in Lerner, 1987) trek 'n parallel tussen die skeidings-individuele proses van die baba wat voltooi word met die bereiking van objekkonstantheid en die tweede skeidings-individuele proses gedurende adolessensie. Die kind differensieer hom vanuit 'n simbiotiese fusie met sy moeder tot 'n individu met unieke karaktertrekke. Mahler (in St. Clair, 1986) verwys hierna as die skeidings-individuele proses. Die kind internaliseer 'n stabiele versorgerbeeld wat hom in staat stel om die versorger as 'n fisies aparte persoon te waardeer. Soos die kind sy primêre versorger internaliseer ten einde in die eksterne persoon se afwesigheid te kan funksioneer, so moet die adolessent afstand doen van hierdie geïnternaliseerde ander sodat hy 'n meer volwasse selfsin kan ontwikkel (Lerner, 1987). Beide individuasiëperiodes word gekenmerk deur 'n verhoogde weerloosheid in die persoonlikheidsstruktuur, 'n dringendheid vir psigiese herstrukturering en, indien enige van die twee misluk, die ontwikkeling van psigopatologie (Kroger, 1996).

Die adolessent se afhanklikheid van sy gesin neem af deurdat hy die infantiele objekbande met sy geïnternaliseerde ouers verbreek, wat hom toelaat om nuwe non-familiale romantiese verbintenisse aan te knoop. (Kroger, 1996; Lerner, 1987). Die suksesvolle resoluë van die tweede individuasiëproses lei verder tot: die verkryging van vaste, stabiele self- en objekgrense; 'n verlies van oedipale superegordiditeit en mag; en 'n verhoogde konsekwentheid ten opsigte van gemoed en selfsteem (Kroger, 1996). Die adolessent se "disengagement from the infantile object is always paralleled by ego maturation" (Blos, 1967, p. 165). Regressie staan sentraal in die adolessent se suksesvolle resoluë van die tweede individuasiëproses aangesien die psigiese herstrukturering van adolessensie slegs deur kontak met die infantiele drifte kan plaasvind (Lerner 1987; Kroger, 1996). Volgens Blos (1979) is adolessensie die enigste lewenstydperk waartydens ego- en drifregressie verpligte komponente van normale ontwikkeling konstitueer.

Die interne objekverliese gepaard met die tweede individuasiëproses word beskou as die sentrale determinant van adolessenttreurreaksies en -buiërigheid (Kroger, 1996; Lerner, 1987). Die portuurgroep en geïdealiseerde vriende of vermaaklikheidssterre bied ondersteuning en dien as plaasvervangers vir die verlore ouerobjekte (Kroger, 1996; Lerner, 1987).

'n Suksesvolle deurgang van die tweede individuasiëproses word gekenmerk deur geheelobjekverwantskappe en objekkonstantheid ooreenstemmend met 'n hoë mate van differensiasie tussen die self en ander (Lerner, 1987).

Die herdeurwerking en bemeestering van die kindertrauma

Blos (in Kroger, 1996) is van mening dat almal se kinderjare ontelbare geleenthede bied vir emosionele beserings. Kindertrauma is egter 'n relatiewe term onderhewig aan die omvang van die spesifieke gevaar asook die kind se unieke weerloosheid ten opsigte van die aanslag (Kroger, 1996). Die bemeestering van kindertrauma is 'n lewenslange taak. Sekere lewensituasies roep die oorspronklike emosionele besering op en bied daardeur geleenthede vir die bemeestering en verwerking daarvan. Adolessensie is een van hierdie geleenthede waardeur 'n aansienlike deel van hierdie taak verrig word. Die voltooiing van adolessensie verwyder nie die infantiele traumas nie, maar bewerkstelling eerder integrasie met die ego (Kroger, 1996). In gevalle van optimale karaktervorming bekom die individu bevredigende hanteringswyses vir kinderervarings wat hy voorheen as onhanteerbaar ervaar het. Die bemeestering van die traumas verhoog dus die individu se selfsteem aansienlik.

Die deurwerking van kindertrauma het beide 'n positiewe en negatiewe effek op karaktervorming. Individue kan enersyds poog om die trauma te herleef ten einde dit in die karakter te integreer, of andersyds om die proses te vermy en hulle nie toe te laat om die trauma te verwerk nie. Hulle verkies om te volstaan met die trauma se voorskrytelike verdedigingsmaneuvers (Kroger, 1996).

Egokontinuiteit

Egokontinuiteit is die derde vereiste vir optimale karaktervorming en volgens Blos (in Kroger, 1996) 'n uiters kritieke aspek. Blos (1968, pp. 256 – 257) stipuleer dat “adolescent development can be carried forward only if the adolescent ego succeeds in establishing a historical realm. If this is prevented, a partial restructuring of adolescence remains incomplete”. Egokontinuiteit bevorder integrasie en stimuleer groei na gelang die geïnternaliseerde ouerbeelde nie meer deur die adolessent benodig word nie. Dit dra verder by tot 'n gevoel van geheelheid en

onaantasbaarheid aangesien die vermoë om 'n eie opinie te vorm oor die verlede, die hede en die toekoms gedurende laat-adolessensie na vore tree (Kroger, 1996). Optimale karaktervorming tydens laat-adolessensie is afhanklik van die raamwerk wat egokontinuiteit skep.

Seksuele identiteit

Karaktervorming behels die totstandbring van 'n seksuele identiteit; 'n gevoel van manlikheid of vroulikheid met onveranderbare grense. Die seksuele identiteit verskil van geslagsidentiteit wat vroeg reeds gevorm word. Blos (in Kroger, 1996) beskou adolessensie as 'n noodsaaklike regressie na die falliese fase vir die voltooiing van oedipale kwessies ten einde 'n seksuele identiteit te vestig. Volwasse heteroseksualiteit kan slegs op die voorgrond tree na die herlewing en finale voltooiing van konflikte vanuit die oedipale kinderjare. Die oplossing van oedipale konflikte sluit beide positiewe (seksuele liefde vir die ouer van die teenoorgestelde geslag) en negatiewe (seksuele liefde vir die ouer van dieselfde geslag) oedipale komponente in. Gedurende die kinderjare word die positiewe oedipale komponente opgelos deur identifikasie met die ouer van dieselfde geslag, maar wanneer adolessensie bereik word, moet die kind sy seksuele liefde vir hierdie ouer op sy eie oplos. Blos (1979, p. 479) stipuleer:

Since the resolution of the negative Oedipus complex is the task of adolescence, the coming to terms with the homosexual component of pubertal sexuality is an implicit developmental task of adolescence. In fact, we might say that sexual identity formation is predicated on the completion of this process.

Terwyl die resoluksie van die negatiewe oedipuskompleks voortduur, groei die ego-ideaal tot 'n volwasse struktuur. Die ego-ideaal verwys na dit waarna die individu streef om te wees en te bereik. Blos (in Kroger, 1996) definieer ego-ideaal as 'n abstrakte, doelgerigte, motiverende krag wat aan die einde van adolessensie na vore tree en beskou word as die erfgenaam van die negatiewe oedipuskompleks. 'n Volwasse ego-ideaal reflekteer die vermoë om realistiese doelwitte te stel en na te streef.

Blos (in Kroger, 1996) merk op dat die wyse waarop die positiewe en negatiewe oedipale komplekse opgelos word, opvallend tussen seuns en dogters verskil. Die moeder is vir beide geslagte die eerste infantiele liefdesobjek, maar omdat die vrou die uiteindelijke liefdesobjek vir die seun is verloop sy oedipale handeling en psigoseksuele ontwikkeling minder gekompliseerd. Die dogter moet reeds op 'n vroeë

ouderdom haar eerste liefdesobjek prysgee en op haar vader fokus vir die vervulling van haar vroulikheid. Haar oedipale verhouding bereik gevolglik nie die kenmerkende voltooiing soos in die seun se geval nie, en dra by tot lewenslange reperkussies in die dinamiek van seksuele identiteitsontwikkeling (Kroger, 1996).

2.2.4 Piaget se teorie van Kognitiewe Ontwikkeling

Piaget (in Gallatin, 1975) voer aan dat denke in die kinderjare oorheers word deur sigbare en tasbare beelde terwyl die vermoë om abstrakte idees te begryp in adolessensie manifesteer. Die kind se kapasiteit vir logiese denke ontwikkel van die kinderjare tot en met die begin van adolessensie. Die kognitiewe en intellektuele verandering is die resultaat van 'n voortdurende ontwikkelingsproses wat op 'n kontinuum plaasvind en uit vier duidelik onderskeibare fases bestaan (Wadsworth, 1989). Die vier fases sal vervolgens kortliks bespreek word.

Die sensories-motoriese fase

Die sensories-motoriese fase strek van die kind se geboorte tot ongeveer sy tweede lewensjaar (Meyer & Van Ede, 1990; Sprinthall & Collins, 1995). Volgens Piaget (in Gallatin, 1975; Wadsworth, 1989) assimileer die baba deurlopend inligting vanuit die fisiese wêreld rondom hom deur middel van sy sensoriese kanale, waarna hy hom geleidelik aanpas by dit wat hy ingeneem het. Hierdie twee prosesse stel die kind in staat om 'n repertoire van persepsuele vaardighede en response op te bou wat Piaget skemas noem (Meyer & Van Ede, 1990; Sprinthall & Collins, 1995). Namate die kind groei, ontwikkel hy later 'n begrip van konstantheid, die vermoë om na 'n weggesteekte objek te soek, asook die vermoë om dit wat hy hoor of voel te koördineer met dit wat hy sien (Gallatin, 1975; Wadsworth, 1989). Die kind se intellektuele vermoëns is egter beperk en sy pogings tot probleemoplossing bestaan hoofsaaklik uit probleme wat liggaamlik opgelos kan word.

Die pre-operasionele of intuïtiewe fase

Die pre-operasionele of intuïtiewe fase begin om en by die tweede lewensjaar wanneer die meeste kinders begin praat en eindig om en by die sewende lewensjaar wanneer formele skoolopleiding 'n aanvang neem (Meyer & Van Ede, 1990; Sprinthall & Collins, 1995; Wadsworth, 1989). Piaget (in Gallatin, 1975) wys daarop dat die ontwikkeling van spraak die moontlikheid vir verbale kommunikasie skep wat 'n doeltreffender wyse van redevoering is as die liggaamstaal van die sensories-motoriese fase. Die koms van taal kondig verder die internalisering van woorde aan. Die kind is nou toenemend in staat om idees uit te ruil en in die afwesigheid van ander sy eie ervarings te organiseer en te katalogiseer (Gallatin, 1975). Die vermoë

om te dink in terme van verbale konsepte bied die kind 'n groter mate van buigsaamheid in vergelyking met die vorige fase. Sy lewensbestaan word gekenmerk deur 'n afname in proefondervindelike situasies deurdat antisipasie en voorbedagtheid toenemend geïmplementeer word. Sodra die kind tot verbale denke in staat is, kan hy verskeie strategieë bedink en die geskikte een selekteer (Gallatin, 1975; Newman & Newman, 1999).

Die verwerwing van taal het wye sosiale implikasies. Piaget (1967, p. 22) stipuleer:

Language is, in effect, the vehicle for concepts and ideas that belong to everyone, and it reinforces individual thinking with a vast system of collective concepts. The child becomes immersed in these concepts as soon as he masters words.

Alhoewel spraak 'n reusestap in die kind se ontwikkeling verteenwoordig, is sy denkvermoë steeds onderhewig aan sekere bepaalde beperkings. Die twee- tot sewejarige word begrens deur dit wat hy kan waarneem. Ten spyte daarvan dat hy met volwassenes kan kommunikeer, is hy steeds nie daartoe in staat om sekere konsepte te begryp nie. Sy pogings tot probleemoplossing geskied deur middel van intuïsie en nie noodwendig op grond van redenering nie (Gallatin, 1975; Wadsworth, 1989).

Die konkreet-operasionele fase

Die konkreet-operasionele fase strek van ongeveer die sewende tot die elfde lewensjaar (Sprinthall & Collins, 1995; Wadsworth, 1989). Die kind se intellektuele horisonne verbreed aansienlik met die aanvang van formele skoolopleiding deurdat hy blootgestel word aan die menings van 'n verskeidenheid volwassenes en kinders (Gallatin, 1975). Sy impulsiwiteit en intellektuele egosentrisme neem af en hy leer om te dink voordat hy optree. Hierdie proses staan bekend as nadenke en behels interne beraadslaging deurdat die kind 'n gesprek met homself kan voer soortgelyk aan 'n gesprek waarby gespreksgenote teenwoordig is (Gallatin, 1975).

Die konstruksie van logika neem gedurende hierdie fase 'n aanvang. Piaget (1967, pp. 40-41) is van mening dat:

Logic constitutes the system of relationships which permit the coordination of points of view corresponding to different individuals, as well as those which correspond to successive precepts of the same individual.

In sy omgang met ander mense moet die kind begin om sy egosentrisme te laat afneem. Met egosentrisme bedoel Piaget (1967) die selfgesentreerde konsentrasie van die kind op sy eie wense en behoeftes. Volgens Gallatin (1975) en Wadsworth (1989) het hierdie geleidelike desentrering 'n groot impak op die kind se intellek aangesien hy die vermoë verwerf om ander se oogpunte in te sien en gevolglik minder begrens word deur sy eie persepsies. Die kind is verder in staat om oor sake na te dink, terwyl hy in die vorige fase intuïsie by die oplos van probleme aangewend het.

Piaget (in Newman & Newman, 1999) gebruik die term "konkreet" om die kwaliteit van die kind se denke aan te dui in teenstelling met die abstrakte, meer hipotetiese redenering van die adolessent en die volwassene. Die kind redeneer oor objekte en die kousale verbande daartussen aanwesig, maar ondervind probleme met hipotetiese stellings en aannames (Newman & Newman, 1999).

Die formeel-operasionele fase

Die formeel-operasionele fase begin omstreeks die elfde lewensjaar en bereik 'n hoogtepunt in die omgewing van vyftien jaar (Sprinthall & Collins, 1995). Vroeë-adolescentdenke raak toenemend meer abstrak en stel die kind in staat om die wêreld vanuit verskillende dimensies te beoordeel. Die adolessent se denke is meer reflektief van aard en hipotetisering betreffende denkbeeldige situasies begin plaasvind (Newman & Newman, 1999). Volgens Piaget (1972) bereik die adolessent die vlak van formele prosesse wanneer hy begin dink oor stellings wat nie aan konkrete voorwerpe gekoppel word nie. 'n Sentrale eienskap van hierdie fase is die kapasiteit vir die oorweging van alle moontlike kombinasies van voorstelle, asook die onderlinge verbande daartussen. 'n Verdere kenmerk van die formeel-operasionele fase is die vermoë om hipoteses te genereer ten einde 'n gebeurtenis te verduidelik, en om die logika te volg wat die bepaalde hipotese impliseer (Newman & Newman, 1999). Die kognitiewe strukture van die kind bereik dus volwassenheid. Die adolessent se potensiële vermoë tot redenering en denke bereik die hoogste piek wanneer die formele operasies ten volle ontwikkel is (Wadsworth, 1989).

Die volgende kenmerke word onderskei met betrekking tot die formeel-operasionele denke (McKinney & Vogel, 1987; Piaget, 1972; Thom, 1990; Wadsworth, 1989):

- Abstrakte denke: Formele operasies word gekenmerk deur die vermoë om te redeneer oor abstrakte proposisies losstaande van konkrete onderwerpe.
- Die werklike teenoor die moontlike: Die adolessent is in staat om te dink oor dit wat kan of mag wees en nie slegs oor dit wat is nie.

- Proposisionele denke: Die adolessent kan redeneer op grond van hipotetiese stellings sonder om die werklikheid in ag te neem. Die adolessent kan gevolglik stellings en gevolgtrekkings oor ander stellings en gevolgtrekkings maak wat bekend staan as tweede-orde-operasies.
- Wetenskaplike denke: Die adolessent beskik oor die vermoë om al die moontlike faktore en oplossings vir 'n bepaalde probleem te oorweeg.
- Hipoteties-deduktiewe denke: Die adolessent is in staat om die realiteit te beoordeel deur middel van hipoteties-deduktiewe beredenering en nie slegs op grond van ervaring nie. Hipoteties-deduktiewe beredenering behels die stel van 'n aantal hipoteses ten opsigte van moontlike oplossings waarvan afleidings (deduksies) gemaak word. Adolessente is dus in staat om hipotetiese vraagstukke ten volle simbolies te beredeneer en logiese gevolgtrekkings te maak.
- Begrip van proporsionaliteit: Die adolessent is in staat tot die vorming van 'n begrip ten opsigte van proporsionaliteit wat hom in staat stel om die verhouding tussen massa, gewig en afstand te verstaan, asook die beginsel van balans sonder dat hy fisies daarmee eksperimenteer.
- Kombinatoriese denke: Die adolessent is in staat om aan alle moontlike kombinasies van elemente in 'n bepaalde versameling te dink.
- Die vermoë om 'n meer geïntegreerde en gekoördineerde logika te implementeer in vergelyking met die konkreet-operasionele denker.

Newman en Newman (1999) identifiseer verder die volgende vaardighede wat gedurende die formeel-operasionele denkfase manifesteer:

- Die vermoë om meer as twee kategorieë veranderlikes gelyktydig te manipuleer.
- Die vermoë om te dink oor toekomstige veranderinge en dit te antisipeer.
- Die vermoë om oor 'n logiese reeks gebeure te hipotetiseer.
- Die vermoë om die gevolge van dade te antisipeer.
- Die vermoë om die logiese konsekwenheid of inkonsekwenheid in 'n reeks stellings op te spoor.
- Die vermoë om op 'n relativistiese wyse te dink oor die self, ander en die wêreld. Die adolessent besef dat die norme van sy bepaalde kultuur en gemeenskap van hom verwag om op 'n sekere wyse op te tree.

Indien die kind die onderskeie vaardighede van die formeel-operasionele fase bemeester, is hy in staat tot die formulering van sy eie waardes en lewensfilosofie ter afronding van sy persoonlikheid. Piaget (1967) stel dit dat die adolessent oor die vermoë beskik om sy eie persoonlike sisteem te konstrueer. Volgens Piaget (1967)

neem persoonlikheidsvorming 'n aanvang tydens die middel- tot laat-kinderjare met die finale aspekte van die proses geleë in die oorgangsfase na volwassenheid, genaamd adollesensie.

Piaget (in Wadsworth, 1989) tref 'n onderskeid tussen persoonlikheid en self. Hy is van mening dat die self gerig is op die individu, en persoonlikheid op die sosiale wêreld. Die self word ondergeskik gestel aan die kollektiewe ideaal en aan die begeerte om by die wêreld van werk en volwassenheid in te skakel. Piaget (in Wadsworth, 1989, p. 130) omskryf persoonlikheid as “a matter of the fusion of one's work with one's individuality”. Die adollesent onderwerp hom gevolglik aan die dissipline van die bepaalde gemeenskap ten einde suksesvol aan te pas.

Piaget (in Wadsworth, 1989) verbind die adollesent se kognitiewe en affektiewe ontwikkeling met sy algemene gedrag. Hy beskou die unieke eienskappe van die adollesentdenkwyse en persoonlikheid as normale ontwikkelingsuitvloeiings wat die unieke affektiewe redeneringswyse van 'n adollesent teweeg bring. Die adollesent is in staat tot dieselfde logiese denke as 'n volwassene, maar dink “anders” vanweë sy ontwikkelingsvlak en gepaargaande egosentrisme (Newman & Newman, 1999).

Egosentrisme verwys na 'n kind se beperkte perspektief met die aanvang van elke nuwe kognitiewe ontwikkelingsfase. Die adollesent se vermoë tot logiese denke bring mee dat sy egosentrisme wentel om die onvermoë om te differensieer tussen sy wêreld en die buitewêreld (Newman & Newman, 1999). Dit wat logies en rasioneel is, vind nie altyd in die realiteit plaas nie. Die adollesent begryp hierdie aspek nie na behore nie, aangesien hy logika in sy redenasies toepas. Hierdie aspek van egosentrisme verdwyn eerstens namate die adollesent besef dat wêreldgebeure nie slegs beoordeel kan word op grond van logiese beginsels nie, en tweedens, namate hy die vermoë bemeester om logika met realiteit te integreer (Newman & Newman, 1989; Wadsworth, 1989).

Adollesent-egosentrisme beskik oor twee verdere kenmerke wat sosiale interaksie sowel as probleemoplossing beïnvloed:

- 'n Preokkupasie met eie denke met die oortuiging dat ander ook gepreokkupeerd is daarmee. Die adollesent beskou sy gevoelens en gedagtes as spesiaal en uniek en dat geen ander persoon dit kan begryp of ervaar nie. Namate sy bewustheid uitbrei, onttrek hy hom soms en hierdie onttrekking belemmer toegang tot nuwe inligting en inhibeer sosiale interaksie (Newman & Newman, 1999).

-
- Adollesente is soms daarvan oortuig dat hulle die middelpunt van ander se aandag en gedagtes is. Die adollesent aanvaar dat ander net so bewus is van sy gedrag en voorkoms as hyself en antisipeer gevolglik dat ander se opinies ten opsigte van hom net so bewonderend of krities as sy eie is. Hierdie aspek speel 'n verneme rol by die kenmerkende selfbewustheid van die adollesent en belemmer sosiale interaksie (Newman & Newman, 1999).

Egosentrisme tydens adollesensie word op die kognitiewe vlak oorkom deur die geleidelike differensiasie tussen die gedagtes van die self en ander. Betreffende die affektiewe vlak verminder egosentrisme deur middel van 'n geleidelike integrasie van die gevoelens van ander met die emosies van die self (Elkind, 1975).

2.2.5 Integrasie van die Teoretiese Perspektiewe

Adollesensie is 'n kritieke lewensfase by die verwerwing van 'n persoon se identiteit. Identiteit word gekonseptualiseer as 'n geïnternaliseerde, selfgeselekteerde reguleringstelsel wat 'n georganiseerde en geïntegreerde psigiese struktuur verteenwoordig met 'n duidelike ontwikkelingsonderskeid tussen die innerlike self en die buitewêreld (Adams, 1992). Volgens Adams (1992, p. 1) is identiteitsverwerwing "an evolutionary process of differentiation and integration, synthesis and resynthesis, and increasing cognitive complexity".

Volgens Erikson (1968) se epigenetiese beginsel is identiteitsontwikkeling 'n deurlopende lewensproses bestaande uit agt opeenvolgende fases wat elk eers bemeester moet word ten einde 'n volgende fase te betree. Erikson stipuleer dat adollesensie die kritieke periode vir identiteitsverwerwing verteenwoordig. Bloss ondersteun Erikson se idees rakende deurlopendheid alhoewel hy nie 'n volledige lewensiklus detailleer nie (Kroger, 1996). Hy identifiseer vier opeenvolgende fases by adollesensie wat elk bepaal word deur spesifieke intrapsigiese kwessies. Die suksesvolle bemeestering van elkeen van die fases is noodsaaklik vir die bou en konsolidasie van identiteit wat hy karakter noem. Beide Erikson en Bloss beskou kontinuïteit as 'n belangrike aspek van die verwerwing van identiteit (Kroger, 1996).

Bloss (in Kroger, 1996) beskou adollesensie as 'n tweede individuasiëproses waartydens die jong persoon se eerste pogings betreffende skeiding van die vroeë infantiele objekbande manifesteer. Die adollesent differensieer hom toenemend van sy ouers. Die seksuele energie voorheen gekoppel aan oedipale konflikte, benodig nou 'n uitlaatklep buite die gesin en word bevredig deur geïdealiseerde vriendskappe met persone van dieselfde geslag. Laat-adollesensie is 'n tydperk van konsolidasie

gekenmerk deur: die daarstelling en vestiging van 'n onomkeerbare seksuele identiteit; die vestiging van toereikende beelde van die self en ander; en die ontwikkeling van 'n groter sin vir outonomie. Die adolessent se karakter is dus gevorm (Kroger, 1996).

Erikson is dit met Piaget eens dat formeel-operasionele denke 'n voorvereiste vir die ontwikkeling en verwerwing van identiteit is (Markstrom-Adams, 1992). Volgens Piaget (1972) is veranderinge in die persoonlikheid en sosiale arena tydens adolessensie 'n direkte resultaat van die ontwikkeling van formele denkstrukture. Die adolessent is toenemend in staat tot abstrakte en logiese denke wat aan hom die vermoë verleen om die wêreld en homself vanuit verskillende dimensies te beoordeel. Hy is verder in staat tot die verwerwing van sy eie waardes en lewensfilosofie. Die adolessent kan dus oor homself dink. Die adolessent ontwikkel verder die kapasiteit om hipoteties te redeneer en die verhoudings tussen abstrakte idees te begryp (Newman & Newman, 1999). Piaget stem met Erikson saam dat die vermoë tot hipotetisering die adolessent in staat stel om sy realiteit te verbreed bo dit wat onmiddellik ervaar is, tot die oorweging van verskeie sosiale moontlikhede (Newman & Newman, 1999).

Piaget (in Wadsworth, 1989) ondersteun Erikson (1968) en Bloss (in Kroger, 1996) se standpunt aangaande die noodsaaklikheid vir kontinuïteit gedurende identiteitsontwikkeling. Egokontinuïteit vereis 'n persepsie van sowel 'n verlede as 'n toekoms. Piaget (1967; 1972) is van mening dat 'n individu die nodige intellektuele vaardighede benodig ten einde sy lewe in perspektief te plaas, en dat hierdie vaardighede eers tydens adolessensie manifesteer. Piaget (1967; 1972) bevestig dus dat die ontwikkeling van formele denke 'n ware identiteitskrisis moontlik maak.

Die egosintoniëse oplossing van Erikson (1968) se adolessent-lewensfase resulteer in betroubaarheid wat 'n verbintenis tot beroepskeuse, godsdiens en politieke ideologie impliseer. Marcia (1993) brei uit op die betroubaarheidskonsep en identifiseer vier psigososiale identiteitstatusse wat gedurende adolessensie ontwikkel, naamlik identiteitsverwerwing, identiteitsluiting, identiteitmoratorium en identiteitsdiffusie. Hierdie identiteitstatusse reflekteer Bloss (in Kroger, 1996) se onderskeie fases in die proses van differensiasie tussen die self en objekbeelde. Identiteitsverwerwing verwys na daardie identiteitstatus waarin die adolessent oor ego-sintese, goed ontwikkelde formele denke en 'n interne lokus van kontrole beskik. Die status word verder gekenmerk deur 'n intrapsigiese organisasie waar die self en die objekbeelde duidelik onderskeibaar is (Kroger, 1996).

Identiteitsuitsluiting verteenwoordig die identiteitstatus waarin identiteit nie deur ego-sintese bereik word nie, maar deur middel van introjeksie en identifikasie met ouerlike en gemeenskapswaardes. Hierdie adolessente is rigied en onderdanig en reflekteer 'n intrapsigiese organisasie ooreenstemmend met die fase van simbiotiese fusie waar geringe differensiasie tussen die self en die geïnternaliseerde ouers bestaan (Kroger, 1996).

Erikson (1971) beskou die identiteitmoratorium as die asemskepperperiode waartydens die adolessent alternatiewe kan eksplorieer sonder om hom oorhaastig te verbind. Volgens Erikson (1968) fasiliteer die moratorium identiteitsvorming optimaal en behoort dit aangemoedig te word. Op intrapsigiese vlak vind differensiasie van die geïnternaliseerde ouers plaas, soms gepaardgaande met problematiek veral ten opsigte van die losmaking van die ouer van die teenoorgestelde geslag (Kroger, 1996).

Identiteitsdiffusie is die resultaat van mislukte oplossings ten opsigte van die voorafgaande psigososiale fases. Hierdie adolessente het 'n beperkte geleentheid gehad vir die internalisering van hul ouers en versorgers, moontlik omdat die ouers en versorgers as verwyderd en verwerpend beleef is (Kroger, 1996). Die beperkte ouerinternalisering skep 'n bygaande hindernis vir die ontwikkeling van 'n samehangende selfsin (Kroger, 1996).

Die onvermoë om verskeie moontlike identiteitsalternatiewe te ondersoek weerhou die adolessent daarvan om deur die moratorium te beweeg en hy bly gevolglik beperk tot die identiteitstatusse van uitsluiting en diffusie (Markstrom-Adams, 1992). Ten einde die moontlike alternatiewe te ondersoek moet die adolessent in staat wees tot formele denke (Piaget, 1972). Identiteitsbereiking verteenwoordig dus die mees komplekse kognitiewe vermoëns, gekenmerk deur kreatiewe, logiese en rasionele besluitnemingstrategieë. Dit word gevolg deur die moratoriumstatus waar betreklik komplekse kognitiewe vermoëns en onafhanklike besluitneming wel manifesteer. Die uitsluitingstatus word gekenmerk deur minder geïntegreerde komplekse kognitiewe vermoëns, terwyl die diffuse status die mins komplekse kognitiewe vermoëns verteenwoordig (Kroger, 1996). Die adolessent met die mees komplekse kognitiewe vermoëns beskik gevolglik oor die mees volwasse identiteit.

Kognitiewe kompleksiteit word gekenmerk deur differensiasie en integrasie wat 'n fasiliterende rol speel ten opsigte van ego-identiteitsontwikkeling (Markstrom-Adams, 1992). Volgens Marcia (in Markstrom-Adams, 1992) is die vermoë tot integrasie

prominent by volwasse identiteitsontwikkeling en beskik adolessente in die identiteitsverwerwing- en moratoriumstatus oor meer integrasievermoëns as adolessente in die uitsluiting- en diffusiestatus. Die identiteitsverwerwingstatus fasiliteer dus 'n volwasse identiteit wat in staat is tot ware intimiteit.

Volgens Erikson (1968) is ware intimiteit slegs moontlik wanneer die individu se identiteit reeds verwerf is. Hoë vlakke van intimiteit word geassosieer met 'n toereikende identiteitsin en intrapsigies afsonderlike objekbande (Kroger, 1996). Die adolessent in die identiteitsverwerwing- en moratoriumstatus beskik oor hoë vlakke van intimiteit en duidelik gedefinieerde intrapsigiese strukture, terwyl die uitsluitingstatus gekenmerk word deur lae vlakke van intimiteit en ongedifferensieerde intrapsigiese strukture. Die adolessent in die diffuse status is nie betrokke by intieme verhoudings nie en word beleef as teruggetrokke en verwyderd (Kroger, 1996).

Erikson (1968), Bos (1971) en Piaget (in Wadsworth, 1989) beklemtoon die kardinale rol wat die kulturele konteks speel by die proses van ego-identiteitsverwerwing. Vanuit die psigososiale raamwerk beskou Erikson die sosio-kulturele konteks as 'n bepalende faktor vir die adolessent se ego-identiteitsverwerwing (Waterman, 1992). Bos (1971, p. 975) ondersteun Erikson (1968) se uitgangspunt deur te stipuleer dat:

No adolescent, at any stage of his journey, can develop optimally without societal structures standing ready to receive him, offering him that authentic credibility with which he can identify or polarize . . . the psychic structure of the individual is critically affected, for better or worse, by the structure of the society.

Volgens Bos (in Kroger, 1996) fasiliteer die sosiale konteks die adolessent se beweging deur die subfases in die karaktervormingsproses. Die gemeenskapsreaksie behoort met die adolessent se behoeftes in elke fase van die tweede individuasiëproses te resoneer ten einde 'n konteks vir optimale ontwikkeling te bied (Kroger, 1996). Piaget (in Wadsworth, 1989) stipuleer verder dat die finale aspekte rakende persoonlikheidsvorming gedurende adolessensie afgehandel word. Hierdie persoonlikheid is gerig op die sosiale wêreld wat verteenwoordig word deur die bepaalde kulturele konteks waarin die adolessent hom bevind en waaraan hy hom onderwerp.

Uit die werk van Erikson, Marcia, Bos en Piaget is dit duidelik dat adolessensie 'n kritieke keerpunt in 'n individu se lewe verteenwoordig waartydens 'n identiteit ontwikkel word vir die betreding van volwassenheid. Volgens Waterman (1992) word 'n goed ontwikkelde identiteitsin geassosieer met:

- Persoonlike welstand in die vorm van selfesteem en selfaanvaarding.
- Doelgerigte aktiwiteite bestaande uit volwasse doelwitstelling met die nodige kognitiewe sofistikasie ten einde sukses te behaal.
- Die nastrewe van sosiaal aanvaarbare houdings ten opsigte van toleransie, sosiale aanvaarding, samewerking, hulpverlening en die soeke na intieme persoonlike verhoudings.

Die adolessent se verhoudings met sy gesin en portuurgroep verteenwoordig 'n integrale deel van die kulturele konteks betrokke by die verwerwing van identiteit. Navorsers verskil heftig van mekaar aangesien sommige van mening is dat die gesin die belangrikste rol in die adolessent se lewe speel, terwyl ander daarvan oortuig is dat die portuurgroep 'n groter bydrae lewer (Noller, 1994). Vervolgens word op die bydrae van beide hierdie belangrike verhoudings gefokus.

2.3 Die Verhouding met die Gesin

Volgens Heaven (1994) is die gesin die belangrikste ondersteuningsstelsel in die adolessent se ontwikkeling. Adolessentveranderinge, egskeiding en negatiewe ouerskapstyle lei tot 'n verswakking in hierdie ondersteuningsstelsel wat gevolglike implikasies vir die adolessent se funksionering, aanpassing en identiteitsverwerwing inhou. Volgens Bloss (in Kroger, 1996) differensieer die adolessent hom van sy gesin ten einde sy karakter te vorm. Die gesin se ondersteuning en fasilitering in hierdie proses is essensieel vir optimale karaktervorming. Erikson (1968) beskou die verwerwing van 'n sin vir persoonlike integrasie, wat hoofsaaklik afhanklik is van die gesinservaringe, as die mylpaal van adolessensie (Sprinthall & Collins, 1995). Ten einde gesinsinteraksie te begryp en die invloed daarvan op die adolessent te verduidelik word konsepte van die stelselteorie vervolgens bespreek.

2.3.1 Die Stelselteorie

Vanuit 'n stelselteoretiese perspektief word die gesin beskou as 'n geïntegreerde netwerk van individue en verhoudings. Alhoewel die lede van die stelsel almal onderling aan mekaar verbind is, het elkeen ook skakels buite die stelsel wat elke lid in staat stel om 'n effek op die ander in die stelsel en die onmiddellike omgewing te hê (Heaven, 1994). Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) beskou die gesin as 'n emosionele stelsel bestaande uit sowel die kerngesin as die uitgebreide familie, hetsy lewendig of afgestorwe, ongeag waar hulle woonagtig is. Becvar en Becvar (1996, p. 149) stipuleer vanuit Bowen se perspektief dat "all of these, living or deceased, absent or present members 'live' in the nuclear family emotional system in the here-and-now, in the processes that mark the family's unique configuration". Die

gesin is 'n ingewikkelde samestelling van onderling verbonde verhoudings. Die meerderheid gesinseenhede bestaan uit harmonieuse verhoudings en ervaar per geleentheid matige konflik. Die aard van die ouer-kind-verhouding verander egter wanneer die kind adolessensie betree en biologiese, kognitiewe en emosionele veranderinge ervaar (Heaven, 1994). Volgens Nielsen (1996) is die volgende sisteemteoretiese aspekte veral relevant vir die adolessent se ego-identiteitsverwerwing:

Verstrengeling ("Enmeshment")

'n Verhouding waarin twee persone oormatig by mekaar betrokke en verstrengel in mekaar se lewens is, word 'n verstrengelde ("enmeshed") verhouding genoem. Wanneer 'n ouer en 'n kind met mekaar verstrengel is, tree hulle op asof hulle dieselfde gevoelens, perspektiewe, gedagtes en behoeftes deel (Nielsen, 1996). Dit is veral die moeder wat meer geneig is tot verstrengeling ("enmeshment") met een van haar kinders. Minuchin (in Nielsen, 1996) gebruik die woorde "mochild" en "chother" in sy beskrywing van verhoudings waar die moeder en kind dink en optree asof hulle 'n gesamentlike entiteit is. Verstrengelde kinders fokus te min op hul eie ego-ontwikkeling wat resulteer in adolessente met beperkte sosiale volwassenheid, selfstandigheid, selfvertroue en vriendskappe in vergelyking met hul portuurgroep (Nielsen, 1996). Verstrengeldheid verwys verder na die vervaging van egogrens tussen die ouer en kind. 'n Egogrens is "an unwritten, yet clearly understood set of expectations that protects each person's identity, feelings, and opinions from being overly entangled with another person's" (Nielsen, 1996, p. 127). In sommige gevalle is die adolessent nie eens in staat om te onderskei tussen sy eie gedagtes en gevoelens en die van sy ouers nie.

In sy sisteemteorie het Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) sekere konsepte ontwerp wat in verband met die bogenoemde konsep van "enmeshment" (verstrengeldheid) gebruik kan word. 'n Sentrale konsep in Bowen se teorie is die differensiasie van die self (Levant, 1984). Hierdie differensiasie behels twee aspekte, naamlik die differensiasie van die self van ander, en die differensiasie tussen emosionele prosesse en intellektuele prosesse. Die emosionele prosesse (die sogenaamde emosionele sisteem) verwys na emosies en gepaardgaande gedrag, asook alle outomatiese funksies gereguleer deur die outonome senustelsel. Die intellektuele prosesse (die sogenaamde intellektuele sisteem) word gereguleer deur die serebrale korteks en is gemoeid met die kognitief beplande rigting van lewensprosesse (Levant, 1984). Volgens Bowen (in Levant, 1984) ervaar ongedifferensieerde individue merkbare fusie of saamsmelting ten opsigte van hul emosionele en intellektuele

sisteme tot die punt waar hulle uitgelewer word aan hul outomatiese emosionele funksionering. Hierdie individue is onaanpasbaar en toon disfunksionaliteit tydens die teenwoordigheid van geringe vlakke van stres en angs. Hulle is verder hoogs afhanklik van die individue rondom hulle. Bowen (in Becvar & Becvar, 1996; Levant, 1984) implementeer 'n verwante konstruk genaamd die ongedifferensieerde gesins-egomassa (of fusie) wat die emosionele eenheid van die gesin beskryf. Hierdie konstruk verwys veral na die "emotional stuck-togetherness of the families of such individuals" (Levant, 1984, p. 103). Bowen (in Becvar & Becvar, 1996; Levant, 1984) se teorie fokus dus op die onderskeid tussen individue wat gedifferensieerd is en die wat steeds in fusie met die gesin lewe. Gedifferensieerde individue transendeer bo sowel hul eie as hul gesin se emosies en is gevolglik in staat om hulle los te maak van emosionele verstrengelings (Becvar & Becvar, 1996). Ongedifferensieerde individue daarenteen is meer rigied en emosioneel afhanklik van ander vir hul emosionele welstand. Gedifferensieerde individue beskik oor 'n mate van objektiwiteit en emosionele afstand wat dui op hul bewustheid van die emosionele dinamiek rondom hulle. Kenmerkend van gedifferensieerde individue is hul outonomie ten opsigte van intellektuele funksionering, hul aanpasbaarheid asook hul toleransie rakende hoër stresvlakke (Levant, 1984). Gedifferensieerde individue beskik oor 'n interne lokus van kontrole terwyl ongedifferensieerde individue se lokus van kontrole hoofsaaklik ekstern geleë is. Bowen (in Levant, 1984) se fusiekonsep korreleer dus met die "enmeshment"-aspek van die sisteemteorie.

Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) onderskei verder tussen die soliede-self en die pseudo-self. Die soliede-self is gegrond op die strewe na individualiteit terwyl die pseudo-self gegrond is op die strewe na samesyn. Die individu met 'n soliede-self baseer sy handelings op duidelik gedefinieerde oortuigings, opinies, verklarings en lewensbeginsels wat hy ontwikkel het deur middel van intellektuele beredenering en die noukeurige oorweging van alternatiewe. Hierdie lewensbeginsels dien as 'n verwysingsraamwerk waarvolgens "ek"-besluite en standpunte geneem kan word (Levant, 1984). Die individu met 'n pseudo-self neem besluite op grond van emosionele oorwegings eerder as op grond van rasonale beginsels, wat grootliks ooreenstem met die individu wat emosionele fusie beleef (Becvar & Becvar, 1996). Die pseudo-self handel volgens 'n inkonsekwente stel oortuigings wat aangeneem is weens groepsdruk ten einde deel te wees van die bepaalde groep. Dit is dus 'n geveinsde self, gerig op konformering met die verwagtinge van die onmiddellike sosiale groep.

Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) is van mening dat optimale funksionering gebaseer word op die individu se vlak van differensiasie en intellektuele funksionering. Hy beskou selfdifferensiasie verder as die belangrikste vereiste vir die bereiking van intrapersoonlike vryheid wat noodsaaklik is vir bevredigende interpersoonlike verhoudings. Die belangrikheid van die individu se differensiasie van sy gesin word ook ondersteun deur die werk van Bloss (in Kroger, 1996) wat die adolessent se differensiasie van sy gesin gelyk stel aan 'n tweede individuasiëproses in die proses van karakterontwikkeling. Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) se soliede-self- en pseudo-selfkonstrukte korreleer onderskeidelik met Marcia (in Newman & Newman, 1999) se identiteitsverwerwing- en identiteitsuitsluitingstatusse. Piaget (1967) ondersteun Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) se mening aangaande intellektuele funksionering en postuleer dat die suksesvolle bemeestering van die formeel-operasionele fase die adolessent in staat stel om sy eie waardes en lewensbeginsels te formuleer deur middel van beredenering en selektering vanuit die betrokke alternatiewe. Die adolessent konstrueer gevolglik sy eie persoonlike sisteem wat hom in staat stel om van sy gesin te differensieer ten einde 'n onafhanklike, rasionele, objektiewe individu te word.

Generasiegrense ("Generational Boundaries")

'n Volgende sistemiese konsep behels generasiegrense (Nielsen, 1996). Hierdie grense verwys na die ongeskrewe reëls en verwagtings wat meer mag en voordele aan volwassenes as aan kinders toedeel. Generasiegrense beskerm nie net die intimiteit en reinheid ("sanctity") van die huwelik nie maar bied ook aan kinders die versekering dat hul ouers se verhouding 'n geborge, eksklusiewe, intieme kern is waarom hul lewens sal draai. In sommige gesinne vervaag die generasiegrense in so 'n mate dat die kind en die volwassene rolle verruil waar die kind óf die middelpunt van die gesin word, óf optree as 'n gelyke, 'n raadgewer óf 'n ouer vir een van die volwassenes (Nielsen, 1996). Hierdie rolommekeer belemmer ego-ontwikkeling aangesien die kind die emosionele las van sy ouer dra. Bowen (in Levant, 1984) beskryf hierdie verskynsel ook in sy teorie en verwys daarna as die gesinsprojeksieproses waardeur ouers hul gebrek aan differensiasie op hul kinders oordra. Die projeksieproses waarby die kind betrokke is, manifesteer in die ouers se pogings om stabiliteit en gerusstelling van die kind, wat eerder self stabiliteit en gerusstelling van sy ouers benodig, te verkry (Becvar & Becvar, 1996).

Generasiegrense dra by tot die ontwikkeling van 'n aantal belangrike aspekte wat noodsaaklik is vir 'n volwasse ego. Hierdie grense fasiliteer die ontwikkeling van selfbeheer (egokontrole) en buigsaamheid (egoveerkrag) deurdat die kind leer om

outoriteit en ander se verhoudings te respekteer. Wanneer ouers se pogings wat op die beskerming van hul huwelik gemik is misluk, is die kind geneig om betrek te word by 'n verstrengelde verhouding waarin hy belas word met die ouer se behoefte aan emosionele intimiteit wat sy eie ego-ontwikkeling belemmer (Nielsen, 1996).

Triangulasie ("Triangulation")

'n Derde situasie wat die kind se ego- en sosiale ontwikkeling kan strem, vind plaas wanneer enige twee familielede hulle teen 'n derde familielid rig ten einde persoonlike probleme te vermy. Bowen (in Levant, 1984) verwys na hierdie situasie as triangulasie. Bowen (in Becvar & Becvar, 1996; Levant, 1984) postuleer dat die diade of tweepersoonsisteem, gewoonlik die ouers, stabiel is solank kalmte heers. Spanning en angs gekoppel aan die mate van differensiasie van die onderskeie gades destabiliseer die sisteem. Wanneer die angs verhoog tot bo die toleransievlakke van die diade, word 'n weerlose derde persoon getrianguleer. Becvar en Becvar (1996, p. 151) stipuleer vanuit Bowen se teorie dat:

A third party is sought by one of the members of the dyad as an ally to support his or her position in a conflict with the other member of the dyad.

'n Algemene situasie wat inmeng met ego-ontwikkeling is dié waarin die adolessent en sy moeder teenoor die vader staan. In sommige gesinne gaan die moeder en die adolessent selfs sover om die vader te spot en te kritiseer. Namate hierdie kind ouer word, raak hy meer verwyderd van sy vader en minder betrokke by die belangrike aspekte van sy eie ego-ontwikkeling (Nielsen, 1996). Indien die ouers sou skei, raak die kind totaal verwyderd van die vader wat sy ego-ontwikkeling verder ondermyn. 'n Afhanklike, introversiewe kind is meer daartoe geneig om in 'n verstrengelde situasie te beland as 'n uitgaande, onafhanklike kind. Waar triangulasie, verstrengeling en ontoereikende grense in 'n gesin teenwoordig is, ervaar die adolessent problematiek rakende selfstandigheid, inskakeling by die portuurgroep en die verwerwing van 'n eie identiteit (Nielsen, 1996).

Huweliksgeluk

Adolessente geaffekteer deur triangulasie, verstrengeling en vervaagde generasiegrense se ouers is gewoonlik ongelukkig getroud of reeds geskei. Adolessente teenwoordig in 'n gelukkige ouerhuwelik is sosiaal beter aangepas en beskik oor 'n meer volwasse ego-identiteit. Hulle kom beter oor die weg met die portuurgroep en beskik oor 'n meer buigsame en geïndividualiseerde ego as die adolessent wat voortdurend blootgestel word aan 'n ongelukkige ouerhuwelik (Nielsen, 1996). Hierdie adolessente is verder minder vyandig, sinies, ongeduldig en

rigied as dié in ongelukkige, konflikbelaaide huise (Nielsen, 1996) en toon ook minder sosiale, psigiese en akademiese probleme. Volgens Bowen (in Becvar & Becvar, 1996) bestaan die ideale huwelik uit twee goed gedifferensieerde individue wat in staat is tot emosionele intimiteit sonder om 'n verlies aan outonomie te ervaar. Hierdie huweliksmaats maak hul kinders groot "to be their own persons without pressuring them to develop into images of their parents' projections" (Becvar & Becvar, 1996, p. 153). In hierdie ideale gesin is elke lid op homself aangewese en sukses of mislukking word ervaar op grond van eie pogings. Die gesinslede aanvaar elk verantwoordelikheid vir hul emosies en projekteer dus nie hierdie verantwoordelikheid op ander gesinslede nie. Differensiasie word in hierdie situasie bevorder deurdat die gesinsprojeksieproses dit fasiliteer.

In 'n ongelukkige huweliksverhouding waar ongedifferensieerde gades in fusie vergroei het, steun elkeen op die pseudo-self van die ander in 'n poging tot differensiasie. Die onstabiliteit van hierdie fusie veroorsaak reaktiewe emosionele afstand tussen die gades, fisiese of emosionele disfunksie by een van die gades, overte huwelikskonflik of die projektering van die problematiek op een of meer kinders in die gesin (Becvar & Becvar, 1996; Levant, 1984). In gevalle waar die ouers se huweliksverhouding nie gelukkig is nie, ly die adolessent se verhouding met sy vader gewoonlik die meeste skade aangesien 'n ongelukkig getroude man geneig is om homself meer te onttrek, of weggestoot te word van die gesin (Nielsen, 1996). Ongelukkig getroude vaders is geneig om oormatig krities en bestraffend te raak terwyl ongelukkig getroude moeders weer die geneigdheid toon om hul gades se interaksie met hul kinders uiters krities te beoordeel en selfs openlik daarvan te verskil. 'n Vader se ongelukkige huwelik verhinder gevolglik in sommige gevalle die skep van nuwe emosionele bande met sy kinders. Die moeder wend haar soms tot een van haar kinders ten einde haar behoefte aan intimiteit te bevredig. 'n Geleidelike rolverskuiwing vind plaas waar die kind uiteindelik verantwoordelikheid aanvaar as sy moeder se vertroueling, vriend of berader (Nielsen, 1996). Ongelukkig getroude moeders is soms oorbetrokke by hul kinders se lewens wat resulteer in triangulasie, deurdat ten minste een van die kinders hulle voortdurend aan die moeder se kant, teen die gade, sal skaar. Ongelukkige huwelikspare is verder daartoe geneig om hul adolessentkinders voortdurend as infantiel en afhanklik te beskou en huisverlating te ontmoedig (Nielsen, 1996).

'n Bevredigende huweliksverhouding, en -geluk is dus van kardinale belang want dit lewer 'n integrale bydrae tot die optimale identiteitsontwikkeling van 'n adolessent. Dit is egter slegs een van die belangrike boustene waarvoor die gesin beskik ten opsigte

van die fasilitering van gesonde karakterontwikkeling by die adolessent. "The sense of personal integration and coherence that Erik Erikson saw as the major achievement of adolescence depends largely on experiences in the family" (Sprinthall & Collins, 1995, p. 245). Vervolgens word aandag geskenk aan die gesinsverhoudinge en veranderinge tydens adolessensie.

2.3.2 Gesinsverhoudinge gedurende Adolessensie

Die ouer-kind-verhouding is 'n dinamiese tweerigtingverhouding waardeur die ouer en die kind mekaar wedersyds beïnvloed (Sprinthall & Collins, 1995). Die algemene indrukke van adolessensie is dat dit 'n uiters ontwrigtende tydperk is waartydens die ouers se verhouding met hul kind skade ly en die portuurgroep eerder verkies word. Die teendeel is egter dat adolessente deur die verloop van adolessensie wel hartlike, positiewe en wedersyds respekvolle verhoudings met hul ouers kan behou (Nielsen, 1996; Sprinthall & Collins, 1995). Volgens Noller (1994) het die portuurgroep 'n geringe invloed op hierdie verhouding. "Peers take over only when parents abdicate" (Noller, 1994, p.37). Gesinne wat wel gedurende hierdie periode ernstige probleme ervaar, het gewoonlik voor die adolessentfase reeds aansienlike struikelblokke beleef (Collins & Repinski, 1994). Alhoewel verskille tussen die adolessent en sy ouers bestaan, is dit heeltemal moontlik dat hulle in harmonie onder een dak kan saamleef. Stereotiepe mites wat sinspeel op die populêre generasiegaping impliseer dat 'n gesonde verhouding gedurende hierdie tydperk tussen die twee generasies onwaarskynlik is (Coleman & Hendry, 1990). Beide ouers en adolessente is geneig om die verskille tussen hulle te oordryf (Seiffge-Krenke, 1999) en die mate van wedersydse respek en toegeneentheid vir mekaar gering te skat (Noller, 1994; Sprinthall & Collins, 1995). Die veranderinge wat wel in die ouer-kind-verhouding gedurende adolessensie intree, het nie betrekking op die reeds bestaande bande tussen die gesinslede nie, maar wentel eerder om die interaksiepatrone in die gesin.

Tesame met die adolessent se fisieke, sosiale en kognitiewe veranderinge beleef ouers unieke veranderinge in hul eie lewens (Myers, 1999). Die teenwoordigheid van 'n adolessent in die huisgesin strem die huweliksverhouding tussen ouers aansienlik (Seiffge-Krenke, 1999). Die adolessentperiode val dikwels saam met die ouers se betreding van die middeljare, wat op sigself 'n uitdagende en moeisame aanpassing is (Coleman & Hendry, 1990). Gedurende hierdie periode spekuleer ouers oor die toekoms en word die kwaliteit van hul lewens tot hede intens geëvalueer. Indien die ouers ekonomiese druk, beroepstres en onsekerheid oor die toekoms ervaar, is hulle soms nie in staat om die adolessentveranderinge so buigsaam en konstruktief as wat noodsaaklik is te benader nie. Dit wil dus voorkom of die meerderheid adolessente en

hul middeljarige ouers gelyktydig spanning betreffende verskillende identiteitsaspekte ervaar (Sprinthall & Collins, 1995). Hierdie spanning beïnvloed die kwaliteit van die gesin se verhoudings wat direk verband hou met die adolessent se bemeestering van vaardighede, sy aanpassing en identiteitsverwerwing (Heaven; 1994). Ondersteunende en kommunikerende gesinne fasiliteer gewoonlik 'n gunstige klimaat waarin die adolessent se krisisoplossing en progressie na identiteitsverwerwing bevorder word (Heaven; 1994).

Collins en Repinski (1994) postuleer twee hipoteses betreffende adolessent-verhoudings. Adolessentontwikkeling gaan eerstens gepaard met 'n toename in afstand in die ouer-kind-verhouding terwyl die afstand in vriendskapsverhoudings progressief afneem, en tweedens vorm adolessente toenemend betekenisvolle verhoudings met persone buite die gesin. Die adolessent se verhoudings word verder gekenmerk deur veranderinge in die diadiese interaksies in samewerking met die biologiese, kognitiewe en sosiale veranderinge van adolessensie, asook deur differensiasie tussen die meervoudige diadiese verhoudings waaruit die adolessent se sosiale netwerk bestaan (Collins & Repinski, 1994).

Volgens Seiffge-Krenke (1999, p. 336) is gesinne "the least cohesive in the adolescent and launching stages". Die toenemende afstand tussen die adolessent en sy ouers stem ooreen met die skeiding- en individuasiëproses wat noodsaaklik is vir gesonde aanpassing, soos beskryf deur Blos (in Kroger, 1996), gedurende vroeë adolessensie. Groter emosionele afstand tussen 'n adolessent en sy ouers word geassosieer met verhoogde selfeksplorasië onder tieners wat 'n voorvereiste vir identiteitsverwerwing is. Volgens Heaven (1994, p. 35) vind adolessente dit uiters noodsaaklik "to develop independence from their family, yet at the same time maintain a degree of connectedness, thereby enhancing identity formation". Ontoereikende kommunikasie, beperkte affeksie en onttrekking van ouers resulteer in onseker adolessente met onvoldoende identiteitsverwerwing. Erikson (1968) beklemtoon vanuit sy benadering dat die gesin 'n integrale rol speel by die identiteitsverwerwing van die adolessent. Marcia (in Sprinthall & Collins, 1995) stipuleer dat suksesvolle identiteitsverwerwing korreleer met 'n demokratiese ouerskapstyl waardeur onafhanklikheid aangemoedig en ondersteun word. 'n Mate van skeiding en onafhanklikheid van die ouers gepaard met emosionele hartlikheid blyk dus die optimale situasie vir die bevordering van identiteitsverwerwing te wees (Collins & Repinski, 1994; Heaven, 1994). Konflik, individuasië, onafhanklikheid, outonomie, kommunikasie, beheer en ouerskapstyle verteenwoordig konstruksies wat 'n impak op die onafhanklikheid van die adolessent in die gesinsverhouding het

(Coleman & Hendry, 1990; Collins & Repinski, 1994; Heaven, 1994; Nielsen, 1996; Noller, 1994; Sprinthall & Collins, 1995). Hierdie konstrakte word vervolgens bespreek.

Konflik

Konflik is 'n normale en gereelde verskynsel in gesins- en adolessentverhoudings en noodsaaklik vir identiteitseksplorasië en -verwerking (Noller, 1994; Seiffge-Krenke, 1999). Verskeie wentel hoofsaaklik om alledaagse aspekte van die gesinslewe en vind plaas tussen die adolessent en sy ouers asook tussen hom en sy sibbe (Collins & Repinski, 1994). Argumente handel gewoonlik oor sake soos persoonlike higiëne, ongehoorsaamheid, skoolwerk, sosiale aktiwiteite, vriende, huishoudelike take en konflik met sibbe (Noller, 1994; Sprinthall & Collins, 1995). Konflik gekenmerk deur wedersydse vertroue, intimiteit en 'n positiewe emosionele toon word geassosieer met 'n groter mate van identiteitseksplorasië en vaardighede vir persoonlike begrip. Konflik gekenmerk deur vyandigheid, inkonsekwentheid en hoë intensiteit daarenteen vervreem die individue van mekaar en beperk positiewe toekomstige interaksie (Collins & Repinski, 1994).

Individuasië

Individuasië omskryf die gelyktydige prosesse waartydens skeiding met die ouers plaasvind ten einde 'n onderskeibare definiëring van die self te fasiliteer, tesame met die voortdurende handhawing en uitbreiding van bestaande emosionele bande met die ouers (Blos in Kroger, 1996; Collins & Repinski, 1994; Seiffge-Krenke, 1999). Individuasië impliseer nie emosionele losmaking tussen die adolessent en sy ouers nie, maar dui op die transformasië van die bande tussen beide partye sodat adolessente duidelike grense kan handhaaf tussen hul eie lewens en dié van hul ouers (Sprinthall & Collins, 1995).

Onafhanklikheid

Die objekrelasieteorieë van Mahler (in St. Clair, 1986) en Blos (in Kroger, 1996) postuleer dat psigologiese skeiding die funksionele, houdings-, emosionele en konflikterende onafhanklikheid van die ouers behels. Funksionele onafhanklikheid vereis dat die adolessent sy lewe en persoonlike aangeleenthede self kan rig en bestuur sonder die bystand van sy ouers. Houdingsonafhanklikheid is gemoeid met die adolessent se vermoë om sy eie raamwerk van oortuigings, waardes en standpunte te skep. Emosionele onafhanklikheid word gedefinieer as die vryheid van 'n oormatige behoefte aan ouerlike ondersteuning. Konflikterende onafhanklikheid

kenmerk 'n adolessent wat vry is van oormatige skuldgevoelens, wantroue of woede in sy verhouding met sy vader en moeder (Collins & Repinski, 1994).

Outonomie

Outonomie kenmerk die adolessent wat in staat is om sy eie basiese behoeftes te bevredig waar hy voorheen van sy ouers afhanklik was daarvoor (Sprinthall & Collins, 1995). Outonomie is dus die verkryging van selfbestuur. Die verkryging van outonomie is 'n geleidelike proses waartydens ouers hul gedragsregulering op die adolessent self oordra. Hierdie tydperk gaan gewoonlik gepaard met 'n periode van ko-regulasie waartydens die adolessent en sy ouers saam besluite neem (Sprinthall & Collins, 1995). Die adolessent ervaar soms ambivalensie: enersyds ten opsigte van sy behoefte aan volledige outonomie en andersyds rakende sy behoefte daaraan om nog op sy ouers se beskerming te vertrou (Manaster, 1989). Outonomie omsluit intrapsigiese en interpersoonlike dimensies en impliseer onafhanklikheid en selfbepaling ten opsigte van denke (kognitiewe outonomie), gedrag (gedragsoutonomie) en affeksie (emosionele outonomie) (Collins & Repinski, 1994).

Kognitiewe outonomie verwys na die adolessent se vermoë tot besluitneming sonder die goedkeuring van ander. Piaget (1972) is van mening dat outonomie in 'n samewerkende verhoudingskonteks ontwikkel eerder as dat dit die resultaat van kognitiewe individualisme of onafhanklike denke is. Die outonome adolessent is dus in staat om idees en beginsels gevalideer deur oop, regverdigte besprekings te aanvaar (Collins & Repinski, 1994). Kognitiewe outonomie word ook beskou as 'n subjektiewe gewaarwording van selfvertroue en geloof dat 'n mens beheer het oor jou eie lewe.

Gedragsoutonomie verwys na die aktiewe, overte manifestasies van onafhanklike funksionering insluitend die regulasie van eie gedrag en besluitneming (Sprinthall & Collins, 1995). Adolessente neem verantwoordelikhede en aktiwiteite by hul ouers oor ten opsigte van skoolaspekte, kleredrag, vrye tyd en so meer. Hierdie oordrag van verantwoordelikhede is dikwels die bron van diskrepante verwagtinge tussen die adolessent en sy ouers, veral in gevalle waar die ouers van mening is dat hul adolessent te vinnig beweeg (Noller, 1994; Sprinthall & Collins, 1995).

Emosionele outonomie is gegrond op die gedagte dat die adolessent afstand doen van sy kinderlike afhanklikheid en beskouing van sy ouers (Blos in Kroger, 1996). Hierdie proses vereis dat die adolessent sy ouers de-idealiseer en as mense beskou, asook dat hy onafhanklik word van hulle deur individuasie (Collins & Repinski, 1994).

Emosionele outonomie impliseer verder dat die adolessent positiewe verhoudings met sy ouers handhaaf en oor die vryheid beskik om van hulle verwagtings en opinies te verskil. Emosionele outonomie kombineer dus die adolessent se gelyktydige verbintenis met en individuasie van sy gesin (Sprinthall & Collins, 1995).

Die verkryging van outonomie word bevorder deur gesinsverhoudings waarin kognitiewe, gedrags- en emosionele outonomie aangewakker en gekoester word. In die proses van die verwerping van outonomie word ouerafhanklikheid menigmaal vervang deur portuurgroepafhanklikheid (Manaster, 1989).

Kommunikasie

Die mate waarin die kommunikasie tussen die adolessent en sy ouers die ontwikkeling van 'n positiewe selfsiening bevorder of inhibeer, blyk 'n deurslaggewende aspek van die sukses al dan nie van die gesin se kommunikasie te wees (Noller, 1994). 'n Hartlike, empatiese ouerskapstyl, waardeur ouers respek toon vir hul adolessent se opinies en die uitdrukking daarvan, fasiliteer kommunikasie heelwat verskillend van die kommunikasiepatrone tussen outokratiese, dwingende ouers en hul tieners wat soms gekenmerk word deur opstandigheid en rebelsheid weens die ouers wat hul opinies op die adolessent wil afdwing. Gesonde kommunikasie is 'n voorvereiste vir die gesonde funksionering van die gesin en sy individuele gesinslede. Die waarskynlikheid bestaan verder dat gesonde kommunikasie 'n voordelige invloed het op die adolessent se vlakke van onafhanklikheid en selfesteem (Heaven, 1994; Seiffge-Krenke, 1999). Hartlike, aanvaardende kommunikasie fasiliteer verder respek vir ander se opinies, bevorder empatie en lei daartoe dat die adolessent goed oor die weg kom met persone buite die gesin (Sprinthall & Collins, 1995). Gesinne met hoë kommunikasievlakke reflekteer samehorigheid, aanpasbaarheid en tevredenheid (Sprinthall & Collins, 1995).

Ouerlike beheer, ouerskapstyle en besluitneming

Die ouerskapstyl waaraan die adolessent blootgestel word, het 'n bepaalde impak op sy ego-ontwikkeling sowel as op sy sosiale en morele redeneringsvermoë. Ouerskapstyle word geklassifiseer in vier basiese kategorieë, naamlik outokratiese (diktatoriale) ouerskap, permissiewe ouerskap, ongeërgde ouerskap en demokratiese (gesaghebbende) ouerskap (Coleman & Hendry, 1990; Heaven, 1994; Nielsen, 1996; Sprinthall & Collins, 1995).

In die gesin waar 'n outokratiese ouerskapstyl gehandhaaf word, is die ouers uiters streng, beherend, bestraffend en krities teenoor hul kinders se gedrag. Hierdie ouers poog om hul kinders 'n absolute gedragstandaard te leer en verkies die gebruik van bestraffende, kragdadige maatstawwe in gevalle waar die kind se eie wil, gedrag en gedagtes verskil van dit wat die ouers meen korrek is (Sprinthall & Collins, 1995). Die klem val dus op die voorkoming van onaanvaarbare kindergedrag soos gedefinieer deur die ouers, en die aanleer van respek vir outoriteitsfigure. In hierdie gesin speel supervisie 'n belangriker rol as affeksie (Coleman & Hendry, 1990). Die ouers ondersteun die gesegde dat kinders gesien maar nie gehoor moet word nie. Daar word van die kinders verwag om blindelings gehoor te gee aan outoriteitsfigure sonder enige vorm van bevraagtekening (Nielsen, 1996). Volgens Nielsen (1996, p. 133) is hierdie tipe ouers "quick to punish, slow to reward, and often abide by the philosophy 'spare the rod and spoil the child'". Die emosionele ondertoon is gewoonlik kil en verwerpend. Adolessente wat blootgestel word aan hierdie bepaalde ouerskapstyl word óf uitermate onderdanig óf aggressief en uitdagend. Volgens Noller (1994) en Heaven (1994) is hierdie adolessente geneig om meer afhanklik en minder selfversekerd te wees. Thompson en Zuroff (1999) postuleer verder dat adolessente wat aan afsydige ouers blootgestel word, geneig is om hoë vlakke van selfkritiek te ontwikkel. Uitermatig ouerlike beheer en bestraffing lei tot 'n verlaging in die adolessent se selfsteem en lok vyandigheid en negatiewe gedrag uit (Noller, 1994). Ten laaste is hierdie adolessente emosioneel minder volwasse, aangesien hulle nie genoegsame vryheid gehad het om noodsaaklike vaardighede te bemeester nie. Hoë vlakke van ouerlike kritiek gepaard met 'n gevoel van verwerping deur die ouers lei in sommige gevalle tot die ontwikkeling van 'n negatiewe identiteit. Hierdie adolessente probeer hul ouers se aandag kry of hulle straf deur negatiewe gedrag (Erikson, 1968; Noller, 1994).

'n Permissiewe ouerskapstyl word beoefen deur toegeeflike, insiklike en oorbeskermende ouers wat hul liefde aan hul kinders betoon deur uiters betrokke, liefderyk en opmerkzaam te wees (Nielsen, 1996). Hierdie ouers is egter geneig om hul kinders te strem deurdat hulle weier om standarde te stel waarteen volwasse gedrag beoordeel word, en om onvolwasse, aggressiewe, egosentriese gedrag te bestraf. Die gevolg hiervan is dat die ouers baie min beheer oor hul kinders het (Heaven, 1994). Volgens Nielsen (1996) ondermyn die ouers hul adolessent se ego-ontwikkeling deur infantiele, selfgesentreerde en selfs antisosiale gedrag toe te laat of te verskoon. Permissiewe ouers implementeer soms 'n addisionele ouerskapstyl genaamd dwang-ouerskap waarby 'n oormatig permissiewe ouer per geleentheid beheer oor die adolessent probeer verkry deur te dreig, te neul, te roskam en te huil.

In plaas daarvan om ferm konsekwente dissipline te handhaaf dreig hierdie ouer om sy liefde te onttrek of poog hy om die adolessent skuldig te laat voel. Hierdie gedwonge oorreding gaan gewoonlik gepaard met beperkte ouerlike ondersteuning en resulteer meesal in gedragsprobleme by die adolessent (Heaven, 1994). Indien hierdie tegnieke misluk, wat gewoonlik gebeur, verloor die ouer beheer en tree hy op 'n infantiele of aggressiewe wyse teenoor die kind op deur byvoorbeeld te skree, deure toe te klap, artikels rond te gooi en die kind fisies of verbaal te mishandel. Afdwonge mag lei tot eksterne morele standaarde, minder selfvertroue en oordeelsprobleme by die adolessent wat hieraan blootgestel is (Noller, 1994). Moeders, veral ongetroudes, is oor die algemeen meer permissief as vaders, veral ten opsigte van hul seuns terwyl vaders meer permissief teenoor hul dogters is (Nielsen, 1996). Adolessente met permissiewe ouers kry gewoonlik hul sin tuis, maar nie in die wêreld daarbuite nie aangesien hul onvolwasse, manipulerende en aggressiewe gedrag mense kwets en aanstoot gee. Nielsen (1996, p. 134) som die situasie goed op:

In short, these teenagers lack the maturity of most people their age and behave like egocentric preschoolers: flying off the handle, throwing tantrums, sulking, running away – refusing to work toward solving problems with people. Permissive parenting has thus succeeded in teaching children a self-defeating attitude that contributes to arrested ego development.

Die ongeërgde ouerskapstyl is in werklikheid 'n tipe permissiewe styl waarby die ouers se optrede bloot die teenoorgestelde van die permissiewe ouers is. Waar die permissiewe ouer toegeeflik is, is die ongeërgde emosioneel verwyderd, agtelosig en verwerpend ten opsigte van die verantwoordelikhede van kinderopvoeding (Heaven, 1994; Nielsen, 1996; Sprinthall & Collins, 1995). Hierdie ouers bied nie genoeg liefde, dissipline en supervisie aan hul kinders nie en slaag verder nie daarin om riglyne vir volwasse gedrag aan hulle neer te lê nie. Die adolessente leer gevolglik egosentriese, selfverydelende gedragswyses en denkpatrone aan (Nielsen, 1996).

Die demokratiese (gesaghebbende) ouerskapstyl blyk die gunstigste te wees. Adolessente met demokratiese ouers behaal aansienlik beter resultate in maatstawwe met betrekking tot hul vaardighede, aanpassing, sosiale ontwikkeling, akademiese prestasie, selfesteem en psigiese gesondheid (Heaven, 1994). Hierdie ouers beskik oor vaste grense en verwagtinge betreffende hul kinders se gedrag. Hulle is liefdevol, hoewel beslis en konsekwent, veral ten opsigte van hul kinders se dissipline. Hulle poog om riglyne neer te lê deur gebruik te maak van redelikheid en reëls, asook vergoeding en straf wat duidelik ooreenkomstig die kind se spesifieke

gedrag is (Sprinthall & Collins, 1995). Die ouers besef hul verantwoordelikhede as outoriteitsfigure, maar is terselfdertyd ook sensitief vir die spesiale behoeftes en vermoëns van hul kinders. Die gevolg hiervan is adolessente met die mees volwasse egos, die onafhanklikste identiteite sowel as die bevredigendste portuurgroepverhoudings (Nielsen, 1996; Sprinthall & Collins, 1995). Die atmosfeer in 'n demokratiese huishouding is hartlik en aanvaardend. Hierdie ouers is selfversekerd en beskik oor genoeg insig om hul adolessentkind toe te laat om met hulle te redeneer, hulle optrede te bevraagteken en van hulle te verskil (Nielsen, 1996). Hulle leer verder hul kinders om empaties, buigsaam en emosioneel sensitief te wees. Demokratiese ouers "red" nie hul kinders te veel uit situasies nie, maar laat hulle eerder toe om frustrasie, mislukking, vernedering en straf te ervaar ten einde verantwoordelikheid vir hulself te aanvaar (Nielsen, 1996). Die gesaghebbende ouer moedig verder die ontwikkeling van 'n outonome self aan (Coleman & Hendry, 1990). Deurdat die ouers duidelike riglyne neerlê, is die adolessent in staat om sy eie vaardighede rakende besluitneming te beoordeel (Sprinthall & Collins, 1995). Hy kan dus sy eie besluite neem en planne formuleer. Adolessente benodig leiding sowel as die geleentheid om in 'n demokratiese huisgesin te observeer hoe mag en besluitneming regverdig gedeel word ten einde self 'n verantwoordelike lid in die gesinsbesluitnemingsproses te word (Coleman & Hendry, 1990). Adolessente in hierdie gesinne identifiseer gewoonlik sterk met hul ouers en internaliseer gevolglik hul reëls en waardes. Die demokratiese ouerskapstyl word beskou as die ideale, aangesien dit 'n kombinasie van verantwoordelikheid en outonomie sowel as die gelyktydige individualiteit en verbintenis noodsaaklik vir optimale identiteitsverwerwing aanmoedig en ondersteun (Coleman & Hendry, 1990; Noller, 1994; Sprinthall & Collins, 1995).

Ouers as rolmodelle

Ouers dien as rolmodelle veral betreffende werksrolle en geslagsrolle (Myers, 1999). Hulle voorsien prototipes van hierdie rolle waarteen die adolessent ander interpretasies van die bepaalde rol kan evalueer. Alhoewel kinders regdeur hul lewens afhanklik is van hul ouers vir rolgedrag raak dit deurslaggewend gedurende adolessensie aangesien die adolessent dan begin om eie rolkeuses te maak. Die waarskynlikheid dat die ouers die adolessent se besluite en keuses sal beïnvloed, word nie net bepaal deur die aard van die rol nie, maar ook deur die mate van identifikasie tussen die ouers en die kind (Coleman & Hendry, 1990; Heaven, 1994). Die mate van identifikasie word bepaal deur die hartlikheid en affeksie wat die kind in die ouer-kind-verhouding ervaar, die struktuur van die gesin, asook die kind se betrokkenheid by die besluitnemingsproses van die gesin (Coleman & Hendry, 1990).

Die "ideale" gesin verteenwoordig dus 'n stabiele, hartlike, samehorige, demokratiese gesin wat 'n positiewe selfkonsep, differensiasie, individuasie, outonomie, verantwoordelikheid, onafhanklikheid, aanpasbaarheid, verbintenis en oop kommunikasie bevorder ten einde die adolessent in staat te stel tot ego-ontwikkeling en identiteitsverwerwing. Die rol wat die gesin in hierdie proses speel is van kardinale belang, aangesien die adolessent se vaardighede en aanpassing direk verwant is aan die kwaliteit van die gesinsverhoudinge (Heaven, 1994). Geborge gesinsverhoudings dien as 'n veilige basis waarvandaan die adolessent sy identiteit buite die gesin verder kan eksplorieer (Sprinthall & Collins, 1995).

Die adolessent se identiteitsontwikkeling word egter nie net beïnvloed deur sy gesin nie maar ook deur die portuurgroep waarin hy hom bevind. Die portuurgroep se essensiële bydrae in hierdie proses word vervolgens bestudeer.

2.4 Die Rol van die Portuurgroep

'n Belangrike ontwikkelingstaak van adolessensie is die tot stand bring van bevredigende verhoudings met intieme vriende en die bepaalde portuurgroep. Die adolessent se intieme vriende en portuurgroep beïnvloed sy sosiale ontwikkeling beduidend. Die oorgang van die laat-kinderjare na die adolessentfase word gekenmerk deur die toenemende rol wat die portuurgroep en die sosiale netwerk verteenwoordig. Volgens Dunphy (in Heaven 1994, p. 73) is dit "the peer group that forms a vital and often useful avenue by which the adolescent makes the transition from the family to the wider world". Die adolessent bestee toenemend meer tyd saam met lede van die portuurgroep en minder tyd met sy gesin. Interaksie met die portuurgroep beslaan gevolglik 'n integrale deel van alledaagse sosiale verhoudinge en lewer 'n bydrae van kardinale belang tot die adolessent se sosiale en emosionele ontwikkeling, asook tot die ontwikkeling van sosiale vaardighede (Heaven, 1994). Lidmaatskap tot die portuurgroep en die jeugkultuur tydens die transisieperiode is deurslaggewend en bied aan die adolessent 'n medium waardeur hy identiteit en onafhanklikheid verwerf. Sodra outonomie verwerf is, verminder die identifikasie met die jeugkultuur totdat uiteindelik afgesien word daarvan (Heaven, 1994). Die relevante aspekte van vriendskappe en portuurgroepe word in die volgende gedeelte bestudeer.

2.4.1 Vriendskappe

Die sosiale, kognitiewe en emosionele veranderinge wat met adolessensie gepaard gaan, lei tot veranderinge in die aard en kwaliteit van die adolessent se vriendskappe (Heaven, 1994; Sprinthall & Collins, 1995). Die adolessent ontwikkel nuwe

belangstellings en sy idees aangaande homself verander. Bestaande vriendskappe kan hul betekenis verloor sodat nuwes gesmee word (Heaven, 1994). Die smee van vriendskappe gedurende die kinderjare en adolessensie duur deur verskeie ontwikkelingsfases voort. Gedurende adolessensie word die empatiese fase bereik wat gekenmerk word deur begrip, selfblootlegging en gedeelde belangstellings (Heaven, 1994). Tesch, Paris en Lindauer (in Manaster, 1989, p. 298) stel in hierdie verband: "The cognitive developments of adolescence allow perspective taking and thus the ability to share and empathize, and increase the capacity for awareness and comparison of feelings". Adolessentvriendskappe word aangeknoop op 'n basis van interpersoonlike verhoudings, fisieke eienskappe en prestasie. Adolessente kies meestal vriende soortgelyk aan hulself (Sprinthall & Collins, 1995).

Vriendskappe vervul 'n essensiële sosio-emosionele funksie in die adolessent se lewe aangesien dit kameraadskap en emosionele ondersteuning bied, asook 'n gevoel van behoort-aan ("sense of belonging") (Heaven, 1994). Die basis van die verwagte emosionele ondersteuning berus op intimiteit verteenwoordig deur wedersydse deling ("sharing"). Lojaliteit, betroubaarheid en vertroulikheid sowel as betrokkenheid, vertrouwe, verbintenis en wederkerigheid word in hierdie vriendskappe beklemtoon (Heaven, 1994; Sprinthall & Collins, 1995). Volgens Sprinthall en Collins (1995, p. 303) is intimiteit vir adolessente "part of what it means to be a friend". Die geleentheid vir intimiteit is een van die belangrikste redes waarom soveel tyd aan vriendskappe bestee word. Volgens Sullivan (1953) voorsien pre-adolessent- en adolessentvriendskappe in 'n gemeenskaplike psigologiese behoefte genaamd die oorkoming van eensaamheid. Deurdat eensaamheid oorkom word deur middel van intieme vriendskappe met tieners van dieselfde geslag ontwikkel adolessente die vermoë om intimiteit te verwerf. Intimiteitsverwerwing gedurende hierdie periode is noodsaaklik vir die gesonde verskyning van latere seksualiteit. Intimiteit verteenwoordig een van die doelwitte van identiteitsverwerwing gedurende adolessensie. Erikson (1968) postuleer dat intimiteit gebou word op 'n gevestigde basis van identiteitsverwerwing wat die persoon in staat stel om met ander te deel sonder om oormatig weerloos te voel.

Die adolessentvriendskap sentreer om die deel van oortuigings en waardes, asook inligting aangaande boeke, musiek, films en kleredrag. Intieme vriende dien as raadgewers, vertrouelinge en bondgenote wat morele ondersteuning bied in emosionele krisistydperke (Heaven, 1994). Die vriendskap verpersoonlik vertrouwe, gelykheid, konsiderasie, wedersydse begrip en intimiteit. Vanweë die aard van die vriendskap is die adolessent uiters kwesbaar ten opsigte van verraad en 'n skending

van sy vertroue (Sprinthall & Collins, 1995). Oop, eerlike kommunikasie en spontaneïteit word in die vriendskappe aangemoedig en bevorder. Intieme vriende beïnvloed verder mekaar se gedrag en speel 'n belangrike rol by die inisiëring van gedrag en die smee van verhoudings (Heaven, 1994).

Rogers (in Manaster, 1989) is van mening dat intieme adolessentvriendskappe die volgende funksies vervul: dit vergun geleenthede vir selfeksplorasie en -uitbreiding wat nie in gesinsintimiteit toegelaat word nie; dit dra by tot die vestiging van 'n identiteit waarmee die adolessent gemaklik voel; dit verlig skuldgevoelens, bied versekering en stel beheermaatreëls daar; en dit skep 'n oorgang na heteroseksualiteit en die heteroseksuele volwasse geslagsrolidentiteit.

Een van die grootste voordele wat intieme vriende en interaksie met ander tieners in verskeie situasies bied, is die geleentheid om 'n meer volwasse ego en sosiale redeneringsvaardighede te ontwikkel (Nielsen, 1996). Twee belangrike aspekte van ego-ontwikkeling is deurslaggewend tydens adolessensie. Ten eerste leer die adolessent om beter met ander oor die weg te kom deurdat hy minder egosentries redeneer en optree. Hy word toenemend in staat om die motiewe onderliggend aan ander se gedrag te herken en te begryp, en analiseer verder sy eie optredes en beweegredes eerliker en objektiewer as voorheen. Tieners bied aan mekaar meer geleenthede vir die bemeestering van empatie, objektiwiteit, toleransie, vergifnis en aanpasbaarheid (Nielsen, 1996).

They serve as mirrors that allow us to see ourselves differently than we do in our families – both our good and our bad points, our lighter side and our darker side, our beauty and our beast (Nielsen, 1996, p. 153).

Tweedens is die adolessent besig met individuasie weg van sy ouers ten einde selfstandiger te funksioneer. Individuasie is 'n belangrike voorvereiste vir bevredigende intieme verhoudings met lede buite die gesin, hetsy as adolessent of volwassene. Die tienerportuurgroep help die adolessent om te besef dat sy opinies, gevoelens, besluite en identiteit nie replikas van sy geliefde volwassenes hoef te wees ten einde te verseker dat hy van hulle mag verskil sonder om gevoelens van skuld en dislojaliteit te ervaar nie (Nielsen, 1996). Die portuurgroep dien as 'n buffer in gevalle waar verstrengeldheid aanwesig is en individuasie belemmer word, asook in gesinne waar kinders deur hul ouers, of stiefouers, aangemoedig word om die huis te vroeg te verlaat.

Vriende dra aansienlik by tot die bepaling van die adolessent se emosionele aanpassing. 'n Sterk verband bestaan tussen vriendskap en psigologiese

gesondheid. Intieme vriendskappe word positief gekoppel aan 'n hoër selfsteem en psigologiese volwassenheid by adolessente. Vriende verskaf 'n ondersteuningsnetwerk, verhoog gevoelens van eiewaarde en dien as 'n buffer teen daaglikse stressors (Heaven, 1994). 'n Intieme vriend versterk die adolessent se eie idees en oortuigings wat hom in staat stel om persoonlike onsekerhede te bowe te kom en meer insig betreffende sy eie gedrag te verkry. Adolessente met intieme vriende hanteer hul probleme beter as dié sonder vriende (Nielsen, 1996). Die afwesigheid van vriende gedurende adolessensie is 'n belangrike stresfaktor en dra by tot 'n lae selfsteem, beperkte selfvertroue, eensaamheid en vervreemding (Heaven, 1994; Nielsen, 1996).

2.4.2 Die portuurgroep

Die portuurgroep verwys na 'n groep individue wat bekend is aan die adolessent, maar nie noodwendig sy intieme vriende is nie. Die struktuur van die portuurgroep verteenwoordig 'n mate van homogeniteit ten opsigte van ouderdom, geslag, en sosiale status asook vryetydsaktiwiteite en belangstellings. Die portuurgroep vergestalt die wyer kulturele norme en waardes wat belangrik is vir die adolessent. Streng normatiewe kodes word meestal deur die portuurgroep waartoe die adolessent behoort te konformeer, gehandhaaf ten einde verwerping deur die bepaalde groepslede te vermy. Die portuurgroep skryf bepaalde rituele voor wat die groepslede moet handhaaf veral betreffende kleredrag, haarstyl, gedragskodes en algemene houdings (Coleman & Hendry, 1990; Heaven, 1994; Sprinthall & Collins, 1995).

Portuurverhoudings verskil van volwasse verhoudings deurdat portuurverhoudings gebaseer word op simmetriese wederkerigheid en volwasse verhoudings op komplementêre (asimmetriese) wederkerigheid. Portuurverhoudings word verder gerig deur 'n oorkoepelende beginsel van gelyke samewerking terwyl volwasse verhoudings gestruktureer word ooreenkomstig eensydige outoriteit. Die simmetriese verspreiding van mag verplig adolessente om probleme saam op te los waar hulle gewoonlik in die geval van die deelname van volwassenes aan die oplossing van 'n geskil, sou toegee (Sprinthall & Collins, 1995). Adolessente ontdek dus op grond van die gelykeheidsbeginsel saam interaktiewe wyses wat hulle in staat stel om, deur oefening, hul simmetriese verhouding te handhaaf (Youniss, McLellan & Strouse, 1994).

Erikson (1968) beskou portuurverhoudings as 'n noodsaaklike faset van die identiteitsverwerwingsproses gedurende adolessensie. Erikson (1968) beveel 'n

moratoriumperiode gedurende adolessensie aan waartydens eksplorاسie kan plaasvind. Hy ag die portuurgroep uiters belangrik gedurende hierdie periode, aangesien die portuurgroep die sosiale ondersteuning en arena vir eksperimentاسie bied wat gewoonlik nie in die volwasse kultuur toelaatbaar is nie. Die portuurgroep voorsien dus die konteks vir gesellige gedrag waartydens die adolessent persoonlike verhoudings kan ondersoek terwyl hy deel voel van die groep. Die portuurgroep fasiliteer identiteitsverwerwing en bevorder die selfesteem en reputاسie van die adolessent. Eensaamheid word verdryf deur die kameraadskap en generering van verskeie sosiale aktiwiteite in die portuurgroep. Die portuurgroep vervul 'n deurslaggewende ondersteunende funksie ten opsigte van adolessente wat verwerping deur hul ouers beleef (Heaven, 1994; Newman & Newman, 1999). Die portuurgroep dien inderwaarheid as 'n emosionele anker vir adolessente. Die vermoë om by ander in te skakel, die ontwikkeling van sosiale strategieë en sosiale beheer asook die verwerwing van sosiale waardes berus op die interaksies met die portuurgroep (Coleman & Hendry, 1990; Sprinthall & Collins, 1995). Seksuele houdings en geslagsrolgedrag word hoofsaaklik deur die portuurgroep gevorm (Coleman & Hendry, 1990).

Die psigososiale konflik waarmee die vroeë adolessent gekonfronteer word, sentreer om die inskakeling by spesifieke groepe asook die vermoë om gemaklik te kan funksioneer as 'n groepslid. Hierdie konflik staan bekend as groepsidentiteit teenoor vervreemding (Newman & Newman, 1999). Groepsidentiteit verwys na "the aspect of an individual's self-theory that focuses on membership and connection with social groups" (Newman & Newman, 1999, p. 336). 'n Positiewe uitkoms ten opsigte van hierdie konflik geskied wanneer die adolessent 'n bestaande groep teëkom wat voldoen aan sy sosiale behoeftes en hom terselfdertyd 'n "sense of group belonging" bied (Newman & Newman, 1999, p. 336). Vervreemding verwys na sosiale verwydering, asook die afwesigheid van sosiale ondersteuning en betekenisvolle sosiale verbintenisse. Die vervreemde adolessent beleef homself nie as deel van 'n groep nie en voel voortdurend ongemaklik in die geselskap van die portuurgroep. Die negatiewe uitkoms betreffende hierdie konflik vind plaas as gevolg van drie moontlike redes, naamlik: die ouers plaas druk op die adolessent om sodoende slegs met een spesifieke groep te assosieer wat op hul beurt nie lidmaatskap aan die adolessent bied nie; die adolessent ondersoek die bestaande groepe en vind nie een wat werklik in sy persoonlike behoeftes voorsien nie; en geen portuurgroep is bereid om aanvaarding en vriendskap aan die tiener te bied nie sodat hy geleidelik van al die bestaande groepe in die sosiale omgewing uitgesluit word (Newman & Newman, 1999). Die afwesigheid van sosiale portuurgroepondersteuning het 'n beduidende

invloed op die adolessent se selfsteem, skoolaanpassing en verdere psigososiale ontwikkeling. Die hoofsaak in die vroeë adolessentfase is dus geleë in die affiliasie met 'n portuurgroep wat eerstens aanvaardend is ten opsigte van die adolessent se ontluikende identiteit, en tweedens ondersteunende sosiale verhoudings bied ten einde die tiener se onttrekking aan sy ouers ten opsigte van emosionele afhanklikheid te neutraliseer. Affiliasie met 'n portuurgroep vereis dat die adolessent die druk en sosiale invloed wat deur die groep opgelê word, aanvaar (Newman & Newman, 1999). Die behoefte om met die portuurgroep te identifiseer neem af namate 'n meer outonome identiteit op die voorgrond tree en denke toenemend abstrak word (Coleman & Hendry, 1990).

Die portuurgroep verskaf aan die adolessent 'n besef van status, hetsy verworwe of afgelei, en bied verder 'n welkome verwysingsraamwerk waarin die tiener sekuriteit ervaar en sy deursettingsvermoë en emansipasie verhoog word. Die portuurgroep beskerm ook die adolessent teen volwasse outoriteit deur op te tree as 'n drukgroep waardeur die tiener met die waarde van kollektiewe ondernemings kennis maak (Newman & Newman, 1999). Die portuurgroep word verder enersyds beskou as 'n sosialiseringsagent in die oordrag van waardes en norme en andersyds as 'n stabiliserende krag gedurende die oorgangsperiode wanneer die adolessent fundamentele sosiale, emosionele en fisiese veranderinge ondergaan (Heaven, 1994).

Die struktuur van die onderskeie portuurgroepe verskil van mekaar en resulteer in die volgende kategorisering:

- Kliks ("cliques"): 'n Klik bestaan uit ongeveer vyf tot tien lede van dieselfde geslag wat gewoonlik intieme vriende is en saam verskeie vryetydsaktiwiteite beoefen. Hulle is waarskynlik in dieselfde skool, van dieselfde ouderdom en is in residensiële nabyheid (Heaven, 1994). Die hoof funksie van die klik is die deel van inligting en die beplanning van sosiale aktiwiteite. Die klik bied 'n raamwerk vir die heeldagse interaksie by die skool en in die buurt (Newman & Newman, 1999). 'n Klik is "cohesive and closely-knit and, given its small size, it is very often difficult for a stranger to gain access" (Heaven, 1994, p. 81). Vanweë die aard van die groep word lojaliteit onder die lede hoog aangeskryf (Newman & Newman, 1999).
- Skares ("crowds"): 'n Skare verwys na 'n groot groep individue wat normaalweg herken word op grond van 'n paar oorheersende eienskappe, byvoorbeeld hul akademiese oriëntasie, sportbetrokkenheid, dwelmgebruik of betrokkenheid by afwykende gedrag (Newman & Newman, 1999). Die skare sluit lede van beide

geslagte in en bestaan uit verskeie klieks, alhoewel nie alle klieks in 'n spesifieke skare verteenwoordig word nie. Die skare is minder intiem as die kliek en fasiliteer die transisie van enkel-geslag-interaksie na heteroseksuele interaksies. Byeenkomste vind gewoonlik plaas in die adolessent se vrye tyd wat impliseer dat die aktiwiteite, soos danspartye, meer georganiseerd is en vooruit beplan moet word (Manaster, 1989). Die skare bied aan die adolessent die geleentheid om individue wat ander waardes en houdings huldig te ontmoet wat 'n belangrike bron van sosiale vergelyking verteenwoordig (Heaven, 1994).

Groepsdruk word beskou as 'n prominente kenmerk van adolessensie en impliseer die druk op individue om te konformeer met die bepaalde portuurgroep se voorgeskrewe riglyne. Groepsdruk is die primêre meganisme vir die oordrag van groepsnorme en die instandhouding van lojaliteit (Coleman & Hendry, 1990). Vroeë adolessente konformeer meer geredelik met die riglyne, waarskynlik omdat hulle juis op hierdie stadium begin met die losmakingsproses van hul ouers en die portuurgroep juis gedurende hierdie kritieke periode hul selfesteem, identiteit en populariteit steun (Heaven, 1994). Die groepsdruk wat tieners ervaar, sentreer om vyf kategorieë, naamlik: sosiale aktiwiteite (soos die bywoning van partytjies); wangedrag (soos dwelmmisbruik en seksuele aktiwiteite); konformiteit (soos kleredrag); skoolverwante aktiwiteite (soos die houdings betreffende akademiese sake); en gesinsaspekte (soos inkomtye en sakgeld). Die druk wat adolessente ervaar is merendeels ten opsigte van betrokkenheid by die portuurgroep as by die wangedrag as sodanig (Heaven, 1994). Adolessente met demokratiese ouers is minder geneig om toe te gee aan groepsdruk, terwyl die grootste risikogroep dié adolessente sonder supervisie na skoolure is. Tieners woonagtig in 'n gesin waar beide natuurlike ouers teenwoordig is, blyk die minste geneig te wees tot afwykende gedrag. Die fundamentele rol van die ouer-kind-verhouding ten opsigte van hul adolessent se gedrag en emosionele aanpassing word dus weereens beklemtoon (Heaven, 1994).

'n Populêre oortuiging is dat die verwagtinge en invloede van die adolessent se portuurgroep en dié van sy ouers teenoorgesteld van mekaar is en dat 'n onderliggende spanning tussen die twee sal heers. Die waarheid is egter dat 'n groot oorvleueling ten opsigte van die waardes en standarde van elk bestaan en dat die verhouding eintlik komplementêrend is (Heaven, 1994). Die adolessent se interaksies en aktiwiteite met beide verskil, wat juis tot verskillende aspekte van sy sosialisering bydra (Sprinthall & Collins, 1995). Die tyd wat die adolessent met sy ouers deurbring, sentreer gewoonlik om take en werk terwyl die tyd saam met die portuurgroep of intieme vriende beset word deur vryetydsbesteding en ontspanning. Die aard van

gesprekke met beide verskil ook deurdat die ouerlike gesprek meer op die ouer se outoriteit en ervarendeheid gefokus is, terwyl die gesprekke tussen vriende beskou word as geleenthede om ervarings te deel (Sprinthall & Collins, 1995). Adolessente uit gesinne waarin oop kommunikasiepatrone, wedersydse respek en intimiteit aangemoedig word, is beter voorberei en toegerus vir intieme portuurgroepverhoudings. Ontoereikende, afskeepouerskap gedurende die kinderjare resulteer soms in aggressiewe, ontwrigtende gedrag tydens adolessensie. Hierdie aggressiewe adolessente word deur die normale portuurgroepe verwerp, wat lei tot hul betrokkeheid by antisosiale gedrag en swak skoolprestasie (Sprinthall & Collins, 1995). Verwerpte adolessente ervaar eensaamheid en sosiale ontevredenheid in so 'n mate dat die minder aggressiewe, nie-assertiewe adolessent hom sosiaal onttrek. Hierdie tieners word maklik geviktimizeer en is gewoonlik teikens vir boelies (Heaven, 1994).

Alhoewel die adolessent toenemend minder tyd tuis saam met sy ouers bestee, impliseer dit nie dat die kwaliteit van die interaksie verander het nie. Adolessente verkies om toenemend meer tyd alleen tuis deur te bring en na musiek te luister, te lees of na televisie te kyk (Heaven, 1994). In samehorige, demokratiese, intieme gesinne beskou adolessente voortdurend hul ouers as die sentrale ondersteuningsbron. Alhoewel tekens van oueronafhanklikheid vertoon word, handhaaf die adolessent steeds emosionele gehegtheid en gesinswaardes (Newman & Newman, 1999). Adolessente beskou hul ouers as waardevolle inligtingsbronne veral wanneer die portuurgroep tekortsiet. Gewigtige sake, soos toekomsbesluite, word eerder met die ouers se oordeel vertrou behalwe in gevalle waar die ouers as verwerpend of ongeërg beleef word (Coleman & Hendry, 1990). Die portuurgroep word geraadpleeg in verband met minder ernstige sake soos afsprake, geld, drankgebruik, kleredrag en lewenstyl. Ten spyte van 'n positiewe ouer-kindverhouding bly adolessente sku om die gehegtheid aan hul ouers in die openbaar te wys aangesien hulle selfbewus voel en sensitief is vir die evaluasie van ander (Newman & Newman, 1999). Die kwaliteit van die gesinsverhoudinge en die ouerlike sosialeringspraktyke het 'n direkte invloed op die kwaliteit van die adolessent se verhoudings met sy portuurgroep en vriende. "This link often means that family experiences smooth the pathway to positive relationships outside the family." (Sprinthall & Collins, 1995, p. 321).

Die kwaliteit van die portuurverhoudings gedurende adolessensie is 'n belangrike aanduiding van die mate waarin suksesvolle aanpassing ten opsigte van volwassenheid plaasgevind het. Onbevredigende portuurverhoudings voorspel

gewoonlik gedrags-, beroeps-, huweliks- en seksuele probleme tydens volwassenheid (Coleman & Hendry, 1990; Sprinthall & Collins, 1995).

2.5 **Samevatting**

Die sentrale ontwikkelingstaak van adolessensie is die verwerwing van 'n identiteit waarmee volwassenheid betree kan word. In hierdie hoofstuk is die adolessentfase vanuit die perspektiewe van Erikson, Marcia, Blos en Piaget bespreek ten einde 'n deeglike begrip van die identiteitsverwerwingsproses gedurende adolessensie te verkry. Die teoretici is dit met mekaar eens dat identiteitsontwikkeling in verhoudings met die gesin én portuurgroep plaasvind. Bowen se sistemiese perspektief is geïmplementeer met die doel om lig te werp op die gesinsprosesse wat teenwoordig is gedurende die adolessent se identiteitsontwikkeling.

Die gesin en die portuurgroep lewer komplimenterende bydraes tot die adolessent se ontwikkeling as onafhanklike individu. Die gesin bied die nodige ondersteuning, liefde, versorging en stewige grondslag waarop die adolessent sy identiteit kan bou, terwyl die portuurgroep die adolessent sosialiseer ten opsigte van toekomstige heteroseksuele verhoudings. Beide die gesin en die portuurgroep verteenwoordig maatstawwe waarvolgens die adolessent sy groei kan meet. Die kwaliteit van die gesinsverhoudings het 'n belangrike impak op die portuurverhoudings, wat 'n aanduider is van die mate waarin suksesvolle aanpassing ten opsigte van volwassenheid plaasgevind het.

Die doelwit van hierdie hoofstuk is geleë in die eksplorasië van aspekte wat 'n rol speel by die kritieke lewensperiode voordat volwassenheid bereik word. Adolessensie is 'n sensitiewe, ingrypende keerpunt in elkeen se lewe, selfs in gevalle waar optimale lewensomstandighede teenwoordig is. Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal hoe adolessente hul lewens in stiefgesinne ervaar. Dit is dus noodsaaklik dat 'n grondige begrip van die omvang van hierdie fase daargestel word voordat die spesifieke adolessentkwessies in stiefgesinne betekenisvol ondersoek kan word. Die volgende hoofstuk sentreer om die spesifieke probleemareas waarmee adolessente as stiefgesinslede gekonfronteer word.

3.1 Inleiding

Demografiese studies projekteer dat die helfte van alle eerste huwelike in egskeiding sal resulteer en dat die meerderheid van hierdie geskeide volwassenes sal hertrou (Bray & Berger, 1993). 'n Aansienlike persentasie van die geskeide populasie is reeds ouers, wat impliseer dat die hertroue die stig van 'n stiefgesin behels. Tweede huwelike met stiefkinders teenwoordig is meer geneig om binne die eerste twee jaar te misluk as eerste huwelike (Cherlin & Furstenberg, 1994; Hetherington, 1999; Lawton & Sanders, 1994). Die sleutelprobleme hiervoor verantwoordelik sentreer hoofsaaklik om die verhoudings met kinders vanuit die vorige huwelik, veral betreffende aspekte van dissipline. Kinders wat stiefgesinne betree, openbaar emosionele en gedragsprobleme wat die stabiliteit en oorlewing van die tweede huwelik bedreig (Lawton & Sanders, 1994; Visher & Visher, 1996). Crosbie-Burnett (1984, p. 459) postuleer dat "children's unfavorable attitudes or indifference toward a remarriage, for whatever reason, are negatively associated with successful remarriage". Die hoë verbrokkelingsyfers van tweede huwelike kan toegeskryf word aan die voortdurende konflik tussen die lede van die stiefgesin eerder as aan huweliksprobleme *per se*. Die eerste vyf jaar na die hertroue word beskou as die kritieke aanpassingsfase wat die oorlewing van die huwelik sal bepaal (Hetherington, 1999; Mandell & Birenzweig, 1990).

Kinders betree 'n stiefgesin met 'n geskiedenis van verliese en veranderings waaroor hulle geen beheer gehad het nie (Visher & Visher, 1979). Hulle is gewoonlik slagoffers van 'n konflikbelaaide huwelik en die daaropvolgende traumatiese egskeiding. Hul gesinstruktuur het dramatiese veranderinge ondergaan sonder dat hulle dit kon voorkom. Wanneer hul ouers hertrou en hulle 'n stiefgesin moet betree het hulle weereens geen keuse in die nuwe struktuurveranderinge nie. Die veranderinge in die gesinstruktuur en die stres gepaardgaande met rolherdefiniëring en verhoudingspatrone lei daartoe dat die aanpassing by 'n hertroue 'n meer komplekse proses vereis as by die aanpassing by 'n egskeiding, veral by adolessente. Waar egskeiding gesinskonflik en verminderde kontak met een van die ouers impliseer, behels 'n hertroue 'n stiefouer, moontlike stiefsibbe en 'n verandering in die verhouding met die nie-toesighoudende ouer (Collins, Newman & McKenry,

1995). Hierdie hulpeloosheid en magteloosheid ten opsigte van sy eie lewe belemmer die adolessent se sekuriteit en selfversekering wat resulteer in emosionele en fisieke probleemgedrag (Lawton & Sanders, 1994; Seymour, Francis & Steffens, 1995). Verskeie studies ondersteun die hipotese dat die algemene aanpassing van adolessente swakker is in stiefgesinne as in eerstephuwelikgesinne (Bray, 1992; Demo & Acock, 1996; Fine, Donnelly & Voydanoff, 1991; Fine, Kurdek & Henningsen, 1992; Nicholson, Fergusson & Horwood, 1999; Ochiltree, 1990).

Adolessensie as ontwikkelingsfase word geassosieer met toenemende konflik tussen die adolessent en sy ouers, pogings tot onafhanklikheid en besluitneming, verhoogde spanning rakende seksualiteitsaspekte en ouerlike kommer ten opsigte van die adolessent se blootstelling aan en betrokkenheid by risikogedrag. Adolessensie is 'n kritieke ontwikkelingsfase ten einde volwassenheid te bereik (Head, 1997). Hierdie normatiewe stressors gekombineer met die verskeidenheid stressors geassosieer met egskedding en hertrou impliseer dat die adolessent in 'n stiefgesin met unieke uitdagings te make kry by die handhawing van positiewe vlakke van welstand (Bray & Berger, 1993; Collins *et al.*, 1995). Hierdie hoofstuk fokus eerstens op die konteks waarin stiefgesinne funksioneer en tweedens op die spesifieke probleme waarmee die adolessent in die stiefgesin gekonfronteer word.

3.2 Die konteks waarin stiefgesinne funksioneer

Stiefgesinne word geskep deur twee volwassenes wat besluit om saam te woon en hul onderskeie gesinne te kombineer as deel van die pakket, met die verwagting dat hulle so spoedig moontlik sal aanpas by die nuwe situasie waarin hul betrokkenheid nie hul eie keuse was nie (Berger, 1994). Visher en Visher (1996) definieer 'n stiefgesin as 'n huishouding bestaande uit 'n volwasse paar waarvan ten minste een 'n kind uit 'n vorige verhouding het.

Stiefgesinne verskil in verskeie opsigte van ander gesinne. Tradisionele eerstephuwelikgesinne deel 'n verbintenis gebaseer op biologiese en historiese faktore, terwyl 'n stiefgesin se verbintenis nog tot stand moet kom (Martin *et al.*, 1992; Papernow, 1993). Die stiefgesin verteenwoordig 'n gesinseenheid wat geassosieer word met kompleksiteit, chaos, pyn, verlies, verandering, onstabieliteit en verwarring (Martin *et al.*, 1992). Visher en Visher (1988, p. 3) stel dit soos volg: "While the word 'family' may denote heart and home, pictures of Cinderella shivering by the ashes of the fire tend to accompany 'stepfamily'."

Verskeie negatiewe konnotasies word gekoppel aan die stiefouer- en stiefkindbegrippe (Bray, 1995). Stiefkinders word oor die algemeen as verwaarloos, mishandel en ongewens in die literatuur en samelewing uitgebeeld (Fluitt & Paradise, 1991). Die samelewing is ook geneig om stiefgesinne negatief te stigmatiseer en te behandel asof hulle abnormaal, minderwaardig en ontoereikend is (Burt & Burt, 1996; Ochilree, 1990). Vanweë hierdie negatiewe stereotipering weerhou verskeie ouers en kinders hul stiefgesinstatus van ander (Martin *et al.*, 1992; Visser & Visser, 1996). Die negatiewe beskouing gee soms aanleiding tot 'n selfvervullende profesie wat daartoe lei dat stiefgesinne te bang is om die inherente dinamiek van 'n stiefgesin te trotseer en eerder sal ontken dat hulle wel 'n stiefgesin is (Martin *et al.*, 1992). Negatiewe stereotipering beskuldig interpersoonlike verhoudings in die stiefgesin deurdat individue nie die geleentheid gegun word om hul ware self te openbaar nie. Stiefmoeders word in die algemeen gestereotipeer as boos, wreed, onredelik en nie geïnteresseerd in die welstand van hul stiefkinders nie (Ganong & Coleman, 1995), terwyl stiefvaders uitgebeeld word as brutaal, mishandelend en seksueel uitbuitend (Burt & Burt, 1996; Capaldi & McRae, 1979). Die teenwoordigheid van negatiewe stereotipering belemmer die ontwikkeling van begrip en intimiteit in die stiefgesin asook in die samelewing (Martin *et al.*, 1992).

Die bestaan van bepaalde mites betreffende stiefgesinne, by gebrek aan gevestigde stiefrolnorme, dra by tot onrealistiese verwagtinge en belemmer die aanpassing van persone wat 'n stiefgesin betree. Dit blyk uit die literatuur dat die bekendste mites die volgende is:

Kitsliefde

Volgens hierdie mite wil dit voorkom of volwassenes wat hertrou oortuig is daarvan dat hulle betreklik gou net so lief sal word vir hul maat se kinders as vir hul eie (Burt & Burt, 1996; Visser & Visser, 1988). Hierdie mite lei tot skuldgevoelens by stiefouers wat nie dadelik hul stiefkinders liefhet nie (Capaldi & McRae, 1979). Wanneer dit nie gebeur nie bevraagteken die stiefouer homself, wat bydra tot 'n swak selfbeeld en gevoelens van aggressie en gekrenktheid (Du Plessis, 1993). Kitsliefde is nog minder moontlik vir die kinders betrokke by die stiefgesin, aangesien die kind eerstens nie die stiefgesin vrywilliglik betree het nie en tweedens moontlik wens dat sy biologiese ouers sal herenig (Berger, 1994; Papernow, 1993). Liefde is nie 'n gegewe in stiefgesinne nie vanweë die feit dat verskeie lede van die gesin sonder keuse betrokke is by die stiefsituasie. Wedersydse respek en toegeneentheid verteenwoordig meer realistiese verwagtings (Burt & Burt, 1996).

Stiefgesinne is funksioneel gelykwaardig aan intakte gesinne

Dit blyk dat stiefgesinne die behoefte daaraan het dat hul gesin 'n replika van die eerstehuwelikgesin behoort te wees. Burt en Burt (1996) is van mening dat kulturele vooroordele suggereer dat stiefgesinne minderwaardig is vergeleke met eerstehuwelikgesinne en dat hulle eerder behoort voor te gee dat hulle 'n eerstehuwelikgesin is. Volgens Du Plessis (1993) bestaan hierdie wanopvatting moontlik omdat hergetroude ouers dikwels van mening is dat hulle oombliklik na die huwelik weer 'n volledige gesin gaan hê en juis daarom 'n sogenaamde normale gesin gaan wees. Stiefgesinne verskil egter struktureel dramaties van intakte eerstehuwelikgesinne (Fausel, 1995).

Stiefgesinaanpassings vind spoedig plaas

Suksesvolle aanpassing in 'n stiefgesin kan nie plaasvind voordat bepaalde kwessies aandag geniet het nie. Die stiefgesin ontstaan vanweë die verliese van die eerste gesin, asook van die enkelouergesin (Papernow, 1993, Visher & Visher, 1996). Ten einde suksesvol te wees behoort stiefgesinslede eers oor hierdie verliese te treur en dit te verwerk. Die mite van kitsaanpassing verwar lede van die stiefgesin en veroorsaak soms dat sekere realiteite ontken word (Pretorius, 1997). Die proses van suksesvolle aanpassing in stiefgesinne duur gewoonlik tussen vier en sewe jaar (Burt & Burt, 1996, Hetherington, 1999; Papernow, 1993).

Die aspoestertjie-mite

Die aspoestertjie-mite verteenwoordig die oortuiging dat stiefouers slegte ouers is. Hierdie mite word veral ondersteun ten opsigte van die stiefmoederrol. Volgens Ganong en Coleman (1995, p. 496) ondersteun die Amerikaanse kultuur die "myth of motherhood" wat impliseer dat alle moeders óf heeltemal goed óf heeltemal sleg is. Hulle is óf liefdevol, vriendelik, vrygewig en geduldig óf kil, beherend en verwerpend. Vanweë hierdie mite word moeders grootliks verantwoordelik gehou vir hul kinders se opvoeding. Wanneer 'n moeder van hierdie mite sou afwyk deur eerder 'n beroep te volg, val sy van haar moederskapvoetstuk af. Die mite is gereserveer vir moeders betrokke by 'n eerste huwelik. Wanneer die gesinstruktuur verander, verloor die moeder haar geïdealiseerde status en word sy as onbevoeg beskou (Ganong & Coleman, 1995). Vergeleke met hierdie "myth of motherhood" (Ganong en Coleman, 1995, p. 496) word dit duidelik dat die stiefmoeder negatief gestereotipeer word aangesien die biologiese eerstehuwelikmoeder die voorgehoude ideaal is.

Kinders herstel nooit heeltemal na 'n egskeiding nie

Alhoewel egskeiding 'n kind se ontwikkeling beïnvloed, resulteer dit nie in permanente emosionele skade nie. Wanneer die kind aanpassingsprobleme in die stiefgesin ervaar, word dit aan ander faktore as bloot die gesinstatus toegeskryf. Sommige kinders is meer temperamenteel en minder aanpasbaar as ander en ervaar dus meer probleme gedurende die aanpassingsproses. Ouers is geneig om skuldig te voel teenoor hul kinders oor die mislukte huwelik en verval in die gewoonte om onaanvaarbare gedrag en skoolprestasie aan die egskeiding toe te skryf (Burt & Burt, 1996).

Die onttrekking van die biologiese ouer bevorder die kind se aanpassing

Die oortuiging dat 'n kind beter sal aanpas indien sy biologiese moeder of vader onttrek, is meesal gebaseer op die inwonende ouer se ongerief of woede ten opsigte van die voortdurende kontak met die gewese huweliksmaat. Soms verkies die nie-toesighoudende ouer hierdie ooreenkoms aangesien die afwesigheid van die kind in die huishouding te pynlik is. Die afwesigheid van die ouer beïnvloed die kind se ontwikkelende identiteit negatief en skep gevoelens van emosionele verlating (Burt & Burt, 1996). Dit is uiters belangrik vir die kind se ontwikkeling dat die ouers kontak behou en 'n aanvaarbare ouerlike koalisie bewerkstellig (Visher & Visher, 1988).

Stiefgesinne gevorm na die afsterwe van 'n ouer is minder gekompliseer

Die afwesigheid van 'n biologiese ouer kompliseer inderwaarheid die aanpassingsproses aangesien die kinders fantasieë ontwikkel ten opsigte van die oorlede ouer en oor geen maatstaf vir realiteitstoetsing beskik nie. Die biologiese ouer word dus verhef tot 'n heilige terwyl die pogings van die stiefouer geïgnoreer of met 'n knippie sout geneem word (Burt & Burt, 1996). In gevalle waar die huis en huisraad geërf word, erf die stiefouer die teenwoordigheid en herinneringe van die afgestorwene. Probleme ontstaan wanneer die stiefouer foto's en aandenkings van die oorledene wil verwyder terwyl die biologiese ouer en kinders nie daarvoor gereed is nie (Burt & Burt, 1996). Gevoelens van dislojaliteit teenoor die afgestorwene ontstaan by kinders wanneer hulle die stiefouer aanvaar.

Hierdie mites plaas stiefgesinne onder geweldige druk deurdat hulle deurlopend beoordeel en vergelyk word met eerstehuwelikesinne (Berger, 1994). Stiefgesinslede wat hul groei meet aan die standaard soos deur die mites gestel, ervaar gevoelens van hopeloosheid en mislukking. Die wesenlike verskille tussen stiefgesinne en eerstehuwelikesinne word vervolgens bespreek.

3.2.1 Die basiese verskille tussen die strukture van die stiefgesin en die eerste-huweliksgesin

Die stiefgesin beskik oor unieke strukturele eienskappe verskillend van die tradisionele eerste-huweliksgesin. Deur bewus te wees van hierdie unieke eienskappe, begryp lede van die gesin die potensiële emosies en situasies wat kan opduik (Bray, 1992; Visher & Visher, 1996).

Die gesin neem gestalte aan nadat verskeie verliese en veranderings ervaar is:

'n Egskeiding gevolg deur 'n hertrou impliseer ernstige verliese en veranderings vir almal by die proses betrokke. Die kinders woon nie meer voltyds by beide hul biologiese ouers nie, maar heel waarskynlik saam met 'n toesighoudende ouer in 'n ander huis en woonbuurt waar hulle 'n nuwe skool betree en aan nuwe onbekende reëls en wyses van dinge doen blootgestel word wat stelselmatig die bekende gesinspatrone vervang. Die migrasie en verplasing word veral deur adolessente as stresvol ervaar en resulteer in sekondêre verliese, naamlik 'n toename in isolasie en 'n afname in sosiale ondersteuning (Myers, 1999). In die geval van hertrou is die veranderinge meer kompleks en voel kinders meesal dat hulle hul hele gesin verloor en nie slegs voltydse kontak met een ouer, soos in die geval van egskeiding nie (Collins *et al.*, 1995; Visher & Visher, 1996). Die kinders ly ook 'n verdere verlies aan aandag ten opsigte van die ouer wat hertrou. Ouers is gewoonlik meer bewus van die voordele wat 'n stiefgesin vir almal inhou as van die verliese wat hul kinders ervaar. Hierdie verliese sluit in die deel met stiefsibbe, die verlies van plek in die kinderrangorde (sibbeposisie) en die verlies van die status as die enkelouer se vertroueling of helper (Visher & Visher, 1982; Visher & Visher, 1996).

Beide volwassenes en kinders betree die stiefgesin met inkongruente individuele huweliks- en gesinslewensiklusse:

In 'n eerste huwelik word die volwassenes gelyktydig saam 'n egpaar en word op dieselfde tydstep ouers. In 'n stiefgesin is dit nie die geval nie, aangesien ouers en kinders uit verskillende huweliks- en gesinservaringe afkomstig is (Visher & Visher, 1996). Die stiefgesin "begin their lives together with a weak couple subsystem, a tightly bounded parent-child alliance, and 'interference' in family functioning from a variety of people outside the nuclear subsystem (particularly the ex-spouse)" (Papernow, 1993, p. 45). Hierdie struktuur verteenwoordig die beginpunt vir 'n normale stiefgesin terwyl dit patologie sou verteenwoordig in 'n biologiese gesin (Minuchin in Papernow, 1993).

Die kinders en volwassenes handhaaf verwagtinge vanuit hul vorige gesinne:

Gesinne ontwikkel 'n identiteit wat hulle van ander gesinne onderskei. Een van die eienskappe van die gesinsidentiteit is die stel van tradisies wat hul daaglikse lewe reguleer. Hierdie tradisies ontwikkel geleidelik en bestaan gewoonlik uit subtiele reëls aangeleer gedurende die saamleefydperk van die oorspronklike gesin (Lawton & Sanders, 1994). Kinders en volwassenes dra die waardes en patrone van hul oorspronklike gesinne en huishoudings oor op die stiefgesin (Visher & Visher, 1982). Die veranderinge in die nuwe huishouding moet dus bespreek en onderhandel word ten einde konsensus te bereik. Probleme word egter ervaar wanneer kinders meen dat die nuwe veranderinge "verkeerd" is wat resulteer in argumente en ongelukkigheid. In sommige situasies werk 'n kombinasie van tradisionele aktiwiteite en in ander gevalle behoort totaal nuwe tradisies geskep te word (Visher & Visher, 1996).

Die ouer-kind-verhouding gaan die nuwe paartjie se verhouding vooraf:

In stiefgesinne betree hergetroude ouers die gesin met reeds gevestigde gesinsbande, ervarings en verbintenisse ten opsigte van hul kinders (Robinson, 1991) wat impliseer dat betreklike vreemdelinge skielik onder een dak woonagtig is. Stiefouers ervaar soms uitermatige spanning en konflik vanweë hul lojaliteite teenoor hul eie kinders én hul nuwe huweliksmaat. Volgens Visher en Visher (1996, p. 17) is hierdie:

A difficult task and all too often the importance of the remarried parent role in the family is overlooked as the stepparent is considered to be the cause of the tension in the household and is scrutinized in detail.

Die sukses van 'n stiefgesin word nie bepaal deur die stiefouer nie, maar eerder deur die interpersoonlike verhoudings van die volwassenes en die bereidwilligheid van die kinders om die belangrike gesinsveranderinge te aanvaar (Visher & Visher, 1982; Visher & Visher, 1996).

Daar is 'n biologiese ouer teenwoordig (of die herinneringe van een) in 'n ander huishouding:

Kinders het gewoonlik sterk emosionele bande met hul biologiese ouers, selfs al is een van hulle oorlede (Visher & Visher, 1982). Papernow (1993) postuleer dat kinders psigologies 'n lid van beide huishoudings is. Die ontkenning van die teenwoordigheid en invloed van een van die biologiese ouers resulteer in die ontkenning van 'n gedeelte van die kind se realiteit. Volwassenes binne en buite die gesin ervaar soms probleme rakende die aanvaarding van die teenwoordigheid van meer as twee ouerlike figure in die kind se lewe wat daartoe lei dat dit soms van

kinders verwag word om hul .keuse te maak tussen drie of vier volwassenes (Robinson, 1991; Visher & Visher, 1996). Kinders ervaar stiefouers heeltemal anders as wat hulle biologiese ouers ervaar (Papernow, 1993). Hierdie situasie dra grootliks by tot die voortdurende aanpassingsprobleme wat kinders na 'n egskeiding en hertroue ervaar. Die ouers se onsekerheid en vrees dat hulle hul kinders se affeksie sal verloor, dra by tot die instandhouding van woede teenoor en konflik met hul vorige huweliksmaats. Die voortdurende wedywering en kompetisie het 'n destruktiewe uitwerking op die betrokke kinders wat in die middel staan. Wanneer die kind geen toegang tot die ander biologiese ouer het nie, neig hy om onrealisties positiewe fantasieë om die afwesige ouer op te bou. Hierdie fantasieë is van so 'n aard dat geen stiefouer hierteen kan opweeg nie (Visher & Visher, 1996).

Die kinders is gewoonlik lid van twee onderskeie huishoudings:

Die toekomstige welstand en aanpassing van kinders na 'n egskeiding en hertroue is meer positief indien hulle gereelde kontak met beide biologiese ouers het. Hierdie kontak verhoog die waarskynlikheid dat 'n positiewe stiefverhouding tussen die stiefouer en -kind uiteindelik kan ontwikkel (Visher & Visher, 1982; Visher & Visher, 1996).

Daar bestaan 'n geringe (of selfs geen) wetlike verhouding tussen stiefouers en stiefkinders:

Stiefouers beskik oor minimale regte wat hulle magteloos laat teen 'n onregverdigse biologiese ouer. In sommige gevalle resulteer die afwesigheid van wette wat die stiefgesin beskerm tydens die stiefouer se wettige aanneming van sy stiefkind (Visher & Visher, 1982). Hierdie stap hou terselfdertyd belangrike implikasies in vir die kind se verdere verhouding met die ouer van dieselfde geslag as die stiefouer. Indien die stiefouer die kind wettiglik aanneem in 'n poging om 'n kerngesin daar te stel negeer hy die kind se oorspronklike gesin en beroof hy hom van sy bande met die verlede (Visher & Visher, 1996).

Adolessente in nuut gestigde stiefgesinne ervaar intense, soms pynlike, emosies wat sentreer om die aanvanklike deprivasie van drie belangrike universele menslike behoeftes weens die strukturele kenmerke van hergetroude gesinne. Die behoeftes is: die behoefte om tot 'n groep te behoort; die behoefte om versorg en gewaardeer te word en te beskik oor veilige bande met spesiale individue; en die behoefte aan persoonlike beheer en outonomie betreffende jou eie lewe (Visher, J.S., 1994; Visher & Visher, 1996). Die aanvanklike strukture van die hergetroude gesin voorkom die bevrediging van hierdie behoeftes in totaliteit. Stiefgesinslede beleef verskeie verliese

en veranderings, en ervaar verder wisselende gevoelens van vervreemding en beheerverlies wat ontstaan deur met vreemde mense in vreemde omstandighede saam te woon. Selfs in gevalle waar die gesinslede mekaar vooraf geken het, bring die saamwonery onder een dak steeds probleme mee, aangesien bekende aspekte verander en tyd, ruimte en aandag met stiefgesinslede gedeel moet word. Die gesinslede voel ongewaardeer, ongewens, magteloos en uit hul plek totdat onderhandelings en tydsverloop 'n mate van vertroutheid bewerkstellig (Visher & Visher, 1996). Volgens Bray (1992) ervaar kinders intense gevoelens van magteloosheid en vrees aangaande verdere verliese.

3.2.2 Die fases in die normale stiefgesinsontwikkelingsiklus

Papernow (1993) eksplorieer die emosionele fases waardeur die stiefgesin beweeg ten einde 'n gesinsidentiteit en integrasie te bewerkstellig en postuleer 'n ontwikkelingsiklus bestaande uit sewe fases. Die fases sal vervolgens kortliks bespreek word.

Fase 1: Fantasie - Die onsigbare las

Die aanwesigheid van fantasieë tydens die aanvangsfase van die stiefgesin is universeel. Die fantasieë en wense van die stieflid is gewoonlik gekoppel aan sy sin vir bemeestering en sy selfesteem. Die pasgetroude volwassenes fantaseer dat die nuwe gesinslede hulle dadelik sal liefhê en vertroetel, dat hierdie huwelik alles reg en beter sal maak, dat hierdie huweliksmat beter sal wees as die vorige, dat die las van enkelouerskap verlig sal word, dat die huweliksmat vanselfsprekend meer vertroetelend en versorgend is omdat hy alreeds 'n ouer is, dat hierdie huwelik soos 'n eerste sal wees en net uit "ons" sal bestaan. Kinders se fantasieë verskil drasties van dié van hul ouers. Ten eerste fantaseer hulle dat die mislukte eerste huwelik herstel sal word, en tweedens dat hulle 'n manier sal vind om die enkelouergesin in stand te hou eerder as om 'n stiefouer binne te laat. Sommige fantasieë is egter positief van aard en gerig op die wens vir 'n beter en gelukkiger gesin as die eerste een (Papernow, 1993).

Fase 2: Indompeling – Swem teenoor verdrink

Gedurende hierdie fase voel lede van die gesin dat hulle in diep waters gedompel is deurdat onbekende en onverwagte situasies kort-kort opduik wat aanleiding gee tot ongemak en spanning tussen die gesinslede. Die uitdaging in hierdie fase is geleë in volharding ("swem") en geloof dat dinge sal uitwerk eerder as in verval in hopeloosheid en selfblaam ("verdrink"). Stiefouers voel in hierdie fase gewoonlik soos buitelanders van die gesin en ontoereikend in vergelyking met die biologiese ouer. Ambivalensie

word ervaar ten opsigte van samesyn en onttrekking. Beide ouers in die stiefgesin ervaar konflik ten opsigte van hul lojaliteite teenoor hul eie kinders en stiefkinders. Kinders beleef terselfdertyd intense gevoelens van onderdompeling wat meegebring word deur die struktuur en geskiedenis van hul nuwe gesin. Hulle is soms verras, uit die veld geslaan en skaam oor die intensiteit van hul emosies. Die skielike veranderinge in die huishouding betrap kinders onkant. Alhoewel die stieflede reeds vooraf aan hulle bekend was, is dit 'n groot omwenteling om hulle as lede in die huishouding te akkommodeer. Papernow (1993, p. 110) stipuleer verder dat “most difficult for children in stepfamilies are the loyalty binds created by the addition of new adults in their lives”. Die gevoelens rakende lojaliteitsaspekte word meesal op indirekte wyses uitgedruk wat vir die volwassenes in die gesin verwarrend en ontstellend is. Kinders bevind hulle soms in nuwe omgewings met nuwe reëls wat aanvanklik disoriënterend en verwarrend is. Die stiefgesin konfronteer die kind verder met die verliese wat hy reeds ervaar het en ter wille van die stiefgesin behoort te ervaar (Papernow, 1993).

Fase 3: Bewustheid - Uitwerking van die omgewing

Gedurende hierdie fase besef die gesinslede dat veranderings noodsaaklik is. Volgens Papernow (1993, p. 119) is die individuele taak van elke lid:

To map his or her own territory in the family: to begin to put names on the feelings that his or her place in the structure evokes, and to voice what he or she needs from other family members.

Die gesamentlike gesinstak is om 'n bevredigende omgewing vir almal in die gesinstruktuur daar te stel. Die volwassenes begin hierdie proses deur hul behoeftes aan mekaar te noem, deur mekaar as klankborde eerder as redders te beskou, deur aspekte soos gekrenktheid en uitsluiting onder die loep te neem en die voordele van 'n gesin te wees, op te weeg. Kinders beweeg vinniger deur hierdie fase wanneer hulle gehelp word met die bepaling van hul gedeelte van die territorium in die nuwe gesin. Kinders benodig bystand met die verbalisering van hul lojaliteitsbande, die benoeming van verliese en aanwinste, die artikulering van die dilemmas aangaande hulle bewegings tussen twee gesinne en die identifisering van aspekte wat dieselfde bly, asook dié wat in die nuwe stiefgesin verander (Papernow, 1993).

Fase 4: Mobilisasie – Blootlegging van die leemtes in die gesin

Gedurende hierdie fase word die leemtes in die gesin blootgelê vanweë die verhoogde bewustheid van behoeftes en emosies van die vorige fase. Die stiefouer poog om toegang tot die gesin te verkry, om tuis te voel en om die gesin so te struktureer dat sy eie behoeftes en voorkeure ingesluit word. Die biologiese ouer en

sy/haar kinders probeer om hul bekende en gemaklike roetines in 'n groot mate in stand te hou. Die kinders voer 'n stryd ten einde te verhinder dat hulle die nuwe buitelanders in die gesin word. Wanneer kinders hierdie fase betree, beskik hulle oor genoeg innerlike krag en oortuiging om die volwassenes in hul lewens se aandag te kry. Hulle mobiliseer hulle ook betreffende ander behoeftes soos dié om meer tyd alleen saam met die biologiese ouer deur te bring, om besoektydskedules te wysig en om (soms in die geval van adolessente) te artikuleer dat hulle nie noodwendig 'n deel van die gesin wil wees nie (Papernow, 1993).

Fase 5: Aksie – Samewerking

Hierdie fase behels dat die gesin groter skuiwe maak ten einde die gesin se struktuur te herorganiseer. Die begrip wat geskep is tydens die bewustheids- en mobiliseringsfase word gebruik om gesamentlike besluite oor die gesin se funksionering te neem. Die gesin is dus gereed om nuwe grense te stel en nuwe norme en rituele te skep. Die nuwe gesin is meer gedefinieer van die vorige gesinne en duideliker grense word ten opsigte van vorige huweliksmaats daargestel. Die volwasse egpaar funksioneer as 'n span met betrekking tot die behoeftes van die gesin. Die stiefouer ontwikkel 'n meer direkte verhouding met die stiefkind terwyl die biologiese ouer begin om die beheer en verantwoordelikheid ten opsigte van die kind te deel. Die biologiese ouer ondersteun die stiefouer se verhouding met die kind terwyl die stiefouer op sy beurt die biologiese ouer se verhouding met haar kinders ondersteun (Visher & Visher, 1996). Nie alle kinders stel egter daarin belang om dadelik 'n verhouding met die stiefouer te bewerkstellig nie. Adolessente beland soms tussen die gesin se behoefte aan samesyn en hulle eie behoefte aan skeiding en individuasie (Papernow, 1993).

Fase 6: Kontak – Intimiteit en egtheid in die stiefverhoudings

Hierdie fase verteenwoordig gemaklike, goed gedefinieerde stiefverhoudings waarin die biologiese ouers nie meer verskeurd voel tussen die stiefouer en die kinders nie, en die kinders duidelikheid het oor hul posisie in die gesin wat hulle as standvastig en betroubaar ervaar. Outentieke, intieme verhoudings bestaan tussen die stiefouer en stiefkinders. Die gesin het dus 'n eenheid geword en stiefouers word beskou as "intimate outsiders" (Papernow, 1993, p. 201).

Fase 7: Resolusie - "Holding on and letting go"

Die resolusiefase impliseer soliede, betroubare stiefverhoudings en norme, asook die aanvang van 'n gesamentlike geskiedenis. Die meerderheid probleme is opgelos en die gesinslewe word normaal, betroubaar en voorspelbaar. Papernow (1993, p. 213)

stel dit soos volg: "The family now knows how 'we' celebrate holidays, handle meals, and deal with discipline." Die gesin beleef geborgenheid wat samewerking tussen die kinders se huishoudings bevorder. Alhoewel nuwe stiefprobleme kan opduik, word dit vinnig en effektief opgelos sonder om die stiefgesin se grondslag te bedreig (Papernow, 1993).

Die bereiking van die finale fase in die ontwikkelingsiklus van stiefgesinne verander nie die feit dat selfs suksesvolle stiefgesinne oor laer vlakke van kohesie en hoër vlakke van aanpasbaarheid en buigzaamheid as eerstehuweliksgeinne beskik nie (Bray & Berger, 1993; Papernow, 1993; Robinson, 1991; Visher & Visher, 1996). Die gesinsbande van die oorspronklike gesinne is verbreek, die kind behoort aan meer as een huisgesin, die verhoudings tussen die gesinslede is minder daartoe geneig om intiem en heg te wees en 'n groter waarskynlikheid bestaan vir die teenwoordigheid van bepaalde sub sisteme in die stiefgesin (Ochil tree, 1990).

3.2.3 Die afwesigheid van duidelike stiefrolvoorskrifte

Stiefgesinne is 'n algemene verskynsel in die hedendaagse samelewing. Ten spyte van hul prominente teenwoordigheid bestaan daar steeds geen duidelike sosiaal gedefinieerde riglyne en voorskrifte vir stiefgesinslede nie (Bray, 1992; Cherlin & Furstenberg, 1994). Cherlin (in Skopin, Newman & McKenry, 1993, p. 182) hipotetiseer dat die probleme in stiefgesinne veroorsaak word deur "the lack of 'routinization of everyday behavior resulting in the incomplete institutionalization' of the roles for family members". Rolonduidelikheid en twyfelagtigheid verteenwoordig gevolglik 'n spesifieke probleem in stiefgesinne deurdat die samelewing nie die verwagtings van stiefouers omskryf en afbaken nie. Die samelewing versuim om terme, gedragsnorme en gebruike te ontwikkel wat stiefgesinslede in die komplekse stiefverhoudings waarin hulle hul bevind, ondersteun. By gebrek aan duidelik gedefinieerde riglyne word gesinne gedwing om hul eie riglyne vir die hantering van hul daaglikse interaksies neer te lê (Skopin *et al.*, 1993).

Die afwesigheid van samelewingsnorme en voorskrifte dra grootliks daartoe by dat die stiefouers uitermatige stres beleef. Fine en Schwebel (1991, p. 7) is van mening dat "without clear role prescriptions at the societal level, stepparents lack 'conventional wisdom' in developing their own cognitions and may develop dysfunctional ones". Disfunksionele kognisies ontwikkel ook as gevolg van die negatiewe stereotipes aangaande stiefouers sowel as die begeerte om hierdie stereotipering te oorkom (Fine & Schwebel, 1991, 1992). Die gebrek aan konvensionele wysheid lei tot onrealistiese verwagtings en teleurstelling aangesien

die daaglikse realiteite nie korreleer met die wense van die nuutsaamgestelde stiefgesin nie (Schwebel, Fine & Renner, 1991). Vanweë die afwesigheid van duidelike stiefrolvoorskrifte bestaan verskeie wanopvattinge in die stiefgesin. Kinders word ook beïnvloed deur die afwesigheid van duidelike riglyne en probeer funksioneer ten spyte van onduidelike rolomsrywings en hul verwagtinge dat die stiefgesinslewe soos die eerstehuwelikgesin sal wees (Fine & Schwebel, 1991, 1992).

Die gebrek aan 'n duidelike stiefouerrol het 'n bepaalde negatiewe impak op die kinders in die stiefgesin. Ouerlike beheer en hartlikheid word beskou as die twee kritieke determinante in die kind se ontwikkeling (Fine, Coleman & Ganong, 1998). Beheer verwys na die mate waarin die ouers grense stel en hul kinders se aktiwiteite kontroleer. Hartlikheid verwys na die mate waarin die ouers tyd met hul kinders deurbring, met hulle kommunikeer en hulle ondersteun. Adollesente se aanpassing is meer positief wanneer hul ouers 'n toename in beide beheer en hartlikheid toon (Fine & Kurdek, 1995). Hierdie bevinding impliseer dat die stiefouer 'n belangrike bydrae lewer ten opsigte van die determinante in die adollesent se ontwikkeling. Die twyfelagtigheid van die stiefrol belemmer egter die stiefouer se betrokkenheid in so 'n mate dat hy afstand skep en homself eerder as 'n betreklik passiewe, onbetrokke ouer beskou. Die verlies aan veral hartlikheid het 'n bepaalde negatiewe uitwerking op die stiefkind se ontwikkeling en die stiefouer se ervaring van ouerskap (Fine & Kurdek, 1995).

Die swak gedefinieerde stiefrolle doen waarskynlik afbreuk aan rolwederkerigheid. Rolwederkerigheid word gedefinieer as die mate waarin 'n rol verwant is aan ander rolle. Elke rol word gedeeltelik gedefinieer deur die ander wat dit ondersteun (Newman & Newman, 1999). Die rolgedrag van stiefouers en adollesente is interafhanklik: "each can only function in part as well as the other performs the reciprocal role" (Skopin *et al.*, 1993). Funksionele stiefgesinne word van disfunksionele stiefgesinne onderskei op grond van 'n groter mate van wederkerige positiewe betrokkenheid van die stiefkind teenoor die stiefouer. Hierdie onderskeiding impliseer dat die gedrag wat die stiefouer teenoor die stiefkind openbaar, minder belangrik is ten opsigte van die stiefgesinsfunksionering, as die ontvanklikheid van die stiefkind vir daardie gedrag (Brown *et al.*, 1990).

Uit die bespreking tot dusver blyk dit duidelik dat die konteks waarin stiefgesinne funksioneer nie genoegsame ondersteuning bied nie. Stiefgesinne verduur aansienlik meer stres en negatieweiteit as eerstehuwelikgesinne terwyl die teenwoordigheid van

kinders boonop die sukses van die tweede huwelik bedreig. Die volgende gedeelte van die hoofstuk fokus in groter detail op die spesifieke probleme wat die adolessent as stiefgesinslid in die gesig staar.

3.3 Spesifieke probleemareas ten opsigte van die adolessent in die stiefgesin

Die aanpassing van adolessente in stiefgesinne word gekoppel aan die volgende agt aspekte: die periode sedert die biologiese ouers se egskeiding; die verhoudings tussen die kind en elkeen van sy biologiese ouers, asook die kwaliteit van die post-egskeidingsverhouding tussen die biologiese ouers; die periode betrokke by die stiefgesin; die gesin se sosio-ekonomiese status; die aantal gesinslede in die huishouding; die ouderdom van die adolessent; die geslag van die stiefouer; en die tipe stiefgesin (Buchanan, Maccoby & Dornbusch, 1996; Fine *et al.*, 1992; Fine & Schwebel, 1991; Ochiltree, 1990; Sessa & Steinberg, 1991). Adolessente pas moeiliker in stiefgesinne aan as jonger kinders (Fine *et al.*, 1991). Die mate waarin die adolessent tevredenheid in die stiefgesin ervaar, verteenwoordig 'n belangrike element van sy welstand (Henry & Lovelace, 1995). Die betreding van adolessensie kan selfs 'n negatiewe invloed op die funksionering van suksesvol gevestigde stiefgesinne hê (Bray & Berger, 1993; Fine & Schwebel, 1991).

Die suksesvolle aanpassing van adolessente in stiefgesinne behels die gesin se effektiewe aanpassing ten opsigte van die volgende aspekte (Henry & Lovelace, 1995):

- Die skep van nuwe interaksiestyle, roetines en herdenkingsrituele wat die tradisies van ten minste twee vorige gesinseenhede reflekteer.
- Die oplos van kwessies betreffende die gebrek aan 'n gesamentlike geskiedenis, sowel as van die komplikasies geassosieer met onverwerkte roumart, woede of krisis uit die vorige gesinseenheid.
- Die voortdurende handhawing van verhoudings met ouers wat nie in die huisgesin woonagtig is nie.
- Die herdefiniëring van bestaande verhoudings terwyl daar aan nuwe verhoudings gebou word.
- Die aanpassing by periodieke ontwikkelingsveranderinge wat plaasvind.
- Die voorsiening van 'n balans tussen verbintenis en outonomie vir die adolessente in die gesin.
- Die versorging van en omgee vir die onderskeie grootouers.
- Die vergunning aan die ouers om loopbaanrigtings te herevalueer.

Die suksesvolle aanpassing van die stiefgesin bevorder die adolessent se identiteitsverwerwing en verkryging van outonomie wat die sentrale ontwikkelingstake van adolessensie verteenwoordig. Die adolessent ervaar egter unieke probleme en situasies eie aan die adolessentlewensfase wat verder in die konteks van 'n stiefgesin gekompliseer word (Sessa & Steinberg, 1991). Vervolgens word hierdie spesifieke probleemareas vollediger bespreek.

3.3.1 Die verkryging van outonomie

Veranderinge in die gesinstruktuur kan die ontwikkeling van outonomie op twee moontlike wyses beïnvloed. Outonomie kan eerstens aangespoor word vanweë die veranderinge in die gesinsverhoudinge, veral wanneer die hertroue gedurende pre-adolessensie of vroeë adolessensie plaasvind. Tweedens transformeer die egskedding en hertroue die konteks waarin die ontwikkelingstake van adolessensie deurgewerk word indien die hertroue en gesinsveranderinge voor die aanvang van adolessensie plaasvind (Sessa & Steinberg, 1991). Die aanpassing by die verlies van 'n ouer as gevolg van 'n egskedding, asook die teenwoordigheid van 'n stiefouer vanweë die hertroue dra daartoe by dat die nuwe gesinsverhoudings dramaties verskil van die intakte eerstehuwelikgesin se verhoudings. Gevolglik verloop die ontwikkeling van outonomie en die verwante veranderings in die ouer-adolessent-verhouding verskillend in 'n stiefgesin as in 'n eerstehuwelikgesin (Sessa & Steinberg, 1991). Sosio-emosionele en gedragsprobleme kom dikwels by adolessente voor wanneer 'n stiefouer die gesin betree (Bray, 1992).

Gedurende adolessensie differensieer die adolessent emosioneel van ander ten einde 'n geïndividueerde selfsin te ontwikkel (Blos, 1979). Die ontwikkeling van outonomie word grootliks gefasiliteer deur die fisieke, kognitiewe en sosiale veranderinge gedurende die adolessentperiode. Volgens Sessa en Steinberg (1991) kan 'n egskedding en hertroue die ontwikkeling van outonomie aanpor of selfs uitlok, indien huweliksveranderinge plaasvind voordat die natuurlike ontwikkeling van outonomie 'n aanvang neem. Sessa en Steinberg (1991, p. 44) stel dit soos volg:

But within the 'zone of proximal development' as far as autonomy is concerned (i.e. preadolescence or early adolescence), it may instigate earlier development in the realm of autonomy than would otherwise be the case.

Emosionele outonomie neem 'n aanvang wanneer die kind sy ouers begin deïdealiseer en as persone met beide sterkpunte en tekortkominge beskou. Egskedding skep 'n bewustheid van ouerlike probleme en faalbaarheid deurdat die huwelik soms as 'n ouerlike fout beleef word. Die blootstelling aan hewige rusies en

karacterskending tussen die ouers tesame met die ervaring van onstabiele enkelouerhuishoudings bevorder juis hierdie kinders se deïdealisering van hul ouers. Egskeiding en hertroue dra verder by tot die kinders se besef dat hul ouers ook ander verantwoordelikhede en rolle buiten die van ouerskap het. 'n Hertroue fokus gewoonlik die kind se aandag op 'n ander dimensie van sy ouers se lewe, naamlik seksualiteit (Sessa & Steinberg, 1991).

Huweliksveranderinge versnel die ontwikkeling van gedragsoutonomie deur middel van twee meganismes. Ten eerste vereis die verandering in ouerskapstyl na 'n egskeiding en hertroue onafhanklike gedrag van die adolessent as gevolg van die verminderde ouerlike affeksie, kommunikasie, beheer en betrokkenheid en inkonsekwente dissipline wat volg in die periode direk na 'n egskeiding of hertroue. Hierdie "verminderde ouerskap" vereis 'n toename in onafhanklikheid en selfstandigheid van die adolessent. Volgens Weiss (in Sessa & Steinberg, 1991) word kinders uit geskeide gesinne gouer groot. Nuwe stiefgesinne word ook gekenmerk aan hul verminderde emosionele responsiwiteit en beperkte kohesie (Bray, 1992). Ten tweede manifesteer die adolessent se hanteringsmeganismes ten opsigte van die egskeiding of hertroue gewoonlik in die sfeer van gedragsoutonomie deurdat die adolessent hom meestal losmaak en van sy gesin distansieer. Hierdie losmaking bespoedig die ontwikkeling van gedragsoutonomie (Sessa & Steinberg, 1991).

Die oorhaastige betreding van 'n ontwikkelingsfase het negatiewe gevolge indien die persoon nie genoeg geleentheid gehad het om emosioneel, kognitief en fisiek voor te berei vir daardie betrokke lewensfase nie. Indien 'n egskeiding of hertroue die individuasiëproses aanmoedig voordat die kind gereed is daarvoor, ontwikkel sy outonomie prematuur en word sy ervaring van ouderdomstoepaslike aktiwiteite ingekort (Sessa & Steinberg, 1991). Volgens Erikson (1963) kan hierdie verhaasde ontwikkeling die kind verhinder om die ontwikkelingstake van die latente periode behoorlik te voltooi wat impliseer dat die kind swak voorbereid sal wees op die uitdagings van die latere ontwikkelingstake. Die teendeel is egter ook waar. Indien die hertroue plaasvind wanneer die adolessent gereed is vir die eise van die individuasiëproses, het die hertroue inderwaarheid 'n fasiliterende effek.

Die fokale ("focal") teorie van verandering postuleer dat emosionele en gedragsprobleme op die voorgrond tree wanneer 'n individu verskeie lewenservaringe gelyktydig opdoen (Simmons & Blyth, 1987, p. 350). Kinders se blootstelling aan meervoudige stressors resulteer soms in die ontwrigting van

psigologiese prosesse en verhoog hul risiko om psigiatriese probleme te ondervind. Indien die egskeiding of hertrou plaasvind wanneer die adolessent reeds die proses van individuasie betree het, verhoog dit die konflik en spanning wat hy alreeds gedurende hierdie verwarrende lewensfase ervaar (Bray & Berger, 1993; Sessa & Steinberg, 1991). Die intensiteit van die spanning gepaard met die veranderende persepsies van ouers, die toename in onafhanklikheid en selfstandigheid en die herskikking van gesinsverhoudinge word deur huweliksveranderinge verveelvoudig, wat op hul beurt die ontwikkeling van outonomie bemoeilik. Volgens Hetherington en Anderson (in Sessa & Steinberg, 1991) verhoog die samevalling van huweliksveranderinge en die individuasieproses nie noodwendig die intensiteit van hierdie ontwikkelingsfase nie aangesien die ontwikkeling van outonomie juis vir sommige adolessente as 'n buffer teen die gesinskonflik dien.

Die ontwikkeling van outonomie by adolessente in stiefgesinne word dus anders benader as by intakte eerstehuwelikgesinne. Ten eerste het 'n mate van rolherstrukturering reeds voor adolessensie plaasgevind as gevolg van die huweliksveranderinge, tweedens beïnvloed die afwesigheid van 'n biologiese ouer, veral die vader, die ontwikkeling van emosionele en gedragsoutonomie en derdens neem die ontwikkeling van outonomie waarskynlik 'n ander betekenis aan deurdad die moeder-adolessent-verhouding kwalitatief verskil tussen intakte en stiefgesinne (Sessa & Steinberg, 1991). Die uitdagings vir die adolessent in die stiefgesin verskil dus wesenlik van dié in 'n intakte gesin, deurdad "the challenge is to renegotiate the development of autonomy in light of having attained, and having become accustomed to, a high degree of behavioral autonomy prior to remarriage" (Sessa & Steinberg, 1991, p. 50). Die ouerskapstyl van toesighoudende moeders is gewoonlik meer gesaghebbend na 'n hertrou. Die kombinasie van outoritarisme en losmaking skep 'n dubbelsinnige konteks waarin beheer en losmaking pertinent voorkom eerder as gehegtheid en die aansporing van individuasie (Sessa & Steinberg, 1991).

'n Verdere komplikasie ten opsigte van die ontwikkeling van outonomie by adolessente in stiefgesinne is geleë in die konflikterende behoeftes van die adolessent en sy stiefgesin. Die adolessent se behoeftes aan individuasie en identiteitsbereiking manifesteer in sy voortdurende onttrekking aan die gesin en skakeling met die portuurgroep. Hierdie onttrekking bots met die stiefgesin se behoefte aan saamwees en integrasie ten einde kohesie en binding te bevorder (Berger, 1994; Visher & Visher, 1979). Alhoewel die adolessent voortdurend struktuur, leiding en versorging van sy ouers benodig, berei hy hom voor vir die lewe buite die gesin (Burt & Burt, 1996; Martin *et al.*, 1992). Die behoefte van die stiefgesin

om al die lede in die gesin te integreer en te konsolideer bots lynreg met die adolessent se ontwikkelingstake en lei tot stres en emosionele spanning indien die gesin nie insien dat die adolessent se weerstand teen gesinsintimiteit verband hou met die bepaalde ontwikkelingsfase nie (Visher & Visher, 1996). Sy skeiding van 'n gesin is 'n komplekse proses waardeur die adolessent tot onafhanklikheid groei. In die geval van 'n stiefgesin impliseer dit dat die adolessent hom inderwaarheid van twee gesinne losmaak wat hom blootstel aan 'n toename in stres en verwarring betreffende rolmodelle (Visher & Visher, 1979).

3.3.2 Seksualiteit

Seksualiteit maak 'n groter strydpunt in stiefgesinne uit as in intakte eerste-huwelikgesinne. Intimiteit en nabyheid kan verwar word met seksualiteit en seksuele toenadering wat die binding tussen stiefouers en stiefkinders belemmer. Stiefouers is dikwels onseker oor die mate en wyses van binding met hul stiefkinders vanweë swak gedefinieerde rolvoorskrifte en negatiewe stereotipering vanuit die samelewing. Algemene affektiewe gebare soos drukkies word soms deur stiefvaders vermy aangesien hulle versigtig is vir moontlike beskuldigings van seksuele molestering. Juis as gevolg hiervan blyk sommige stiefvaders kil en verwyderd te wees (Bray, 1995).

Gedurende adolessensie neem die ontwikkeling van seksualiteit 'n aanvang. Die gesinslewe van stiefkinders is oor die algemeen meer "seksueel" in die stiefgesin as in die normale eerste-huwelikgesin. Die stiefkinders word blootgestel aan hul ouers se verliefdheid en aangetrokkenheid en is betrokke by die huwelikeremonie en die wittebrood. Die waarneming van hul ouers se seksualiteit gepaard met hul eie ontwikkelende seksualiteit versterk die onderliggende seksuele bewustheid tussen stiefsibbe. Stiefkinders van die teenoorgestelde geslag bevind hulle onder een dak en ervaar soms gevoelens van aangetrokkenheid tot mekaar. In die meerderheid gevalle hanteer adolessente hierdie situasie deur hulle aan hul stiefsibbe te onttrek of met hulle te baklei ten einde hul seksuele gevoelens te beheer (Visher & Visher, 1979; Visher & Visher 1996). Die verhoogde preokkupasie met en sensitiwiteit aangaande seksualiteit gedurende vroeë adolessensie veroorsaak soms 'n ongemaklikheid, veral by dogters, betreffende die teenwoordigheid van 'n nie-biologies verwante manlike persoon in die gesinseenheid (Vuchinich, Hetherington, Vuchinich & Clingempeel, 1991).

'n Verdere belangrike aspek is die moontlike seksuele aangetrokkenheid tot 'n stiefouer. Die daargestelde seksuele gesinsnorme is hoofsaaklik vir bloedverwante

gesinslede en reguleer nie noodwendig die interaksie tussen stiefgesinslede nie. Die verwagte rolle van 'n vroulike adolessent en 'n stiefvader kan teenstrydig wees met die manlik-vroulik-aangetrokkenheid en ongerief veroorsaak ten opsigte van gesinsnuditeit, openlike vertoon van fisieke affeksie en intieme kommunikasie (Skopin *et al.*, 1993). Ten einde hierdie bedreigende seksuele gevoelens te beheer verwerp die adolessent meestal die betrokke volwassene se pogings wat gemik is op die ontwikkeling van 'n hartlike gesinsverhouding. Die aangetrokkenheid tot 'n stiefouer resulteer ook in die tiener se onttrekking aan en vyandigheid teenoor die stiefouer in 'n poging om sy gevoelens te verberg en die onaanvaarbare impulse te beheer (Visher & Visher, 1996). As gevolg van die mindere bloedskandetaboe in stiefgesinne is kinders in stiefgesinne meer blootgestel aan seksuele misbruik deur stiefvaders, stiefooms en stiefsibbe (Bray, 1995; Robinson, 1991).

Die feit dat hierdie tieners meer bewus is van hul ouers se seksuele verhouding as adolessente in intakte eerstehuwelikgesinne ontstem en embarrasseer hulle, en forseer adolessente om hul ouers as seksuele wesens te beskou (Robinson, 1991; Visher & Visher, 1979). Dit is vir sommige adolessente uiters moeilik om hul ouers se seksualiteit te hanteer. Party adolessente wil nie in die aanliggende kamer slaap nie uit vrees dat hulle iets sal hoor, terwyl hulle ander gesamentlike aktiwiteite vermy en die vertrek onmiddellik sal verlaat wanneer fisiese kontak tussen die biologiese en stiefouer plaasvind (J.C. Coleman, 1992).

3.3.3 Die aanpassing van adolessentseuns en -dogters in stiefgesinne

Die aanpassing by 'n hertroue en stiefgesin blyk moeiliker vir adolessentdogters as vir adolessentseuns te wees (Bray, 1995; Collins *et al.*, 1995). Die aanpassing by die teenwoordigheid van 'n stiefvader is verder ook meer problematies vir tienermeisies as -seuns (Cherlin & Furstenberg, 1994; Haberstroh, Hayslip & Essandoh, 1998). Verskeie studies toon dat tienerdogters, in die vroeë adolessentfase, 'n intenser en voortdurend negatiewe psigologiese reaksie teen hul moeders se hertroue openbaar as tienerseuns (Vuchinich *et al.*, 1991). Hierdie bevindinge is ietwat teenstrydig aangesien dogters geneig is om beter by 'n egskeiding aan te pas en oor die algemeen stres effektiewer hanteer as seuns. Dit blyk gevolglik dat seuns en meisies die oorgang en aanpassing met betrekking tot 'n hertroue verskillend beleef (Vuchinich *et al.*, 1991).

Beide seuns en dogters toon ontwrigtinge in hulle verhoudings met hul ouers, asook 'n toename in gedragsprobleme tuis en by die skool na die afloop van 'n egskeiding. Hierdie probleme is gewoonlik intenser en blywender van aard ten opsigte van seuns

en behels bepaalde moeder-seun-struikelblokke. Pre-adolesseentdogters en hul moeders ontwikkel egter meestal intieme, kameraadskaplike verhoudings. Wanneer die moeder hertrou, repondeer beide seuns en dogters aanvanklik negatief op die stiefvader se betreding tot hul gesin, alhoewel die dogters se reaksie langduriger en intenser is (Vuchinich *et al.*, 1991). Die intieme band tussen die moeder en dogter word beïnvloed en selfs ontwig deur die teenwoordigheid van die stiefvader (Cherlin & Furstenberg, 1994; Robinson, 1991). Seuns het minder om te verloor en baat meer by die toevoeging van 'n stiefvader tot die gesin. Stiefvaders kan moontlik die moeder-seun-probleme verlig, ondersteuning en kameraadskap bied en as rolmodelle dien vir hul stiefseuns (Bray, 1995). 'n Intieme, ondersteunende stiefvader-stiefseun-verhouding word geassosieer met 'n afname in pre-adolesseentseuns se gedragsprobleme en 'n toename in hul sosiale vaardighede. Dit is egter nie die geval by pre-adolesseentdogters nie, en dit verklaar waarom die stiefvader as 'n indringer in die moeder-dogter-verhouding beskou word (Bray & Berger, 1993; Haberstroh *et al.*, 1998; Vuchinich *et al.*, 1991). Stiefdogters raak toenemend somber, nukkerig, weerstandig, krities en teruggetrokke teenoor hul stiefvaders veral in gevalle waar die binding en kohesie tussen die moeder en stiefvader positiewer is, terwyl hul aanpassing ietwat beter is in gevalle waar 'n geringer mate van kohesie teenwoordig is (Cherlin & Furstenberg, 1994; Skopin *et al.*, 1993). Die adolessentdogter se gekrenktheid ten opsigte van die stiefgesin manifesteer hoofsaaklik in openlike opposisionele gedrag, die onttrekking aan interaksie met die gesinslede of 'n kombinasie van beide (Vuchinich *et al.*, 1991).

Beide seuns en dogters ervaar 'n verlies aan status wanneer 'n stiefouer die gesin betree (Lawton & Sanders, 1994). Verantwoordelikhede, take en voordele toegeken aan die adolessent in die enkelouergesin word soms oorgedra op die nuwe stiefouer. Indien die adolessent sy biologiese ouer se beste vriend en vertroueling was, voel hy misgun deur die stiefouer, veral wanneer van die adolessent verwag word om weer 'n kind in die huis te word (Buchanan *et al.*, 1996; Coleman & Ganong, 1991).

Sessa en Steinberg (1991, p. 47) is van mening dat egskeiding 'n situasie skep "in which the early adolescent is confronted with inconsistent demands across the domains of autonomous functioning before he or she is developmentally ready to negotiate such incongruity". Hierdie inkongruentheid is prominent met betrekking tot adolessentdogters. Hartlike, nabye en afhanklike verhoudings ontwikkel tussen moeders en dogters nadat 'n egskeiding plaasgevind het (Buchanan *et al.*, 1996). Aan die ander kant beskik adolessente in geskeide huisgesinne oor hoër vlakke van verantwoordelikheid en mag ten opsigte van besluitneming. Die kombinasie van

gedragsoutonomie in die konteks van 'n intieme, interafhanklike moederverhouding skep moontlike konflik in die adolessentdogter se ontwikkeling van emosionele outonomie. Alhoewel die toegelate gedragsoutonomie haar meer volwasse laat voel, vertraag die intieme moeder-dogter-verhouding die deïdealiseringsproses (Sessa & Steinberg, 1991). Hierdie hipotese stem ooreen met die objekverhoudingsperspektief wat impliseer dat individuasie moeiliker vir dogters is as vir seuns vanweë die sterker identifikasie van die moeder met haar dogter (Blos in Kroger, 1996).

'n Ander hipotese vir die moeiliker aanpassing van dogters in stiefgesinne is dat die dogter se negatiewe gedrag waarskynlik 'n vertraagde reaksie op die moeder se egskeding is (Vuchinich *et al.*, 1991). Stiefdogters verlaat meestal die huis op 'n vroeër ouderdom as dogters uit intakte gesinne (Cooney & Mortimer, 1999). Hulle bewerkstellig onafhanklike huishoudings en tree verder ook vroeër in die huwelik as hul eweknieë in eerstehuwelikgesinne (Cherlin & Furstenberg, 1994).

3.3.4 Ouerskapstyle in die stiefgesin

Sommige van die geslagsverskille by kinders se reaksies ten opsigte van die hertroue kan toegeskryf word aan die ouerskapstyl waaraan hulle blootgestel word. Algemene probleme in stiefgesinne is gewoonlik oneffektiewe dissipline en swak gedefinieerde gesinsrolle (Fine *et al.*, 1991; Vuchinich *et al.*, 1991). Die algemeenste ouerskapstyl wat stiefvaders implementeer is een van onttrekking waarin die stiefvader geringe pogings aanwend om in te gryp, te monitor of die kind se gedrag te rig (Barber & Lyons, 1992; Seiffge-Krenke, 1999). Hierdie gedrag verskil heelwat van dié van biologiese vaders wat meer betrokke en krities is en poog om hul kinders se gedrag te beïnvloed. Vanweë hierdie verskille in ouerskap kan die volgende hipoteses gestel word: dogters in stiefgesinne is meer teruggetrokke en opposisioneel ten opsigte van die inwonende ouers as in intakte gesinne; groter gedragsverskille bestaan tussen dogters in stiefgesinne en intakte gesinne as by seuns in beide gesinne; stiefvaders is minder opposisioneel, minder direktief en meer positief teenoor hul stiefkinders, maar minder in staat om samewerking te bewerkstellig as biologiese vaders in intakte gesinne; en moeders in stiefgesinne is meer opposisioneel en minder direktief teenoor hul kinders en verder ook minder in staat om samewerking te verkry as biologiese moeders in intakte gesinne (Vuchinich *et al.*, 1991).

Die periode na die hertroue word gekenmerk deur 'n deteriorasie in ouerskap. Toesighoudende moeders blyk meer emosioneel teruggetrokke teenoor hul kinders te wees, minder in staat om hul kinders se gedrag te monitor, minder konsekwente response te bied en minder geneig om effektiewe strategieë toe te pas vir die

hantering van wangedrag (Lawton & Sanders, 1994). Ouers in 'n stiefgesin is soms geneig om wangedrag te verduur omdat hulle dink dit is 'n natuurlike reaksie van hul kinders op die stres wat met al die veranderinge gepaard gaan. Hierdie interaksiepatrone word heel waarskynlik geassosieer met aggressiewe, opposisionele gedrag (Lawton & Sanders, 1994).

Konflik ten opsigte van huishoudelike reëls, dissipline en kinderopvoeding is algemeen in stiefgesinne (Visher & Visher, 1996). Disfunksionele interaksionele patrone ontwikkel dikwels rakende kwessies soos dissipline en vertroeteling. Die afwesigheid van duidelike voorskrifte vir stiefouers lei daartoe dat sommige stiefouers 'n dissiplinerende rol in die gesin aanneem sonder dat hulle direk betrokke is by die bepaling van die spesifieke reëls wat die kind behoort te gehoorsaam (Ochiltree, 1990). Van die stiefouer word soms verwag om standarde af te dwing wat hy nie persoonlik ondersteun nie, of om nuwe reëls te implementeer wat weerstand by die huweliksmaat en kinders ontlok (Lawton & Sanders, 1994). Die afwesigheid van 'n positiewe verhouding tussen die stiefouer en stiefkinders impliseer die stiefouer se gebrek aan outoriteit deurdat die stiefkinders nie daarin belangstel om hom te gehoorsaam nie. Frustrasie en spanning heers tot en met 'n verhouding daargestel is (Visher & Visher, 1996). Kinders beskou verder hul biologiese ouers as gesaghebbender dan hul stiefouers (Ochiltree, 1990). Indien die biologiese ouer die stiefouer se gesag ondermyn, dra dit by tot die adolessent se opponerende gedrag (Lawton & Sanders, 1994). Disfunksionele gesinne word gekenmerk deur ouer-kind-koalities. Tydens besoeke aan die nie-toesighoudende biologiese ouer word kinders aan 'n ander stel huishoudelike reëls en verwagtinge blootgestel. Teenstrydighede tussen ouers en konflik betreffende geskikte ouerskapstyle het 'n negatiewe invloed op die gedrag van kinders. Die aanleer van toepaslike gedrag by kinders word gekompliseer deur die implementering van nuwe huishoudelike reëls, verskille oor wat toepaslike gedrag omsluit, inkonsekwente dissipline en die toepassing van verskillende reëls in verskillende huishoudings (Bray & Berger, 1993; Lawton & Sanders, 1994).

Die suksesvolle aanpassing van kinders in stiefgesinne is moontlik 'n uitvloeisel van die gesinslede se vermoë om hul ouerskapstyl en gesinsomgewing te wysig ten einde die behoeftes van die gesinslede in 'n veranderde, nie-tradisionele konteks te bevredig (Barber & Lyons, 1992). Gedurende adolessensie blyk die demokratiese ouerskapstyl die geskikste ouerskapstyl te wees (Nielsen, 1996; Sprinthall & Collins, 1995). Gesinsbesluitneming neem 'n meer demokratiese, en selfs permissiewer, aanslag aan, wat die adolessent se verwerwing van outonomie fasiliteer. Die

bereiking van outonomie in 'n stiefgesin is gekompliseerd deurdat die individuasieproses in stryd is met die gesin se behoefte aan hegtheid en kohesie. In die voorafgaande enkelouerhuishoude beskik adolessente oor 'n groter mate van besluitneming en verantwoordelikheid wat kan lei tot wreuel en boosheid teenoor die stiefgesin vanweë die verkleining van hierdie rolstatus sedert die hertrou (Barber & Lyons, 1992). Stormagtige en verwyderde ouer-adolessent-verhoudings is meer algemeen in stiefgesinne. Uitermatige konflik is disfunksioneel en lei tot wanaanpassing, veral indien dit teenwoordig is in 'n konteks gekenmerk deur beperkte kohesie (Barber & Lyons, 1992). Stiefgesinne loop 'n groter risiko as intakte gesinne om destruktiewe ouer-adolessent-verhoudings te ontwikkel wat direk verband hou met 'n toename in ontwikkelingsprobleme by hierdie kinders (Bray, 1992).

3.3.5 Stiefvadergesinne

Die meerderheid stiefgesinhuishoude is stiefvadergesinne aangesien moeders gewoonlik na die egskeiding beheer en toesig oor hul kinders verkry. Stiefvaders is meestal onbetrokke en verwyderd en bied geringe ondersteuning met betrekking tot kinderopvoeding, terwyl sommige wel aktief betrokke raak. Die rede vir die optrede van die verwyderde, onbetrokke stiefvader is gebaseer op die onsekerheid van sy rol in die gesin, oortuigings dat kinderopvoeding die vrou se taak is en onkunde ten opsigte van kinders en opvoeding wat resulteer in ongemaaklike interaksie met die kinders (Coleman & Ganong, 1991; Lawton & Sanders, 1994). Die band tussen die moeder en haar kinders is meestal so sterk, veral na 'n traumatiese egskeiding, dat dit die stiefvader se pogings tot skakeling met die kinders uitsluit.

In gevalle waar die stiefvader nie geïnteresseerd is in of betrokke is by sy stiefkinders nie, gebeur dit soms dat die kinders juis moeite doen ten einde hom tevrede te stel en sy aandag te kry. Wanneer die stiefvader steeds geen belangstelling of betrokkenheid toon nie voel die stiefkinders waardeloos en ongewaardeerd. In ander soortgelyke omstandighede ignoreer sommige stiefkinders 'n onbetrokke stiefvader en smee as gevolg hiervan 'n sterker band met hul moeders (Coleman & Ganong, 1991). Stiefkinders gebruik soms hierdie situasie om hul sin te kry.

Party stiefvaders beskou hulleself as redders ("rescuers") en raak betrokke by 'n tweede huwelik juis vanweë die kinders. Hierdie stiefvaders word gemotiveer deur die begeerte om die moeder en haar kinders se lewe te verbeter. Ander stiefvaders se oormatige betrokkenheid kan toegeskryf word aan skuldgevoelens wat sentreer om

hul onvermoë om vir hul eie nie-inwonende kinders die ouer te wees wat hulle meen hulle behoort te wees (Coleman & Ganong, 1991).

'n Aantal stiefvaders handhaaf die opinie dat die manlike figuur in die huisgesin in beheer moet wees, of dat die kinders reggeruk moet word ten einde verantwoordelike lede van die samelewing te word. Hierdie stiefvaders word as oormatig beperkend beleef en gevolglik deur hul stiefkinders in 'n negatiewe lig beskou en selfs gevrees. Adollesente rebelleer veral teen 'n stiefvader se pogings om hulle te beheer, wat resulteer in gesinsprobleme en spanning (Coleman & Ganong, 1991).

Die kwaliteit van die huweliksverhouding het 'n verdere invloed op die stiefvader se verhouding met sy stiefkinders. Die stiefvader-stiefkind-verhouding word nie nadelig beïnvloed deur die stiefkinders se kontak met hul eie vader nie (Robinson, 1991). Die rede hiervoor is eerstens dat die kinders se kontak met hul biologiese vader na 'n egskeiding oor die algemeen afneem, en tweedens dat stiefvaders en biologiese vaders minder kontak met mekaar het en minder deur mekaar bedreig word as in die geval van stiefmoeders en biologiese moeders. Die stiefvader vul waarskynlik die vakuum wat deur die biologiese vader agtergelaat is (Cherlin & Furstenberg, 1994). Tieners word dus minder aan kompetisie, konflik en jaloesie tussen die twee manlike partye blootgestel (Nielsen, 1996). Dit blyk verder dat kinders gemakliker voel met 'n stiefvader as met 'n stiefmoeder en dat stiefkinders nader aan 'n stiefvader is indien hy nie biologiese kinders van sy eie het nie (Nielsen, 1996).

3.3.6 Stiefmoedergesinne

Alhoewel die meeste adollesente nie saam met hul stiefmoeders woon nie, wil dit voorkom of die kwaliteit van die verhouding deur drie primêre faktore beïnvloed word: ten eerste die samelewing se opvattinge aangaande moederskap, tweedens die biologiese moeder se gesindheid teenoor die stiefmoeder en derdens die volwassenes se konflikte betreffende geldsake (Nielsen, 1996). Die stiefmoeder word gekonfronteer met die negatiewe stereotiepe mites wat stiefmoeders as boos, wreed en kil uitbeeld. Hierdie negatiewe konnotasies belemmer die gesin se aanpassing by die nuwe situasie (Coleman & Ganong, 1991). Vanweë die seldsaamheid van stiefmoedergesinne is die beskikbaarheid van sosiaal aanvaarbare rolomskrywings gebrekkiger as in die geval van stiefvaders. Fine en Schwebel (1991, p. 8) stel die dilemma soos volg:

With fewer role models to observe in both their personal lives and in the mass media, stepmothers will experience greater role ambiguity, a greater

likelihood of having cognitions that conflict with other family members, and greater stress.

Die kognisies van die stiefkinders vererger die stiefmoeder se spanning deurdat kinders sukkel om lojaliteit teenoor twee moeders te aanvaar. Die biologiese moeder behou meer intieme kontak met haar kinders as 'n biologiese vader, wat die ontwikkeling van 'n stiefmoeder-stiefkind-verhouding kniehalter. Kinders is meer geheg aan hul biologiese moeders as vaders, wat impliseer dat dit vir hulle kognitief moeiliker is om 'n stiefmoeder in die gesin te integreer. Stiefmoedergesinne begin gewoonlik anders as stiefvadergesinne. 'n Stiefmoedergesin word meestal voorafgegaan deur 'n bittere stryd om beheer en toesig, 'n gesinslewe gekenmerk deur vertroebelde gesinsverhoudings en 'n biologiese moeder wat nie in staat is tot effektiewe enkelouerskap nie. Die kinders uit hierdie omstandighede betree dus die stiefgesin met disfunksionele kognisies (Fine & Schwebel, 1991).

Die samelewing verwag tradisioneel van vroue om verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging en vertroeteling van kinders (MacDonald & DeMaris, 1996). Hierdie verwagtinge verhoog die spanning wat stiefmoeders by gebrek aan riglyne en ondersteuning met betrekking tot ouerskap ervaar. Die stiefmoeder is meer betrokke by die stiefkinders wat meer geleenthede vir konflik meebring. Onrealistiese verwagtinge van die huweliksmaat strem die nuwe stiefmoeder verder indien daar van haar verwag word om 'n voltydse moeder vir die kinders te wees. Sommige stiefmoeders hanteer hierdie uitdagings deur soos 'n biologiese moeder vir al die kinders te funksioneer, terwyl ander probeer om intiemer en hegte met hul eie kinders as met die stiefkinders te verkeer. Sommige stiefmoeders onttrek hulle en word toenemend minder responsief teenoor hul eie kinders (Fine & Schwebel, 1991). Wanneer 'n nuwe biologiese kind tot die gesin toegevoeg word, ervaar die stiefmoeder intense konflik tussen die rol van stiefmoeder en dié van biologiese moeder, veral indien dit die moeder se eerste biologiese kind is. Sommige stiefmoeders raak ongeduldig met die voortdurende teenwoordigheid van die stiefkinders en beskou hulle as struikelblokke in die nuwe gesin sowel as indringers in die intimiteit wat hulle met 'n nuwe biologiese kind begeer (MacDonald & DeMaris, 1996).

Die toekenning van beheer en toesig aan die biologiese vader na 'n egskeiding is steeds betreklik seldsaam en vind hoofsaaklik plaas in gevalle waar die moeder in sommige opsigte disfunksioneel is, byvoorbeeld in gevalle van alkoholisme en kindermishandeling. Indien die vader 'n beherende, kwaadwillige tipe persoon is, kon hy moontlik aangedring het op beheer en toesig in 'n poging om sy gewese vrou te

straf. Teen hierdie agtergrond is die skep van 'n suksesvolle stiefmoedergesin uiters moeilik (Coleman & Ganong, 1991). 'n Verdere problematiese situasie bestaan in gevalle waar die stiefmoeder 'n eerste huwelik betree, kinderloos is en verkies om haar gade se vorige lewe te ignoreer deur kontak met die kinders te verminder of heeltemal te elimineer (Coleman & Ganong, 1991).

Die adolessent se houding teenoor die stiefmoeder word daadwerklik beïnvloed deur die biologiese moeder se gevoelens en gedrag oor die hertrou. Indien die biologiese moeder ongelukkig is en die kinders negatief ten opsigte van die stiefmoeder beïnvloed, word die moontlikheid om 'n verhouding met die stiefmoeder te ontwikkel belemmer. Die biologiese moeder vergemaklik die proses aansienlik indien sy haar kinders daarvan verseker dat die aanvaarding van die stiefmoeder nie dislojaliteit en verraad impliseer nie (Nielsen, 1996). Werkende biologiese moeders wat alreeds 'n inkomste voor die egskeiding verdien het, is meer ondersteunend teenoor die stiefmoeder as voltydse tuisteskeppers. Een van die redes hiervoor is dat die werkende biologiese moeder meer geneig is om oor ander belangstellings en bronne van selfesteem te beskik as bloot haar kinders, wat in die proses die stiefmoeder 'n minder bedreigende figuur maak. Stiefmoeders bou eerder intiemere verhoudings met hul stiefdogters as met hul stiefseuns op. 'n Biologiese moeder ervaar hierdie verhoudings dikwels as bedreigend, wat daartoe lei dat sy haar tieners ontmoedig om vriendskappe te sluit met hul stiefmoeder en haar lief te hê (Martin *et al.*, 1992; Nielsen, 1996).

Adolessente se biologiese moeders lewer kritiek op die stiefmoeders se optrede, en dit verwar hulle soms. Indien die stiefmoeder "te min doen" vir die stiefkinders word sy as onbetrokke en kil bestempel; indien sy "te veel doen" word sy daarvan beskuldig dat sy die grense oortree. Wanneer sy vrygewig is en haar stiefkinders bederf, word sy aangekla van omkoperij. In gevalle waar die stiefmoeder eie kinders het, word sy gekritiseer ten opsigte van voortrekkery. Indien sy kinderloos is, beeld die biologiese moeder haar soms uit as iemand wat nie van kinders hou nie, nie weet hoe om met kinders oor die weg te kom nie of te ambisieus en beroepsgeoriënteerd is om 'n liefdevolle stiefmoeder te wees. In verskeie gevalle gebeur dit dat namate die adolessent meer geheg raak aan die stiefmoeder, die biologiese moeder meer vyandig raak teenoor haar gewese man en sy nuwe vrou (Nielsen, 1996).

Voortdurende finansiële konflik tussen die biologiese en stiefmoeder veroorsaak addisionele stres by die adolessent. Tieners hoor gereeld die een, of albei, kla oor mekaar se proporsie van die vader se geld. Sommige biologiese moeders kla by hul

tiensers dat die stiefmoeder en haar kinders aanspraak maak op die adolescent se studiegeld en erflating. Tieners word soms deur hul biologiese moeders onder die indruk gebring dat hul vader en stiefmoeder nie geregtig is op 'n hoër lewenstandaard nie, selfs al is die biologiese moeder finansiële goed versorg en al kom die vader sy onderhoudsooreenkoms ten volle na. Verder word tieners blootgestel aan die klagtes van stiefmoeders betreffende die onderhoudsgeld aan die biologiese moeder. Kinders beland soms in die middel van finansiële oorloë wanneer daar 'n tekort aan geldelike hulpbronne is (Martin *et al.*, 1992; Nielsen, 1996). Vanweë die aard van die struikelblokke waarmee die adolescent se stiefmoeders gekonfronteer word, voel die meerderheid stiefmoeders meer ongewaardeerd, gespanne en gekritiseer as stiefvaders (Nielsen, 1996).

3.3.7 Lojaliteitskonflikte

Adolescente word gekonfronteer met meervoudige lojaliteitskonflikte na die egskeiding van hul biologiese ouers en die daaropvolgende hertroues (Robinson, 1991). Hierdie lojaliteitskonflikte spruit voort uit die kind se binding met en gehegtheid aan beide ouers (Bray, 1995). Visher en Visher (1979, p. 166) verduidelik die situasie soos volg: "The fact that a child is part of two parents underlies the strong feelings of being split apart which most children feel at the time of a divorce." Die meeste kinders kies kant tussen die ouers vanweë die owerste en kovert konflik tussen hulle. Die kind "kies" dus waar hy sy lojaliteit en affeksie gaan plaas. Kinders kies gewoonlik die kant van die toesighoudende ouer by wie hulle woon. Aangesien moeders gewoonlik beheer en toesig oor hul kinders verkry, beteken dit dat die kind na afloop van die egskeiding begaan is oor die moeder se emosionele pyn en behoeftes. Hy of sy het terselfdertyd die behoefte aan 'n verhouding met die ander ouer wat lei tot 'n verskeurdheid van emosies. Wanneer die ouers hertrou, word hierdie konflik waarskynlik vir die kind hewiger (Visher & Visher, 1979).

Die situasie raak meer gekompliseer wanneer 'n stiefgesin tot stand kom. Kinders is soms van mening dat hul aanvaarding van 'n stiefouer die versaking van 'n biologiese ouer impliseer (Visher & Visher, 1996). As gevolg hiervan is hulle soms bang om uiting aan hul genot betreffende die nuwe huis of tyd saam met 'n stiefouer te gee. Die verwerping van 'n stiefouer het in verskeie gevalle niks met die persoonlike eienskappe van die stiefouer te make nie, maar is eerder gebaseer op die kind se innerlike lojaliteitsstryd (Seymour *et al.*, 1995). Lojaliteitskonflikte plaas onnodige stres op die stiefkinders en kan resulteer in sosiale en psigologiese versteurings (Fine *et al.*, 1991). Kinders gee op verskeie wyses uiting aan hul lojaliteitskonflikte, onder andere deur toenemende gedragsprobleme, onttrekking, depressie en ontwortelings in

die ouer- of stiefouerverhoudings (Bray, 1995). 'n Aantal kinders onttrek of argumenteer met die stiefouer na 'n besoek aan die nie-toesighoudende biologiese ouer. Hierdie gedrag hou waarskynlik verband met die lojaliteitskonflikte waarmee die kind worstel eerder as met die biologiese ouer se inmenging (Bray, 1995).

Die afsterwe van 'n ouer bring ook unieke lojaliteitskwessies mee. Kinders is geneig om aan hul herinneringe van die ouer te kleef wat soms tot 'n idealisering van daardie ouer lei. Enige nuwe verhoudings wat die ander biologiese ouer probeer aanknoop, word deur die kinders as dislojaal teenoor die oorledene bestempel. Wanneer die biologiese ouer hertrou, beëindig hy of sy die vorige huwelik finaal wat die kinders moontlik vertolk as 'n gebaar dat die ouer nie werklik omgee het vir die oorlede ouer nie (Visher & Visher, 1982). Kinders is soms bevrees dat die stiefouer die oorledene in sy afwesigheid sal vervang. 'n Verdere problematiese aspek sentreer om geld en erflating. Die betreding van 'n nuwe persoon impliseer veranderinge in die status quo met betrekking tot dit wat aan die oorledene behoort het en aan sy gesin nagelaat is. Indien die stiefouer en biologiese ouer sou besluit om byvoorbeeld 'n nuwe woning te bekom, beïnvloed dit die adolessent ten opsigte van seggenskap en geldelike voordele. Bitterheid ontstaan wanneer die adolessent meen dat die nuwe stiefouer hom van sy bekende omgewing en erforsie beroof (Visher & Visher, 1982). Die verwydering van die oorledene se besittings en sy vervanging deur die stiefouer in gesinsrituele vererger die verlies wat ervaar word. In geskeide gesinne ervaar die kind steeds die bekendheid van die bepaalde ouer, hoewel in 'n ander huishouding. Indien die ouer oorlede is, is die verlies permanent. Die hertroue van weduwees en wewenaars behels dus lojaliteitskwessies wat stremmender vir adolessente kan wees as in die geval van egskeiding (Visher & Visher, 1979).

3.3.8 Woede

Adolessente ervaar soms intense woede oor die verliese wat hulle ervaar het sonder dat hulle enige beheer daarvoor gehad het. Boonop woon hulle in 'n gesin gekompliseer met nuwe verhoudingspatrone wat weereens nie hul keuse was nie, maar die van hul ouers. Hierdie kinders word blootgestel aan emosies wisselend tussen frustrasie, hartseer, vrees en jaloesie. Die verwarring wat hierdie gemengde emosies meebring, resulteer soms in woede. Die woede kan gerig word: teen die nie-toesighoudende ouer ten opsigte van afwesigheid en ongereeelde besoeke, wat die "verwerping" van die toesighoudende ouer deur die nie-toesighoudende ouer insluit; teen die toesighoudende ouer vir die troubreuk met die nie-toesighoudende ouer, wat die verlies van 'n bekende omgewing veroorsaak het, indien die hertroue 'n verhuising meegebring het; of teen die stiefouer wat die nie-toesighoudende ouer se

plek ingeneem het en met wie die biologiese ouer gedeel moet word (Berger, 1994; Seymour *et al.*, 1995).

Die woede wat adolessente veral teenoor hul moeders ervaar, belemmer hul aanpassing by die stiefgesin (Fine *et al.*, 1991). Indien onopgeloste woede aangaande die ouers se egskedding teenwoordig is, verhinder dit die adolessent se aanpassing by die stiefgesinsituasie verder (Visher & Visher, 1987).

3.3.9 Skuldgevoelens

'n Groot aantal kinders ervaar diepliggende skuldgevoelens deurdat hulle daarvan oortuig is dat hulle hul biologiese ouers se egskedding veroorsaak het. Hierdie skuldgevoelens lei soms tot wangedrag weens die kind se woede teenoor homself (Robinson, 1991). In 'n tweedehuwelikgesin dra kinders soms 'n swaarder skuldlas en kommer dat hul gedrag tot 'n tweede egskedding sal bydra. Die stremmende stiefouer-stiefkind-verhouding in 'n tweedehuwelikgesin bied gevolglik 'n realistiese basis vir die skuldgevoelens (Visher & Visher, 1979). Skuldgevoelens verteer 'n kind wanneer hy dislojaal voel teenoor 'n biologiese ouer op grond van sy aanvaarding van 'n stiefouer. Hierdie skuldgevoelens dra verder by tot negatiewe gedrag teenoor die betrokke stiefouer (Seymour *et al.*, 1995).

3.3.10 Vrees

Kinders handhaaf die oortuiging dat hul gesinne die een aspek in hul lewe is wat konstant sal voortbestaan. Wanneer die dood van 'n ouer of 'n egskedding hierdie gesinseenheid vernietig, word kinders wreed ontnugter. Die ingrypende verlies skend hul vertroue in volwassenes, insluitend hul ouers. Die vrees dat alle verhoudings sal misluk en dat 'n tweede gesin verlore kan raak, bemoeilik die skep van 'n band tussen die kind en sy stiefgesinslede (Robinson, 1991). Kinders is verder bekommerd dat die nuwe stiefouer nie van hulle hou nie en hulle as gevolg daarvan sal verwerp. Party kinders is bekommerd dat hul biologiese ouer ook van hulle sal "skei". 'n Hertroue gepaardgaande met die biologiese ouer se sigbare verdeling van haar liefde en aandag tussen hulle en haar nuwe stiefkinders intensiveer die kind se vrees vir verlating (Seymour *et al.*, 1995).

3.3.11 Stiefsibbe

Die betreding van 'n stiefgesin impliseer in verskeie gevalle die insluiting van kinders uit elke ouer se vorige huwelik. Die teenwoordigheid van stiefsibbe het 'n belangrike invloed op die adolessent se aanpassing by die stiefgesin. Stiefsibbe het 'n diepgaande invloed op mekaar in die stiefgesin. Hulle vervul verskeie funksies,

naamlik identifikasie, beskerming van ouers en ander, wedersydse gedragsregulering, sosialisering, ondersteuning en die ruil van direkte dienste (Ganong & Coleman, 1993a). 'n Verskeidenheid verhoudings bestaan tussen stiefkinders. Kinders verwerf stiefsibbe met die hertroue en kan gedurende die huwelik later addisionele half-sibbe bykry. Stiefkinders woon voltyds of deelyds saam met 'n kombinasie van sibbe, stiefsibbe en half-sibbe (Ganong & Coleman, 1993a).

Die oorgang na 'n nuwe kindersisteem in 'n nuutgestigde stiefgesin vereis groot aanpassings van die kinders betrokke by die proses. Die kinders deel nie net hul woonruimte nie maar ook hul ouers wat aanleiding gee tot wedywering ("sibling rivalry") (Du Plessis, 1993). Wedywering tussen kinders is 'n sentrale deel van elke gesin en spruit voort uit die opvatting dat geen ouer elke kind ewe lief kan hê nie en die vrees dat die ouer se liefde sal opraak. Met die toevoeging van elke nuwe gesinslid glo kinders dat daar minder liefde beskikbaar is vir hulle. In stiefgesinne woon kinders saam sonder dat hulle deur bande van bloed of liefde verbind is (Du Plessis, 1993). Daar word van hulle verwag om mekaar lief te kry en as hul nuwe broers en susters te aanvaar.

Wedywering tussen stiefkinders handel grootliks oor gelykwaardigheid. Ouers hanteer normaalweg konflik tussen kinders en die gepaardgaande straf so regverdig en gelyk moontlik. In stiefgesinne word hierdie gelykwaardigheid in die war gebring deur die teenwoordigheid van biologiese lojaliteit by die ouers. Nuwe stiefouers poog om regverdig op te tree, maar vind dit uiters moeilik vanweë die spesiale gehegtheid aan hul eie kinders. Stiefkinders voel op hul beurt dat hulle alleenreg het op hul biologiese ouer se liefde en dat die stiefsibbe geen reg op 'n gedeelte daarvan het nie. Selfs in gevalle waar die ouers al die kinders gelykwaardig behandel, kom wedywering steeds voor juis as gevolg van die biologiese kind se oortuiging dat die stiefsibbe geen reg op hul ouer se liefde het nie (Beer, 1988).

Wedywering vind ook plaas wanneer die een gedeelte van die gesin die ander se lewensruimte betree. Die kinders sal voortdurend voel dat die stiefsibbe hul territorium binnegedring het en nie daar hoort nie (Du Plessis, 1993). Die stiefsibbe wat hul lewensruimte verlaat het, voel nooit werklik tuis in die ander kinders se bekende lewensruimte nie (Beer, 1988). Die toetrede van stiefsibbe verg verskeie aanpassings betreffende persoonlike leefruimtes. Slaapkamers en klerekaste moet gedeel word wat die kinders se privaatheid beperk en vereis dat hulle teen hul sin opofferings moet maak (Capaldi & McRae, 1979). Hierdie veranderings benodig tyd en ruimte en kan vir die adolessent wat na privaatheid smag, traumaties wees. Die

besoekende stiefkind wat slegs deelyds in die gesin woonagtig is, benodig ook 'n spesiale ruimte ten einde nie altyd soos 'n besoeker te voel nie. Volgens Du Plessis (1993) kan gesinne nie altyd bekostig om 'n permanente ruimte vir besoekende kinders in te rig nie en kan die besoeke as 'n (gereelde) inbreuk op die leefruimte van die inwonende kinders beleef word. Indien die biologiese ouer inkonsekwent teenoor sy besoekende biologiese kinders en stiefkinders optree, vanweë moontlike skuldgevoelens teenoor die biologiese kinders, gaan dit nie ongemerk by die inwonende stiefkinders verby nie, maar vererger eerder die reeds bestaande wedywering tussen mekaar (Du Plessis, 1993). Kinders wat tussen twee of meer huishoudings beweeg, het dit nodig dat een van die wonings hul tuisbasis verteenwoordig en 'n konsekwente, stabiele tuisstruktuur skep. Wanneer ouers gereeld toesig en beheer verwissel, voel die kind dat hy geen ware huis het nie en leer nooit om suksesvol in een omgewing aan te pas nie (Capaldi & McRae, 1979). Die normale wisseling tussen die twee biologiese ouerhuishoudings impliseer heroriëntasie wat verwys na die kind se psigologiese voorbereiding van homself, voordat hy die huishouding verlaat, ten opsigte van die huishouding waarna hy volgende gaan. Wanneer die kind terugkeer, raak hy geleidelik weer rustiger en in beheer. Heroriëntasie vind dus plaas ten opsigte van elke huishouding en situasie. Verskeie stiefouers en ouers herken hierdie verskynsel en beskryf die ure voor en na 'n besoek as onvoorspelbaar maar tog verstaanbaar (Capaldi & McRae, 1979).

Wedywering tussen stiefsibbe spruit ook voort uit ekonomiese faktore. Dit is waarskynlik dat die twee oorspronklike gesinne uit verskillende ekonomiese en sosiale agtergronde kom. Die verskille in die finansiële voorspoed van die ouers en grootouers resulteer in die ongelyke verspreiding van rykdom tussen die kinders in die stiefgesin wat tot addisionele jaloesie in die bestaande stremmende verhoudings bydra. Kinders vergelyk hulself voortdurend met mekaar. Die gelykwaardige hantering van hierdie situasie word bemoeilik deur die feit dat die oorsaak van die twispunt buite die gesin geleë is (Beer, 1988).

Die veranderde gesinsgrootte beïnvloed die kind se sibbe-posisie in die nuwe gesin. Dit wat 'n gegewe is, geld nie meer nie. 'n Oudste kind word skielik 'n middelste kind en 'n jongste kind 'n ouer kind (Capaldi & McRae, 1979). Volgens Du Plessis (1993) kan die nuwe gesinsamestelling die kind sy posisie in die gesin, tesame met die voorregte en verantwoordelikhede daaraan verbonde, ontnem. Vir ouer kinders is die verplasing en gepaardgaande verwarring soms erger (Visher & Visher, 1979). Die kinders verloor hul rolstatus gekoppel aan die sibbe-posisie, en dit gee aanleiding tot hartseer, woede, wrok en jaloesie. Adollesente word soms blootgestel aan ouer

kinders wat van hulle verwag om 'n kinderstatus te aanvaar wat inhiberend ten opsigte van hul identiteitsverwerwing is (Du Plessis, 1993). Ouer kinders wat nie gewoon is aan 'n huisgesin met klein kindertjies nie, kan hulle as 'n lastige ergernis beleef wat tot groot frustrasie kan lei. Adolessent wat meer prysgee in die stiefgesin as in hul eerstehuwelingsgesin ontwikkel 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die stiefgesin. As gevolg hiervan onttrek hulle hul aan die gesin deur eerder met die portuurgroep om te gaan. Stiefsibbe kom oor die algemeen beter met mekaar oor die weg as stiefkinders met hul stiefouers. 'n Moontlike verklaring hiervoor is geleë in die meer realistiese verwagtinge van die verhoudings tussen stiefsibbe (Visher & Visher, 1979). Volgens Ganong en Coleman (1993a) is die teenwoordigheid van stiefsibbe eintlik 'n groter probleem vir die ouers as vir die betrokke kinders.

3.3.12 Konflik

Die gesinskonglik-hipotese (Demo & Acock, 1996) voorspel dat adolessente wat aan intense interouerlike konglik en ouer-adolessent-konglik blootgestel word, meer aanpassingsprobleme en akademiese struikelblokke sal beleef as die adolessent in 'n gesin waar minder konglik teenwoordig is (Demo & Acock, 1996; Schaeffer & Borduin, 1999). Voortdurende gesinskonglik korreleer met 'n toename in gedragsprobleme en ontoereikende aanpassing by adolessente (Bray, 1992). Volgens Brown *et al.* (1990) beskou adolessente konglik tussen hul biologiese ouers as 'n primêre stressor vir die stiefgesin. Ochiltree (1990) is van mening dat meer konglik tussen stiefgesinslede bestaan as tussen lede van beide intakte en enkelouergesinne, en dat hierdie konglik die biologiese en stiefouer insluit. Gesinskonglikte soos gereelde onenigheid en meningsverskille met ouers, ouerlike aggressie, huwelikskonglik en konglik tussen moeders en nie-toesighoudende vaders beïnvloed die adolessent konsekwent nadelig. Fine *et al.* (1991, p. 433) stipuleer dat: "Parental conflict, at least in terms of children being aware that parents often disagree in child-rearing decisions, can have detrimental effects on children." Die selfkonsep van kinders in stiefgesinne word die meeste beïnvloed deur gesinskonglik (Ochiltree, 1990). Die aanwesigheid van owerkonglik is vir 'n groot aantal adolessente in geskeide en stiefgesinne roetine in hul lewe en alomteenwoordig. Verskeie adolessente verduur steeds die dralende gevolge van die volgehoue huweliksonmin wat die egskeiding voorafgegaan het, sowel as die gepaardgaande gesinsprosesse van inkonsekwente ouerskap, intergadelike aggressie, ouer-kind-aggressie en die verbrokkeling van ouer-kind-verhoudings (Demo & Acock, 1996; Nicholson *et al.*, 1999). Hierdie problematiek word verveelvuldig deur die hardnekkige postegskeidingspanning en vyandigheid tussen die ouers wat die adolessent voortdurend betrek by die konglik en veroorsaak dat hy in die middel vasgevang word. Die adolessent ervaar druk weens sy pogings om 'n

ouer se kant te kies wat uitloop op stremmende lojaliteitskonflikte. Die diverse manifestering van gesinskonflik het dus 'n nadelige invloed op die adolessent se algemene welsyn (Demo & Acock, 1996; Seiffge-Krenke, 1999).

Die navorsing van Demo en Acock (1996) toon dat adolessente in stiefgesinne die hoogste vlakke van moeder-adolessent-onenigheid ervaar, die laagste vlakke van moeder-adolessent-interaksie en materne supervisie, asook die laagste vlakke van sosio-emosionele en globale welstand. Die akkuraatste voorspeller van adolessentwelstand is geleë in die mate van onenigheid tussen die moeder en haar adolessent. Die moeder-adolessent-diade het die grootste invloed op die gedrag en akademiese prestasie van die adolessent. Die mate van interaksie en ondersteuning van die moeder ten opsigte van haar kind lewer meer positiewe resultate en 'n verhoging in akademiese prestasie.

Indien die moeder se tweede huwelik gelukkig is, word die huweliksgeluk geassosieer met 'n toename in die adolessent se globale welsyn (Bray & Berger, 1993; Demo & Acock, 1996). Meer suksesvolle huwelike gepaard met minder negatiewe as positiewe ouer-kind-interaksies hou verband met 'n afname in die adolessent se gedragsprobleme en 'n toename in sy prososiale gedrag en aanpassing (Bray, 1992). 'n Teenstrydigheid bestaan egter deurdat 'n intieme, hegte huweliksverhouding in 'n stiefgesin soms geassosieer word met hoër vlakke van konflik by die stiefkinders teenoor beide biologiese en stiefouers. Hierdie situasie kom veral voor in die geval van dogters wie se moeder-kind-verhouding en rolstatus deur die stiefvader bedreig word (Robinson, 1991).

3.3.13 Kommunikasie

Die stiefouer-stiefkind-verhouding word dikwels gekenmerk deur overte en vyandige gesinskonflik gepaard met 'n gebrek aan direkte, openlike uitdrukking van gevoelens en opinies (Brown *et al.*, 1990). Wanneer die kompleksiteit van 'n stiefgesin in ag geneem word, blyk dit duidelik dat goeie kommunikasievaardighede deurslaggewend vir effektiewe stiefgesinsfunksionering is. Ontoereikende ouerlike kommunikasie en meervoudige gesinstressors lewer 'n bydrae tot die voorkoms van gedragsprobleme by kinders in stiefgesinne (Lawton & Sanders, 1994). Verbeterde kommunikasie tussen die stiefouer en -kind fasiliteer positiewe interaksie en reflekteer verhoogde assertiwiteit, hartlikheid en betrokkenheid wat bydra tot die aanpassing en prososiale gedrag van kinders (Bray, 1992).

3.3.14 Selfesteem

Selfesteem verwys na die adolessent se evaluasies van homself wat kan wissel tussen positiewe en negatiewe evaluasies. Adolessente formuleer tesame met hul ouers en portuurgroep 'n siening van hulself, van ander en van die buitewêreld. Adolessente met 'n hoë selfesteem hanteer teenspoed beter en is meer onafhanklik, ondersoekend en selfgeldend as dié met 'n lae selfesteem wat op hul beurt meer konformerend, gehoorsaam en betreklik passief is (Ochiltee, 1990). Die verhouding tussen 'n kind se selfesteem en die ouer-kind-verhouding is stewig gevestig in intakte gesinne, waar 'n toename in die positiwiteit van die verhouding 'n verhoging van die selfesteem meebring (Capaldi, Forgatch & Crosby, 1994; Thompson & Zuroff, 1999). Die omgekeerde vind plaas waar die kind se selfesteem afneem in die teenwoordigheid van ouerlike druk en outoritarisme. Die selfesteem van kinders in stiefgesinne is laer as dié van kinders in intakte gesinne, alhoewel die omvang van die verskille tussen beide gering is (Ganong & Coleman, 1993b). Vaders beïnvloed die selfesteem van hul dogters meer as moeders. Dogters wat meer ondersteuning van hul vaders kry en meer met hom identifiseer, beskik oor 'n hoër selfesteem asook oor 'n groter mate van onafhanklikheid en sukses (Haberstroh *et al.*, 1998).

Adolessentselfesteem word geassosieer met ouerlike ondersteuning, vertroeteling, inligtinguitruiling en die gereflekteerde waardering van belangrike ander persone (Ochiltee, 1990). Die teorie oor gereflekteerde waardering ("theory of reflected appraisal") stipuleer dat "adolescents come to see themselves as they perceive others see them" (Haberstroh *et al.*, 1998, p. 163). Die teorie postuleer verder dat ouers hul houdings aangaande hul kind se inherente waarde deur middel van hul interaksie met die kind oordra. Die teorie suggereer ook dat die adolessent se selfesteem moontlik meer afhanklik is van die gereflekteerde waardering van die ouer van die teenoorgestelde geslag as die ouer van dieselfde geslag, juis omdat heteroseksuele adolessente se belangstelling in die teenoorgestelde geslag op die voorgrond tree (Haberstroh *et al.*, 1998). In stiefvadergesinne hou die stiefvader se waarneembare ouerskap dus meer verband met die dogter se selfesteem as wat haar moeder se gedrag dit doen. Stiefkinders se selfkonsep is meer verwant aan hul evaluasie van die stiefvader as aan hul evaluasie van die biologiese moeder (Parish & Copeland, in Haberstroh *et al.*, 1998). Stiefdogters beskik oor 'n hoër selfesteem in gevalle waar positiewe verhoudings met die stiefvader gehandhaaf word (Bray, 1992).

Die waarneembare ouerskap en besoeke van die nie-toesighoudende vader toon nie 'n verband met die selfesteem van die adolessentdogter nie. 'n Moontlike verklaring

hiervoor is dat nie-toesighoudende vaders aansienlik vinnig hul invloed op hul kinders verloor, veral ten opsigte van dogters, aangesien geskeide vaders meer geneig is om met hul seuns kontak te behou. Die stiefvader speel dus 'n sentrale rol by die ontwikkeling van sy stiefdogter se selfbeeld (Haberstroh *et al.*, 1998).

Soos gemeld, beïnvloed die stiefvader se ouerskapstyl die stiefdogter se selfsteem in 'n groter mate as dié van haar moeder. Die tienerdogter se selfsteem word verhoog wanneer die stiefvader liefdevol en aanvaardend optree, begaan is oor haar gevoelens, haar geselskap geniet, die geldigheid van haar opinies erken, haar aanmoedig om haar vrylik uit te druk, ontvanklik te wees en gebruik te maak van kritiese denkvaardighede. Die moeder in die stiefgesin bevorder haar dogter se selfsteem deur verskeie negatiewe aspekte van ouerskap uit te skakel. Die invloedrykste negatiewe aspekte is streng kontrole en vyandige beheer, wat die voortdurende afdwing van en herinnering aan reëls sowel as die kontrolering ("monitoring") van die adolessent te alle tye insluit (Haberstroh *et al.*, 1998). Verdere negatiewe aspekte sluit in "expressing dissatisfaction with everything the adolescent does, telling her that she is a big problem, and controlling through accusation, guilt, and psychological withdrawal" (Haberstroh *et al.*, 1998, p. 171). Die moeder en stiefvader se vyandigheid en negatiewe kritiek teenoor die nie-toesighoudende vader dra moontlik by tot die seun se lae selfsteem vanweë sy identifikasie met sy biologiese vader (Bray & Berger, 1993).

3.3.15 Aanpassings- en gedragsprobleme

Adolessente in stiefgesinne word op twee wyses benadeel. Ten eerste is hulle vir 'n periode woonagtig in 'n enkelouergesin na die egskeiding van hul biologiese ouers. Hulle word heel waarskynlik nadelig beïnvloed deur al die gesinsontwrigtinge en voortdurende afname in ouerlike interaksie, kontrole en ondersteuning wat die totstandkoming van die stiefgesin voorafgaan en hul kwesbaarheid ten opsigte van swak psigososiale aanpassing verhoog (Nicholson *et al.*, 1999). Ten tweede postuleer die sistemiese gesinsteorieë dat die verblyfreëlings van 'n stiefgesin kompleks en stresvol is, veral vir stiefouers en stiefkinders. Die kontak met die nie-toesighoudende ouer neem af en die betreding van 'n stiefgesin verminder verder die waarskynlikheid dat die bande behoue sal bly (Bray, 1995). Uit die literatuur word die gesinsamestellinghipotese gestel wat suggereer dat adolessente, in huishoudings waar beide die biologiese ouers nie aanwesig is nie, meer aanpassings- en akademiese probleme vertoon (Demo & Acock, 1996; Nicholson *et al.*, 1999).

Volgens Ganong en Coleman (1993b) hou gesinsontwrigting verband met gedragsprobleme by kinders. Adolescente wat minder as twee jaar in die stiefgesin woonagtig is, toon toenemend gedragsprobleme. Die gedragsprobleme by seuns neem wel later af terwyl die dogters, selfs na 'n periode van twee jaar, voortdurend gedrags- en geïnternaliseerde probleme soos depressie, buierigheid en onttrekking aan die portuurgroep toon (Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999; Robinson, 1991). Bray (1995) wys daarop dat stiefkinders 'n groter risiko loop ten opsigte van die ontwikkeling van psigologiese probleme en dat hulle meer gebruik maak van gesondheidsdienste as kinders uit intakte biologiese gesinne. Hulle blyk ook 'n groter risiko te loop om gesondheidsprobleme en toevallige beserings op te doen (Lawton & Sanders, 1994).

Kinders in stiefgesinne is meer geneig om antisosiale probleemgedrag soos nie-inskiklikheid, aggressie en substansmisbruik, probleme met betrekking tot sosiale verhoudings en vaardighede asook geïnternaliseerde probleme soos angs, skuldgevoelens en depressie te ontwikkel as kinders in eerstephuwelikgesinne (Ganong & Coleman, 1993b). Stiefkinders lewer swakker skoolprestasies, toon meer skoolafwesighede en traagheid asook meer probleme met dissipline (Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999). Kinders in stiefvadergesinne blyk die meeste gedrags- en emosionele probleme te ondervind, gevolg deur toesighoudende moedergesinne en eerstephuwelikgesinne (Bray, 1995). Die verlies aan kontak met die nie-toesighoudende ouer manifesteer dikwels in meer gedragsprobleme, onttrekking en depressie.

Die stres wat die stiefouers ervaar weens swak gedefinieerde rolvoorskrifte, minder effektiewe probleemoplossing en kommunikasie sowel as die meer problematiese gesinsfunksionering, is verwant aan die gedragsprobleme van die stiefkinders (Fine & Schwebel, 1991). Verdere stiefouerstressors sluit in finansiële kommer, seksuele spanning teenoor die stiefkinders, probleme met dissipline en kwessies betreffende die biologiese kinders wat nie in die stiefgesin woonagtig is nie.

Die hertroue van ouers word geassosieer met adolescent se vervroegde seksuele aktiwiteit, huisverlating en staking van die formele skoolloopbaan (Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999). Stiefkinders, veral dogters, verlaat die huishouding op 'n vroeër ouderdom as kinders uit intakte of enkelouergesinne (Cooney & Mortimer, 1999). Stiefdogters wat saam met stiefsibbe gewoon het, verlaat die huishouding soms nog vroeër. Die spanning tussen die stiefouers en stiefkinders verteenwoordig een van die redes vir die vroeë huisverlating (Cherlin & Furstenberg, 1994).

3.3.16 Intergenerasiegrense

Die psigologiese en fisiese grense van stiefgesinne is minder duidelik as dié van intakte gesinne (Ochiltree, 1990). Demo en Acock (1996, p. 60) is van mening dat "family boundaries involving half-siblings, step-kin, and quasi-kin are ambiguous, and stepfamily members lack institutionalized guidelines and social support for their relationships". Die gaping tussen die realiteit van intensiewe stiefouer-stiefkind-betrokkenheid en die afwesigheid van 'n wetlike definisie van stiefverhoudings, gekombineer met 'n ouerlike verhouding wat die huwelik voorafgaan, lei tot onduidelike intergenerasiegrense in die gesin, veral waar twee of drie stiefkind teenwoordig is met 'n aansienlike ouderdomsverskil tussen die kinders van die vorige huwelik en die huidige (Berger, 1994). Dit is vir die stiefgesinslede belangrik om te weet wie is deel van die gesin en wie nie (Whitsett & Land, 1992). Die wete dat die ouerlike subsisteem stewig en apart is van die kindersisteem is ook belangrik (Kelley, 1992).

3.3.17 Handhawing van verhoudings met die nie-toesighoudende biologiese ouer

Stiefkinders het die behoefte daaraan om 'n afsonderlike band met die biologiese ouer te handhaaf wat onafhanklik van die verhouding met die stiefouer funksioneer (Kelley, 1992). Die kontak met die biologiese ouer beïnvloed die kind se aanpassing by die egskeiding en hertrou (Lawton & Sanders, 1994). Die stiefouer se oogmerk behoort nie die vervanging van die biologiese ouer te wees nie, maar eerder die ontwikkeling van 'n afsonderlike verhouding met die stiefkind. Die biologiese ouer word in die meeste gevalle aangemoedig om verantwoordelik te bly vir die dissiplinering van sy adolessente; ten minste in die beginfase van die stiefgesin.

3.3.18 Handhawing van verhoudings met die uitgebreide gesin

Die instandhouding van betekenisvolle verhoudings tussen die kind en sy uitgebreide gesinslede is 'n belangrike faktor ten opsigte van die kind se welsyn (Lawton & Sanders, 1994). Adolessente in nuutgevormde stiefgesinne poog om hul verhoudings met die biologiese ouers uit te klaar en om verhoudings met die stiefouer te probeer bewerkstellig, terwyl hulle terselfdertyd aandag op die ontwikkelingstake gemoeid met die verkryging van outonomie en onafhanklikheid moet vestig (Kennedy & Kennedy, 1993). Die adolessent se verhoudings met besorgde volwassenes buite die onmiddellike gesin bied ondersteuning en gerusstelling gedurende die oorgang na die stiefgesin (Myers, 1999). Die verhouding met die grootouers is een van die meer stabiele verhoudings in die adolessent se lewe. Kennedy en Kennedy (1993, p. 62) stel dit soos volg: "In the midst of the confusion and changes in the parent-child family situation, the sense of identity and security present in the grandparent/grandchild

relationship remained steadfast.” Die volgehoue instandhouding van die grootouerbande is dus noodsaaklik aangesien die grootouers aan die adolessent ‘n ondersteuningsstelsel bied en bystand verleen wanneer die adolessent byvoorbeeld sy posisie in die stiefgesin vrees of lojaliteitskonflikte ervaar (Henry, Ceglie & Ostrander, 1993).

3.4 Potensiële voordele vir die adolessent in ‘n stiefgesin

Uit die bespreking tot dusver is dit ooglopend dat adolessente wat stiefgesinne betree, met ‘n verskeidenheid probleme gekonfronteer word. Die betreding van ‘n stiefgesin hou in sommige gevalle wel ‘n paar voordele vir die betrokke tiener in. Volgens Nielsen (1996, p. 376) verbeter die lewe van die adolessent uit ‘n enkelouerhuishouding gewoonlik in ‘n stiefgesin; “most children do well or better in terms of their grades, social behavior, and peer relationships when their parent remarries”. Tieners in ‘n stiefgesin toon minder psigologiese en emosionele stres en is geneig om minder alkohol en dwelms te gebruik as tieners in enkelouerhuishoudings.

Coleman en Ganong (1991) identifiseer die volgende potensiële positiewe aspekte van die stiefgesin waaraan die adolessent blootgestel kan word.

- Stiefkinders leer om aan te pas by verskillende gesinsituasies met anderssoortige reëls en waardes wat hulle meer aanpasbaar ten opsigte van ander veranderinge maak. Stiefkinders leer dus om buigsaam te wees; “a characteristic sorely needed in our rapidly changing world” (Coleman & Ganong, 1991, p. 411).
- Stiefkinders word blootgestel aan meervoudige rolmodelle betreffende ouerskap waaruit hulle kan put wanneer hulle self ouerskap betree.
- Stiefkinders raak meer ervare ten opsigte van konflikhantering deurdat hulle leer om te onderhandel en positiewe verhoudings daar te stel met persone wat nie met ander oor die weg kom nie en vyandig teenoor mekaar optree.
- Stiefkinders beskik oor ‘n groter aantal mense wat vir hulle omgee as kinders in eerstephuwelik- en enkelouergesinne.
- ‘n Algemene voordeel van ‘n stiefgesin is ‘n verhoogde lewenstandaard aangesien die gesamentlike gesinsinkomste groter is as die van die enkelouer.
- Indien die huwelik suksesvol is, word die adolessent blootgestel aan ‘n gesonde beeld van huweliksinteraksie waarop hy sy toekomstige intieme verhoudings kan modelleer.
- Indien die adolessent die enigste kind is, kan die teenwoordigheid van sibbe verwelkom word. Die interaksie met die stiefsibbe verbeter gewoonlik die kind se onderhandelings- en konflikhanteringsvaardighede.

- Die stiefouer is normaalweg meer objektief as die biologiese ouer wat impliseer dat hy die adolessent se vertroueling en raadgewer kan word. Die stiefouer kan verder as tussenganger tussen die adolessent en sy biologiese ouer optree deurdat hy die gedrag van beide meer objektief kan interpreteer.
- Die volwassenes in die stiefgesin is meer ervare, volwasse en gemotiveerd om 'n tweede huwelik te laat slaag. Hulle wend gevolglik 'n daadwerklike poging aan om hul verhouding positief en langdurend te maak (Coleman & Ganong, 1991).

3.5 **Samevatting**

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is eerstens die bepaling van die konteks waarin stiefgesinne funksioneer en tweedens, die identifisering van die spesifieke probleemareas wat 'n bepalende invloed op die adolessent se aanpassing in die stiefgesin het. Die teenwoordigheid van stereotiepe mites en die afwesigheid van duidelik omskrewe stiefrolle belemmer die aanpassingsproses vir almal wat by die nuwe gesinsituasie betrokke is.

Die stiefgesin word gebou op 'n geskiedenis van verlies en pyn gepaard met die biologiese ouers se egskedding. Hierdie omwenteling word gevolg deur 'n tydperk van enkelouerskap waarbinne die adolessent sy voete in 'n mate vind. Die hertroue van sy biologiese ouer bedreig hierdie mate van sekuriteit en bring nuwe, ingrypende veranderinge mee. Die adolessent bevind hom onwillekeurig in 'n stiefgesin gedurende 'n lewensydperk wat reeds uiters uitdagend is. Die ontwikkelingstake van adolessensie word merkbaar geraak deur die teenwoordigheid van stiefgesinslede.

Die relevante probleemareas uit die literatuurstudie geïdentifiseer, sentreer om:

- Outonomie en onafhanklikheid
- Seksualiteit
- Aanpassingsverskille ten opsigte van stiefseuns en –dogters
- Ouerskapstyle
- Problematiek betreffende stiefvader- en stiefmoederhuisgesinne
- Lojaliteit
- Woede
- Skuldgevoelens
- Vrees
- Stiefsibbe
- Konflik
- Kommunikasie
- Selfesteem

-
- Aanpassings- en gedragsprobleme
 - Grense
 - Die verhoudings met die biologiese ouers

Die enkele voordele wat die stiefgesin vir die adolessent en sy toekoms kan inhou, is volledigshalwe ook bestudeer.

Hierdie probleemareas en moontlike positiewe aspekte sal verder ondersoek en geverifieer word deur die vraelys wat op grond van die literatuur as meetinstrument saamgestel is.

DIE EVALUERING VAN BESTAANDE VOORBEREIDINGS-PROGRAMME VIR KINDERS WAT STIEFGESINNE BETREE

4.1 Inleiding

Uit die literatuurstudie blyk dit duidelik dat die betreding van 'n stiefgesin vir enige kind 'n groot aanpassing is, soveel te meer vir die adolessent wat hom alreeds in 'n ingrypende ontwikkelingsfase bevind. Die noodsaaklikheid vir 'n relevante voorbereidingsprogram ten einde hierdie komplekse proses te vergemaklik blyk dus voor die hand liggend te wees.

'n Nexusondersoek ten opsigte van die afgelope twee dekades, gedoen deur die Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in Mei en Desember 2000, toon dat navorsing en die ontwikkeling betreffende voorbereidingsprogramme vir voornemende stiefkinders gering is. Daar is vasgestel dat 'n leemte bestaan deurdat betreklik min tot geen bestaande programme opgespoor kon word nie. Die soektog het egter wel etlike voorbereidingsprogramme vir hersaamgestelde gesinne en tweede huwelike opgelewer. Die meerderheid van hierdie programme is egter hoofsaaklik gerig op die volwassenes wat 'n tweede huwelik betree en dit maak geringe melding van die kinders wat by hierdie proses betrokke is.

Die doel van hierdie hoofstuk is die oorsigtelike bestudering van relevante aspekte in die bestaande programme ten einde die betrokke behoeftebepalingstudie te regverdig en die bepaalde leemtes in hierdie gebied te beklemtoon. Die relevante gedeeltes in die bestaande programme kan ook as riglyn dien vir die uiteindelijke ontwikkeling van 'n omvangryke voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree.

4.2 Bespreking van die bestaande relevante programme

Die omvangryke studie van Pretorius (1997) betreffende huweliksvoorbereiding vir persone wat 'n tweede huwelik betree, beklemtoon weereens die feit dat, ten spyte daarvan dat stiefgesinne toenemend die fokus van navorsing is, min programme ter voorbereiding van persone wat 'n tweede huwelik betree, bestaan. Volgens Pretorius (1997) is die meerderheid beskikbare programme verder gerig op persone wat hulle reeds in 'n tweede huwelik of hersaamgestelde gesin bevind, en is gevolglik nie

voorbereidend van aard nie. Vervolgens word etlike relevante programme kortliks bespreek.

4.2.1 Preparing for a creative marriage: Premarital preparation with reconstituted families

Hierdie pastorale program is deur Kemp (1982) ontwerp en fokus op die behoeftes van die hersaamgestelde gesin. Die program is ontwikkel vir pastore ten einde hul vaardighede te verbeter en hul bewustheid aangaande die unieke probleme van hersaamgestelde gesinne te verhoog. Die doelwitte van die program sentreer om die afbakening van die unieke probleemareas, asook die daarstel van 'n konseptuele raamwerk waarvolgens die proses waardeur gesinne beweeg, begryp kan word (Kemp, 1982).

Die program bestaan uit vyf sessies waarvan die eerste vier voor die huwelik plaasvind, en die vyfde sessie drie tot ses maande nadat die huwelik plaasgevind het. Spesifieke voorstelle, asook 'n gedetailleerde plan vir die voorhuwelikse voorbereiding van geskeide persone, weduwees/wewenaars, inwonende kinders en tieners en besoekende tieners word aangebied.

Die program is hoofsaaklik gerig op die verbetering van kommunikasievaardighede en sluit verder die hantering van seksualiteit en rolverwagtinge binne die hersaamgestelde gesin in (Kemp, 1982). Volgens Kemp (1982) kan die probleme waarmee 'n hersaamgestelde gesin gekonfronteer word, in so 'n mate oorkom word dat die stiefgesinslede aan die stiefgesin geheg raak.

Dit is onbekend of hierdie program in die RSA aangebied word (Pretorius, 1997).

4.2.2 A model for stepfamily development

Mills (1984, p. 365) is van mening dat:

Many stepfamilies implicitly adopt family roles based on a model of the biological nuclear family, which often leads to problematic cycles of interaction that continue to block the development of real intimacy.

Voorts ontwikkel hy 'n konkrete stap vir stap model vir die optimale funksionering van hersaamgestelde gesinne. Dit is 'n model wat slegs as 'n riglyn kan dien vir die ontwikkeling van voorbereidingsprogramme.

Mills (1984) beklemtoon dat 'n stiefgesin verskillend van 'n biologiese kerngesin funksioneer, en dat indringend gefokus behoort te word op die toepaslike ontwikkeling van die stiefouer-stiefkind-verhouding. Volgens Mills (1984) sentreer die

oorwegende probleme in 'n stiefgesin om die verhouding tussen die stiefouer en stiefkind. Probleme kom veral voor wanneer die stiefouer plotseling soos 'n biologiese ouer teenoor die stiefkinders begin optree. Die verwagtinge vir die stiefouer-stiefkind-verhouding moet uiteraard nie op die biologiese model gebaseer word nie. Mills (1984) stipuleer verder dat in ag geneem moet word dat die stiefouerrol nooit soortgelyk aan of naastenby dieselfde as die biologiese ouerrol kan wees nie, asook dat die bepaalde stiefouerrol verskillend ten opsigte van die onderskeie kinders in die stiefgesin kan wees. Die waarskynlikheid dat 'n stiefouer 'n volwaardige ouerrol met 'n adolessent kan bewerkstellig, blyk gering te wees vanweë die gebrek aan 'n gedeelde familiegeskiedenis en die voortdurende behoefte van die adolessent om weg van sy gesin te beweeg (Mills, 1984).

Mills (1984) se model stipuleer dat die huwelikspaar die argitek van die stiefgesinsisteem behoort te wees en verantwoordelikheid sal aanvaar vir die gesin se uitvoerende beheer. Hierdie grens om die huwelikspaar "helps to cut across the preexisting biological parent-child bonds" (Mills, 1984, p. 367). Verder selekteer die stiefouer 'n geskikte rol vir elk van die stiefkinders waarmee hy of sy in verhouding staan. Die stiefouer is nie verplig om 'n ouerlike rol aan ten opsigte van stiefkinders te aanvaar nie, veral nie in gevalle waar adolessente teenwoordig is nie. Ten laaste selekteer die stiefgesin 'n struktuur wat die meerderheid individue se behoeftes bevredig. Die insette van die betrokke kinders in die stiefgesin word verwelkom. Aangesien die ontwikkelingsbehoefte van die stiefgesinslede met verloop van tyd verander, behoort hierdie struktuur buigsaam te wees ten einde hierdie veranderinge te akkommodeer. Die stiefgesinstruktuur behoort dus met verloop van tyd aansienlik te verander.

Die verdere doelstellings van die model behels die stel van langtermyn doelwitte vir die stiefgesin gebaseer op die behoeftebevrediging van al die lede; die toekenning van algehele beheer aan elke ouer ten opsigte van sy/haar biologiese kinders; die toelaat van 'n periode waartydens die stiefouer en stiefkinders toereikend met mekaar kan bind, terwyl die biologiese ouer die dissipline handhaaf en die stiefouer dus geen beperkinge op die kind stel nie; die ontwikkeling van toepaslike reëls en tradisies vir die nuwe gesin; asook die neerlê van riglyne vir die volgehoue verhouding tussen die binukluëre huishoudings (Mills, 1984).

Alhoewel Mills (1984) se aanslag relevante aspekte betreffende die stiefkind in die gesin onderskep, toon sy model 'n leemte in die opsig dat hy korttermyn-groepsessies alleenlik vir egpare aanbeveel (vyf sessies, elk 1½ uur lank, met 'n

groep van vier tot ses egpare), en nie vir die betrokkenheid van stiefkinders voorsiening maak nie. Hy lewer egter 'n positiewe bydrae deurdat hy die omvang en impak van die stiefouer-kind-verhouding beklemtoon, en poog om juis hierdie problematiese verhouding om te skep in 'n verhouding waarin gesinsintimiteit makliker bewerkstellig kan word (Mills, 1984). Mills (1984) handhaaf verder die mening dat die uiteindelige doelwit van die stiefgesin nie om die stiefouer se aanvaarding van 'n volwaardige ouerrol ten opsigte van die stiefkinders in die gesin sentreer nie.

Geen inligting is beskikbaar wat daarop dui dat hierdie program in die RSA gebruik word nie.

4.2.3 A model for group work with remarried couples and their children

Hierdie korttermyn-groepsprogram is saamgestel deur Mandell en Birenzweig (1990) en word gekenmerk deur die gelyktydige aanbieding van afsonderlike sessies vir ouers, stiefouers en die kinders betrokke by die stiefgesin. Die program bereik 'n hoogtepunt deurdat die finale sessie 'n intergenerasionele groepsessie is.

Mandell en Birenzweig (1990) is van mening dat 'n korttermynprogram voldoende is ten einde die konstruktiewe aanpassing van die gesin te fasiliteer en dat die betrokke kinders in die program ingesluit behoort te word ten einde met die hele sisteem te werk, maar dat die kinders apart van die ouers sal vergader aangesien hulle aspekte en take, verskillend van die huwelikspaar, moet deurwerk. Verder is Mandell en Birenzweig (1990, p.33) van mening dat "some intergenerational contact should further the goal of facilitating the awkward but critical communication required between the parent/steparent and the children".

Die primêre doelstellings van die program is:

- die skep van 'n forum waar die gesinslede vrylik hul kommer met mekaar kan deel om sodoende wedersydse ondersteuning te verkry;
- om individue te lei om hul situasie as normaal eerder as patologies te beoordeel;
- om inligting betreffende algemene en voorspelbare struikelblokke te bied;
- om ouers se bewustheid van hul kinders se gevoelens en vrese te verhoog;
- om onduidelikhede aangaande rolle in die hersaamgestelde eenheid uit te stryk en onrealistiese verwagtinge te wysig;
- om gesinne by te staan ten opsigte van die identifisering van hul bepaalde probleme wat suksesvolle aanpassing in die stiefgesin verhinder; asook om

toepaslike probleemoplossingsvaardighede ten opsigte van hierdie aspekte te ontwikkel (Mandell & Birenzweig, 1990).

Die programstruktuur bestaan uit vyf afsonderlike 1½ uur sessies vir die kinders en vyf 2 uur sessies vir die ouers/stiefouers. Die finale intergenerasionele sessie beslaan 2½ ure. Elke sessie bestaan uit 'n tema en relevante doelwitte. Die eerste sessie is gerig op kennismaking en fokus op die verskille tussen eerste en tweede huwelike (vir ouers), en die verskille tussen hul gesin en ander gesinne (kinders). Die tweede sessie sentreer om die kind se perspektief en het die identifisering van die kind se gevoelens, die verhoging van sy bewustheid van persoonlike ervarings en die verkryging van perspektief deur middel van realiteitstoetsing ten doel. Die ouers word in hul sessie bewus gemaak van die verliese wat die kind ervaar het as gevolg van sy biologiese ouers se egskeiding, asook weens die daaropvolgende huwelik. Die derde sessie bestaan uit die vasstel van rolle en verwagtings, sowel as die bevordering van perspektief deur middel van probleemidentifikasie en realiteitstoetsing. Die vierde sessie wentel om die stiefouer-kind-interaksie deurdat die kind die wyse waarop die gesinslede mekaar behandel, asook die rol van kommunikasie deur middel van rolspel ondersoek. Die vyfde sessie fokus op die konsolidering en verbetering van probleemoplossingsvaardighede by wyse van doelwitstelling. Die kinders stel persoonlike doelwitte en beraam 'n plan waarvolgens hulle die doelwitte kan bereik. Die finale sessie het ten doel om intergenerasionele kommunikasie te bevorder en 'n model van konstruktiewe openhartigheid te ontwerp. Die kinders ontwikkel saam 'n lys relevante aanwysers ten opsigte hiervan wat hulle aan die ouers en stiefouers aanbied. Die ouers en stiefouers formuleer op hul beurt 'n boodskap wat hulle aan die stiefkinders oordra (Mandell & Birenzweig, 1990).

Hierdie program dra aansienlik daartoe by om die bestaande leemtes ten opsigte van stiefkinders te vul. Ten eerste word die ouers gesensitiseer ten opsigte van die kinders se gevoelens en tweedens fasiliteer dit openhartige kommunikasie in die stiefgesin. Die insluiting van die kinders in die program bied aan hulle 'n veilige ondersteuningservaring aan die hand waarvan hulle met ander kinders in dieselfde situasie kan omgaan. Die program bewerkstellig verder 'n realistiese raamwerk versterk deur wedersydse begrip waarop die stiefgesin kan voortbou (Mandell & Birenzweig, 1990).

Geen inligting is beskikbaar wat daarop dui dat hierdie program in die RSA gebruik word nie.

4.2.4 A family life education group for working with stepparents

Hierdie program is ontwerp deur Pill (1981) en behels 'n korttermyn opvoedkundige werkwinkelprogram vir stiefouers. Hierdie program is gerig op die primêre voorkoming van gesinskrisse. Die program is egter slegs gerig op egpare en sluit die teenwoordigheid van stiefkinders uit.

Die program se primêre doelwit sentreer om die huweliksverhouding van die egpaar. Die standvastigheid van 'n egpaar se verhouding bepaal grootliks die gesin se gesonde funksionering. Vanweë die komplekse stressors waaraan 'n stiefgesin blootgestel word, word die standvastigheid van die huweliksverhouding bedreig (Pill, 1981). Juis as gevolg hiervan is besluit dat die program uitsluitlik vir egpare is aangesien dit aan die egpaar 'n kosbare geleentheid bied om in 'n opvoedkundige konteks aan hul huweliksverhouding te werk (Pill, 1981). Verdere doelwitte bestaan uit: die ouers se realistiese heroorweging van hul verwagtinge ten opsigte van hul stiefgesinne; die identifisering en hantering van kwessies inherent aan stiefgesinsituasies; en die vermindering van die stiefgesin se isolasie (Pill, 1981).

Die program strek oor ses opeenvolgende 1½ tot 2 uur sessies en onderwerpe beslaan die mites en wanopvattinge betreffende stiefgesinne, die strukturele verskille tussen 'n stiefgesin en 'n biologiese kerngesin en die moontlike probleme rakende die kinders in die stiefgesin. Twee sessies word gewy aan die kindverwante probleme waartydens gefokus word op dissipline, grense, die oorgang van die stiefouer van vriend tot outoriteitsfiguur tesame met die biologiese ouer se weerstand in hierdie verband, die kind se ervaring en hantering van sy treurprosesse betreffende sy verliese, aanvaarding van die stiefsibbe, konflikterende lojaliteite en skuldgevoelens, asook die voortsetting van 'n respekvolle verhouding tussen die biologiese ouers om hul kind se onthalwe (Pill, 1981).

Normale ontwikkelingsaspekte by kinders word ingesluit ten einde 'n kind se bepaalde gedrag tipies van sy ouderdomsfase te skei van manifesterende probleemgedrag. Die program beklemtoon dat die bespreking van ontwikkelingsaspekte in die geval van tieners uiters noodsaaklik is, aangesien die adolessent se strewe na identiteitsontwikkeling en outonomie problematies in die stiefgesin kan wees (Pill, 1981). Verdere adolessentkwessies sluit in ouerlike dominansie en die adolessent se ontlukende seksualiteit in die teenwoordigheid van 'n "new awareness of the sexuality of a honeymoon-stage parent, or perhaps suddenly living with other attractive adolescents" (Pill, 1981, p. 163). Die program

bied praktiese voorstelle aan die ouers en stiefouers vir die hantering van hierdie situasies.

Die laaste drie groepsessies fokus op spesifieke ouer- en egpaaronderwerpe en bied aan die pare 'n geleentheid om hul verhouding te versterk in 'n wedersyds ondersteunende omgewing vry van die teenwoordigheid van kinders. Die groepsessies stel die deelnemers in staat om die gemeenskaplikhede in hul situasies te identifiseer en te besef dat sekere kwessies inherent deel is van 'n stiefgesinsituasie. Die opvoedkundige komponent van die groepsessies assisteer dus die ouers en stiefouers om potensiële gesinstressors te identifiseer, te antisipeer en te hanteer (Pill, 1981).

'n Addisionele oorweging van hierdie program is die daarstelling van langtermyn-ondersteuningsgroepe vir die stiefouers en egpare in tweede huwelike. Hierdie groepe het ten doel om voortgesette geleenthede vir ondersteuning en inligtinguitruiling te bewerkstellig en om die isolasie wat stiefgesinne gewoonlik ervaar, te verlig (Pill, 1981). Aangesien hierdie groepe meesal tuis vergader, bied dit 'n geleentheid aan kinders om kennis te neem van ander gesinne in dieselfde situasie. Kinders in 'n stiefgesin voel te geredelik dat hulle "anders" as hul vriende is en besef soms nie dat van hul klasmaats ook deel van 'n stiefgesin uitmaak nie. Pill (1981) beveel aan dat ondersteuningsgroepe vir stiefkinders tot stand gebring moet word ten einde aan die kinders 'n forum te bied waarin hulle verligting kan ervaar en ondersteuning kan geniet.

Alhoewel Pill (1981) se program nie die betrokkenheid van kinders toelaat nie sentreer 'n aansienlike gedeelte van haar program om die unieke aspekte waarmee stiefkinders gekonfronteer word. Geen inligting is egter beskikbaar wat daarop dui dat hierdie program in die RSA gebruik word nie.

4.2.5 A skills training program for parents in stepfamilies

Die program van Nelson en Levant (1991) is gebaseer op die uitgangspunt dat stiefouers baat vind by die aanleer van kommunikasie- en ouerskapvaardighede ten einde positiewer verhoudings in die stiefgesin te bewerkstellig. Een van die grootste struikelblokke vir 'n nuwe stiefouer is sy of haar rol by die opvoeding van stiefkinders. 'n Verdere problematiese aspek is dié van dissipline. Vanweë hierdie en ander struikelblokke gebeur dit dikwels dat die stiefouer geneig is om kommunikasie met die stiefkind te vermy wat die totstandkoming van 'n verhouding strem (Nelson en Levant, 1991).

Hierdie program word aangebied in 'n sistematiese vaardigheidsopleidingformaat en is gebaseer op 'n kliëntgesentreerde benadering wat daarop gerig is om die stiefouer te voorsien van 'n "caring and respectful way to approach their children" (Nelson & Levant, 1991, p. 291). Die program bestaan uit vier 6 uur sessies gedurende 'n naweeksdag en strek oor 'n periode van vier maande. Die doel van die program is die verbetering van die kommunikasie- en opvoedingsvaardighede van stiefouers. Die opleidingsprogram word verdeel in twee gedeeltes, naamlik kommunikasievaardighede en stiefouerskapvaardighede (Nelson & Levant, 1991).

Die kommunikasievaardighede fokus op die effektiewe luister na en respondering op kinders en sluit ouerlike gedrag in wat kommunikasie fasiliteer, soos die handhawing van 'n oop liggaamshouding en ooghoogte kontak. Die stiefouers leer om na die inhoud van die kind se boodskap se luister en empaties op gevoelens te reageer. Die stiefouers word verder bewus gemaak van die uitdrukking en identifisering van gevoelens deur middel van nie-verbale gedrag. Hierdie gedeelte konsentreer verder ook op die ontwikkeling van selfbewuswording en eghed by die stiefouers met betrekking tot hul gedagtes en gevoelens ten einde sensitiewe probleme op te los, sonder om verdedigend te wees, voordat dit onherstelbaar word (Nelson & Levant, 1991).

Die stiefouerskapvaardighede is gebaseer op die kommunisering van reëls en die implementering van behaviouristiese konsepte, naamlik leer en versterking. Dissipline word onder oë gesien deur die konsep van logiese gevolge asook deur die bespreking van die kompleksiteite betrokke by die implementering van 'n dissiplinêre benadering wat die inagneming van meervoudige huishoudings, ander volwassenes sowel as variërende verwagtinge insluit (Nelson & Levant, 1991). Ouers word bekendgestel aan die waarde van gesinsvergaderings wat 'n demokratiese forum vir die onderhandeling van konflikte skep en gevolglik stiefgesinskohesie bevorder.

'n Kort lesing ten opsigte van die betrokke vaardigheid in verhouding tot die dinamiek van stiefgesinne word gedurende elke sessie aangebied, waarna die relevante vaardighede gedefinieer en deur 'n rollespel gedemonstreer word. Daarna oefen die stiefouers die vaardighede onder mekaar deur middel van rollespel. Huiswerkopdragte word in 'n werkboekformaat voorsien en dit word van die stiefouers verwag om die vaardighede deur middel van die geskrewe oefeninge en in interaksie met hul kinders gedurende die tussentredende maand te oefen. Die huiswerkopdragte word gedurende die volgende sessie hersien. Die finale sessie dien as 'n integrasie van al die vaardighede en stiefouers word die geleentheid

gebied om die vaardighede te hersien en weer in te oefen, asook om die totale opleidingservaring te integreer (Nelson & Levant, 1991).

Hierdie program poog daadwerklik om stiefgesinsontwikkelingsprobleme te normaliseer en te destigmatiseer deur ouers meer sensitief en responsief ten opsigte van hul stiefkinders te maak (Nelson & Levant, 1991). Die programinhoud sentreer grotendeels om die aanpassing en welsyn van die stiefkind, maar 'n leemte word gelaat deurdat hierdie aspekte indirek deur die ouers hanteer word en geen voorsiening vir die direkte betrokkenheid van stiefkinders gemaak word nie. Alhoewel hierdie program 'n waardevolle bydrae lewer tot die suksesvolle aanpassing van stiefgesinslede blyk dit dat groter sukses behaal kan word indien alle lede van die stiefgesin in die program ingesluit word ten einde na 'n gesamentlike doelwit te werk (Nelson & Levant, 1991).

Geen inligting is beskikbaar wat daarop dui dat hierdie program in die RSA gebruik word nie.

4.2.6 RENEW: A program for building remarried family strengths

Volgens Duncan en Brown (1992) fokus die meerderheid voorbereidings- en opvoedkundige programme gerig op stiefgesinne slegs op die unieke probleemsituasies van die stiefgesin terwyl potensiële en moontlike sterkpunte meesal geïgnoreer word. Vanweë hierdie oortuiging ontwikkel hulle RENEW, 'n verrykingsprogram wat spesifiek daarop gerig is om hersaamgestelde gesinne te help om hul unieke sterkpunte ("strengths") te identifiseer en te ontwikkel (Duncan & Brown, 1992, p. 149). Duncan en Brown (1992), asook Ganong en Coleman (1986), is van mening dat 'n probleemgeoriënteerde raamwerk aan hersaamgestelde gesinne kommunikeer dat hul gesinne onvolwaardig is.

Duncan en Brown (1992) vergelyk die sterkpunte van die algemene kerngesin en die sterkpunte van die hersaamgestelde gesin en integreer dit in vyf areas wat die basis van RENEW konstitueer. Hierdie areas is soos volg: wedersydse omgee deur die lede van die gesin; gesinskommunikasie; gesinstrots; gesinseenheid; en gesins- en gemeenskapsbande (Duncan & Brown, 1992). Die gesinsterkte-benadering bou voort op die positiewe eienskappe waaroor die hersaamgestelde gesin reeds beskik of graag wil ontwikkel. Die probleemareas van die bepaalde gesin word dus omgeskep in potensiële sterkpunte. Deurdat die gesin totale verantwoordelikheid aanvaar vir die ontwikkeling van hul sterkpunte word die gesinslede se gevoel van selfgerigtheid

verhoog. Die gesinslede voel verder bekwaam en gemotiveerd om die gesinslede wat hulle verlang, te verkry (Duncan & Brown, 1992).

Die RENEW-program is 'n tuisprogram wat onafhanklik deur die gesin, of tesame met 'n professionele persoon, aangebied kan word. Die gesin identifiseer die betrokke sterkpunte waarop hulle wil fokus en bepaal self die mate van hulp wat hulle nodig. Die program is 'n primêre voorkomingsprogram en nie geskik vir gesinne met ernstige problematiek nie. RENEW bestaan uit ses handleidings, naamlik 'n inleidende boekie en vyf boekies onderskeidelik vir elke sterkpuntarea. Elke handleiding bespreek die spesifieke sterkpunt, die moontlike uitdagings betrokke by die ontwikkelingsproses gepaard met 8 tot 10 versterkende aktiwiteite (Duncan & Brown, 1992).

Die program sluit elke gesinslid aktief in en is daarop gerig om elke gesinslid se persepsie en bydrae te akkommodeer. Die belangrikheid van effektiewe kommunikasie en die vestiging van 'n nuwe gesinsidentiteit word veral beklemtoon (Duncan & Brown, 1992). Geen melding word egter gemaak van die tydsduur van die betrokke program nie en geen inligting is verder beskikbaar wat daarop dui dat hierdie program in die RSA gebruik word nie.

4.2.7 The stepfamily enrichment program

Michaels (2000) is van mening dat stiefgesinne spesifiek ontwerpte intervensies nodig aangesien hulle aan unieke uitdagings blootgestel word. Sy stipuleer verder dat 'n groot leemte bestaan ten opsigte van vroeë intervensies vir nuutsaamgestelde stiefgesinne. Ten einde hierdie leemte te vul ontwikkel sy 'n program vir hergetroude pare wat slegs 'n geringe aantal jare getroud is.

Die program word vir hergetroude pare in groepsverband aangebied en gelei deur twee terapeute of fasiliteerders. Die program strek oor vyf 2 uur sessies en bestaan uit didaktiese lesings, groepsbesprekings en eksperimentele oefeninge. Huiswerkopdragte word weekliks uitgedeel en tydens die volgende sessie gekontroleer (Michaels, 2000). Die programdoelwitte is soos volg (Michaels, 2000):

- Sessie 1: Normalisering van die stiefgesinervaring;
- Sessie 2: Begrip ten opsigte van die ontwikkeling van stiefgesinne;
- Sessie 3: Versterking van die huweliksverhouding;
- Sessie 4: Definiëring en vertroeteling van die verhouding tussen die stiefkind en die biologiese kind asook die skep van ruimte vir die verhouding tussen die nie-toesighoudende ouer en die biologiese kind;

Sessie 5: Fokus op die vordering wat die gesin reeds gemaak het sowel as hul toekomsplanne.

Aangesien die program gerig is op die hergetroude egpaar word meer klem gelê op die welsyn van die huweliksverhouding gepaard met bevredigende kommunikasie- en probleemoplossingsvaardighede. Die programsamestelling bied 'n geleentheid vir skakeling met ander huwelikspare in dieselfde situasie wat problematiese aspekte normaliseer en 'n mate van kameraderie tot stand bring (Michaels, 2000). Die groepservaring fasiliteer verder die gesamentlike ontwikkeling van norme vir die stiefgesin en bied geleentheid vir praktiese raad en hulpverlening. Die groepslede bied eerlike, ondersteunende terugvoer, motiveer mekaar en kontroleer vordering (Michaels, 2000).

Die addisionele doelwitte van die program is gerig op die verandering van die hergetroude egpaar se persepsie aangaande die stiefgesin, die huweliksmaat, die stiefkinders en die gewese huweliksmaat ten einde 'n verskil teweeg te bring in die interaksie tussen die stiefgesinslede (Michaels, 2000). Die program maak gebruik van "kontrakte" wat die egpaar opstel ten opsigte van hul huwelik, bepaalde ouerskaprolle en gewese huweliksmaats. Hierdie kontrakte skep 'n forum vir die huweliksmaats waartydens elkeen die geleentheid gegun word om na die ander se besorgdhede te luister en positief daarop te reageer. Sodoende word nuwe perspektief op onopgeloste aspekte verkry (Michaels, 2000).

Die program van Michaels (2000) is 'n betreklik nuwe program en is tot hede slegs eenmalig as 'n loodsstudie vir evaluering aangebied. Alhoewel die resultate van die loodsstudie genoegsame aanduiding van effektiwiteit gelewer het en al die programdoelwitte bereik is, is verskeie voorstelle vir programverbeterings aangedui. Die voorgestelde programmodifikasies sluit egter nie die betrokkenheid van stiefkinders in nie aangesien die uitgangspunt dit is dat veranderinge in die huweliksverhouding sal deurspoel tot voordeel van die kinders wat in die stiefgesin teenwoordig is (Michaels, 2000).

4.2.8 Die benutting van psigodrama met adolessente in hersaamgestelde gesinne

Ludeke (1996) se Suid-Afrikaanse studie oor adolessente in hersaamgestelde gesinne identifiseer oneffektiewe kommunikasie as die oorsaak van die meeste probleme aanwesig in stiefgesinne. Die studie is gedoen vanuit 'n maatskaplike perspektief met die oog op groepwerk ten einde adolessente se kommunikasie met hul stiefouers te verbeter. Ludeke (1996) maak eerstens gebruik van die nominale

groepstegniek om die betrokke probleme en/of tekortkominge wat adolessente in stiefgesinne ervaar te bepaal. Daarna implementeer sy 'n psigodramaprogram om aandag te skenk aan die geïdentifiseerde probleme van die stiefadolessente.

Die psigodramaprogram bestaan uit vyf sessies met die volgende doelwitte (Ludeke, 1996):

- Sessie 1: Om mekaar beter te leer ken.
Om mekaar se gesinne beter te leer ken.
Om vertrouwd te raak met die groepwerkmetode en psigodramabenedering.
- Sessie 2: Om probleme rakende kommunikasie met die stiefouer te oorkom.
Riglyne vir kommunikasie met die stiefouer.
Om kommunikasievaardighede met die stiefouer aan te leer.
- Sessie 3: Om deur middel van die psigodramategniek kommunikasievaardighede met die stiefouer aan te leer.
- Sessie 4: Die voltooiing van 'n temperamentsvraelys ten einde insig in eie gedrag te ontwikkel.
- Sessie 5: Gesellige samesyn gedurende die finale sessie.
Meting en evaluering van die programuitkoms.

Die program is gebaseer op 'n deeglike literatuurstudie en praktiese ervaring van die outeur. Die probleme wat adolessente in stiefgesinne ervaar is verder verfyn deur die toepassing van die nominale groepstegniek (Ludeke, 1996). Alhoewel hierdie program die enigste beskikbare program vir adolessentstiefkinders blyk te wees, bied dit nie noodwendig 'n oplossing vir almal nie. Psigodrama is 'n gespesialiseerde terapeutiese tegniek wat slegs deur 'n opgeleide terapeut gebruik behoort te word. Soos nie alle terapeutiese tegnieke by almal aanklank vind nie, is alle adolessente nie noodwendig geskikte kandidate vir psigodrama nie. Dit is dus 'n gespesialiseerde program vir 'n geselekteerde groep adolessente.

4.2.9 'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundig-opvoedkundige perspektief

Hierdie program is 'n Suid-Afrikaanse program, ontwerp deur Du Plessis (1993). Die doelstellings van die program is gerig op die ouers in die hersaamgestelde gesin. Du Plessis (1993) is van mening dat die hele gesin baat sal vind by beter toegeruste en voorbereide ouerfigure. Die programdoelwitte is soos volg (Du Plessis, 1993):

- Om ouers insig in die unieke aard en samestelling van die huisgesin as alternatiewe gesinsvorm te gee.

- Om ouers te lei tot insig rakende die verwerking van vorige verliese.
- Om ouers bewus te maak van die belangrikheid van 'n hegte ouersisteem.
- Om ouers bewus te maak van die betrokke kinders se gevoelens en belewinge, vrese, hartseer, fantasieë en verwagtings na die egskeiding en gevolglike hertroue.
- Om ouers te lei tot insig in die afwesige ouer se rol in hul kinders se opvoeding en die noodsaaklikheid van daardie ouer se volgehoue betrokkenheid.
- Om ouers bewus te maak van die aard van 'n realistiese ouer-stiefouer-rol gepaard met wedersydse respek.
- Die voorsiening van inligting rakende algemene praktiese reëlings en voorspelbare struikelblokke.
- Om 'n geleentheid te skep vir ouers om hul probleme en kommer met ander ouers in 'n soortgelyke situasie te deel.
- Om hulp aan ouers te verleen.

Die oorkoepelende doelstelling sentreer egter om die bewusmaking van die ouers in die hersaamgestelde gesin betreffende hul kinders se ervaringe, ten einde hul posisie in hierdie gesin te verbeter. Die program beslaan vier 2 uur sessies, elk oor 'n periode van vier weke.

Alhoewel hierdie program op die behoeftes van kinders in 'n hersaamgestelde gesin konsentreer, is Du Plessis (1993) van mening dat 'n leemte steeds bestaan aangesien die kinders nie persoonlik betrek word nie. Hy beveel aan dat 'n voorbereidingsprogram vir kinders ontwikkel behoort te word wat die volgende temas insluit (Du Plessis, 1993):

- Die verskille tussen 'n kern- en 'n stiefgesin.
- Verliese.
- Die rol van die afwesige ouer.
- Die verwagtings van die nuwe huisgesin.
- Aanpassingsprobleme.
- Die rol van die stiefouer.
- Die verhouding met die stiefsibbe.
- Die bewusmaking van kinders aangaande die probleme waarmee hul ouers in die tweede huwelik gekonfronteer word.
- Hul eie probleme en behoeftes.
- Die geleentheid om met ander kinders te deel en oplossings te soek.

Alhoewel die program in Suid-Afrika beskikbaar is, is dit nie duidelik hoe gereeld hierdie program gebruik word nie.

4.2.10 Die rolverwagtingsprogram

Die rolverwagtingsprogram is 'n vertaalde weergawe deur Hart (1993) van die oorspronklike Personal reflections program wat deur Kaplan en Hennon (1990) ontwikkel is. Die program behels 'n eenmalige werkswinkel of kan alternatiewelik oor drie sessies heen aangebied word. Die program is vir geskeide persone wat beplan om te hertrou. Die oorkoepelende doelwit van die program is om persone wat beplan om te hertrou voor te berei op die rolverwagtinge en gepaardgaande rolstres wat die tweede huwelik meebring ten einde negatiewe mites wat onrealistiese verwagtinge en rolstres behels, te bekamp (Hart, 1993; Pretorius, 1997). Die deelnemers word bewus gemaak van hul rolverwagtinge, rolstres en rolkongruensie deur middel van audio-visuele materiaal waarna groepsbesprekings volg.

Hierdie program is slegs gerig op die voorbereiding van die volwassenes wat 'n volgende huwelik betree. Die program maak nie voorsiening vir relevante aspekte betreffende die kinders wat daarby betrokke is nie. Die program is in Suid-Afrika beskikbaar (Pretorius, 1997).

4.2.11 Die ontwerp van 'n tweede huweliksvoorbereidingsprogram vir 'n tweede huwelik gebaseer op 'n behoeftebepaling

Hierdie Suid-Afrikaanse program is deur Pretorius (1997) ontwerp op grond van 'n behoeftebepalingstudie aanduidend van die gebrek aan relevante voorbereidingsprogramme vir persone wat 'n tweede huwelik betree. Alhoewel Pretorius (1997, p. 184) se program "ten doel het om die algemene welsyn van die hersaamgestelde gesin te verbeter, word slegs die toekomstige gadesubsisteem vir deelname betrek". Die kinders betrokke by die nuwe hersaamgestelde gesin word nie direk by die program ingesluit nie. Volgens Pretorius (1997) beklemtoon verskeie skrywers die belangrikheid van 'n hegte gadesubsisteem vir die ontwikkeling van 'n gesonde hersaamgestelde gesin. Die uitsluiting van die kinders van die programdeelname is dus om sodoende aan die voornemende huwelikspaar die geleentheid te bied om 'n hegte gadesubsisteem daar te stel.

Die program bestaan uit ses 2 uur sessies wat verkieslik oor twee naweke aangebied word. Die doel van hierdie program sentreer meer spesifiek om die betreding van 'n tweede huwelik waar een of albei die voornemende huweliksmaats 'n kind of kinders

vanuit 'n vorige huwelik het (Pretorius, 1997). Verdere doelstellings van die program is die volgende (Pretorius, 1997):

- Die bewusmaking van deelnemers van hul verwagtinge van die komende huwelik, asook van die bestaande mites rakende tweede huwelike
- Die verbetering van kommunikasie- en konflikthanteringsvaardighede
- Die invloed van vorige gesinsverliese
- Die definiëring van die grense van die hersaamgestelde gesin
- Die spesifieke rolle en rolverwagtinge binne die hersaamgestelde gesin
- Die bevordering van 'n nuwe gesinsidentiteit
- Die skep van 'n forum vir die deelnemers waar hulle met mekaar kan deel en ondersteuning kan bied en ontvang
- Die voorhou van 'n perspektief van normaliteit waarvolgens beoordeling plaasvind.
- Die versterking van die gadesubsisteem.
- Die normalisering van die situasie asook die ontwerp van 'n model as riglyn vir hersaamgestelde gesinne.

Die hantering van kinders en die skep van bevredigende stiefverhoudinge word in die sessies onder die loep geneem en dit lewer 'n waardevolle bydrae tot die welsyn van die betrokke stiefkinders in die toekomstige hersaamgestelde gesin. Geen voorsiening word egter vir 'n voorbereidende ervaring vir die betrokke kinders gemaak nie. Alhoewel die program lokaal beskikbaar is, is dit nie duidelik hoe gereeld die program gebruik word nie.

4.3 Evaluering van bestaande voorbereidingsprogramme vir kinders wat stiefgesinne betree

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is die evaluering van bestaande voorbereidingsprogramme vir adolessente wat 'n stiefgesin gaan betree. Uit die navorsing blyk dit dat geen formele program, uitsluitlik ontwerp vir adolessente, bestaan nie. Uit die literatuurstudie (sien Hoofstuk 3) is dit duidelik dat verskeie temas voorkom wat elk 'n noodsaaklike komponent van 'n effektiewe voorbereidingsprogram verteenwoordig. Alhoewel die bestudeerde programme uiters volledig is en elk op relevante aspekte rakende die egpaar sowel as op die betrokke stiefkinders fokus, bestaan 'n groot leemte steeds deurdat die meerderheid programme ten eerste uitsluitlik ontwikkel is vir volwasse deelnemers, ten tweede nie voorbereidend van aard is nie en derdens nie vrylik in Suid-Afrika beskikbaar blyk te wees nie. Slegs vier van die genoemde programme sluit die betrokkenheid van die kinders by die stiefgesin in (Duncan & Brown, 1992; Kemp, 1982; Ludeke, 1996; Mandell &

Birenzweig, 1990), terwyl dit verder blyk dat slegs een van hierdie vier programme in Suid-Afrika beskikbaar is.

Die meeste van die temas oor die probleme waarmee stiefkinders worstel, is by die meerderheid genoemde programme ingesluit, maar in 'n programformaat wat nie vir die adolessentpopulasie geskik is nie. Die inligting wat hierdie stiefkinders nodig, is dus hoofsaaklik op 'n indirekte wyse beskikbaar. Soos reeds genoem, is die programme hoofsaaklik gerig op egpare en gesinne wat reeds in 'n stiefgesinsituasie funksioneer. Die oorkoepelende aanslag van die beskikbare programme is gevolglik van "herstellende" eerder as voorbereidende aard.

Aangesien die programme by uitstek op volwasse egpare gerig is, verteenwoordig dit 'n eensydige poging ten opsigte van stiefgesinontwikkeling. Stiefkinders, veral adolessente, kan moontlik verward en agterdogtig raak oor die verenigde front wat die egpaar voorhou en voel dat die egpaar teen hulle gekant is. Adolessente se kognitiewe ontwikkeling stel hulle in staat om baat te vind by 'n voorbereidingsprogram gebaseer op hul emosionele en intellektuele ontwikkelingsvlak en behoeftes. Die implementering van enige van die bogenoemde programme, tesame met die inkorporering van 'n unieke voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin betree, behoort 'n suksesvoller uitkoms ten opsigte van stiefgesinaanpassing te lewer.

Ten spyte daarvan dat 'n groot aantal kardinale temas wel in die bestaande programme ondervang word, blyk 'n groot leemte ten opsigte van die volgende te bestaan:

- Die adolessent se verwerping van outonomie en onafhanklikheid
- Aanpassingsverskille ten opsigte van stiefseuns en –dogters
- Problematiek betreffende stiefvader- en stiefmoederhuisgesinne
- Woede teenoor die biologiese ouers
- Vrees vir verdere verliese en verwerping
- Die ontsettende impak van die stiefsibbe op die adolessent in die nuwe gesin
- Konflik
- Die invloed van die stiefouer op die adolessent se selfsteem
- Die intergenerasiegrense in stiefgesinne
- Die volgehoue verhoudings met die biologiese ouers

In die lig hiervan is die noodsaaklikheid vir die ontwikkeling van 'n omvattende voorbereidingsprogram vir adolessente wat in 'n stiefgesin opgeneem gaan word onbetwisbaar, en is die behoeftebepaling dus geregverdig.

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp, die seleksieprosedure en die aard van die steekproef, asook die ontwikkeling van die toegepaste meetinstrument beskryf. Verdere aandag word geskenk aan die navorsingsprosedures en die ontleding van die data.

5.2 Navorsingsontwerp

'n Behoeftebepaling is gedoen deur middel van 'n *ex post facto*-opnameontwerp by adolessente wat hulle in 'n stiefgesin bevind. *Ex Post facto*-navorsing beskryf die verhouding tussen 'n bepaalde gebeurtenis in die verlede en die daaropvolgende response ten einde 'n moontlike oorsaak-en-gevolg-verhouding tussen hierdie verskynsels bloot te lê (Leedy, 1997). Die *Ex Post facto*-navorsingsontwerp word gebruik in gevalle waar dit onmoontlik en/of oneties is om die veranderlikes te manipuleer ten einde oorsaak-en-gevolg-verhoudings te bepaal (Leedy, 1997).

Leedy (1997) stipuleer dat hierdie navorsingsontwerp uiters geskik is vir 'n beskrywende studie in die kwantitatiewe tradisie aangesien beskrywende navorsers statistiese prosedures toepas om sodoende die bevindinge van die steekproef respondente na die populasie te veralgemeen. Dit is 'n beskrywende studie hierdie wat poog om die probleme wat adolessente in stiefgesinne ervaar, vas te stel. Die behoeftebepaling is gerig op die uiteindelijke ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin betree. Die geselekteerde ondersoekmetode blyk dus geskik te wees vir die betrokke studie.

Volgens Babbie (1992) impliseer hierdie ondersoekmetode die gebruik van vraelyste by 'n steekproef respondente geselekteer uit die populasie stiefkinders. Opnamestudies blyk die geskikste metode te wees vir die insameling van data betreffende 'n populasie wat te groot is vir direkte observasie. Opnamestudies word veral gebruik om data aangaande houdings, waardes, oortuigings en ervarings te bekom (Mitchell & Jolley, 1992). 'n Opnamestudie kan op een van drie wyses geadminestrer word, naamlik: 'n selfgeadministreerde vraelys wat die respondent self invul; 'n ondersoekergeadministreerde vraelys waar die ondersoeker die betrokke vraelys direk in die respondent se teenwoordigheid afneem; en 'n telefoniese

onderhoud waardeur die ondersoeker die vraelys telefonies afneem en die response neerskryf (Babbie, 1992; Mitchell & Jolley, 1992; Neuman, 1994). Vir die doel van hierdie studie word die selfgeadministreerde vraelys gebruik. Hierdie betrokke metode van ondersoek blyk voordeliger te wees aangesien dit meer ekonomies en minder tydrowend is; deur 'n enkele navorser behartig kan word; 'n groter geografiese area kan dek; anonimiteit en privaatheid bied wat die eerlike beantwoording van vrae bevorder; en enige vooroordele wat die onderhoudvoerder kan hê, verminder (Mitchell & Jolley, 1992; Neuman, 1994).

5.3 Proefpersone

5.3.1 Die seleksieprosedure van die proefpersone

Proefpersone vir deelname aan die behoeftebepaling is gewerf deur 'n aantal hoërskole te nader aangesien geskikte respondente in ouderdomskategorieë val wat spesifiek in sulke skole verteenwoordig word. Vanweë die aard van die studie en die sensitiwiteit met betrekking tot die selektering van stiefkinders vir deelname aan die projek, was sommige van die skoolhoofde huiwerig om deel te neem. 'n Afrikaanse Hoërskool in Pretoria het ingestem waarna die ouers deur die skoolhoof per omsendbrief ingelig is oor die studie (vergelyk Bylaag A), en die geleentheid gebied is om beswaar teen hul kind se deelname te maak. Die skoliere het hulle vrywillig en op 'n anonieme wyse in klasverband genomineer. Die skoolhoof het 'n opname gemaak van die vrywilligers en die navorser het die korrekte aantal vraelyste aan die skoolhoof besorg waarna dit tydens skoolure ingevul is. Vyftig vraelyste is aan die skool besorg waarvan 44 terug ontvang is en bruikbaar was.

Die Hoërskole in Potchefstroom is genader en het belangstelling getoon, maar kon weens logistieke oorwegings nie aan die navorsing deelneem nie. Die tydperk waartydens die skole genader is, was problematies aangesien die skole as eksamen-nasiensentrums gedien het en dus vroeër met die jaareindeksamen begin het.

Kontak met die gewese Direkteur van Onderwys in die Noordelike Provinsie is bewerkstellig en vanuit sy invloed en kontakte is vier hoërskole in Pietersburg genader. Inligtingstukke is aan die ouers gestuur met 'n skeurstrokie wat ingevul moes word indien hulle toestemming sou verleen vir hul kind se deelname aan die projek (Kroukamp, 2000). Geen skeurstrokies is terug ontvang nie.

Na verskeie mislukte pogings om respondente te werf het 'n Engelse Hoërskool in Pretoria ingestem om betrokke te raak. Dieselfde prosedure is gevolg as by die

Afrikaanse skool en 28 vraelyste is aan die skool verskaf (vergelyk Bylaag B). Slegs tien vraelyste is terug ontvang wat elkeen bruikbaar was.

Pogings om verdere respondente te werf is aangewend deur middel van kettingverwysing ("snowball sampling") (Neuman, 1994, p. 199). Die navorser het by die restaurant wat sy deelyds bestuur, skoolgaande kelners genader en op hierdie wyse 'n aantal kandidate gewerf. Sneeubalsteekproeftrekking impliseer dat kandidate wat aan die bepaalde kriteria voldoen, geïdentifiseer word, wat dan verdere geskikte kandidate aanbeveel (Babbie, 1992). Die noodsaaklike vereiste van hierdie metode is dat elke respondent op 'n direkte of 'n indirekte wyse aan mekaar verbind is. Neuman (1994, p. 199) spreek hom soos volg hieroor uit:

This does not mean that each person directly knows, interacts with, or is influenced by every person in the network. Rather, it means that taken as a whole, with direct and indirect links, most are within an interconnected web of linkages.

Tien kandidate is geïdentifiseer, en ses bruikbare vraelyste, waarvan drie Engels en drie Afrikaans is, is op hierdie wyse bekom.

Die bogenoemde metodes van nie-waarskynlikheidsteekproeftrekking word na verwys as gerieflikheidsteekproeftrekking ("convenience sampling") (Leedy, 1997, p. 204; Neuman, 1994, p. 197). Volgens Leedy (1997) gee hierdie metode van steekproeftrekking geensins voor om verteenwoordigend van die populasie te wees nie. Verder word geen pogings ook aangewend om moontlike vooroordele te beheer nie. Die respondente word gebruik soos hulle hulself voordoet of toevallig aan die navorser voorgestel word. Hierdie metode van steekproeftrekking is geskik vir die betrokke studie aangesien min inligting beskikbaar is ten opsigte van die populasie van stiefkinders en hersaamgestelde gesinne. Dit is dus moeilik om te bepaal in watter mate 'n steekproef verteenwoordigend van hierdie populasie is.

Altesaam 88 vraelyste is uitgestuur en 60 ingevulde en bruikbare vraelyste is terug ontvang. Dit verteenwoordig 'n reaksietempo van 68%. Die reaksietempo is 'n aanduiding van die mate waarin die bepaalde steekproef verteenwoordigend van die populasie is. Babbie (1992) is van mening dat 'n reaksietempo van 50% voldoende is, 'n reaksietempo van 60% goed is, en 'n reaksietempo van 70% baie goed is. Dit dien egter slegs as growwe riglyn en het geen statistiese basis nie (Babbie, 1992).

Vanweë beursverpligtinge en die studietydperk het die navorser en studieleier besluit om met die beskikbare aantal respondente te volstaan.

5.3.2 Beskrywing van die steekproef

Die onderstaande inligting oor die aard van die steekproef is verkry uit 'n onderafdeling van die opgestelde meetinstrument (Afdeling 1, vergelyk 5.4).

5.3.2.1 Geslag

Die steekproef het bestaan uit 27 seuns (45%) en 33 dogters (55%) (vergeelyk Tabel 1).

Tabel 1: Geslag

Geslag	Frekwensie	Persentasie
Seuns	27	45
Dogters	33	55

5.3.2.2 Taal

Die steekproef het bestaan uit 47 Afrikaanssprekende (78.33%) en 13 Engelssprekende adolessente (21.67%) (vergeelyk Tabel 2).

Tabel 2: Taal

Taal	Frekwensie	Persentasie
Afrikaans	47	78.33
Engels	13	21.67

5.3.2.3 Ouderdom

Die ouderdomme van die seuns het gewissel tussen 14 en 18 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 16.03 jaar (vergeelyk Tabel 3).

Tabel 3: Ouderdom - Seuns

Ouderdom	Frekwensie	Persentasie
14	2	7.41
15	6	22.22
16	11	40.74
17	5	18.52
18	3	11.11
Gemiddelde ouderdom:	16.03	

Die ouderdomme van die dogters het gewissel tussen 13 en 18 jaar met 'n gemiddelde ouderdom van 15.24 jaar (vergelyk Tabel 4).

Tabel 4: Ouderdom - Dogters

Ouderdom	Frekwensie	Persentasie
13	1	3.03
14	9	27.27
15	8	24.24
16	12	36.36
17	2	6.06
18	1	3.03
Gemiddelde ouderdom:		15.24

Die gemiddelde ouerdom van die seuns is dus effens hoër as die gemiddelde ouderdom van die dogters.

5.324 Opvoedkundige vlak

Die opvoedkundige vlak van die steekproef het gewissel tussen graad 8 en graad 12 (vergelyk Tabel 5). Die meerderheid respondente is in graad 9 (31.67%) en graad 10 (33.33%). Daar was geen vroulike respondente in graad 12 nie. Al die respondente is hoërskoolleerlinge uit Afrikaans- en Engelssprekende akademiese skole in Pretoria.

Tabel 5: Opvoedkundige vlak

Graad	Frekwensie	Persentasie
8	11	18.33
9	19	31.67
10	20	33.33
11	8	13.33
12	2	3.33

5.325 Voltyds woonagtig in 'n stiefgesin

Die meerderheid respondente (71.67%) is voltyds woonagtig in 'n stiefgesin, terwyl 28.33% op 'n naweek- en vakansiebasis betrokke is by 'n stiefgesin (vergelyk Tabel 6).

Tabel 6: Woonstatus

Woonstatus	Frekwensie	Persentasie
Voltyds in stiefgesin	43	71.67
Deeltyds in stiefgesin	17	28.33

5.3.26 Tydperk betrokke by die stiefgesin

Die adolessentseuns se tydperk van betrokkenheid by hul stiefgesinne wissel van 'n minimum tydperk van 5 maande tot 'n maksimum tydperk van 204 maande (17 jaar) met 'n gemiddelde betrokkenheid van 81.81 maande (6 jaar, 9.84 maande) (vergelyk Tabel 7).

Tabel 7: Tydperk betrokke by stiefgesin - seuns

Tydperk (maande)	Frekwensie	Persentasie
5	1	3.70
8	1	3.70
12	3	11.11
18	1	3.70
30	1	3.70
36	2	7.41
60	1	3.70
72	2	7.41
84	5	18.52
96	1	3.70
108	2	7.41
132	2	7.41
144	2	7.41
156	1	3.70
192	1	3.70
204	1	3.70
Gemiddelde tydperk:	81.81	

Die tydperk waarin die adolessentdogters deel uitmaak van hul stiefgesinne wissel tussen 'n minimum tydperk van een maand en 'n maksimum tydperk van 180 maande (15 jaar) met 'n gemiddelde betrokkenheid van 81.34 maande (6 jaar, 9.36 maande) (vergelyk Tabel 8).

Tabel 8: Tydperk betrokke by stiefgesin - dogters

Tydperk (maande)	Frekwensie	Persentasie
. (onbeantwoord)	1	3.03
1	1	3.03
12	2	6.06
16	1	3.03
18	1	3.03
36	3	9.09
48	5	15.15
60	3	9.09
72	1	3.03
84	2	6.06
96	1	3.03
108	1	3.03
120	3	9.09
132	1	3.03
144	4	12.12
156	1	3.03
168	1	3.03
180	1	3.03
Gemiddelde tydperk:	81.34	

Beide die geslagte is ongeveer dieselfde gemiddelde tydperk betrokke by hul stiefgesin.

5.327 Geslag van die stiefouer in die gesin

By die adolessentseuns blyk dit dat 51.85% in 'n stiefmoedergesin woon en 48.14% in 'n stiefvadergesin (vergelyk Tabel 9).

Tabel 9: Stiefouergeslag - seuns

Stiefouer	Frekwensie	Persentasie
Stiefmoeder	14	51.85
Stiefvader	13	48.15

In die adolessentdogters se geval is 27.27% woonagtig in 'n stiefmoedergesin, terwyl 69.70% in 'n stiefvadergesin woon (vergelyk Tabel 10). Hierdie syfers stem ooreen met die literatuur wat meld dat die grootste aantal stiefgesinne, stiefvadergesinne is

(vergelyk 3.3.5). Een van die vroulike respondente het hierdie vraag nie beantwoord nie.

Tabel 10: Stiefouergeslag - dogters

Stiefouer	Frekwensie	Persentasie
Onbeantwoord	1	3.03
Stiefmoeder	9	27.27
Stiefvader	23	69.70

5.3.2.8 Stiefsibbe

Die meerderheid respondente (76.67%) het stiefsibbe gekry as 'n resultaat van die hertroue (vergelyk Tabel 11).

Tabel 11: Stiefsibbe

Stiefsibbe	Frekwensie	Persentasie
Bygekry	46	76.67
Nie bygekry nie	14	23.33

5.3.2.9 Biologiese ouer oorlede

Slegs 11.67% van die respondente het een van hul biologiese ouers aan die dood afgestaan (vergelyk Tabel 12).

Tabel 12: Biologiese ouer oorlede

Biologiese ouer	Frekwensie	Persentasie
Oorlede	7	11.67
Lewend	53	88.33

5.3.2.10 Nie-inwonende biologiese ouer hergetroud

Die meerderheid respondente se nie-inwonende biologiese ouer het ook hertrou (vergelyk Tabel 13).

Tabel 13: Nie-inwonende biologiese ouer hergetroud

Biologiese ouer	Frekwensie	Persentasie
Hergetroud	43	71.67
Ongetroud	17	28.33

Die steekproef adolessente in stiefgesinne bestaan dus uit 27 seuns en 33 dogters waarvan die meerderheid (78.33%) Afrikaanssprekend is (vergelyk Tabel 2). Die gemiddelde ouderdom van die seuns is 16.03 jaar (vergelyk Tabel 3) en die dogters 15.24 jaar (vergelyk Tabel 4). Die meerderheid adolessente bevind hulle in graad 9 (31.67%) en graad 10 (33.33%) (vergelyk Tabel 5). Die oorgrote meerderheid respondente (71.67%) woon voltyds in 'n stiefgesin terwyl 28.33% respondente slegs op 'n naweek- en vakansiebasis by hul stiefgesin inwoon (vergelyk Tabel 6). Dit blyk verder dat die term "stiefgesin" in hierdie studie vir die meeste seuns (51.85%) 'n stiefmoedergesin impliseer en vir die meeste dogters (69.70%) 'n stiefvadergesin (vergelyk Tabelle 9 & 10). Die gemiddelde periode van betrokkenheid by die stiefgesin, is 81.81 maande ten opsigte van die seuns en 81.34 maande in die dogters se geval (vergelyk Tabelle 7 & 8). Die insluiting van stiefsibbe in die nuwe stiefgesin het in die meeste gevalle (76.67%) plaasgevind (vergelyk Tabel 11). Slegs 'n klein aantal (11.67%) biologiese ouers is oorlede (vergelyk Tabel 12), terwyl die meeste (71.67%) van die nie-toesighoudende biologiese ouers weer getroud is (vergelyk Tabel 13).

5.4 Meetinstrument

Die meetinstrument wat gebruik is (vergelyk Bylaag C), is 'n komprehensiewe vraelys opgestel deur die navorser weens die afwesigheid van 'n bestaande soortgelyke meetinstrument. Die vraelys is ontwikkel en saamgestel op grond van die indringende literatuurstudie wat eerstens gefokus het op die psigologiese ontwikkelingsprosesse gedurende adolessensie en die gepaardgaande invloed van die ouerpaar asook die portuurgroep, en tweedens op die spesifieke en unieke probleme wat adolessente as stiefgesinslede ervaar. Die vraelys is ook in Engels vertaal (vergelyk Bylaag D).

Vir die logiese aansluiting van die vraelys by die literatuurstudie en vir die sinvolle bespreking van die resultate is die vrae in die vraelys in die volgende onderafdelings verdeel:

Afdeling 1: (vrae 3 – 11) Hierdie gedeelte bestaan uit biografiese items soos die ouderdom, geslag en opvoedkundige vlak van die respondent, asook die tydperk woonagtig in die betrokke stiefgesin.

Afdeling 2: (vrae 12.1 – 12.7) Hierdie gedeelte ondersoek die respondent se skakeling met en aanpassing in sy portuurgroep.

-
- Afdeling 3: (vrae 13.1 – 13.11) Hierdie afdeling poog om die teenwoordigheid van bestaande mites oor stiefgesinne te verifieer.
- Afdeling 4: (vrae 14.1 – 15.7) Hierdie afdeling ondersoek die strukturele verskille tussen die eerstehuweliksgesin en die stiefgesin asook die gevoelens van die adolessent kort na die totstandkoming van die stiefgesin.
- Afdeling 5: (vrae 16.1 – 16.3) Hierdie gedeelte poog om die fases in die stiefgesinsontwikkelingsiklus te ondersoek.
- Afdeling 6: (vrae 17.1 – 17.8) Hierdie afdeling handel oor die adolessent se verkryging van outonomie en onafhanklikheid en die impak van die stiefgesin op hierdie proses.
- Afdeling 7: (vrae 18.1 – 18.7) Hierdie gedeelte bestudeer aspekte van seksualiteit in die stiefgesin.
- Afdeling 8: (vrae 19.1 – 19.16) Die aanpassing van adolessentseuns en –dogters by die stiefgesin word in hierdie gedeelte onder die loep geneem en moontlike verskille tussen die twee geslagte word ondersoek.
- Afdeling 9: (vrae 20.1 – 20.9) Die gedeelte handel oor die betrokke ouerskapstyl van die ouerpaar in die stiefgesin sowel as die biologiese ouer se oënskynlike deteriorasie in ouerskap kort na die hertroue.
- Afdeling 10: (vrae 21.1 – 21.6) Hierdie afdeling bestudeer die atmosfeer in die stiefgesin en ondervang ook moontlike verskille tussen stiefvader- en stiefmoedergesinne.
- Afdeling 11: (vrae 22.1 – 25.4) Hierdie gedeeltes ondersoek die lojaliteitskonflikte en bepaalde emosies te wete woede, skuldgevoelens en vrees wat die adolessent moontlik ervaar.
- Afdeling 12: (vrae 26.1 – 26.14) Die gevoelens oor en houdings teenoor die stiefsibbe word in hierdie afdeling ondersoek.
- Afdeling 13: (vrae 27.1 – 27.7) Die teenwoordigheid en rol van interouerlike en ouer-adolessent-konflik word in hierdie gedeelte nagespeur.

-
- Afdeling 14: (vrae 28.1 – 28.7) Die kommunikasiepatrone in die stiefgesin word in hierdie afdeling bestudeer.
- Afdeling 15: (vrae 29.1 – 29.6) Die selfsteem van die adolessent en die bydrae van die stiefgesin in dié verband word in hierdie gedeelte ondersoek.
- Afdeling 16: (vrae 30.1 – 30.16) Hierdie afdeling fokus op die aanpassings- en gedragsprobleme wat die adolessent kort na die huwelik tussen sy biologiese ouer en stiefouer ervaar het.
- Afdeling 17: (vraag 31.1) Hierdie vraag probeer vasstel of die adolessent die intergenerasiegrense van sy gesin verwarrend vind.
- Afdeling 18: (vrae 32.1 – 33.2) Hierdie gedeeltes beoordeel die handhawing van verhoudings met die nie-toesighoudende biologiese ouer sowel as met die uitgebreide gesinslede.
- Afdeling 19: (vrae 34.1 – 34.5) Die potensiële voordele wat die stiefgesin vir die adolessent inhou, word hier ondersoek.

Die vraelys is ontwikkel in 'n meervoudige keuseformaat sodat die respondent slegs die korrekte opsies hoef te merk. 'n Vyfpunt Likertskaal is deurlopend gebruik waarin die respondente telkens moes aandui in watter mate hulle met die stelling saamstem. Die volgende waardes is aan elk van die opsies toegeken: opsie een verteenwoordig *geensins*, opsie twee *gering*, opsie drie *gemiddeld*, opsie vier *groot* en opsie vyf *baie groot*. In etlike gevalle is 'n sesde opsie bygevoeg wat *nie van toepassing nie* verteenwoordig. 'n Aantal vrae word verder beantwoord deur 'n keuse tussen *ja*, *nee* en *nie van toepassing nie* te maak. Die vraelys is gekodeer ten einde die statistiese verwerking daarvan te vergemaklik.

Die vraelys is aan sowel die studieleier as 'n navorsingsielkundige verbode aan die PU vir CHO voorgelê ten einde die voorkoms- en inhoudsgeldigheid te beoordeel. Verskeie regstellings en wysigings is aanbeveel en aangebring.

Die doel van die vraelys is om te bepaal watter aspekte van die stiefgesinslewe deur adolessente in stiefgesinne enersyds as problematies en andersyds as positief beleef word, ten einde hierdie temas vir opname in 'n voorbereidingsprogram vir

adolescente wat 'n stiefgesin betree te identifiseer. Verder is gepoog om die bevindinge wat uit die literatuurstudie gemaak is, in die praktyk te verifieer.

5.5 **Navorsingsprosedure**

Soos aangetoon, is die meetinstrument ontwikkel op grond van 'n deeglike literatuurstudie oor die psigologie van adolessente en die unieke dilemmas wat hulle in stiefgesinne ervaar. Respondente is bekom deur die reeds genoemde werwingstrategieë wat aan die noodsaaklike toestemmingsvereistes voldoen het. 'n Behoeftebepaling is gedoen deurdat die ontwikkelde vraelys deur adolessente wat hulle tans in stiefgesinne bevind, ingevul is ten einde die bevindinge van die literatuurstudie in die praktyk te verifieer.

5.6 **Dataverwerking**

Altesaam 88 vraelyste is uitgestuur en 60 is terug ontvang waarvan elkeen bruikbaar was. 43 van die vraelyste is deur adolessente ingevul wat voltyds in 'n stiefgesin woonagtig is, terwyl 17 ingevul is deur adolessente wat slegs voorafbepaalde naweke en skoolvakansies in 'n stiefgesin woonagtig is. Aangesien die steekproef betreklik klein is, sal die bevindinge slegs van toepassing wees op die steekproef en nie veralgemeen word na die algemene populasie nie.

Die steekproef is in twee subgroepe verdeel, naamlik seuns en dogters ten einde moontlike geslagsverskille in die ervaring van die stiefgesinslewe uit te lig. Die navorser wou 'n verdere moontlike vergelyking tref tussen die ervaring van Afrikaans- en Engelssprekende stiefadolessente. Die klein aantal Engelse respondente in die steekproef het egter nie so 'n vergelyking toegelaat nie. Aangesien die steekproef betreklik klein is, sal die bevindinge bloot beskryf en verskille tussen die geslagte, waar opvallend, aangetoon word.

Die vraelyste is ontleed ten einde vas te stel of die bevindinge uit die literatuurstudie in die praktyk bevestig word. Soos reeds genoem, is die vraelys gekodeer ten einde die statistiese dataverwerking deur middel van die SAS-program (1996) te vergemaklik.

5.7 **Samevatting**

'n *Ex post facto*-opnameontwerp is geïmplementeer ten einde 'n behoeftebepaling te doen by adolessente wat hulle in 'n stiefgesin bevind. 'n Selfgeadministreerde vraelys is opgestel op grond van 'n deeglike en relevante literatuurstudie. Die meetinstrument

bestaan uit verskeie sinvol uiteengesette afdelings en is gekodeer ten einde statistiese verwerking te bevorder.

Proefpersone is op verskeie eties verantwoordbare wyses gewerf en die vraelys is anoniem ingevul. Sestig bruikbare vraelyste is terug ontvang en deur die SAS-program verwerk. Vanweë die klein omvang van die steekproef kan die bevindinge nie na die populasie veralgemeen word nie.

In die volgende hoofstuk word die resultate volledig bespreek en geïnterpreteer.

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die resultate wat uit die ondersoek verkry is, geïnterpreteer en volledig na aanleiding van die literatuur in Hoofstukke 2 en 3 bespreek. Vir die maklike verstaan van die data sal elke onderafdeling van die vraelys in aparte afdelings aangebied word, in dieselfde formaat as die vraelys (soos aangedui in 5.4).

Die Likertskaalwaardes sal in tabelvorm by elke vraag met die volgende waardes aangetoon word:

- 0 - onbeantwoord
- 1 - geensins nie
- 2 - in 'n geringe mate
- 3 - in 'n gemiddelde mate
- 4 - in 'n groot mate
- 5 - in 'n baie groot mate
- 6 - nie van toepassing nie

In gevalle waar die respondent 'n keuse tussen ja, nee en nie van toepassing nie as antwoord moet kies, word die opsies soos volg verteenwoordig:

- 1 - Ja
- 2 - Nee
- 3 - Nie van toepassing nie

'n Telling van 3 by die Likertskaalvrae sal oorwegend as die gemiddeld beskou word, terwyl tellings 1, 2, 4 en 5 aanduidend van moontlike probleem- en positiewe areas sal wees. In etlike gevalle is response 1 en 2, sowel as response 4 en 5, tydens die bespreking van die tabelle saamgevoeg. Dit word egter duidelik aangedui in die bespreking. Alhoewel die vraelys in afdelings gegroepeer is, sal elke vraag in die vraelys ten opsigte van die adolessentseuns en -dogters bespreek word. Die bevindinge van beide die groepe sal ondersoek en moontlike verskille uitgelig word. Daar sal egter geensins absolute vergelykings tussen die groepe getref word nie vanweë die grootte van die steekproef.

Vervolgens word die bevindinge van die onderskeie afdelings bespreek. Ten einde die leeswerk te vergemaklik is die tabelle by elke afdeling in groepies verdeel, gevolg deur die relevante teks.

6.2 Bespreking van die resultate van die vraelys

6.2.1 Afdeling 2: Die Portuurgroep

Die insluiting van hierdie afdeling is daarop gerig om te bepaal of die betrokke respondent gemaklik in sy/haar portuurgroep voel. Die opbou van bevredigende verhoudings met die portuurgroep is een van die belangrike ontwikkelingstake van adollesensie (Erikson, 1968, soos aangedui in 2.4.2; Heaven, 1994, soos aangedui in 2.4). Erikson (1968, soos aangedui in 2.4.2) stipuleer dat die portuurgroep identiteitsverwerwing fasiliteer en die selfesteem, sowel as reputasie, van die adollesent bevorder. Positiewe skakeling met die portuurgroep en die handhawing van betekenisvolle vriendskappe verhoog die adollesent se eiewaarde en bied 'n belangrike bron van ondersteuning verál wanneer die stiefgesinslewe gekompliseerd is (Heaven, 1994; Newman & Newman, 1999, soos aangedui in 2.4.2). Volgens Nielsen (1996, soos aangedui in 2.4.1) dien die portuurgroep ook as 'n buffer in gevalle waar gesinsverstrengeldheid aanwesig is en individuasie belemmer word.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 14 tot Tabel 20 uiteengesit.

Tabel 14: In watter mate is jou vriende vir jou belangriker as jou gesin? (vraag 12.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	16	48.48
2	4	14.81	2	4	12.12
3	10	37.04	3	7	21.21
4	6	22.22	4	4	12.12
5	5	18.52	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.15</i>	

Tabel 15: In watter mate kom jy met jou portuurgroep (kinders van jou ouderdom) oor die weg? (vraag 12.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1			1	2	6.06
2	2	7.41	2	2	6.06
3	6	22.22	3	8	24.24
4	9	33.33	4	7	21.21
5	10	37.04	5	14	42.42
<i>Gemiddeld</i>	<i>4.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.88</i>	

Tabel 16: In watter mate beskik jy oor hegte ("close") vriende met wie jy jou persoonlike sake bespreek? (vraag 12.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	1	3.03
2	5	18.52	2	2	6.06
3	4	14.81	3	10	30.30
4	5	18.52	4	4	12.12
5	11	40.74	5	16	48.48
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.67</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.97</i>	

Tabel 17: In watter mate pas jy in die portuurgroep in? (vraag 12.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	1	3.03
2	2	7.41	2	3	9.09
3	6	22.22	3	12	36.36
4	9	33.33	4	10	30.30
5	8	29.63	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.58</i>	

Die grootste aantal seuns (40.74%) beskou hul vriende in 'n groot en baie groot mate belangriker as hul gesin, terwyl 37.04% in 'n gemiddelde mate hul vriende as belangriker beskou (vergelyk Tabel 14). Teenstrydig met die seuns beskou die meeste dogters (60.60%) geensins nie en in 'n geringe mate hul vriende belangriker as hul gesinslede, alhoewel 18.18% wel in 'n groot en baie groot mate hierdie opinie handhaaf (vergelyk Tabel 14). Die meerderheid seuns (70.37%) en dogters (63.63%)

kom in 'n groot en baie groot mate met hul portuurgroep oor die weg (vergelyk Tabel 15), terwyl 59.26% seuns en 60.60% dogters aandui dat hulle in 'n groot en baie groot mate intieme vriende waarmee hulle vertroulike sake kan bespreek tot hul beskikking het (vergelyk Tabel 16). 'n Groter aantal dogters (30.30%) as seuns (14.81%) het ook in 'n gemiddelde mate intieme vriende, terwyl 25.93% seuns geensins nie en slegs in 'n geringe mate vriende hiervoor het (vergelyk Tabel 16). Die meeste seuns (62.96%) en dogters (51.51%) pas in 'n groot en baie groot mate in die portuurgroep in, alhoewel meer dogters (36.36%) as seuns (22.22%) slegs in 'n gemiddelde mate inpas (vergelyk Tabel 17).

Tabel 18: In watter mate is jou vriende daar vir jou wanneer jy hulle nodig het? (vraag 12.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	1	3.70	1		
2	3	11.11	2	5	15.15
3	6	22.22	3	9	27.27
4	8	29.63	4	9	27.27
5	9	33.33	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.73</i>	

Tabel 19: In watter mate pla dit jou vriende dat jy 'n stiefkind is? (vraag 12.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	21	77.78	1	29	87.88
2	4	14.81	2	2	6.06
3	1	3.70	3		
4	1	3.70	4	1	3.03
5			5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.33</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.27</i>	

Tabel 20: In watter mate is van jou vriende ook stiefkinders? (vraag 12.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	3	9.09
2	3	11.11	2	6	18.18
3	9	33.33	3	14	42.42
4	5	18.52	4	4	12.12
5	5	18.52	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.07</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.12</i>	

Die grootste aantal seuns (62.96%) en dogters (57.57%) se vriende is in 'n groot en baie groot mate tot hul beskikking wanneer hulle hulle nodig het (vergelyk Tabel 18). 'n Groot aantal seuns (22.22%) en dogters (27.27%) se vriende is ook in 'n gemiddelde mate beskikbaar in tye waarin hulle benodig word (vergelyk Tabel 18). Die feit dat hulle stiefkinders is, skep in die meeste gevalle vir beide die seuns (77.78%), en die dogters (87.88%), geensins 'n probleem in die portuurgroep en hul vriendskappe nie (vergelyk Tabel 19). 'n Groot aantal van die seuns (33.33%) en dogters (42.42%) se vriende is in 'n gemiddelde mate self stiefkinders, terwyl 37.04% van die seuns teenoor 30.30% van die dogters se vriende, in 'n groot en baie groot mate stiefkinders is (vergelyk Tabel 20).

Dit blyk dus dat die meerderheid seuns en dogters in hierdie steekproef goeie portuurgroepverhoudings handhaaf en oor betekenisvolle, ondersteunende vriendskappe beskik wat noodsaaklik is vir identiteit- en intimiteitsverwerwing (Erikson, 1968, soos aangedui in 2.4.2; Heaven, 1994, soos aangedui in 2.4). Die dogters in hierdie steekproef blyk egter minder betrokke te wees by die portuurgroep as die seuns. Ten spyte hiervan beskik die dogters oor meer intieme vriende met wie hulle ervarings kan deel as die seuns, wat moontlik 'n genoegsame gevoel van behoort-aan ("sense of belonging") meebring (Heaven, 1994, soos aangedui in 2.4.1). 'n Moontlike rede hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat die dogters reeds 'n groter mate van empatie (Manaster, 1989, soos aangedui in 2.4.1) in hul vriendskappe bereik het as die seuns, wat moontlik impliseer dat hulle vinniger emosionele volwassenheid en outonomie sal bereik waarna die identifikasie met die jeugkultuur afneem (Coleman & Hendry, 1990, soos aangedui in 2.4.2; Heaven, 1994, soos aangedui in 2.4). Die seuns pas waarskynlik gemakliker in die portuurgroep as die dogters vanweë hul effens mindere mate van intimiteitverwerwing (Sullivan 1953, soos aangedui in 2.4.1). Heaven (1994, soos aangedui in 2.4) stipuleer dat die lidmaatskap tot die portuurgroep en jeugkultuur uiters belangrik is, aangesien dit aan

die adolessent 'n medium bled waardeur onafhanklikheid bereik kan word. Dit is dus duidelik dat hierdie respondente goed by hulle portuurgroep inpas en met hulle oor die weg kom, wat deurslaggewend ten opsigte van hul individuasie van die gesin blyk te wees.

Hierdie respondente beskik verder oor 'n toereikende groepsidentiteit (Newman & Newman, 1999, soos aangedui in 2.4.2) sowel as betekenisvolle sosiale verbintenisse. Die hoofsaak van die vroeë adolessentfase is dus suksesvol bemeester (Newman & Newman, 1999, soos aangedui in 2.4.2). Aangesien die kwaliteit van die portuurverhoudings gedurende adolessensie 'n aanduiding van die mate van suksesvolle aanpassing in volwassenheid impliseer, blyk dit dat hierdie respondente reeds goed weggespring het (Coleman & Hendry, 1990; Sprinthall & Collins, 1995, soos aangedui in 2.4.2).

Alhoewel hierdie betrokke respondente geen probleme ten opsigte van die portuurgroep toon nie, is dit belangrik om 'n gedeelte by 'n voorbereidingsprogram in te sluit wat die impak van die portuurgroep, sowel as intieme vriende, bestudeer en beklemtoon, ten einde adolessente eerstens te ontmoedig om hulself vanweë die stiefgesinstatus van die portuurgroep te onttrek en tweedens, om ondersteuningsbronne in die portuurgroep en in intieme vriendskappe tot stand te bring.

6.2.2 **Afdeling 3: Aannames en mites oor stiefgesinne**

Die samelewing stigmatiseer stiefgesinne en behandel hulle asof hulle abnormaal en minderwaardig is (Burt & Burt, 1996; Ochiltree, 1990, soos aangedui in 3.2). Verskeie mites rakende stiefgesinne, weens 'n gebrek aan gevestigde stiefrolnorme, dra daartoe by dat stiefgesinne oor onrealistiese verwagtinge beskik wat die aanpassing van die lede in die stiefgesin belemmer (vergelyk 3.2). Hierdie afdeling ondersoek in watter mate die negatiewe stereotipering en bestaande mites adolessente stiefkinders raak.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 21 tot Tabel 31 uiteengesit.

Tabel 21: In watter mate pla dit jou om 'n stiefkind te wees? (vraag 13.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	15	45.45
2	3	11.11	2	8	24.24
3	3	11.11	3	4	12.12
4	4	14.81	4	5	15.15
5	5	18.52	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	2.52		<i>Gemiddeld</i>	2.06	

Tabel 22: In watter mate is jy skaam om vir jou vriende en onderwysers te sê dat jy 'n stiefkind is? (vraag 13.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	19	70.37	1	25	75.76
2	1	3.70	2	5	15.15
3	4	14.81	3	1	3.03
4	2	7.41	4	1	3.03
5	1	3.70	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	1.70		<i>Gemiddeld</i>	1.42	

Tabel 23: In watter mate voel jy anders as jou vriende wat nie stiefkinders is nie? (vraag 13.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	14	42.42
2	3	11.11	2	15	45.45
3	3	11.11	3	2	6.06
4	5	18.52	4	2	6.06
5	3	11.11	5		
<i>Gemiddeld</i>	2.33		<i>Gemiddeld</i>	1.76	

Dit blyk uit Tabel 21 dat die grootste aantal seuns (55.55%) en dogters (69.69%) geensins nie en in 'n geringe mate gepla is oor hul stiefkindskap, terwyl dit 33.33% seuns teenoor 18.18% dogters wel in 'n groot en baie groot mate pla (vergelyk Tabel 21). Die grootste aantal seuns (74.07%) en dogters (90.91%) is verder ook geensins nie of slegs in 'n geringe mate skaam om hul stiefgesinstatus aan vriende en onderwysers bekend te maak, alhoewel meer seuns (25.92%) as dogters (9.09%) in 'n gemiddelde, groot en baie groot mate skaam blyk te wees daaroor (vergelyk Tabel

22). Dit blyk verder dat baie meer dogters (87.87%) as seuns (59.26%) geensins nie en in 'n geringe mate anders voel as hul vriende wat nie stiefkinders is nie, terwyl 29.63% seuns, teenoor slegs 6.06% dogters, wel in 'n groot en baie groot mate tog anders as hierdie vriende voel (vergelyk Tabel 23). Dit blyk dus dat ongeveer 'n derde van die seuns in hierdie steekproef wel beïnvloed word deur die negatiewe stereotipering betreffende stiefgesinne wat ooreenstem met die bevindinge in die literatuur (Bray, 1995; Burt & Burt, 1996; Martin *et al.*, 1992; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2), terwyl die res van die respondente slegs in 'n geringe mate hieraan blootgestel word. Hierdie resultate toon dus dat die seuns meer deur die negatiewe stereotipering geraak word as die dogters in hierdie steekproef.

Tabel 24: In watter mate was jy voor hierdie huwelik bang dat jou stiefouer lelik en/of kwaai en/of vyandig met jou sou wees? (vraag 13.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	5	15.15
2	3	11.11	2	7	21.21
3	8	29.63	3	6	18.18
4	4	14.81	4	9	27.27
5	5	18.52	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.12</i>	

Tabel 25: In watter mate verwag jou inwonende biologiese ouer van jou om lief te wees vir jou nuwe stiefouer? (vraag 13.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	5	15.15
2	2	7.41	2	3	9.09
3	9	33.33	3	9	27.27
4	5	18.52	4	9	27.27
5	4	14.81	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>	

Tabel 26: In watter mate het jy gedink julle as stiefgesin gaan dadelik gelukkig en/of lief vir mekaar wees? (vraag 13.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	11	40.74	1	7	21.21
2	5	18.52	2	9	27.27
3	5	18.52	3	9	27.27
4	2	7.41	4	4	12.12
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.37</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>	

Tabel 27: In watter mate verwag jy dat jul nuwe stiefgesin dieselfde moet wees as jou vorige gesin toe jou biologiese ouers met mekaar getroud was? (vraag 13.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	16	48.48
2	5	18.52	2	6	18.18
3	7	25.93	3	7	21.21
4	2	7.41	4	2	6.06
5			5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.93</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.03</i>	

Betreffende die mites aangaande stiefouers blyk dit dat 37.04% seuns geensins nie en in 'n geringe mate bekommerd was dat hul stiefouer lelik en/of kwaai en/of vyandig teenoor hulle sou optree. 29.63% seuns het egter in 'n gemiddelde mate kommer in hierdie verband ervaar teenoor 33.33% seuns wat in 'n groot en baie groot mate wel bekommerd was oor hierdie aspek (vergelyk Tabel 24). In teenstelling met die seuns was meer dogters (45.45%) in 'n groot en baie groot mate voor die huwelik bang dat hul stiefouer negatief teenoor hulle sou optree, terwyl 36.36% geensins nie en slegs in 'n geringe mate hieroor bekommerd was (vergelyk Tabel 24). Die vrees dat die stiefouer lelik en/of kwaai en/of vyandig teenoor die adolessent sal wees word in die literatuur na verwys as die aspoestertjie-mite (Ganong & Coleman, 1995, soos aangedui in 3.2). Dit blyk dat die aspoestertjie-mite wel by 'n aantal respondente voorgekom het. Alhoewel die meerderheid seuns (33.33%) en dogters (48.48%) se inwonende biologiese ouers in 'n groot en baie groot mate van hulle verwag om lief te wees vir die nuwe stiefouer, het 33.33% van die seuns teenoor 27.27% van die dogters se inwonende biologiese ouers dit ook in 'n gemiddelde mate verwag, terwyl die res van die seuns (33.34%) en dogters (24.24%) se inwonende biologiese ouers

geensins nie en in 'n geringe mate dieselfde verwagting gekoester het (vergelyk Tabel 25). Die grootste aantal seuns (59.26%) en dogters (48.48%) het geensins nie en in 'n geringe mate gedink hulle gaan as stiefgesin dadelik gelukkig en lief vir mekaar wees (vergelyk Tabel 26). 24.24% van die dogters en 22.22% van die seuns het egter aangedui dat hulle dit wel in 'n groot en baie groot mate gedink het (vergelyk Tabel 26). Die mite betreffende kitsliefde (Visher & Visher, 1988, soos aangedui in 3.2) blyk dus in 'n gemiddelde mate teenwoordig te wees by die respondente in die steekproef. Die grootste aantal seuns (66.67%) en dogters (66.66%) verwag verder geensins nie of in 'n geringe mate dat hul stiefgesin dieselfde as die eerste huweliksgesin behoort te wees, alhoewel 25.93% seuns en 21.21% dogters dit in 'n gemiddelde mate verwag (vergelyk Tabel 27). Die mite dat stiefgesinne funksioneel gelykwaardig is aan en dieselfde is as intakte eerste huweliksgesinne (Du Plessis, 1993; Fausel, 1995, soos aangedui in 3.2) word dus slegs in 'n uiters geringe mate deur beide die seuns en dogters in hierdie steekproef ondersteun.

Tabel 28: In watter mate het jou inwonende biologiese ouer en jou stiefouer verwag dat jy gou sal aanpas in die nuwe stiefgesin? (vraag 13.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	6	18.18
2			2	4	12.12
3	11	40.74	3	15	45.45
4	5	18.52	4	5	15.15
5	3	11.11	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.81</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.85</i>	

Tabel 29: In watter mate het jy gevoel jy sal nooit weer heeltemal "okay" wees na jou biologiese ouers se egskeiding nie? (vraag 13.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	13	39.39
2	9	33.33	2	5	15.15
3	2	7.41	3	8	24.24
4	5	18.52	4	6	18.18
5	3	11.11	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.30</i>	

Tabel 30: In watter mate meen jy dis makliker om 'n stiefouer te aanvaar indien jou ander biologiese ouer oorlede sou wees? (vraag 13.10)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	6	18.18
1	17	62.96	1	9	27.27
2	1	3.70	2	6	18.18
3	1	3.70	3	5	15.15
4	1	3.70	4	5	15.15
5	3	11.11	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.44</i>	

Tabel 31: In watter mate meen jou biologiese ouer by wie jy woon dis beter vir almal as jou ander biologiese ouer ietwat op die agtergrond staan? (vraag 13.11)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	7	25.93	0	4	12.12
1	8	29.63	1	6	18.18
2	3	11.11	2	2	6.06
3	3	11.11	3	9	27.27
4	3	11.11	4	7	21.21
5	3	11.11	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.50</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.10</i>	

Die biologiese ouer en stiefouer het van 29.63% seuns en 24.24% dogters in 'n groot en baie groot mate verwag om spoedig in die nuwe stiefgesin aan te pas, terwyl dit van die meeste seuns (40.74%) en dogters (45.45%) in 'n gemiddelde mate verwag is om gou in die nuwe stiefgesin aan te pas (vergelyk Tabel 28). Die res van die seuns (29.63%) en dogters (30.30%) se biologiese ouer en stiefouer het geensins nie en slegs in 'n geringe mate dieselfde verwag (vergelyk Tabel 28). Die mite aangaande spoedige stiefgesinaanpassing (Burt & Burt, 1996; Papernow, 1993, soos aangedui in 3.2) blyk dus in 'n gemiddelde mate by 'n groot aantal seuns en dogters voor te kom. Die spoedige stiefgesinsaanpassingsmite blyk ook in 'n effens groter mate by die seuns, in vergelyking met die dogters, se ouers te bestaan.

Alhoewel die meeste van die seuns (62.96%) en dogters (54.54%) geensins nie en in 'n geringe mate meen hulle sal nooit weer heeltemal "okay" na hul biologiese ouers se egskeding wees nie, is 29.63% seuns en 21.21% dogters egter in 'n groot en baie

groot mate en 24.24% dogters teenoor 7.41% seuns in 'n gemiddelde mate inderdaad oortuig van hierdie mening (vergelyk Tabel 29). Die mite dat kinders nooit ten volle van 'n egskeiding herstel nie (Burt & Burt, 1996, soos aangedui in 3.2) blyk effens meer voor te kom by die seuns, terwyl dit by die res van die seuns en dogters, nie 'n noemenswaardige rol speel nie.

Die grootste aantal seuns (66.66%) en dogters (45.45%) is van mening dat dit geensins nie en in 'n geringe mate makliker is om 'n stiefouer te aanvaar indien die ander biologiese ouer oorlede is, terwyl slegs 21.21% dogters en 14.81% seuns, wel in 'n groot en baie groot mate dink dat dit die geval is (vergelyk Tabel 30). Die grootste aantal seuns (40.74%) se biologiese ouers is geensins nie of in 'n geringe mate oortuig daarvan dat die aanpassing by die stiefgesin makliker sou verloop het indien die ander biologiese ouer op die agtergrond geskuif het (vergelyk Tabel 31). Hierteenoor het slegs 24.24% van die dogters se biologiese ouers so gedink. Teenstrydig met die seuns se response (22.22%) meen die grootste aantal dogters (36.36%) se ouers dat dit in 'n groot en baie groot mate beter is indien die ander biologiese ouer op die agtergrond geskuif word (vergelyk Tabel 31). Dit is opvallend dat 'n aantal respondente nie gerespondeer het ten opsigte van Tabel 30 (14.81% - seuns; 18.18% - dogters) en Tabel 31 (25.93% - seuns; 12.12% - dogters) nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat hierdie respondente die vrae as te persoonlik en bedreigend ervaar het. Die mites aangaande die minder gekompliseerde vorming van 'n stiefgesin na die afsterwe van die biologiese ouer (Burt & Burt, 1996, soos aangedui in 3.2) en dat die onttrekking van die ander biologiese ouer aanpassing sal bevorder (Visher & Visher, 1988, soos aangedui in 3.2) is in 'n groter mate by die dogters teenwoordig, alhoewel die meerderheid respondente se response met betrekking tot hierdie mites aandui dat dit nie so 'n groot rol, soos beklemtoon in die literatuur, speel by die suksesvolle aanpassing van hierdie lede by hul stiefgesin nie.

Die insluiting van 'n kort gedeelte rakende negatiewe stereotipering en die bestaande mites oor stiefgesinne by 'n voorbereidingsprogram blyk dus noodsaaklik te wees ten einde die voornemende stiefadolescent realisties ten opsigte van die konteks wat hy of sy betree, te oriënteer.

6.2.3 **Afdeling 4: Struktuur van die nuwe stiefgesin**

Die stiefgesin beskik oor unieke strukturele eienskappe wat heelwat verskil van die tradisionele eerstehuweliksgesin (Bray, 1992; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Die mate waarin stiefgesinslede hiervan bewus is, beïnvloed eerstens hul

aanpassing by die stiefgesin en bied tweedens begrip vir potensiële emosies en situasies wat kan opduik (Bray, 1992; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 32 tot Tabel 38 uiteengesit.

Tabel 32: In watter mate verskil jou lewe in die stiefgesin van jou lewe in die enkelouergesin? (vraag 14.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	1	3.03
2	2	7.41	2	5	15.15
3	8	29.63	3	9	27.27
4	4	14.81	4	10	30.30
5	11	40.74	5	8	24.24
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.74</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.58</i>	

Tabel 33: In watter mate mis jy jou vorige lewe? (vraag 14.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	1	3.70	0		
1	7	25.93	1	9	27.27
2	5	18.52	2	8	24.24
3	2	7.41	3	6	18.18
4	3	11.11	4	6	18.18
5	9	33.33	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.08</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.64</i>	

Tabel 34: In watter mate verskil jy en jou stiefbroers en -susters se waardes van mekaar? (vraag 14.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	2	7.41	1	2	6.06
2	2	7.41	2	4	12.12
3	6	22.22	3	11	33.33
4	5	18.52	4	3	9.09
5	9	33.33	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.71</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.50</i>	

Die grootste aantal seuns (55.55%) en dogters (54.54%) is van mening dat hulle lewens in hul stiefgesinne in 'n groot en baie groot mate van hul lewe in die enkelouergesin verskil, terwyl 29.63% seuns en 27.27% dogters se lewens slegs in 'n gemiddelde mate verskil (vergelyk Tabel 32). Hierdie bevinding word ondersteun deur die literatuur wat aandui dat die gesinslewe na 'n egskeiding en hertroue ernstige verliese en veranderinge vir almal by die proses betrokke inhou, asook dat die stiefgesin oor unieke strukturele eienskappe beskik wat ingrypende verskille impliseer (Bray, 1992; Myers, 1999; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Alhoewel 44.44% seuns en 30.30% dogters in 'n groot en baie groot mate hul vorige lewe mis, is dit opvallend dat 44.45% seuns en 51.51% dogters op hul beurt dit geensins nie en slegs in 'n geringe mate mis (vergelyk Tabel 33). Hierdie resultate toon dus dat, ten spyte daarvan dat die stiefgesin grootliks van die eerste huwelik- en enkelouergesin verskil, minder dogters as seuns hul vorige lewens mis.

Die meeste seuns (51.85%) en dogters (39.39%) se waardes verskil in 'n groot en baie groot mate van hul stiefbroers en -susters, terwyl dit ook in 'n gemiddelde mate die geval is by 33.33% dogters (vergelyk Tabel 34). Hierdie bevinding stem ooreen met die literatuur wat stipuleer dat elke stiefgesinslid gedurende die saamleef tydperk van hul oorspronklike gesin, hul eie gesinsidentiteit, bestaande uit unieke waardes en tradisies, ontwikkel het (Lawton & Sanders, 1994, soos aangedui in 3.2.1). Wanneer die stiefgesin gevorm word, word twee of meer gesinsidentiteite saamgevoeg wat van mekaar verskil en verwarring, sowel as konflik, tussen die gesinslede skep (Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1).

Tabel 35: In watter mate kies jy tussen jou biologiese ouers? (vraag 14.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	2	6.06
1	8	29.63	1	14	42.42
2	1	3.70	2	5	15.15
3	6	22.22	3	2	6.06
4	3	11.11	4	4	12.12
5	3	11.11	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	2.62		<i>Gemiddeld</i>	2.45	

Tabel 36: In watter mate wedywer jou biologiese ouers met mekaar vir jou aandag? (vraag 14.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	1	3.03
1	8	29.63	1	12	36.36
2	7	25.93	2	8	24.24
3	4	14.81	3	7	21.21
4	2	7.41	4	3	9.09
5	2	7.41	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	2.26		<i>Gemiddeld</i>	2.22	

Tabel 37: In watter mate het jy genoegsame kontak met albei jou biologiese ouers? (vraag 14.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	2	6.06
1	3	11.11	1	7	21.21
2	4	14.81	2	6	18.18
3	3	11.11	3	8	24.24
4	6	22.22	4	3	9.09
5	7	25.93	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	3.43		<i>Gemiddeld</i>	2.90	

Tabel 38: In watter mate sal jy dankbaar/bly voel as jou stiefouer jou wettiglik wil aanneem? (vraag 14.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	2	7.41	0	1	3.03
1	16	59.26	1	15	45.45
2	6	22.22	2	2	6.06
3			3	7	21.21
4	1	3.70	4	3	9.09
5	2	7.41	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	1.68		<i>Gemiddeld</i>	2.41	

Alhoewel die meerderheid seuns (29.63%) en dogters (42.42%) geensins tussen hul biologiese ouers kies nie, is dit opmerklik dat 22.22% van die seuns hierdie vraag onbeantwoord gelaat het (vergelyk Tabel 35). 'n Groot aantal seuns (22.22%) en

dogters (30.30%) meld dat hulle, in ooreenstemming met die literatuur (Robertson, 1991; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1) in 'n groot en baie groot mate tog tussen hul biologiese ouers kies (vergelyk Tabel 35). Dit blyk dat die meeste seuns (55.56%) en dogters (60.60%) se ouers geensins nie en in 'n geringe mate nie met mekaar om hul kind se aandag wedywer (vergelyk Tabel 36). Alhoewel 'n groter aantal dogters (21.21%) as seuns (14.81%) wel in 'n gemiddelde mate kompeteer (vergelyk Tabel 36), blyk dit dat die destruktiewe effek van ouerlike wedywering op kinders, soos aangedui in die literatuur (Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1) grotendeels by hierdie respondente afwesig is. Volgens die literatuur bevorder genoegsame kontak met beide biologiese ouers 'n adolessent se aanpassing in die stiefgesin (Visher & Visher, 1982, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Dit wil voorkom of die seuns se aanpassing wel moontlik bevorder word, aangesien die meeste (48.15%) in 'n groot en baie groot mate genoegsame kontak met beide hul biologiese ouers het, terwyl dieselfde net by 30.30% dogters in dié mate voorkom (vergelyk Tabel 37). Teenstrydig met die seuns se response (25.92%), dui die meeste dogters (39.39%) aan dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate genoegsame kontak met albei biologiese ouers het (vergelyk Tabel 37). Alhoewel die meeste van die seuns (81.48%) en dogters (51.51%) geensins nie of in 'n geringe mate bly of dankbaar sal voel indien hul stiefouer hulle wettiglik sou aanneem, is dit tog opmerklik dat meer dogters in 'n gemiddelde (21.21%) en in 'n groot en baie groot mate (24.24%) wel dankbaar en/of bly sou voel teenoor slegs 11.11% seuns wat in 'n groot en baie groot mate bly sal wees (vergelyk Tabel 38). Hierdie verskil kan moontlik toegeskryf word aan 'n betreklik goeie verhouding met die stiefouer en 'n minder intieme verhouding met die biologiese ouer van dieselfde geslag. Minder dogters mis hul vorige lewens, terwyl minder ook meld dat hulle nie genoegsame kontak met beide hul biologiese ouers het nie, wat moontlik verklaar waarom meer dogters, in vergelyking met die seuns, positiewer sou voel oor 'n wettige aanneming deur hul stiefouer. Die grootste aantal seuns vind egter hul verhoudings met beide biologiese ouers bevredigend, wat waarskynlik verduidelik waarom hulle 'n wettige aanneming deur hul stiefouer sal teenstaan. Die aanneming van kinders deur 'n stiefouer impliseer gewoonlik 'n verbreking van die bande met hul verlede wat vir hierdie seuns nie 'n opsie blyk te wees nie (Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Aangesien die meerderheid respondente in stiefvadergesinne woon (vergelyk 5.3.2.7), impliseer dit dus moontlik dat die stiefvader-stiefseun-verhouding minder goed blyk te wees as die stiefvader-stiefdogter-verhouding.

Aangesien die resultate in hierdie gedeelte hoofsaaklik die literatuur (sien 3.2.1) ten opsigte van die waardeverskille tussen stiefsibbe ondersteun, behoort die aanpassing

en hantering daarvan ingesluit te word by die voorbereidingsprogram. Ten spyte daarvan dat die strukturele verskille nie beduidend in hierdie studie bevestig is nie, behoort dit steeds ingesluit te word, ten einde voorsiening te maak vir die bevordering van die aanpassing van adolessente in minder gunstige omstandighede.

Volgens die literatuur beleef adolessente, vanweë die verskeie verliese en veranderings wat hulle ervaar het, bepaalde emosies in nuut gevestigde stiefgesinne (Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Die volgende gedeelte het ten doel om hierdie emosies asook die intensiteit daarvan, wat deur die respondente **direk** na die huwelik tussen hul biologiese en stiefouer ervaar is, te bestudeer. Die tellings wat in hierdie verband behaal is, word in Tabel 39 tot Tabel 45 uiteengesit.

Tabel 39: In watter mate het jy ongewaardeerd gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	10	30.30
2	3	11.11	2	5	15.15
3	7	25.93	3	10	30.30
4	6	22.22	4	4	12.12
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.61</i>	

Tabel 40: In watter mate het jy magtelos gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	9	27.27
2	6	22.22	2	7	21.21
3	4	14.81	3	11	33.33
4	6	22.22	4	2	6.06
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.55</i>	

Tabel 41: In watter mate het jy vreesbevange gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	9	27.27
2	8	29.63	2	7	21.21
3	5	18.52	3	8	24.24
4	6	22.22	4	6	18.18
5	1	3.70	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.61</i>	

In hierdie ondersoek blyk dit dat die grootste aantal seuns (37.04%) en dogters (45.45%) geensins nie en in 'n geringe mate kort na die hertroue ongewaardeerde gevoel het (vergelyk Tabel 39). Dieselfde getal seuns (37.03%) het egter in 'n groot en baie groot mate kort na die hertroue ongewaardeerde gevoel, terwyl slegs 24.24% dogters hierdie emosie ervaar het (vergelyk Tabel 39). Die meerderheid seuns (48.15%) en dogters (48.48%) het geensins nie en in 'n geringe mate magteloosheid ervaar, alhoewel 37.03% seuns, teenoor slegs 18.18% dogters, aangedui het dat hulle wel in 'n groot en baie groot mate so gevoel het (vergelyk Tabel 40). 'n Groot aantal dogters (33.33%) het wel in 'n gemiddelde mate magteloosheid ervaar (vergelyk Tabel 40). Die meeste seuns (55.56%) sowel as dogters (48.48%) het geensins nie en in 'n geringe mate kort na die huwelik vreesbevange gevoel (vergelyk Tabel 41).

Tabel 42: In watter mate het jy eensaam gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	8	24.24
2	1	3.70	2	3	9.09
3	3	11.11	3	12	36.36
4	5	18.52	4	5	15.15
5	8	29.63	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.88</i>	

Tabel 43: In watter mate het jy gefrustreerd gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	3	9.09
2	2	7.41	2	6	18.18
3	3	11.11	3	4	12.12
4	5	18.52	4	8	24.24
5	13	48.15	5	12	36.36
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.61</i>	

Tabel 44: In watter mate het jy hartseer gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	3	11.11	1	6	18.18
2	5	18.52	2	6	18.18
3	4	14.81	3	5	15.15
4	3	11.11	4	6	18.18
5	12	44.44	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.59</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.24</i>	

Tabel 45: In watter mate het jy jaloers gevoel nadat julle 'n stiefgesin geword het? (vraag 15.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	12	36.36
2	4	14.81	2	6	18.18
3	5	18.52	3	8	24.24
4	3	11.11	4	2	6.06
5	3	11.11	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.45</i>	

Eensaamheid is in 'n groot en baie groot mate deur die meeste seuns (48.154%) ervaar, terwyl slegs 30.30% van die dogters so gevoel het (vergeelyk Tabel 42). Die grootste aantal dogters (36.36%) het hierdie emosie net in 'n gemiddelde mate beleef (vergeelyk Tabel 42). 'n Groot aantal seuns (40.74%), asook dogters (33.33%), het aangedui dat hulle geensins nie of in 'n geringe mate eensaam gevoel het gedurende hierdie tydperk (vergeelyk Tabel 42). Meer as die helfte van die seuns (66.67%) en

dogters (60.60%) het in 'n groot en baie groot mate gefrustreerd (vergelyk Tabel 43) gevoel, terwyl die grootste gedeelte van die seuns (55.55%) en dogters (48.48%) verder ook in 'n groot en baie groot mate hartseergevoelens gehad het (vergelyk Tabel 44). Ten spyte hiervan is hartseer geensins nie, of slegs in 'n geringe mate deur 29.63% seuns en 36.36% dogters ervaar (vergelyk Tabel 44). Jaloesie teenoor stiefgesinslede kort na die huwelik is geensins deur die meeste seuns (44.44%) en dogters (36.36%) aangedui nie, tog het 'n groot aantal seuns (22.22%) wel in 'n groot en baie groot mate jaloesie ervaar, terwyl dit by 21.21% van die dogters voorgekom het (vergelyk Tabel 45).

Dit is duidelik vanuit hierdie bevindinge dat die seuns meer ongewaardeerd en eensaam gevoel het as die dogters in hierdie steekproef. 'n Moontlike rede hiervoor is waarskynlik daarin geleë dat die stiefouer in hierdie steekproef grotendeels 'n stiefvader verteenwoordig; en dat die seuns se band met die biologiese vader bedreig word (Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1). Ten spyte hiervan het die meeste respondente geen jaloerse gevoelens openbaar teenoor die nuwe stiefgesinslede nie. Dit is verder opmerklik dat albei geslagte intense frustrasie en hartseer gedurende die aanvangstadium van die stiefgesin beleef het.

Die emosies, soos in die literatuur uitgelig (Bray, 1992; Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.2.1) wat in die praktyk bevestig is en aandag by die saamstel van 'n voorbereidingsprogram behoort te geniet, is dié van ongewaardeerdheid, magteloosheid ten opsigte van huidige en toekomstige verliese, eensaamheid, frustrasie en hartseer.

6.2.4 **Afdeling 5: Die fases in die normale stiefgesinsontwikkelingsiklus**

Volgens (Papernow, 1993, soos aangedui in 3.2.2) bestaan die ontwikkelingsiklus waardeur 'n stiefgesin beweeg uit sewe fases. Die meting van die fases deur middel van 'n vraelys is uiters moeilik en hier is slegs gepoog om te bepaal, indien moontlik, in watter mate die stiefgesin in die eerste fase verkeer. Fase een word gekenmerk deur 'n aantal fantasieë wat teenwoordig is by die volwassenes, sowel as by die kinders wat by die nuwe stiefgesin betrokke is (Papernow, 1993, soos aangedui in 3.2.2). Die pasgetroude volwassenes fantaseer dat die nuwe gesinslede hulle dadelik sal liefhê en vertroetel, dat hierdie huwelik en huweliksmaat beter sal wees as die vorige, dat die las van enkelouerskap verlig sal word, dat die huweliksmaat vanselfsprekend meer vertroetelend en versorgend is omdat hy alreeds 'n ouer is, dat hierdie huwelik soos 'n eerste sal wees en net uit "ons" sal bestaan. Kinders fantaseer egter dat die mislukte eerste huwelik herstel sal word, en tweedens dat

hulle 'n manier sal vind om die enkelouergesin in stand te hou eerder as om 'n stiefouer binne te laat (Papernow, 1993, soos aangedui in 3.2.2). Indien die gesin steeds in fase een verkeer, is dit waarskynlik problematies, aangesien die gesin nie voortbeweeg na die volgende fases ten einde die siklus te voltooi nie.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 46 tot Tabel 48 uiteengesit.

Tabel 46: In watter mate het jy voor die huwelik gewens jou biologiese ouer en jou stiefouer trou nie? (vraag 16.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	11	33.33
2	7	25.93	2	4	12.12
3	2	7.41	3	6	18.18
4	2	7.41	4	8	24.24
5	10	37.04	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.11</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>	

Tabel 47: In watter mate was dit vir jou lekkerder toe julle alleen gewoon het na die egskedding in die enkelouergesin? (vraag 16.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	5	15.15
2	3	11.11	2	7	21.21
3	8	29.63	3	7	21.21
4	3	11.11	4	8	24.24
5	6	22.22	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.93</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.09</i>	

Die meerderheid seuns (48.15%) en dogters (45.45%) het geensins nie en in 'n geringe mate voor die beplande huwelik gewens dat die biologiese ouer nie met die stiefouer trou nie (vergelyk Tabel 46). Dit is egter noemenswaardig dat 44.45% seuns en 36.36% dogters in 'n groot en baie groot mate gewens het dat die huwelik nie sou plaasvind nie (vergelyk Tabel 46). Dit blyk verder dat die meeste seuns (37.04%) geensins nie en in 'n geringe mate dit meer geniet het om in die enkelouergesin te woon, terwyl 33.33% dit in 'n groot en baie groot mate lekkerder gevind het (vergelyk Tabel 47). In teenstelling met die seuns het die grootste aantal dogters (42.42%) aangedui dat hulle die enkelouergesin in 'n groot en baie groot mate meer geniet het,

terwyl dit vir 36.36% geensins nie en in 'n geringe mate die geval was (vergelyk Tabel 47).

Tabel 48: In watter mate het jy gehoop jou biologiese ouers se huwelik kan herstel word? (vraag 16.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	5	18.52	0	3	9.09
1	4	14.81	1	12	36.36
2	4	14.81	2	5	15.15
3	6	22.22	3	4	12.12
4	1	3.70	4	2	6.06
5	7	25.93	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.14</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.57</i>	

Die grootste getal dogters (51.51%) het geensins nie en in 'n geringe mate gehoop dat hul biologiese ouerhuwelik herstel sal word, terwyl slegs 27.27% hierdie hoop in 'n groot en baie groot mate gehad het (vergelyk Tabel 48). Die situasie in die seuns se geval is verskillend, deurdat 'n gelyke aantal seuns geensins nie en in 'n geringe mate (29.62%), sowel as in 'n groot en baie groot mate (29.63%), hierdie hoop gekoester het (vergelyk Tabel 48). In teenstelling met die seuns (22.22%) het slegs 12.12% dogters in 'n gemiddelde mate hoop vir die herstel van hul ouerhuwelik gehad (vergelyk Tabel 48). Dit is verder noemenswaardig dat 18.52% seuns teenoor 9.09% dogters nie op hierdie vraag gerespondeer het nie (vergelyk Tabel 48).

Alhoewel 'n groter aantal dogters as seuns die lewe in die enkelouergesin meer geniet het, het hulle in vergelyking met die seuns, in 'n mindere mate gewens dat die huwelik tussen hul biologiese en stiefouer nie sal plaasvind nie, moontlik omdat hulle minder hoop vir die herstel van hul biologiese ouers se huwelik gehad het en omdat hulle, soos aangedui, nie soveel ongewaardeertheid en eensaamheid soos die seuns kort na die huwelik van die biologiese en stiefouer ervaar het nie (vergelyk 6.2.3). Dit wil dus voorkom of die dogters se stiefgesinne verder in die stiefgesinsontwikkelingsiklus verkeer in vergelyking met die seuns in hierdie steekproef.

Ten einde onrealistiese fantasieë en verdere slaggate onder oë te sien, behoort die stiefgesinsontwikkelingsiklus van Papernow (1993, soos aangedui in 3.2.2) by die voorbereidingsprogram ingesluit te word.

6.2.5 **Afdeling 6: Die verkryging van outonomie**

Die verkryging van outonomie is een van die ontwikkelingstake van adolessensie (Sessa & Steinberg, 1991, soos aangedui in 3.3). Veranderinge in die gesinstrukture beïnvloed die verloop van die ontwikkelingsproses van outonomie by die adolessent grootliks (Sessa & Steinberg, 1991, soos aangedui in 3.3.1).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 49 tot Tabel 56 uiteengesit.

Tabel 49: In watter mate voel jy jy is gedwing om as gevolg van die nuwe situasie meer dinge op jou eie te doen as voorheen? (vraag 17.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	5	15.15
2			2	6	18.18
3	6	22.22	3	10	30.30
4	6	22.22	4	6	18.18
5	7	25.93	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	3.15		<i>Gemiddeld</i>	3.06	

Tabel 50: In watter mate het jy onafhanklik geraak as gevolg van jou stiefgesinlewensituasie? (vraag 17.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	8	24.24
2	2	7.41	2	6	18.18
3	7	25.93	3	9	27.27
4	5	18.52	4	8	24.24
5	8	29.63	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	3.33		<i>Gemiddeld</i>	2.70	

Tabel 51: In watter mate wens jy almal wil jou net alleen los sodat jy jou eie ding kan doen? (vraag 17.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	4	12.12
2	3	11.11	2	10	30.30
3	8	29.63	3	6	18.18
4	5	18.52	4	7	21.21
5	7	25.93	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.03</i>	

Tabel 52: In watter mate het jou verhouding met jou biologiese moeder verander? (vraag 17.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0		
1	8	29.63	1	10	30.30
2	1	3.70	2		
3	6	22.22	3	5	15.15
4	4	14.81	4	9	27.27
5	5	18.52	5	9	27.27
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.88</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.21</i>	

Tabel 53: In watter mate het jou verhouding met jou biologiese vader verander? (vraag 17.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	2	6.06
1	3	11.11	1	8	24.24
2	2	7.41	2	5	15.15
3	3	11.11	3	5	15.15
4	2	7.41	4	3	9.09
5	13	48.15	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.87</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.06</i>	

Die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (36.36%) voel in 'n groot en baie groot mate gedwonge om, vanweë die stiefgesinsituasie, meer dinge op hul eie as voorheen te doen (vergelyk Tabel 49). Alhoewel 'n groot aantal dogters (30.30%) in 'n gemiddelde mate dieselfde voel, blyk dit dat 29.63% seuns en 33.33% dogters

geensins nie en slegs in 'n geringe mate so voel (vergelyk Tabel 49). Die grootste aantal seuns (48.15%) het in 'n groot en baie groot mate onafhanklik geraak weens hul stiefgesinsituasie, terwyl dieselfde met 30.30% van die dogters gebeur het (vergelyk Tabel 50). Die meeste dogters (42.42%), in vergelyking met 25.93% seuns, het geensins nie en in 'n geringe mate onafhanklik geraak as gevolg van die stiefgesinsituasie (vergelyk Tabel 50). 25.93% van die seuns en 27.27% van die dogters meen egter in 'n gemiddelde mate dat hulle wel as gevolg hiervan onafhanklik geraak het (vergelyk Tabel 50). Dieselfde patroon word herhaal deurdat die grootste aantal seuns (44.45%) in 'n groot en baie groot mate die behoefte om alleen gelaat te word uitspreek, terwyl dieselfde by 39.39% van die dogters voorkom (vergelyk Tabel 51). In teenstelling met die meeste dogters (42.42%), wens net 25.92% seuns geensins nie en in 'n geringe mate om alleen gelaat te word, terwyl 29.63% seuns in 'n gemiddelde mate dieselfde voel (vergelyk Tabel 51). Die grootste aantal seuns se verhouding met hul biologiese moeder het óf geensins nie en in 'n geringe mate (33.33%), óf in 'n groot en baie groot mate (33.33%) verander, terwyl 22.22% seuns aandui dat hul moederverhouding slegs in 'n gemiddelde mate verander het (vergelyk Tabel 52). In die dogters se geval het die meerderheid (54.54%) se verhouding met hul biologiese moeder in 'n groot en baie groot mate verander, alhoewel 30.30% geensins veranderinge rapporteer nie (vergelyk Tabel 52). Die respondente se verhouding met hul biologiese vader het in 'n groot en baie groot mate by die grootste aantal seuns (55.56%) sowel as dogters (39.39%) 'n verandering ondergaan sedert die stiefgesinsituasie (vergelyk Tabel 53). Ten spyte hiervan dui 'n verdere 39.39% dogters aan dat hierdie verhouding geensins nie of in 'n geringe mate verander het terwyl dieselfde by 18.52% van die seuns die geval is (vergelyk Tabel 53).

Die bevindinge in hierdie gedeelte toon dat die seuns in hierdie steekproef meer gedwonge gevoel het om onafhanklik te funksioneer as die dogters, wat daarin geresulteer het dat hulle inderdaad meer onafhanklik geword het en gevolglik verkies om alleen gelaat te word, ten einde hul eie ding te doen. Hierdie bevindinge word verder beklemtoon deurdat die seuns minder konflik ten opsigte van onafhanklike gedrag ondervind as die dogters in die steekproef. Alhoewel beide geslagte daarvan oortuig is dat hulle in staat daartoe is om hul eie besluite te neem, wil dit tog voorkom of die seuns 'n groter mate van gedragsoutonomie bereik het.

Tabel 54: In watter mate voel jy in staat om jou eie besluite te neem? (vraag 17.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1			1		
2	4	14.81	2	3	9.09
3	7	25.93	3	11	33.33
4	7	25.93	4	8	24.24
5	9	33.33	5	10	30.30
6			6	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.85</i>	

Tabel 55: In watter mate voel jy skuldig wanneer jy jou eie ding doen? (vraag 17.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	14	51.85	1	14	42.42
2	7	25.93	2	9	27.27
3	6	22.22	3	8	24.24
4			4	2	6.06
5			5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.94</i>	

Tabel 56: In watter mate stry/baklei julle wanneer jy jou eie ding wil doen? (vraag 17.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	2	6.06
2	9	33.33	2	7	21.21
3	7	25.93	3	8	24.24
4	2	7.41	4	6	18.18
5	7	25.93	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.11</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.45</i>	

Meer as die helfte seuns (59.26%) en dogters (54.54%) voel in 'n groot en baie groot mate in staat om hul eie besluite te neem, terwyl 25.93% seuns en 33.33% dogters in 'n gemiddelde mate in hierdie verband bekwaam voel (vergeelyk Tabel 54). Die oorgrote meerderheid seuns (77.78%) en dogters (69.69%) ervaar geensins nie en in 'n geringe mate skuldgevoelens wanneer hulle onafhanklike aktiwiteite uitvoer

(vergelyk Tabel 55). 'n Opvallende verskynsel kom na vore met betrekking tot die mate van konflik gepaard met die adolessent se behoefte aan onafhanklike aktiwiteite. Alhoewel die meeste seuns (40.74%) geensins nie en in 'n geringe mate met hul biologiese en stiefouer stry of baklei wanneer hulle hul eie dinge wil doen, ondervind slegs 27.27% van die dogters hierdie situasie (vergelyk Tabel 56). 25.93% seuns en 24.24% dogters ervaar egter wel in 'n gemiddelde mate konflik betreffende hierdie aspek (vergelyk Tabel 56). Ten spyte daarvan dat die meeste dogters (48.48%) konflik in 'n groot en baie groot mate in hierdie verband ervaar, rapporteer 33.34% seuns dat hulle in 'n groot en baie groot mate dieselfde ervaar (vergelyk Tabel 56).

Waar die dogters se verhouding met hul biologiese moeder 'n groter verandering ondergaan het as die seuns s'n, toon die seuns se verhouding met hul biologiese vader groter veranderinge as by die dogters. Hierdie bevindinge ondersteun dus dié van Sessa en Steinberg (1991, soos aangedui in 3.3.1) dat outonomie aangemoedig en selfs uitgelok kan word deur 'n egskeiding en die daaropvolgende hertroue wat 'n stiefgesin impliseer. Die deteriorasie in ouerskap (Sessa & Steinberg, 1991, soos aangedui in 3.3.1) na 'n hertroue, vereis 'n toename in onafhanklikheid en selfstandigheid en lei tot veranderinge in die adolessent se verhoudings met beide sy biologiese ouers.

Aangesien die bereiking van outonomie 'n uiters belangrike ontwikkelingstaak gedurende adolessensie verteenwoordig (Bray & Berger, 1993; Sessa & Steinberg, 1991, soos aangedui in 3.3.1), is dit noodsaaklik om 'n gedeelte hieroor by die voorbereidingsprogram in te sluit ten einde die optimale ontwikkeling daarvan in 'n komplekse stiefgesinsituasie te bevorder, asook die gepaardgaande konflik en spanning te verminder.

6.2.6 **Afdeling 7: Seksualiteit in die stiefgesin**

Vanweë swak gedefinieerde rolvoorskrifte en voortdurend negatiewe stereotipering vanuit die samelewing is seksualiteit en intimiteit 'n sensitiewe en verwarrende aspek in stiefgesinne (Bray, 1995, soos aangedui in 3.3.2). Die doel van hierdie afdeling is om te bepaal of die adolessente in die steekproef ongemak betreffende seksualiteit in sy/haar stiefgesin beleef.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 57 tot Tabel 63 uiteengesit.

Tabel 57: In watter mate voel jy ongemaklik wanneer jou stiefouer aan jou raak of jou 'n drukkies gee? (vraag 18.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	20	60.61
2	5	18.52	2	3	9.09
3	2	7.41	3	4	12.12
4	4	14.81	4	2	6.06
5	6	22.22	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.0</i>	

Tabel 58: In watter mate raak jy ongemaklik wanneer hulle mekaar druk en/of soen voor jou en jou vriende? (vraag 18.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	18	54.55
2	5	18.52	2	5	15.15
3	5	18.52	3	3	9.09
4	4	14.81	4	4	12.12
5	3	11.11	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.44</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.06</i>	

Tabel 59: In watter mate is dit vir jou ongemaklik om te weet dat jou biologiese ouer en stiefouer seksueel intiem verkeer in julle huis? (vraag 18.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	17	51.52
2	7	25.93	2	3	9.09
3	4	14.81	3	6	18.18
4	2	7.41	4	3	9.09
5	6	22.22	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.21</i>	

Die bevindinge vanuit hierdie gedeelte toon dat die seuns in hierdie steekproef meer ongemak aangaande die stiefouer se toenadering en die seksuele gedrag tussen die getroude volwassenes in die gesin ervaar.

Alhoewel die meeste seuns (55.56%) en dogters (69.70%) geensins nie en in 'n geringe mate ongemaklik voel wanneer hul stiefouer aan hulle raak, ervaar 37.03%

seuns wel in 'n groot en baie groot mate ongemak in hierdie verband (vergelyk Tabel 57). Die meerderheid seuns (37.04%) en dogters (54.55%) beleef geensins ongemak wanneer hul biologiese en stiefouer intieme gedrag (druk en soen) in hul geselskap openbaar nie, terwyl 25.92% seuns teenoor 21.21% dogters in 'n groot en baie groot mate ongemak aangaande hierdie gedrag in hul teenwoordigheid rapporteer (vergelyk Tabel 58). Die intieme seksuele verhouding tussen die biologiese en stiefouer skep vir die meeste seuns geensins nie (29.63%) en in 'n geringe mate (25.93%) ongemak, terwyl dit by die grootste aantal dogters (51.52%) geensins daartoe lei nie (vergelyk Tabel 59). In teenstelling met die dogters (12.12%) is 22.22% seuns in 'n baie groot mate ongemaklik oor hierdie seksuele verhouding (vergelyk Tabel 59). Dit is dus duidelik dat die seuns in hierdie steekproef meer probleme rakende die seksualiteit ten opsigte van die volwassenes teenoor mekaar, asook hulle verhouding met die volwassenes in die stiefgesin ervaar as die dogters. Hierdie bevinding is effens in stryd met die literatuur wat stipuleer dat ongemak betreffende seksualiteit merendeels by dogters in stiefvadergesinne voorkom (Vuchinich *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.2).

Tabel 60: In watter mate het jy al verlief gevoel op een van jou stiefsusters of -broers? (vraag 18.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	19	70.37	1	24	72.73
2			2	2	6.06
3	2	7.41	3	2	6.06
4	2	7.41	4	1	3.03
5	1	3.70	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.58</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.43</i>	

Tabel 61: In watter mate voel jy skaam en/of selfbewus voor jou stiefsusters en -broers? (vraag 18.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	17	62.96	1	17	51.52
2	1	3.70	2	1	3.03
3	2	7.41	3	8	24.24
4	2	7.41	4	3	9.09
5	2	7.41	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.79</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.0</i>	

Tabel 62: In watter mate het jy al verlief gevoel op jou stiefouer? (vraag 18.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	24	88.89	1	32	96.97
2			2		
3	3	11.11	3	1	3.03
4			4		
5			5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.22</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.06</i>	

Tabel 63: In watter mate het dit al vir jou gevoel asof jou stiefouer op jou verlief is? (vraag 18.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	20	74.07	1	29	87.77
2	2	7.41	2	3	9.09
3	1	3.70	3	1	3.03
4	2	7.41	4		
5	2	7.41	5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.67</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.15</i>	

Die oorgrote meerderheid seuns (70.37%) sowel as dogters (72.73%) het geensins enige verliefdheid ten opsigte van 'n stiefsuster of -broer beleef nie (vergeelyk Tabel 60). Ten spyte daarvan dat die meeste seuns (62.96%) en dogters (51.52%) geensins enige gevoelens van skaamte of selfbewustheid in die teenwoordigheid van hul stiefsibbe rapporteer nie, meld 'n groot aantal dogters (24.24%) egter 'n gemiddelde mate van skaamte en selfbewustheid voor hul stiefsibbe aan (vergeelyk

Tabel 61). Byna al die seuns (88.89%) en dogters (96.97%) het nooit enigsins verlief gevoel op hul stiefouer nie (vergelyk Tabel 62) terwyl die grootste aantal seuns (74.07%) en dogters (87.77%) ook geensins enige gevoelens van verliefdheid van hul stiefouer se kant beleef het nie (vergelyk Tabel 63).

Dit blyk dat die dogters in 'n groter mate skaam en selfbewus voor die stiefsibbe in hul gesin voel as die seuns. Die waarneming van hul ouers se seksualiteit gepaard met hul eie ontwikkelende seksualiteit kon moontlik die onderliggende seksuele bewustheid tussen dié stiefsibbe versterk het. (Vergelyk Visher & Visher, 1996, soos aangedui in 3.3.2.) Strydig met die literatuur (soos aangedui in 3.3.2) het beide geslagte oorwegend geensins gevoelens van verliefdheid ten opsigte van 'n stiefouer of een van die stiefsibbe gehad nie en het verder bykans geen soortgelyke gevoelens van die stiefouer se kant aangemeld nie. Die bevindinge vanuit die literatuur word slegs in 'n geringe mate deur hierdie respondente ondersteun, moontlik omdat die meeste reeds 'n geruime tyd voor die adolessentperiode, ongeveer 6 jaar (vergelyk 5.3.2.6), hul stiefgesin betree het.

Alhoewel die bevindinge uit die literatuur aangaande seksualiteit (sien 3.3.2) slegs in 'n geringe mate in hierdie studie ondersteun is, is dit steeds 'n belangrike tema wat by 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat 'n stiefgesin betree, ingesluit behoort te word, ten einde hierdie realistiese ongemak (soos uiteengesit in 3.3.2) uit te skakel en intimiteit in die stiefgesin te normaliseer.

6.2.7 **Afdeling 8: Die aanpassing van adolessentseuns en –dogters in stiefgesinne**

Bray (1995, soos aangedui in 3.3.3) sowel as Collins *et al.* (1995, soos aangedui in 3.3.3) stipuleer dat die aanpassing by 'n hertroue en stiefgesin moeiliker blyk te wees vir adolessentdogters as -seuns. Die aanpassing by die teenwoordigheid van 'n stiefvader is verder ook meer problematies vir tienerdogters as -seuns (Cherlin & Furstenburg, 1994; Haberstroh *et al.*, 1998 soos aangedui in 3.3.3). Hierdie afdeling poog om die bogenoemde hipoteses vanuit die literatuur (sien 3.3.3) te ondersoek en te verifieer.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 64 tot Tabel 79 uiteengesit.

Tabel 64: In watter mate kom jou biologiese ouer by wie jy nie woon nie en jou stiefouer met mekaar oor die weg? (vraag 19.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	3	9.09
1	8	29.63	1	7	21.21
2	5	18.52	2	5	15.15
3	4	14.81	3	9	27.27
4	4	14.81	4	5	15.15
5	2	7.41	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.43</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.80</i>	

Tabel 65: In watter mate het jy meer vryheid gehad in jou vorige biologiese gesin as in jou huidige stiefgesin? (vraag 19.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	17	51.52
2	4	14.81	2	3	9.09
3	10	37.04	3	10	30.30
4			4	3	9.09
5	5	18.52	5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.63</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.97</i>	

Tabel 66: In watter mate het jy meer vryheid gehad in jou enkelouergesin as in jou huidige stiefgesin? (vraag 19.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	10	30.30
2	5	18.52	2	10	30.30
3	7	25.93	3	6	18.18
4	2	7.41	4	4	12.12
5	6	22.22	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.81</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.39</i>	

Die meeste seuns (48.15%) en dogters (36.36%) se nie-toesighoudende biologiese ouer kom geensins nie en slegs in 'n geringe mate met die stiefouer oor die weg, terwyl 22.22% seuns en 27.27% dogters se nie-toesighoudende biologiese ouer wel in 'n groot en baie groot mate met die betrokke stiefouer oor die weg kom (vergelyk Tabel 64). 'n Groot aantal dogters (27.27%) se nie-toesighoudende biologiese ouer

kom ook in 'n gemiddelde mate met die stiefouer oor die weg (vergeelyk Tabel 64). Die meerderheid seuns (44.44%) en dogters (60.61%) het geensins nie en in 'n geringe mate meer vryheid in die eerstehuwelikgesin as in die stiefgesin beleef, terwyl 37.04% seuns en 30.30% dogters in 'n gemiddelde mate, en 18.52% seuns in 'n baie groot mate, meer vryheid in hul vorige biologiese gesin gehad het (vergeelyk Tabel 65). Meer vryheid in die enkelouerhuisgesin is geensins nie en in 'n geringe mate deur die grootste aantal seuns (44.45%) en dogters (60.60%) ervaar, alhoewel 29.63% seuns rapporteer dat hulle wel in 'n groot en baie groot mate meer vryheid in die enkelouerhuisgesin ervaar het (vergeelyk Tabel 66). Dit blyk dus dat 'n groter aantal seuns as dogters meer vryheid in die enkelouergesin ervaar het in vergelyking met die huidige stiefgesin.

Tabel 67: In watter mate het jou skoolprestasie verander vandat jy deel is van 'n stiefgesin? (vraag 19.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	12	36.36
2	4	14.81	2	4	12.12
3	7	25.93	3	5	15.15
4	5	18.52	4	8	24.24
5	7	25.93	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.26</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.64</i>	

Tabel 68: Het julle verhuis nadat hierdie huwelik plaasgevind het? (vraag 19.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	20	74.07	1	27	81.82
2 (Nee)	7	25.93	2	6	18.18

Tabel 69: Indien julle wel moes verhuis, het dit veroorsaak dat jy van skool moes verander? (vraag 19.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	15	55.56	1	16	48.48
2 (Nee)	12	44.44	2	17	51.52

Tabel 70: Indien wel (ja op vraag 19.6) in watter mate het jy belangrike vriende verloor as gevolg hiervan? (vraag 19.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	17	51.52
2	2	7.41	2	4	12.12
3	7	25.93	3	2	6.06
4	2	7.41	4	6	18.18
5	3	11.11	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.26</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.27</i>	

Dit blyk dat die meeste seuns (44.45%) se skoolprestasie in 'n groot en baie groot mate, asook in 'n gemiddelde mate (25.93%) verander het vandat hulle deel geword het van die stiefgesin (vergelyk Tabel 67). Teenstrydig hierteenoor het slegs 36.36% dogters se skoolprestasie in 'n groot en baie groot mate verander, terwyl die meeste (48.48%) se skoolprestasie geensins nie en in 'n geringe mate sedert die stiefgesinsituasie verander het (vergelyk Tabel 67). Ten spyte daarvan dat die meerderheid seuns (74.07%) en dogters (81.82%) na die huwelik verhuis het (vergelyk Tabel 68), en meer seuns (55.56%) as dogters (48.48%) van skool moes verander (vergelyk Tabel 69), het die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (51.52%) geensins belangrike vriende as gevolg hiervan verloor nie (vergelyk Tabel 70). 'n Groot aantal seuns (25.93%) is egter van mening dat hulle in 'n gemiddelde mate vriende as gevolg van hul verhuising en skoolwisseling verloor het, terwyl 30.30% dogters in 'n groot en baie groot mate hiermee saamstem (vergelyk Tabel 70). Dit blyk dus vanuit hierdie resultate dat die seuns se skoolprestasie groter veranderinge ondergaan het en dat die dogters in 'n beperkte mate moontlik meer vriende as gevolg van die stiefsituasie verloor het.

Tabel 71: In watter mate is jou stiefgesin se gewoontes en/of lewenstyl anders as die van jou vorige biologiese gesin ? (vraag 19.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	3	11.11	1	2	6.06
2	4	14.81	2	4	12.12
3	6	22.22	3	9	27.27
4	5	18.52	4	10	30.30
5	9	33.33	5	7	21.21
6			6	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.58</i>	

Tabel 72: In watter mate wens jy soms dinge kan alles terug verander soos voor hierdie huwelik? (vraag 19.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	11	33.33
2	3	11.11	2	10	30.30
3	4	14.81	3	5	15.15
4	6	22.22	4	6	18.18
5	6	22.22	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.96</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.27</i>	

Tabel 73: In watter mate het jy aangepas in jou stiefgesin? (vraag 19.10)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	2	6.06
2	5	18.52	2	6	18.18
3	8	29.63	3	9	27.27
4	5	18.52	4	8	24.24
5	5	18.52	5	8	24.24
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.07</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.42</i>	

Tabel 74: In watter mate was hierdie aanpassing vir jou moeilik? (vraag 19.11)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	3	11.11	1	13	39.39
2	8	29.63	2	6	18.18
3	7	25.93	3	2	6.06
4	5	18.52	4	9	27.27
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	2.96		<i>Gemiddeld</i>	2.48	

Die meerderheid seuns (51.85%) en dogters (51.51%) se lewenstyl in die stiefgesin verskil in 'n groot en baie groot mate van die eerstehuweliksgezin, terwyl 22.22% seuns en 27.27% dogters meen hul huidige lewenstyl verskil slegs in 'n gemiddelde mate daarvan (vergelyk Tabel 71). Die meeste seuns (44.44%) wens in 'n groot en baie groot mate dat hulle dinge terug kan verander na die situasie wat hierdie huwelik voorafgegaan het, terwyl slegs 21.21% dogters dieselfde wens (vergelyk Tabel 72). Die meeste dogters (63.63%) begeer geensins nie en slegs in 'n geringe mate om terug te keer na die vorige lewensituasie, terwyl 40.74% seuns ook geensins nie en in 'n geringe mate hierdie wens uitspreek (vergelyk Tabel 72). Die grootste getal seuns (37.04%) sowel as dogters (48.48%) meen hulle het in 'n groot en baie groot mate aangepas in die stiefgesin (vergelyk Tabel 73). 'n Betreklieke groot aantal seuns (33.33%) is van mening dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate in hul stiefgesin aangepas het, terwyl 24.24% dogters hierdie mening handhaaf (vergelyk Tabel 73). 29.63% seuns en 27.27% dogters stem slegs in 'n gemiddelde mate hiermee saam (vergelyk Tabel 73). Vir die meerderheid seuns (40.74%) en dogters (57.57%) was hierdie aanpassing geensins nie en in 'n geringe mate moeilik, terwyl 33.33% seuns en 36.36% dogters in 'n groot en baie groot mate die aanpassing moeilik gevind het (vergelyk Tabel 74). Dit blyk dus dat die dogters in hierdie studie beter en makliker aangepas het in die stiefgesinsituasie as die seuns, wat nie met die literatuur ooreenstem nie (Bray, 1995; Collins *et al.*, 1995, soos aangedui in 3.3.3). Hierdie bevinding word ondersteun deurdat 'n groter aantal seuns as dogters wens hulle kon na hul vorige lewenstyl terugkeer, ten spyte daarvan dat beide geslagte hul vorige lewenstyl dramaties verskillend van die huidige beskou. Hierdie bevinding word verder ondersteun deurdat die seuns in hierdie steekproef kort na die huwelik eensamer en meer ongewaardeerd gevoel het as die dogters (sien 6.2.3), in 'n groter mate gewens het hierdie huwelik vind nie plaas nie (sien 6.2.4), groter veranderinge ten opsigte van die verhouding met hul biologiese vader ondergaan het (sien 6.2.5)

en meer ongemak rakende die intieme seksualiteit tussen die getroude volwassenes in die gesin ervaar het (sien 6.2.7).

Tabel 75: In watter mate was jy in die begin negatief teenoor jou stiefouer? (vraag 19.12)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	7	21.21
2	3	11.11	2	12	36.36
3	5	18.52	3	2	6.06
4	6	22.22	4	6	18.18
5	9	33.33	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	3.48		<i>Gemiddeld</i>	2.76	

Tabel 76: In watter mate is jy nou negatief teenoor jou stiefouer? (vraag 19.13)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	17	51.52
2	5	18.52	2	3	9.09
3	2	7.41	3	9	27.27
4	6	22.22	4	1	3.03
5	8	29.63	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	3.19		<i>Gemiddeld</i>	2.09	

Tabel 77: In watter mate voel jy dat jou stiefouer 'n invloed het op jou verhouding met jou biologiese ouer in die stiefgesin? (vraag 19.14)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	12	36.36
2	4	14.81	2	6	18.18
3	4	14.81	3	5	15.15
4	5	18.52	4	4	12.12
5	9	33.33	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	3.33		<i>Gemiddeld</i>	2.58	

Tabel 78: In watter mate het jou stiefouer van jou take en verantwoordelikhede oorgeneem? (vraag 19.15)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	11	33.33
2	4	14.81	2	6	18.18
3	7	25.93	3	11	33.33
4	5	18.52	4	2	6.06
5	1	3.70	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.37</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.39</i>	

Tabel 79: In watter mate deel jou biologiese ouer dinge met jou stiefouer wat hy of sy vroeër met jou gedeel het? (vraag 19.16)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	12	36.36
2	3	11.11	2	5	15.15
3	3	11.11	3	8	24.24
4	7	25.93	4	4	12.12
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>	

Die meeste seuns (55.55%) het aanvanklik in 'n groot en baie groot mate negatiewe gevoelens ten opsigte van die stiefouer gehad, terwyl dit slegs by 36.36% van die dogters teenwoordig was (vergelyk Tabel 75). 57.57% van die dogters het, strydig met die literatuur (Cherlin & Furstenburg, 1994; Haberstroh *et al.*, 1998; Vuchinich *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.3), geensins nie en in 'n geringe mate negatief gevoel teenoor die stiefouer, terwyl 25.92% van die seuns dieselfde gevoel het (vergelyk Tabel 75). 18.52% van die seuns teenoor slegs 6.06% van die dogters het aanvanklik in 'n gemiddelde mate negatief teenoor die stiefouer gevoel (vergelyk Tabel 75). 'n Verdere teenstrydige bevinding met die literatuur (Bray, 1995; Vuchinich *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.3), is geleë daarin dat meer seuns (51.85%) tans in 'n groot en baie groot mate negatief teenoor hul stiefouer is, terwyl slegs 12.12% van die dogters tans so voel (vergelyk Tabel 76). Die meerderheid dogters (60.61%), teenoor 40.74% seuns, handhaaf tans geensins nie en in 'n geringe mate negatiewe gevoelens teenoor die stiefouer (vergelyk Tabel 76). 27.27% dogters in vergelyking met 7.41% seuns meld dat hulle tans in 'n gemiddelde mate oor negatiewe gevoelens beskik (vergelyk Tabel 76). Waar die meerderheid seuns (51.85%) oortuig is dat die stiefouer hul verhouding met die biologiese ouer in 'n groot en baie groot mate

beïnvloed, is dit die geval by slegs 30.30% van die dogters (vergelyk Tabel 77). 54.54% dogters, teenoor 33.33% seuns, is egter geensins nie en slegs in 'n geringe mate van mening dat die stiefouer 'n invloed op hul verhouding met die biologiese ouer het (vergelyk Tabel 77). Die meerderheid seuns (51.85%) asook dogters (51.51%) se stiefouer het geensins nie en in 'n geringe mate hul take en verantwoordelikhede oorgeneem, terwyl 25.93% seuns en 33.33% dogters in 'n gemiddelde mate en 22.22% seuns en 15.15% dogters in 'n groot en baie groot mate hiermee saamstem (vergelyk Tabel 78). Die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (51.51%) se biologiese ouer deel geensins nie en in 'n geringe mate dinge met die stiefouer wat voorheen met hulle gedeel is, alhoewel 40.74% seuns, teenoor 24.24% dogters, oortuig is dat dit tans in 'n groot en baie groot mate wel die geval is (vergelyk Tabel 79).

Die bevindinge vanuit hierdie afdeling is aanduidend daarvan dat die respondente as 'n geheel betreklik min aanpassingsprobleme ondervind en dat die dogters in hierdie steekproef, strydig met die bevindinge vanuit die literatuur (sien 3.3.3), minder aanpassingsprobleme as die seuns vertoon. 'n Interessante bevinding is geleë daarin dat 'n groter aantal seuns aanvanklik en tans steeds negatief teenoor hul stiefouer is. Die literatuur (sien 3.3.3) stipuleer dat die aanpassing by 'n stiefvader moeiliker vir dogters is as vir seuns, asook dat seuns meer baat vind by 'n stiefvader. Gegewe dat die meerderheid respondente in stiefvadergesinne woonagtig is, word hierdie stelling nie deur die betrokke respondente ondersteun nie. 'n Moontlike rede vir die intenser negatiwiteit by die seuns is waarskynlik geleë in 'n aantal seuns se ervaring dat die stiefouer hul verhouding met die biologiese ouer in 'n groter mate as by die dogters beïnvloed, en daarin dat die biologiese ouer meer dinge eerder met die stiefouer sal deel. Hierdie statusverlies geld egter net vir 'n klein aantal seuns terwyl die meeste adolessente geensins 'n verlies aan status in hul stiefgesin ondergaan het nie. Die dogters se intieme band met hul biologiese moeder word dus geensins deur die stiefvader bedreig nie (Cherlin & Furstenberg, 1994; Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.3). Gevolglik word die stiefvader nie as 'n indringer beskou nie, wat die afwesigheid van negatiewe en opposisionele gedrag by die dogters verklaar. Ooreenstemmend met die vorige gedeelte rakende seksualiteit (sien 6.2.6) blyk dit dus dat die seuns in hierdie steekproef meer aanpassingsprobleme ondervind as die dogters.

Ten laaste blyk dit dat die bevindinge uit die literatuur nie daadwerklik deur die betrokke respondente ondersteun word nie, aangesien die bevindinge hoofsaaklik van toepassing is op die aanpassing van adolessente by 'n nuwe stiefgesin. Die

respondente is, soos gemeld, alreeds 'n geruime tyd deel van hul stiefgesin en het die aanpassingsproses grootliks voor hul adolessentfase deurgewerk. Aangesien die voorgenome program gerig is op adolessente wat 'n stiefgesin betree, behoort hierdie tema wel daarby ingesluit te word ten einde die aanpassingstruikelblokke, asook die ontwikkelingskrisisse waarmee die adolessent gekonfronteer gaan word, te verminder.

6.2.8 **Afdeling 9: Ouerskapstyle in die stiefgesin**

Die ouerskapstyl waaraan die adolessente in 'n stiefgesin blootgestel word, het 'n groot invloed op hul aanpassing by die stiefgesin (Fine *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.4). Die ouerskapstyl en verwagte deteriorasie in ouerskap na die hertroue (Lawton & Sanders, 1994, soos aangedui in 3.3.4) word in hierdie gedeelte ondersoek.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 80 tot Tabel 94 uiteengesit.

Tabel 80: In watter mate is jou stiefouer betrokke by jou dissiplinerig? (vraag 20.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	3	9.09
2	5	18.52	2	3	9.09
3	4	14.81	3	12	36.36
4	5	18.52	4	6	18.18
5	8	29.63	5	9	27.27
<i>Gemiddeld</i>	3.22		<i>Gemiddeld</i>	3.45	

Tabel 81: In watter mate stry/baklei jy met jou biologiese ouer en stiefouer oor die reëls in jul gesin? (vraag 20.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	5	15.15
2	7	25.93	2	7	21.21
3	6	22.22	3	9	27.27
4	4	14.81	4	6	18.18
5	8	29.63	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	3.33		<i>Gemiddeld</i>	3.03	

Tabel 82: In watter mate gehoorsaam jy jou stiefouer? (vraag 20.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	1	3.03
2	3	11.11	2	7	21.21
3	7	25.93	3	6	18.18
4	5	18.52	4	11	33.33
5	5	18.52	5	8	24.24
<i>Gemiddeld</i>	2.93		<i>Gemiddeld</i>	3.55	

Tabel 83: In watter mate is die reëls in jou stiefgesin verskillend van jou ander ouer se huisreëls? (vraag 20.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	7	25.93	0	3	9.09
1	1	3.70	1	4	12.12
2	3	11.11	2	1	3.03
3	2	7.41	3	8	24.24
4	6	22.22	4	5	15.15
5	8	29.63	5	12	36.36
<i>Gemiddeld</i>	3.85		<i>Gemiddeld</i>	3.67	

Die meeste seuns (48.15%) en dogters (45.45%) se stiefouer is in 'n groot en baie groot mate betrokke by hul dissiplinerings, terwyl 37.04% seuns se stiefouer geensins nie en in 'n geringe mate en 36.36% dogters se stiefouer slegs in 'n gemiddelde mate hierby betrokke is (vergelyk Tabel 80). Alhoewel die grootste aantal seuns (44.44%) in 'n groot en baie groot mate met hul biologiese en stiefouer stry en baklei oor die huisreëls in die stiefgesin, dui 33.34% aan dat dit geensins nie en slegs in 'n geringe mate die geval in hul stiefgesin is (vergelyk Tabel 81). Dit blyk egter dat 'n gelyke aantal dogters geensins nie en in 'n geringe mate (36.36%), of in 'n groot en baie groot mate (36.36%) konflik ervaar ten opsigte van die stiefgesinhuisreëls, terwyl 27.27% dogters en 22.22% seuns slegs in 'n gemiddelde mate hieraan blootgestel word (vergelyk Tabel 81). Die meeste seuns gehoorsaam óf geensins nie en in 'n geringe mate (37.04%), óf in 'n groot en baie groot mate (37.04%) hul stiefouer, terwyl 'n groot aantal (25.93%) die stiefouer in 'n gemiddelde mate gehoorsaam (vergelyk Tabel 82). In teenstelling met die seuns gehoorsaam die grootste aantal dogters (57.57%) in 'n groot en baie groot mate hul stiefouer, alhoewel 24.24% aandui dat hulle die stiefouer geensins nie en in 'n geringe mate gehoorsaam (vergelyk Tabel 82). 'n Groot aantal seuns (51.85%) sowel as dogters (51.51%),

meen dat die huisreëls van die stiefgesin in 'n groot en baie groot mate van nie-toesighoudende biologiese ouer se huisreëls verskil (vergelyk Tabel 83). 'n Verdere 24.24% dogters teenoor 7.41% seuns rapporteer dat hul stiefgesinhuisreëls net in 'n gemiddelde mate van die ander biologiese ouer se reëls verskil (vergelyk Tabel 83). Die bevindinge in hierdie gedeelte dui dus eerstens daarop dat die dogters se stiefouers meer betrokke by hul dissiplinerings is as in die seuns se geval en tweedens, dat hulle meer gehoorsaam ten opsigte van die stiefouer blyk te wees.

Tabel 84: In watter mate beïnvloed jou ander biologiese ouer jou ten opsigte van jou stiefouer? (vraag 20.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	10	30.30
2	1	3.70	2	6	18.18
3	4	14.81	3	6	18.18
4	6	22.22	4	4	12.12
5	2	7.41	5	2	6.06
6	9	33.33	6	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	3.96		<i>Gemiddeld</i>	2.91	

Tabel 85: In watter mate dink jy dat jou stiefouer eintlik geen sê oor jou behoort te hê nie? (vraag 20.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	8	24.24
2	4	14.81	2	8	24.24
3	1	3.70	3	4	12.12
4	5	18.52	4	6	18.18
5	9	33.33	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	3.11		<i>Gemiddeld</i>	2.88	

Tabel 86: In watter mate sal jy eerder na jou biologiese ouer(s) as jou stiefouer luister? (vraag 20.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	5	15.15
2	3	11.11	2	6	18.18
3	2	7.41	3	5	15.15
4	5	18.52	4	7	21.21
5	15	55.56	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>4.04</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.33</i>	

Tabel 87: In watter mate ondersteun jou ander biologiese ouer jou verhouding met jou stiefouer? (vraag 20.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	7	25.93	0	4	12.12
1	5	18.52	1	7	21.21
2	4	14.81	2	5	15.15
3	4	14.81	3	12	36.36
4	3	11.11	4	2	6.06
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.85</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.62</i>	

Alhoewel die meeste seuns (33.33%) hierdie vraag nie op hulle van toepassing ag nie, dui 'n groot aantal seuns (29.63%) aan dat die ander biologiese ouer hulle wel in 'n groot en baie groot mate ten opsigte van die stiefouer beïnvloed (vergeelyk Tabel 84). Ten spyte hiervan meen 22.22% seuns dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate deur hierdie ouer beïnvloed word (vergeelyk Tabel 84). Hierteenoor meen die grootste aantal dogters (48.48%) dat hulle geensins nie en slegs in 'n geringe mate deur hul ander biologiese ouer ten opsigte van die stiefouer beïnvloed word (vergeelyk Tabel 84). 'n Gelyke aantal dogters rapporteer 'n gemiddelde (18.18%), asook 'n groot en baie groot mate (18.18%), van beïnvloeding deur die ander biologiese ouer (vergeelyk Tabel 84). In vergelyking met die seuns (33.33%) het 'n kleiner aantal dogters (15.15%) hierdie vraag as ontoepaslik beskou (vergeelyk Tabel 84). Aansluitend hierby, dui die meeste seuns (51.85%) aan dat hul stiefouer in 'n groot en baie groot mate geen seggenskap oor hulle behoort te hê nie, terwyl 44.44% seuns geensins nie en net in 'n geringe mate hiermee saamstem (vergeelyk Tabel 85). In ooreenstemming met die dogters se mindere blootstelling aan ouerlike beïnvloeding, rapporteer die grootste aantal dogters (48.48%) geensins nie en in 'n

geringe mate dat hul stiefouer geen seggenskap oor hulle behoort te verkry nie, alhoewel 39.39% egter in 'n groot en baie groot mate hieromtrent verskil (vergelyk Tabel 85). Waar meer as die helfte van die seuns (74.08%) en dogters (51.51%) in 'n groot en baie groot mate eerder na die biologiese as stiefouer sal luister, verkies 'n groot aantal dogters (33.33%) teenoor slegs 18.52% seuns dit geensins nie en in 'n geringe mate om eerder hul biologiese ouer te gehoorsaam (vergelyk Tabel 86). Die grootste aantal seuns (33.33%) en dogters (36.36%) se ander biologiese ouer steun geensins nie en in 'n geringe mate hul verhouding met die stiefouer, terwyl 36.36% dogters in 'n gemiddelde mate en 25.92% seuns in 'n groot en baie groot mate inderdaad ondersteuning deur die ander biologiese ouer ontvang (vergelyk Tabel 87). Dit is verder opvallend dat 25.93% seuns hierdie vraag onbeantwoord gelaat het (vergelyk Tabel 87).

Die bevindinge in hierdie gedeelte dui daarop dat die grootste aantal dogters se ander biologiese ouer hulle geensins teenoor die stiefouer beïnvloed nie, wat dus hul aanpassingsproses en die vestiging van 'n verhouding met die stiefouer bevorder. Dit is egter ooglopend dat die seuns minder positiewe verhoudings met die stiefouer handhaaf as die dogters, moontlik omdat hulle meer deur hul ander biologiese ouer ten opsigte van die stiefouer beïnvloed word. Hierdie invloed dra waarskynlik daartoe by dat die seuns veel eerder na hul biologiese ouers sal luister, van mening is dat die stiefouer geen seggenskap oor hulle behoort te hê nie en voortdurend betrokke is by stryerye met die stiefouer oor die huisreëls in die stiefgesin (Lawton & Sanders, 1994, soos aangedui in 3.3.4). In gevalle waar die ander biologiese ouer die stiefouer se gesag ondermyn, word die aanpassing en opbou van 'n positiewe verhouding met die stiefouer gekompliseer en opponerende gedrag vererger (sien 3.3.4). Aangesien die meerderheid respondente in stiefvaderhuisgesinne woonagtig is, blyk hierdie bevinding ietwat teenstrydig te wees met die literatuur, wat beweer dat die stiefvader-stiefkind-verhouding nie nadelig beïnvloed word deur die stiefkinders se kontak met hul biologiese vader nie aangesien hul kontak met die biologiese vader oor die algemeen afneem na die egskeiding en omdat stiefvaders en biologiese vaders mekaar minder bedreig (Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.5). Verdere moontlike redes vir hierdie minder positiewe situasie kan toegeskryf word aan die bevindinge (in 6.2.7) wat daarop dui dat 'n groter aantal seuns as dogters in hierdie steekproef, aanpassingsprobleme ondervind en wens hulle kon dinge terug verander na die situasie wat hierdie huwelik voorafgegaan het.

Die mate van verwagte deteriorasie in ouerskap na die hertroue word vervolgens in Tabel 88 tot Tabel 94 aangedui.

Tabel 88: In watter mate was jou biologiese ouer minder liefvallig teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	11	40.74	1	13	39.39
2 (Nee)	16	59.26	2	20	60.61

Tabel 89: In watter mate was jou biologiese ouer minder geselserig teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	10	37.04	1	16	48.48
2 (Nee)	17	62.96	2	17	51.52

Tabel 90: In watter mate was jou biologiese ouer meer teruggetrokke teenoor jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	14	51.85	1	17	51.52
2 (Nee)	13	48.15	2	16	48.48

Tabel 91: In watter mate het jou biologiese ouer minder beheer oor jou uitgeoefen kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	11	40.74	1	12	36.36
2 (Nee)	16	59.26	2	21	63.64

Die grootste aantal seuns (59.26%) en dogters (60.61%) se biologiese ouer het nie minder liefvallig teenoor hulle opgetree kort na die hertrou nie (vergeelyk Tabel 88). Alhoewel die meeste seuns (62.96%) en dogters (51.52%) se biologiese ouer nie minder geselserig voorgekom het na die hertrou nie, het 48.48% dogters wel aangemeld dat hul biologiese ouer minder geselserig met hulle verkeer het (vergeelyk Tabel 89). Ten opsigte van teruggetrokkenheid is die bevindinge nie so ooglopend onderskeibaar nie, aangesien 51.85% en 51.52% dogters nie 'n toename in teruggetrokkenheid by hul biologiese ouer na die huwelik rapporteer nie, terwyl 48.15% seuns en 48.48% dogters wel hul biologiese ouer as meer teruggetrokke,

ervaar het (vergelyk Tabel 90). Die meerderheid seuns (59.26%) en dogters (63.64%) se biologiese ouer het nie na die hertroue minder beheer oor hulle uitgeoefen nie, tog blyk dit dat 'n groot aantal seuns (40.74%) en dogters (36.36%) se ouer wel het (vergelyk Tabel 91).

Tabel 92: In watter mate het jou biologiese ouer inkonsekwente dissipline toegepas kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	9	33.33	1	15	45.45
2 (Nee)	18	66.67	2	18	54.55

Tabel 93: In watter mate was jou biologiese ouer minder betrokke by jou kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	9	33.33	1	19	57.58
2 (Nee)	18	66.67	2	14	42.42

Tabel 94: In watter mate het jou biologiese ouer jou swak en/of wangedrag toegelaat kort na die huwelik met jou stiefouer? (vraag 20.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	9	33.33	1	6	18.18
2 (Nee)	18	66.67	2	27	81.82

Die biologiese ouer van die grootste aantal seuns (66.67%) en dogters (54.55%) het ook nie inkonsekwente dissipline toegepas nie (vergelyk Tabel 92). Die meerderheid seuns (66.67%) rapporteer dat hul biologiese ouer geensins minder betrokke by hulle was nie, terwyl die grootste aantal dogters (57.58%) die teenoorgestelde waargeneem het (vergelyk Tabel 93). Ooreenstemmend met die bevindinge aangaande beheer (Tabel 91) en dissipline (Tabel 92) het die meeste seuns (66.67%) en dogters (81.82%) se biologiese ouer geensins swak of wangedrag kort na die hertroue toegelaat nie (vergelyk Tabel 94).

Die periode na die hertroue word gekenmerk deur 'n deteriorasie in die ouerskap van die biologiese ouer (Lawton & Sanders, 1994 soos aangedui in 3.3.4). Die mate van deteriorasie in die ouerskap van die biologiese ouer by hierdie respondente het slegs

in 'n minimale mate plaasgevind en is hoofsaaklik beperk tot 'n toename in teruggetrokkenheid by beide die seuns en dogters. 'n Afname in ouerlike betrokkenheid, sowel as kommunikasie, is verder slegs deur die dogters in hierdie steekproef aangedui, wat moontlik verklaar kan word deur die literatuur. Volgens Lawton en Sanders (1994, soos aangedui in 3.3.4) blyk die toesighoudende moeder meer emosioneel teruggetrokke teenoor haar kinders te wees kort na haar hertroue. Alhoewel 'n toename in teruggetrokkenheid grootliks deur beide geslagte aangetoon is, is dit veral relevant ten opsigte van die dogters, aangesien die oorgrote meerderheid saam met hul hergetroude biologiese moeder en stiefvader woon. Vuchinich *et al.* (1991, soos aangedui in 3.3.3) stipuleer dat tienerdogters en hul moeders meesal intieme kameraadskaplike verhoudings handhaaf en dat hierdie intieme band gewoonlik bedreig, of selfs ontwig, word deur die teenwoordigheid van die nuwe stiefvader (Cherlin & Furstenberg, 1994; Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.3). Hierdie bevindinge bied dus 'n moontlike verklaring vir die dogters se ervaring van verminderde betrokkenheid en kommunikasie ten opsigte van hul moeders kort na die huwelik. Ten spyte daarvan dat die dogters 'n afname in die betrokkenheid en kommunikasie met hul moeders ervaar het, word die hipotese dat dogters meer opposisioneel in stiefgesinne is (Vuchinich *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.4) geensins ondersteun nie.

'n Module ten opsigte van dissipline, in meer as een huishouding, kan moontlik by die voorbereidingsprogram ingesluit word ten einde die verhouding met die stiefouer ten opsigte van ouerskap en beheer te verbeter, aangesien die literatuur aantoon dat stiefouers minder in staat is om die samewerking van stiefkinders te verkry (Lawton & Sanders, 1994; Ochiltrie, 1990; Vuchinich *et al.*, 1991, soos aangedui in 3.3.4).

6.2.9 **Afdeling 10: Stiefvader en -moedergesinne**

Die meeste stiefgesinhuishoudings is volgens die literatuur (sien 3.3.5), stiefvadergesinne. In hierdie steekproef is die meerderheid stiefgesinne inderdaad stiefvadergesinne (60%) terwyl die res (38.33%) stiefmoedergesinne is (vergelyk 5.3.2.7). Hierdie afdeling poog om die verhoudinge in, en om die stiefgesin, te ondersoek.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 95 tot Tabel 100 uiteengesit.

Tabel 95: In watter mate probeer jy jou stiefouer se aandag kry? (vraag 21.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	17	62.96	1	16	48.48
2	5	18.52	2	10	30.30
3	3	11.11	3	4	12.12
4	1	3.70	4	3	9.09
5	1	3.70	5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.67</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.82</i>	

Tabel 96: In watter mate voel jy dat jou stiefouer jou as 'n struikelblok beskou? (vraag 21.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	15	45.45
2	3	11.11	2	8	24.24
3	3	11.11	3	4	12.12
4	3	11.11	4	2	6.06
5	8	29.63	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.85</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.15</i>	

Tabel 97: In watter mate voel dit vir jou asof jy een van jou biologiese ouers verraai deur van jou stiefouer te hou? (vraag 21.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	14	51.85	1	18	54.55
2	4	14.81	2	7	21.21
3	2	7.41	3	5	15.15
4	2	7.41	4	2	6.06
5	5	18.52	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.26</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.82</i>	

Die meeste seuns (81.48%) sowel as dogters (78.78%) probeer geensins nie en in 'n geringe mate om die aandag van hul stiefouer te kry (vergelyk Tabel 95). 'n Klein aantal seuns (7.40%) en dogters (9.09%) probeer egter in 'n groot en baie groot mate om hul stiefouer se aandag te trek (vergelyk Tabel 95). Die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (69.69%) voel geensins nie en slegs in 'n geringe mate dat hul stiefouer hulle as 'n struikelblok beskou (vergelyk Tabel 96). Ten spyte hiervan is dit beduidend dat 40.74% seuns, in vergelyking met slegs 18.18% dogters, in 'n groot en

baie groot mate voel asof die stiefouer hulle as struikelblokke beskou (vergelyk Tabel 96). Strydig met die literatuur (Bray, 1995; soos aangedui in 3.3.7; Fine & Schwebel, 1991, soos aangedui in 3.3.6; Visher & Visher, 1979, soos aangedui in 3.3.7) voel die meerderheid seuns (66.66%) en dogters (75.76%) geensins nie en in 'n geringe mate dat hulle een van die biologiese ouers verraai deur van die stiefouer te hou (vergelyk Tabel 97). Alhoewel dit die geval blyk te wees, voel meer seuns (25.93%) as dogters (9.09%) in 'n groot en baie groot mate wel soos verraaiers ten opsigte van 'n biologiese ouer (vergelyk Tabel 97). Hierdie bevinding word ondersteun deur die resultate van 6.2.4 wat aantoon dat die dogters in hierdie steekproef verder in die stiefgesinsontwikkelingsiklus verkeer as die seuns. Dit wil dus voorkom of die seuns in hierdie studie steeds meer lojaal teenoor hul eerstehuwelikgesin as die stiefgesin blyk te wees.

Tabel 98: In watter mate voel jou biologiese ouer dat jou stiefouer (die nuwe lewensmaat) te veel vir jou doen? (vraag 21.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	11	40.74	1	14	42.42
2	5	18.52	2	7	21.21
3	7	25.93	3	6	18.18
4	2	7.41	4	3	9.09
5	2	7.41	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	2.22		<i>Gemiddeld</i>	2.21	

Tabel 99: In watter mate voel jou biologiese ouer dat jou stiefouer (die nuwe lewensmaat) te min vir jou doen? (vraag 21.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	22	66.67
2	4	14.81	2	3	9.09
3	10	37.04	3	3	9.09
4	1	3.70	4	3	9.09
5	3	11.11	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	2.44		<i>Gemiddeld</i>	1.79	

Tabel 100: In watter mate baklei jou biologiese ouers oor geld? (vraag 21.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	2	6.06
1	3	11.11	1	6	18.18
2	4	14.81	2	5	15.15
3	8	29.63	3	4	12.12
4	4	14.81	4	4	12.12
5	4	14.81	5	12	36.36
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.09</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.35</i>	

Die grootste aantal seuns (59.26%) en dogters (63.63%) se biologiese ouer voel geensins nie en in 'n geringe mate dat die nuwe stiefouer (die nuwe lewensmaat) te veel vir hulle doen, terwyl 14.82% seuns en 18.18% dogters se biologiese ouer in 'n groot en baie groot mate hiervan verskil (vergelyk Tabel 98). Aansluitend hierby, blyk dit dat die grootste aantal seuns (48.14%) se biologiese ouer ook geensins nie en in 'n geringe mate voel dat die nuwe stiefouer (die nuwe lewensmaat) te min vir hulle doen, terwyl 37.04% se biologiese ouer slegs in 'n gemiddelde mate so voel (vergelyk Tabel 99). In teenstelling hiermee voel die meerderheid dogters (75.76%) se biologiese ouer geensins nie en in 'n geringe mate dat die stiefouer (die nuwe lewensmaat) te min vir hul dogter doen, terwyl slegs 15.15% dogters se biologiese ouer in 'n groot en baie groot mate wel hierdie opinie handhaaf (vergelyk Tabel 99). Die meeste seuns (29.63%) se ouers baklei in 'n gemiddelde mate oor geld (vergelyk Tabel 100). Die grootste aantal dogters (48.48%) se biologiese ouers daarenteen, baklei in 'n groot en baie groot mate oor geldelike aspekte, terwyl 29.62% seuns se ouers in 'n groot en baie groot mate oor geldsake baklei (vergelyk Tabel 100). 33.33% van die dogters en 25.92% van die seuns se ouers het geensins nie en slegs in 'n geringe mate konflik met betrekking tot geld (vergelyk Tabel 100).

Die bevindinge uit hierdie afdeling toon aan dat meer seuns as dogters voel dat hulle ten eerste 'n struikelblok vir hul stiefouer is en ten tweede, verraad teen een van die biologiese ouers gepleeg het. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met die vorige afdelings se bevindinge wat aandui dat die seuns meer aanpassingsprobleme, in vergelyking met die dogters in hierdie steekproef, ervaar. Wat die dogters betref, is dit waarneembaar dat 'n groter aantal dogters as seuns se biologiese ouer tevrede is met die bydrae wat hul nuwe lewensmaat ten opsigte van hulle lewer. Dit is egter kommerwekkend dat die meeste dogters se biologiese ouers oor geldsake baklei aangesien dit 'n groot bron van addisionele stres vir sowel die tiener as die stiefgesin

meebring (Martin *et al.*, 1992; Nielsen, 1996, soos aangedui in 3.3.6). Dit blyk dus dat die aanpassingsprobleme in 'n groter mate by die dogters opgelos is en dat hierdie dogters goeie verhoudings met hul stiefouer handhaaf.

'n Gedeelte wat handel oor die aanpassingsprobleme en -dinamiek wat deur die meeste biologiese en stiefouers na die totstandkoming van 'n stievader- of stiefmoedergesin ervaar word, behoort by die voorbereidingsprogram ingesluit te word om sodoende adolessente voor te berei op die konflik, vyandigheid en onsekerhede waarmee hul ouers gekonfronteer en waaraan hulle uiteraard blootgestel gaan word.

6.2.10 **Afdeling 11: Emosies van adolessente in stiefgesinne**

Volgens die literatuur ervaar adolessente in stiefgesinne verskeie emosies, naamlik lojaliteitskonflikte (soos aangedui in 3.3.7), intense woede (soos aangedui in 3.3.8), skuldgevoelens (soos aangedui in 3.3.9) en vrees (soos aangedui in 3.3.10). Die onderskeie gedeeltes in hierdie afdeling poog om die mate waarin hierdie emosies aanwesig is, al dan nie, te verifieer.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 101 tot Tabel 116 uiteengesit.

Lojaliteitskonflikte

Tabel 101: In watter mate voel jy dat dit van jou verwag word om jou ander biologiese ouer te vergeet? (vraag 22.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	1	3.03
1	10	37.04	1	19	57.58
2	1	3.70	2	4	12.12
3	5	18.52	3	2	6.06
4	4	14.81	4	3	9.09
5	1	3.70	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	2.29		<i>Gemiddeld</i>	2.03	

Tabel 102: In watter mate het jy al gevoel dat jy moet kies tussen jou stiefouer en biologiese ouer/s? (vraag 22.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	18	54.55
2	4	14.81	2	6	18.18
3	4	14.81	3	4	12.12
4	6	22.22	4	2	6.06
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.97</i>	

Tabel 103: In watter mate voel jy skuldig teenoor een van jou biologiese ouers? (vraag 22.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	19	57.58
2	4	14.81	2	6	18.18
3	9	33.33	3	5	15.15
4	7	25.93	4	1	3.03
5			5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.59</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.82</i>	

Die meeste seuns (40.74%) en dogters (69.70%) voel geensins nie en in 'n geringe mate dat dit van hulle verwag word om hul ander biologiese ouer te vergeet, terwyl 'n klein aantal seuns (18.51%) en dogters (21.21%) rapporteer dat dit in 'n groot en baie groot mate inderdaad van hulle verwag word (vergelyk Tabel 101). Alhoewel die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (72.73%) geensins nie en in 'n geringe mate meld dat hulle tussen hul stiefouer en biologiese ouer/s moes kies, dui 'n groter aantal seuns (37.03%) as dogters (15.15%) aan dat hulle in 'n groot en baie groot mate wel gevoel het dat hulle hierdie keuse moes uitoefen (vergelyk Tabel 102). Ten spyte daarvan dat die meeste seuns (40.74%) geensins nie en in 'n geringe mate skuldig teenoor een van die biologiese ouers voel, dui 33.33% seuns in 'n gemiddelde mate en 25.93% seuns in 'n groot mate aan dat hulle skuldgevoelens ervaar ten opsigte van 'n biologiese ouer (vergelyk Tabel 103). In die dogters se geval voel die oorgrote meerderheid (75.76%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate skuldig teenoor een van die biologiese ouers, terwyl 'n baie kleiner aantal dogters (9.09%), in vergelyking met die seuns, in 'n groot en baie groot mate skuldgevoelens ervaar (vergelyk Tabel 103).

Alhoewel in die minderheid, blyk dit vanuit hierdie bevindinge dat die seuns enersyds in 'n groter mate voel dat hulle tussen die biologiese en stiefouer behoort te kies en andersyds, oor meer skuldgevoelens ten opsigte van hul biologiese ouers beskik as die dogters in die steekproef. Die bekende lojaliteitskonflikte waarmee stiefkinders volgens die literatuur worstel (Robinson, 1991; Bray, 1995; Visher & Visher, 1979, soos aangedui in 3.3.7), kom wel in 'n mate by veral die seuns in hierdie steekproef voor, wat impliseer dat hierdie adolessente, veral die dogters, grootliks vry is van die las en pyn van verskeurde lojaliteite en dus positiewe verhoudings met hul stiefouers kan opbou. Hierdie bevinding word ondersteun in 6.2.9 waar opgemerk word dat 'n aantal van die seuns in hierdie steekproef meer lojaal teenoor die eerste huwelikgesin is en voel dat hulle die ander biologiese ouer verraai het.

Woede

Tabel 104: In watter mate was jy kwaad toe jou biologiese ouer met jou stiefouer getrou het? (vraag 23.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	14	42.42
2	7	25.93	2	6	18.18
3	4	14.81	3	7	21.21
4	4	14.81	4	2	6.06
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	2.59		<i>Gemiddeld</i>	2.27	

Tabel 105: In watter mate is jy kwaad omdat jy vriende verloor het as gevolg van die nuwe stiefsituasie? (vraag 23.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	11	40.74	1	20	60.61
2	2	7.41	2	1	3.03
3	6	22.22	3	4	12.12
4	4	14.81	4	4	12.12
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	2.56		<i>Gemiddeld</i>	2.12	

Tabel 106: In watter mate voel jy dat jou stiefouer probeer om jou ander biologiese ouer se plek in te neem? (vraag 23.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	12	36.36
2	6	22.22	2	6	18.18
3	3	11.11	3	6	18.18
4	4	14.81	4	1	3.03
5	5	18.52	5	5	15.15
6	2	7.41	6	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>	

Die meerderheid seuns (55.56%) en dogters (60.60%) was geensins nie en slegs in 'n geringe mate kwaad oor die huwelik tussen hul biologiese en stiefouer (vergeelyk Tabel 104). 'n Groter aantal seuns (29.62%) as dogters (18.18%) rapporteer dat hulle wel in 'n groot en baie groot mate kwaad oor hierdie huwelik was (vergeelyk Tabel 104). Alhoewel die meeste seuns (40.74%) en dogters (60.61%) geensins kwade gevoelens ervaar het aangaande die vriende wat hul vanweë die stiefsituasie verloor het nie, is dit tog belangrik dat 29.62% seuns en 24.24% dogters aandui dat hulle in 'n groot en baie groot mate kwaad was hieroor (vergeelyk Tabel 105). Gevoelens dat die stiefouer die ander biologiese ouer probeer vervang, is geensins nie en slegs in 'n geringe mate aanwesig by die meerderheid seuns (48.15%) sowel as dogters (54.54%), alhoewel 'n groter aantal seuns (33.33%) as dogters (18.18%) hierdie gevoelens in 'n groot en baie groot mate ervaar (vergeelyk Tabel 106).

Tabel 107: In watter mate voel jy dat jy 'n keuse het oor wat met jou lewe gebeur? (vraag 23.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	7	21.21
2	7	25.93	2	8	24.24
3	7	25.93	3	3	9.09
4	3	11.11	4	5	15.15
5	8	29.63	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.09</i>	

Tabel 108: In watter mate voel jy een van jou biologiese ouers het jou ander biologiese ouer verrai en/of in die steek gelaat? (vraag 23.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	5	18.52	0	2	6.06
1	5	18.52	1	12	36.36
2	5	18.52	2	3	9.09
3	5	18.52	3	7	21.21
4	3	11.11	4	2	6.06
5	4	14.81	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	2.82		<i>Gemiddeld</i>	2.65	

Tabel 109: In watter mate wil jy 'n egskeiding veroorsaak tussen jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 23.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	22	66.67
2	3	11.11	2	5	15.15
3	9	33.33	3	4	12.12
4			4	1	3.03
5	6	22.22	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	2.67		<i>Gemiddeld</i>	1.61	

Strydig met die literatuur (Berger, 1994; Seymour *et al.*, 1995, soos aangedui in 3.3.8) wat aandui dat seuns en dogters in stiefgesinne voel dat hulle nie beheer oor hul lewens het nie, voel die grootste aantal seuns (40.74%) en dogters (45.45%) in 'n groot en baie groot mate dat hulle wel beheer oor hul lewens het, alhoewel dieselfde getal dogters (45.45%) terselfdertyd geensins nie en in 'n geringe mate in beheer van hul lewens voel (vergelyk Tabel 107). 33.34% seuns voel, soos hierdie dogters, dat hul ook geensins nie en in 'n geringe mate 'n keuse het oor wat met hul lewens gebeur, terwyl 25.93% seuns teenoor slegs 9.09% dogters in 'n gemiddelde mate hiermee saamstem (vergelyk Tabel 107). Alhoewel die meeste seuns (37.04%) en dogters (45.45%) geensins nie en in 'n geringe mate voel dat een van die biologiese ouers die ander een verrai en/of in die steek gelaat het, is dit tog opvallend dat 25.92% seuns en 27.27% dogters hierdie opinie in 'n groot en baie groot mate handhaaf (vergelyk Tabel 108). Die grootste aantal seuns (44.44%) dui aan dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate 'n egskeiding tussen die biologiese en stiefouer wil veroorsaak (vergelyk Tabel 109). Dit is egter kommerwekkend dat 33.33% seuns in 'n gemiddelde mate en 22.22% seuns in 'n baie groot mate inderdaad 'n bydraende rol

sal wil speel by 'n egskeiding (vergelyk Tabel 109). Opvallend hierteenoor, is dat die grootste hoeveelheid dogters geensins nie (66.67%) en slegs in 'n geringe mate (15.15%) 'n egskeiding tussen die hergetroude egpaar wil veroorsaak (vergelyk Tabel 109). 'n Geringe 6.06% dogters verskil in 'n groot en baie groot mate in hierdie verband (vergelyk Tabel 109).

Soos aangedui in die vorige afdelings, dui hierdie gedeelte se bevindinge daarop dat die seuns in hierdie steekproef meer probleme ervaar as die dogters. Hulle ervaar meer woede met betrekking tot die huwelik en hul verlore vriende as die dogters en is in 'n groter mate van mening dat die stiefouer die plek van die ander biologiese ouer probeer inneem. Dit blyk dat die dogters minder beheer oor hul lewens, in vergelyking met die seuns, het. Aangesien die seuns meer tekens van woede toon, is dit verstaanbaar dat hulle in 'n groter mate in 'n egskeiding sal bydra as die dogters in die steekproef. Alhoewel die seuns meer woede as die dogters aandui, word hul aanpassing by die stiefgesin nie uitermatig hierdeur belemmer nie.

Dit blyk noodsaaklik te wees om 'n gedeelte ten opsigte die effektiewe hantering van woede by die voorbereidingsprogram in te sluit, sodat die adolessente eerstens insig in hul woede verkry en tweedens leer om hierdie woede so konstruktief moontlik te hanteer.

Skuldgevoelens

Tabel 110: In watter mate voel jy dat jy bygedra het tot jou biologiese ouers se egskeiding? (vraag 24.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	2	6.06
1	13	48.15	1	15	45.45
2	1	3.70	2	8	24.24
3	6	22.22	3	3	9.09
4	3	11.11	4	1	3.03
5	1	3.70	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.08</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.06</i>	

Tabel 111: In watter mate is jy bang jy veroorsaak 'n egskeiding tussen jou ouer en stiefouer? (vraag 24.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	16	59.26	1	20	60.61
2	5	18.52	2	8	24.24
3	2	7.41	3	1	3.03
4	1	3.70	4	3	9.09
5	3	11.11	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.70</i>	

Tabel 112: In watter mate voel jy skuldig omdat jy van jou stiefouer hou? (vraag 24.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	15	55.56	1	21	63.64
2	2	7.41	2	5	15.15
3	7	25.93	3	4	12.12
4	1	3.70	4	3	9.09
5	2	7.41	5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.67</i>	

'n Verdere strydigheid met die literatuur (Robinson, 1991; Seymour *et al.*, 1995; Visher & Visher, 1979, soos aangedui in 3.3.9) word gevind deurdat die grootste aantal seuns (51.85%) en dogters (69.69%) geensins nie en in 'n geringe mate voel dat hulle tot hul biologiese ouers se egskeiding bygedra het (vergelyk Tabel 110). 'n Minderheid van 22.22% seuns en 12.12% dogters het onderskeidelik in 'n gemiddelde en 'n baie groot mate aangetoon dat hulle wel 'n bydrae tot die verbrokkeling van hul biologiese ouerhuwelik gelewer het (vergelyk Tabel 110). Die meeste seuns (77.78%) en dogters (84.85%) is geensins nie of in 'n geringe mate bang dat hulle 'n egskeiding tussen hul biologiese en stiefouer sal veroorsaak (vergelyk Tabel 111). In teenstelling met die meeste seuns (62.97%), wat geensins nie en in 'n geringe mate sowel as in 'n gemiddelde mate (25.93%) skuldig voel omdat hulle van die stiefouer hou, blyk dit duidelik dat die oorgrote meerderheid dogters (78.79%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate skuldig voel hieroor (vergelyk Tabel 112).

Die bevindinge in hierdie gedeelte toon aan dat die meerderheid respondente geensins diepliggende skuldgevoelens insake die egskeiding van die biologiese

ouers, asook ten opsigte van die aanvaarding van die nuwe stiefouer, ervaar nie. Afgesien hiervan, wil dit tog voorkom of 'n klein aantal seuns meer skuldig voel ten opsigte van hul biologiese ouers se egskeiding en die aanvaarding van die stiefouer as die dogters in die steekproef.

Ten spyte daarvan dat hierdie respondente nie diepliggende skuldgevoelens aanmeld nie, is dit steeds relevant om 'n gedeelte hieromtrent in die program in te sluit, aangesien dit wel volgens die literatuur (soos aangedui in 3.3.9) van toepassing is op vele adolessente in dieselfde asook soortgelyke situasies.

Vrees

Tabel 113: In watter mate vrees jy dat jy weer 'n gesin kan verloor? (vraag 25.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	11	40.74	1	14	42.42
2	5	18.52	2	8	24.24
3	5	18.52	3	6	18.18
4	2	7.41	4	4	12.12
5	4	14.81	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.37</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.09</i>	

Tabel 114: In watter mate is jy bang jou biologiese moeder raak net so lief (of selfs meer) vir jou stiefbroers en –susters as vir jou? (vraag 25.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	2	7.41	0	5	15.15
1	13	48.15	1	16	48.48
2	2	7.41	2	2	6.06
3	6	22.22	3	3	9.09
4	1	3.70	4	4	12.12
5	3	11.11	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.16</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.14</i>	

Tabel 115: In watter mate is jy bang jou stiefouer verwerp jou? (vraag 25.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	14	51.85	1	21	63.64
2	3	11.11	2	6	18.18
3	9	33.33	3	3	9.09
4	1	3.70	4	2	6.06
5			5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.67</i>	

Tabel 116: In watter mate is jy bang jy verloor jou inwonende biologiese ouer se liefde? (vraag 25.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	16	48.48
2	1	3.70	2	4	12.12
3	3	11.11	3	2	6.06
4	3	11.11	4	7	21.21
5	8	29.63	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.36</i>	

Alhoewel die grootste aantal seuns (59.26%) en dogters (66.66%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate vrees dat hulle die stiefgesin kan verloor, rapporteer 22.22% seuns teenoor 15.15% dogters dat hulle hierdie moontlikheid in 'n groot en baie groot mate vrees (vergelyk Tabel 113). Die meerderheid seuns (55.56%) en dogters (54.54%) is geensins nie en in 'n geringe mate bang dat hul biologiese moeder net so lief, of selfs liever, vir die stiefsibbe as vir hulle sal word (vergelyk Tabel 114). Ten spyte hiervan, is 22.22% seuns in 'n gemiddelde en 21.21% dogters in 'n groot en baie groot mate bang dat dit wel sal gebeur (vergelyk Tabel 114). Die meerderheid seuns (51.85%) en dogters (63.64%) is geensins bang dat hulle deur die stiefouer verwerp sal word nie, tog vrees 33.33% seuns hierdie verwerping in 'n gemiddelde mate (vergelyk Tabel 115). Alhoewel die meeste seuns (48.14%) en dogters (60.60%) geensins nie en in 'n geringe mate bang is dat hulle die inwonende biologiese ouer se liefde sal verloor, toon 'n groot aantal seuns (40.74%) sowel as dogters (33.33%) in 'n groot en baie groot mate inderdaad hierdie vrees (vergelyk Tabel 116). Hierdie bevinding dui op moontlike ambivalensie deurdat die respondente nóg die stiefsibbe nóg die stiefouer as 'n bedreiging vir hul biologiese ouer se liefde beskou. Dit wil dus voorkom of die hipotese van Seymour *et al.* (1995, soos aangedui

in 3.3.10) ten opsigte van sommige kinders se vrees dat hul biologiese ouer ook van hulle sal "skei" in 'n groot mate deur hierdie respondente ondersteun word.

Dit blyk dus uit hierdie gedeelte dat die meerderheid respondente in die steekproef minimale gevoelens van vrees rakende die stiefgesinsituasie ervaar wat die literatuur (Robinson, 1991; Seymour *et al.*, 1995, soos aangedui in 3.3.10) grotendeels weerspreek. Dit blyk verder dat die meeste respondente se verliese vanweë hul biologiese ouers se egskeiding nie hul vertrouwe in volwassenes, wat die basis van die vrees vir verdere verliese is, geskend het nie (Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.10). Ongeag hierdie feit ervaar meer seuns as dogters egter die vrees dat hul stiefouer hulle moontlik kan verwerp en dat hulle die inwonende biologiese ouer se liefde kan verloor.

'n Gedeelte betreffende vrees en die hantering daarvan behoort in die voorbereidingsprogram opgeneem te word ten einde adolessente wat inderdaad vrees rakende die biologiese ouer en stiefgesin ervaar, te ondersteun.

6.2.11 **Afdeling 12: Stiefsibbe**

Die teenwoordigheid van stiefsibbe het 'n belangrike invloed op die adolessent se aanpassing by die stiefgesin (Ganong & Coleman, 1993a, soos aangedui in 3.3.11) en word in hierdie gedeelte ondersoek.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 117 tot Tabel 130 uiteengesit.

Tabel 117: Word dit van jou verwag om jou kamer met 'n stiefbroer of –suster te deel? (vraag 26.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	4	14.81	1	4	12.12
2 (Nee)	15	55.56	2	22	66.67
3 (N.v.t)	8	29.63	3	7	21.21

Tabel 118: Indien wel (ja op vraag 26.1) is dit vir jou moeilik om jou lewensruimte met ander kinders te deel? (vraag 26.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	15	55.56	0	15	45.45
1	4	14.81	1	10	30.30
2	2	7.41	2	2	6.06
3	3	11.11	3	1	3.03
4	1	3.70	4	1	3.03
5	2	7.41	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.58</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.28</i>	

Tabel 119: Het jou sibbeposisie (dit wil sê jou geboorteorde – of jy die oudste, jongste is) verander? (vraag 26.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1 (Ja)	9	33.33	1	15	45.45
2 (Nee)	11	40.74	2	15	45.45
3 (N.v.t)	7	25.93	3	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.93</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.64</i>	

Alhoewel dit nie van die meeste seuns (55.56%) en dogters (66.67) verwag word om hul kamer met 'n stiefbroer of -suster te deel nie, het 'n groot aantal seuns (29.63%) en dogters (21.21%) hierdie vraag nie op hulle van toepassing beskou nie wat moontlik daarop dui dat hulle ook nie hul lewensruimte met ander kinders deel nie (vergeelyk Tabel 117). Aansluitend hierby het die grootste aantal seuns (55.56%) en dogters (45.45%) 'n spesifieke vraag hieroor nie beantwoord nie wat moontlik bevestig dat hulle óf nie stiefsibbe het nie, óf hul stiefsibbe nie in dieselfde huishouding as hulle woonagtig is nie (vergeelyk Tabel 118). Ten spyte hiervan het 'n groot aantal seuns (22.22%) en dogters (36.36%) wel aangedui dat hulle dit geensins nie en in 'n geringe mate moeilik vind om hul lewensruimte met ander te deel, terwyl 11.11% seuns teenoor 15.15% dogters dit in 'n groot en baie groot mate moeilik vind (vergeelyk Tabel 118). Die grootste aantal seuns (40.74%) se sibbeposisie het nie verander nie, terwyl 'n gelyke aantal dogters se sibbeposisie enersyds nie (45.45%) en andersyds wel (45.45%) verander het (vergeelyk Tabel 119). 'n Groot aantal seuns (33.33%) dui verder aan dat hul sibbeposisie ook verander het, terwyl 25.93% nie die vraag beantwoord het nie (vergeelyk Tabel 119).

Tabel 120: In watter mate kompeteer jy en jou stiefbroers en –susters vir aandag en voorregte van die ouers in die stiefgesin? (vraag 26.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	6	18.18
1	11	40.74	1	13	39.39
2	4	14.81	2	5	15.15
3	3	11.11	3	5	15.15
4	4	14.81	4	3	9.09
5	1	3.70	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.13</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.04</i>	

Tabel 121: In watter mate voel jy dat jou stiefouer sy/haar kinders wat in die gesin bly, voortrek? (vraag 26.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	5	15.15
1	6	22.22	1	6	18.18
2	4	14.81	2	5	15.15
3	3	11.11	3	5	15.15
4	3	11.11	4	4	12.12
5	7	25.93	5	8	24.24
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.04</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.11</i>	

Tabel 122: In watter mate word jy (en jou eie broers of susters) deur jou/julle biologiese ouer voorgetrek? (vraag 26.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	13	39.39
2	6	22.22	2	7	21.21
3	6	22.22	3	7	21.21
4	2	7.41	4	3	9.09
5	6	22.22	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.27</i>	

Tabel 123: In watter mate voel jy jou biologiese ouer is net joune en die stiefkinders het geen reg op hom of haar nie? (vraag 26.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	4	12.12
1	6	22.22	1	18	54.55
2	6	22.22	2	3	9.09
3	4	14.81	3	3	9.09
4	3	11.11	4	2	6.06
5	5	18.52	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.79</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.93</i>	

Tabel 124: In watter mate voel jy die stiefkinders het jou gebied betree en hoort nie daar nie? (vraag 26.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	5	15.15
1	9	33.33	1	14	42.42
2	3	11.11	2	6	18.18
3	6	22.22	3	3	9.09
4	1	3.70	4	2	6.06
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.07</i>	

Kompetisie met stiefsibbe vir aandag en voorregte van die ouers in die stiefgesin is geensins nie en in 'n geringe mate aanwesig by die meeste seuns (55.28%) en dogters (54.54%), alhoewel 18.51% seuns en 12.12% dogters inderdaad in 'n groot en baie groot mate kompeteer vir aandag en voorregte (vergelyk Tabel 120). Die meeste seuns voel terselfdertyd dat die stiefouer sy/haar kinders, woonagtig in die stiefgesin, geensins nie en in 'n geringe mate (37.03%), asook in 'n groot en baie groot mate (37.04%) voortrek, terwyl 36.36% dogters in 'n groot en baie groot mate hiermee saamstem teenoor 33.33% dogters wat geensins nie en slegs in 'n geringe mate so voel (vergelyk Tabel 121).

Die grootste aantal seuns (48.15%) en dogters (60.60%) en hul bloedverwante broers en susters word geensins nie of slegs in 'n geringe mate deur hul biologiese ouer in die stiefgesin voorgetrek, terwyl 29.63% seuns teenoor 18.18% dogters meen hulle word in 'n groot en baie groot mate voorgetrek (vergelyk Tabel 122). Die meerderheid seuns (44.44%) sowel as dogters (63.64%) voel geensins nie en slegs in 'n geringe

mate dat die biologiese ouer slegs aan hulle behoort en dat die stiefsibbe geen aanspraak op hierdie ouer kan maak nie (vergeelyk Tabel 123). 'n Groter aantal seuns (29.63%) as dogters (15.15%) voel egter dat hulle in 'n groot en baie groot mate alleenreg op hul biologiese ouer het (vergeelyk Tabel 123). Die meeste seuns (44.44%) en dogters (60.60%) voel geensins nie en in 'n geringe mate dat die stiefsibbe hul gebied betree het, terwyl 22.22% seuns in 'n gemiddelde mate hiermee saamstem (vergeelyk Tabel 124). Slegs 'n geringe aantal seuns (18.51%) en dogters (15.15%) voel in 'n groot en baie groot mate dat die stiefsibbe indringers is, wat waarskynlik volgens die literatuur (Du Plessis, 1993, soos aangedui in 3.3.11) die grootlikse afwesigheid van wedywering tussen hulle verklaar (vergeelyk Tabel 124).

Tabel 125: In watter mate voel jy soos 'n vreemde besoeker wanneer jy by jou ander biologiese ouer se huis gaan kuier? (vraag 26.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	5	18.52	0	7	21.21
1	8	29.63	1	8	24.24
2	1	3.70	2	6	18.18
3	7	25.93	3	5	15.15
4	5	18.52	4	3	9.09
5	1	3.70	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.55</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.58</i>	

Tabel 126: In watter mate is dit vir jou moeilik om tussen twee huishoudings te beweeg? (vraag 26.10)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	5	18.52	0	6	18.18
1	6	22.22	1	13	39.39
2	2	7.41	2	3	9.09
3	6	22.22	3	3	9.09
4	6	22.22	4	5	15.15
5	2	7.41	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.82</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.33</i>	

Alhoewel die grootste aantal seuns (33.33%) en dogters (42.42%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate soos vreemde besoekers in hul ander biologiese ouer se huis voel, blyk dit dat 22.22% seuns en 21.21% dogters wel in 'n groot en baie groot mate vreemd voel (vergeelyk Tabel 125). 'n Gelyke aantal seuns vind dit enersyds

geensins nie en in 'n geringe mate (29.63%) en andersyds in 'n groot en baie groot mate (29.63%) moeilik om tussen die twee huishoudings te beweeg, terwyl die meeste dogters (48.48%) dit geensins nie en slegs in 'n geringe mate moeilik vind, teenoor 24.24% dogters waarvoor dit wel in 'n groot en baie groot mate moeilik is (vergeelyk Tabel 126).

Tabel 127: In watter mate voel jy soos 'n buitestander in die stiefgesin? (vraag 26.11)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	17	51.52
2	4	14.81	2	5	15.15
3	4	14.81	3	7	21.21
4	6	22.22	4	2	6.06
5	6	22.22	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.0</i>	

Tabel 128: In watter mate vergelyk jy jouself met jou stiefbroers en –susters met betrekking tot geld en/of besittings? (vraag 26.12)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	4	12.12
1	10	37.04	1	15	45.45
2	2	7.41	2	7	21.21
3	4	14.81	3	3	9.09
4	3	11.11	4	1	3.03
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.52</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.97</i>	

Tabel 129: In watter mate voel jy belangrik/gewaardeerd in jou stiefgesin? (vraag 26.13)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	4	14.81	1	4	12.12
2	2	7.41	2	7	21.21
3	11	40.74	3	9	27.27
4	7	25.93	4	6	18.18
5	3	11.11	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.11</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.15</i>	

Tabel 130: In watter mate is jy jaloes op een van jou stiefbroers of -susters? (vraag 26.14)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	4	12.12
1	14	51.85	1	16	48.48
2	1	3.70	2	8	24.24
3	6	22.22	3	3	9.09
4	1	3.70	4	1	3.03
5	1	3.70	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>1.87</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.72</i>	

'n Interessante verskil tussen die seuns en dogters in hierdie steekproef is dat die meeste seuns (44.44%) in 'n groot en baie groot mate soos buitelanders in hul stiefgesin voel, terwyl dit net by 12.12% dogters so aangedui is (vergeelyk Tabel 127). Die grootste aantal dogters (66.67%) daarenteen, sowel as 'n groot aantal seuns (40.74%), rapporteer egter dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate soos 'n buitelanders in die stiefgesin voel (vergeelyk Tabel 127). Materiële vergelyking vind geensins nie of net in 'n geringe mate by die meerderheid seuns (44.45%) en dogters (66.66%) plaas, alhoewel meer seuns (25.92%) as dogters (12.12%) wel hulself in 'n groot en baie groot mate met hul stiefsibbe in hierdie opsig vergelyk (vergeelyk Tabel 128). Die grootste aantal seuns (37.04%) en dogters (39.39%) voel in 'n groot en baie groot mate belangrik en gewaardeerd in hul stiefgesin, terwyl 40.74% seuns teenoor 27.27% dogters net in 'n gemiddelde mate so voel (vergeelyk Tabel 129). Meer dogters (33.33%) as seuns (22.22%) dui egter op hul beurt aan dat hulle geensins nie of in 'n geringe mate belangrik en gewaardeerd in die stiefgesin voel (vergeelyk Tabel 129). Jaloesie ten opsigte van die stiefsibbe is geensins nie en slegs in 'n geringe

mate by die meeste seuns (55.55%) en dogters (72.74%) teenwoordig, asook in 'n gemiddelde mate by 22.22% seuns (vergelyk Tabel 130).

Die bevindinge in hierdie gedeelte is aanduidend daarvan dat hierdie respondente die algemene stiefsibbe-probleme wat in die literatuur (Beer, 1988; Capaldi & McRae, 1979; Du Plessis, 1993; Ganong & Coleman, 1993a; Visher & Visher, 1979, soos aangedui in 3.3.11) aangetoon word, slegs in 'n beperkte mate ervaar. 'n Moontlike rede hiervoor is dat hulle reeds 'n geruime tyd in die stiefgesin woonagtig is en moontlik hierdie struikelblokke oorkom het ten einde goed in die stiefgesin aan te pas. Alhoewel probleme hoofsaaklik net in 'n geringe mate by hierdie respondente voorkom, blyk dit dat 'n groter aantal seuns in vergelyking met die dogters, se sibbe-posisie verander het, van mening is dat hulle en hul natuurlike sibbe in 'n groter mate deur die biologiese ouer voorgetrek word, alleenreg op die biologiese ouer wil hê, moeiliker tussen twee huishoudings beweeg, meer soos 'n buitestander in die stiefgesin voel, hulleself meer met hul stiefsibbe vergelyk en in 'n groter mate jaloers op die stiefsibbe blyk te wees. Hierdie bevindinge korreleer met die groter mate van aanpassingsprobleme wat die seuns in die vorige afdelings aangedui het. 'n Groter aantal dogters daarenteen voel minder belangrik en gewaardeerd in die stiefgesin en is van mening dat die stiefouer sy of haar eie kinders woonagtig in die stiefgesin, meer voortrek. Ten spyte hiervan is dit duidelik dat die meerderheid respondente dit glad nie moeilik vind om hul lewensruimte met stiefsibbe te deel nie. Gevolglik vind wedywing ten opsigte van gelykwaardigheid in die stiefgesin, sowel as materiële en ekonomiese faktore (Beer, 1988; Du Plessis, 1993 soos aangedui in 3.3.11), in 'n minimum plaas.

Alhoewel die resultate van hierdie steekproef nie die bevindinge uit die literatuur (sien 3.3.11) grootliks verifieer nie, is dit steeds noodsaaklik om 'n deeglike gedeelte omtrent die impak van en aanpassing by stiefsibbe by die voorbereidingsprogram in te sluit. Adolessent wat 'n stiefgesin betree, behoort in 'n groot mate probleme te ervaar wanneer dit van hulle verwag word om hul lewensruimte met stiefsibbe te deel. Hierdie betrokke programgedeelte behoort 'n sleutelbydrae tot hul aanpassing by die stiefgesinsituasie te lewer.

6.2.12 Afdeling 13: Konflik

Adolessent wat aan intense interouerlike konflik en ouer-adolessent-konflik blootgestel word, ervaar meer aanpassings- en gedragsprobleme sowel as akademiese struikelblokke teenoor die adolescent wat aan minder konflik blootgestel

word (Bray, 1992; Demo & Acock, 1996; Schaeffer & Borduin, 1999, soos aangedui in 3.3.12).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 131 tot Tabel 137 uiteengesit.

Tabel 131: In watter mate baklei jou biologiese ouers wanneer hulle in mekaar se teenwoordigheid is? (vraag 27.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	7	25.93	1	6	18.18
2	6	22.22	2	7	21.21
3	3	11.11	3	7	21.21
4	3	11.11	4	6	18.18
5	5	18.52	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.71</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.83</i>	

Tabel 132: In watter mate veroorsaak 'n bakleiery tussen jou biologiese ouers konflik in jou stiefgesin? (vraag 27.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	5	15.15
1	9	33.33	1	10	30.30
2	1	3.70	2	5	15.15
3	8	29.63	3	6	18.18
4	3	11.11	4	3	9.09
5	3	11.11	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.58</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.50</i>	

Tabel 133: In watter mate kry jy lekker as jou biologiese ouer en stiefouer baklei? (vraag 27.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	15	55.56	1	23	69.70
2			2	4	12.12
3	6	22.22	3	6	18.18
4	3	11.11	4		
5	3	11.11	5		
<i>Gemiddeld</i>	2.22		<i>Gemiddeld</i>	1.48	

Tabel 134: In watter mate tart jy jou stiefouer ten einde 'n stryery uit te lok? (vraag 27.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	22	66.67
2	2	7.41	2	6	18.18
3	3	11.11	3	5	15.15
4	5	18.52	4		
5	5	18.52	5		
<i>Gemiddeld</i>	2.59		<i>Gemiddeld</i>	1.48	

Die biologiese ouers van die meeste seuns (48.15%) en dogters (39.39%) baklei geensins nie en in 'n geringe mate wanneer hulle in mekaar se teenwoordigheid is, terwyl 'n groot aantal seuns (29.63%) en dogters (30.30%) se ouers wel in 'n groot en baie groot mate met mekaar baklei (vergelyk Tabel 131). Hierdie bakleiery tussen die biologiese ouers veroorsaak egter, strydig met die literatuur (Brown *et al.*, 1990, soos aangedui in 3.3.12), geensins nie en in 'n geringe mate konflik in die meeste seuns (37.03%) en dogters (45.45%) se stiefgesinne (vergelyk Tabel 132). 'n Aansienlike getal seuns (29.63%) se stiefgesinne word in 'n gemiddelde mate deur hierdie konflik beïnvloed, terwyl 22.22% seuns en 21.21% dogters se stiefgesinne ook in 'n groot en baie groot mate deur hierdie konflik geraak word (vergelyk Tabel 132). Die grootste aantal seuns (55.56%) en dogters (69.70%) kry geensins lekker wanneer hul biologiese en stiefouer baklei nie (vergelyk Tabel 133). 22.22% seuns rapporteer dat hulle respektiewelik in 'n gemiddelde mate asook in 'n groot en baie groot mate genot uit konflik tussen hul biologiese en stiefouer put (vergelyk Tabel 133). Strydig hiermee, kry slegs 18.18% dogters in 'n gemiddelde mate lekker wanneer die hergetroude egpaar baklei, terwyl geen enkele dogter in 'n groot of baie groot mate genot hieruit put nie (vergelyk Tabel 133). Kongruent hiermee, tart die meeste seuns

(44.44%) en dogters (66.67%) geensins die stiefouer ten einde 'n stryery te probeer uitlok nie, alhoewel 'n groot aantal seuns (37.04%) in 'n groot en baie groot mate aandui dat hulle dit wel sal doen (vergelyk Tabel 134).

Tabel 135: In watter mate stry/baklei die meeste gesinslede in jou stiefgesin met mekaar? (vraag 27.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	3	11.11	1	9	27.27
2	6	22.22	2	13	39.39
3	11	40.74	3	7	21.21
4			4	4	12.12
5	7	25.93	5		
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.07</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.18</i>	

Tabel 136: In watter mate stry/baklei jy en jou moeder meer vandat sy weer getroud is? (vraag 27.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	5	15.15
1	10	37.04	1	9	27.27
2	5	18.52	2	5	15.15
3	2	7.41	3	5	15.15
4	2	7.41	4	5	15.15
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.35</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.64</i>	

Tabel 137: In watter mate stry/baklei jy en jou vader meer vandat hy weer getroud is? (vraag 27.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	6	18.18
1	5	18.52	1	12	36.36
2	4	14.81	2	4	12.12
3	1	3.70	3	6	18.18
4	6	22.22	4	2	6.06
5	5	18.52	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.10</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.26</i>	

Die meeste seuns (40.74%) se stiefgesinslede baklei in 'n gemiddelde mate met mekaar (vergelyk Tabel 135). In vergelyking hiermee rapporteer die meeste dogters (66.66%) teenoor 33.33% van die seuns dat hul stiefgesinslede geensins nie en in 'n geringe mate met mekaar baklei (vergelyk Tabel 135). 25.93% van die seuns teenoor slegs 12.12% van die dogters toon aan dat hul stiefgesinslede in 'n groot en baie groot mate met mekaar in konflik tree (vergelyk Tabel 135). Dit blyk dat die grootste aantal seuns (55.56%) en dogters (42.42%) se konflik met hul moeders geensins nie of slegs in 'n geringe mate toegeneem het sedert sy weer getroud is, alhoewel 22.22% seuns en 27.27% dogters meld dat hierdie konflik in 'n groot en baie groot mate inderdaad toegeneem het (vergelyk Tabel 136). In teenstelling hiermee dui die meerderheid seuns (40.74%), teenoor slegs 15.15% dogters aan dat die konflik wel in 'n groot en baie groot mate vermeerder het ten opsigte van hul hergetroude vaders (vergelyk Tabel 137). Die meeste dogters (48.48%), sowel as 'n groot aantal seuns (33.33%), se stryery en bakleiery met hul biologiese vader het geensins nie of slegs in 'n geringe mate sedert sy hertroue toegeneem (vergelyk Tabel 137).

Die resultate uit hierdie gedeelte toon aan dat die aanwesigheid van konflik minimaal is, maar wel in 'n groter mate by die seuns as die dogters in hierdie studie voorkom. Hierdie bevinding sluit aan by die vorige afdelings waarin 'n groter mate van aanpassingsprobleme by die seuns in hierdie steekproef geïdentifiseer is. Die seuns in hierdie steekproef het eensamer en meer ongewaardeerd gevoel kort na die huwelik as die dogters (sien 6.2.3), het in 'n groter mate gewens hierdie huwelik vind nie plaas nie (sien 6.2.4), het groter veranderinge ten opsigte van die verhouding met hul vader ondergaan (sien 6.2.5), het meer ongemak rakende die intieme seksualiteit tussen die getroude volwassenes in die gesin ervaar (sien 6.2.6) en het in 'n groter mate gewens dat hulle na hul vorige lewensituasie kon terugkeer (6.2.7). Die seuns is tans negatiewer teenoor die stiefouer (6.2.7) en beskik oor 'n minder goeie en gehoorsame verhouding met die stiefouer (6.2.8). Verder beleef die seuns meer lojaliteitskonflikte, woede, skuldgevoelens, vrees (6.2.9 en 6.2.10) en sibbe-probleme (6.2.11) as die dogters in hierdie steekproef.

Ten spyte daarvan dat die meerderheid respondente betreklik min konflik beleef, is dit opvallend dat meer seuns as dogters genot uit die rusies tussen hul biologiese en stiefouer put en in 'n groter mate die stiefouer sal uittart tydens 'n stryery. 'n Groter aantal seuns baklei meer met hul biologiese vader, terwyl hul gesinslede ook meer met mekaar bots. Volgens Demo en Acock (1996, soos aangedui in 3.3.12) is die akkuraatste voorspeller van adolessentwelstand geleë in die mate van onenigheid tussen die moeder en haar adolessent. Die adolessente in hierdie studie beskik dus

oor goeie welstand aangesien konflik met die moeder minimaal blyk te wees. Die meerderheid respondente behoort dus minder aanpassingsprobleme en akademiese struikelblokke te beleef (Demo & Acock, 1996, soos aangedui in 3.3.12).

'n Afdeling rakende konflikhantering behoort by die voorbereidingsprogram ingesluit te word om sodoende die adolessent wat 'n stiefgesin gaan betree, bewus te maak van moontlike konfliksituasies (soos aangedui in 3.3.12) en toe te rus met hanteringswyses ten einde hul aanpassing in die nuwe stiefgesin te bevorder.

6.2.13 **Afdeling 14: Kommunikasie**

Die aard en toereikendheid van die kommunikasie in die stiefgesin word in hierdie gedeelte ondersoek (soos aangedui in 3.3.13).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 138 tot Tabel 144 uiteengesit.

Tabel 138: In watter mate deel jy dinge van jouself met jou stiefouer? (vraag 28.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	14	42.42
2	6	22.22	2	5	15.15
3	3	11.11	3	4	12.12
4	2	7.41	4	6	18.18
5	4	14.81	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.60</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.42</i>	

Tabel 139: In watter mate kan jy eerlik en reguit met jou stiefouer gesels oor sake wat vir jou belangrik is? (vraag 28.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	10	30.30
2	5	18.52	2	5	15.15
3	7	25.93	3	5	15.15
4	3	11.11	4	7	21.21
5	3	11.11	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.82</i>	

Tabel 140: In watter mate deel jy dinge van jouself met jou stiefbroers en –susters? (vraag 28.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	4	12.12
1	6	22.22	1	11	33.33
2	8	29.63	2	6	18.18
3	4	14.81	3	8	24.24
4	3	11.11	4	3	9.09
5	2	7.41	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	2.43		<i>Gemiddeld</i>	2.21	

Alhoewel dit blyk dat die meerderheid seuns (66.66%) en dogters (57.57%) geensins nie en in 'n geringe mate persoonlike dinge met hul stiefouer deel, is daar tog 'n aantal seuns (22.22%) en dogters (30.30%) wat aandui dat hulle in 'n groot en baie groot mate inderdaad persoonlike sake met die stiefouer deel (vergelyk Tabel 138). Aansluitend by die beperkte persoonlike kommunikasie met die stiefouer, dui die grootste aantal seuns (51.58%) en dogters (45.45%) aan dat hulle geensins nie en slegs in 'n geringe mate, eerlik en reguit met die stiefouer oor sake wat vir hulle belangrik is, gesels (vergelyk Tabel 139). 'n Groot aantal seuns (25.93%) kan slegs in 'n gemiddelde mate persoonlik belangrike dinge met die stiefouer bespreek, terwyl 39.39% dogters teenoor 22.22% seuns meld dat hulle dit wel in 'n groot en baie groot mate moontlik vind om persoonlike dinge met die stiefouer te deel (vergelyk Tabel 139). Ten opsigte van die stiefsibbe word die bestaande tendens herhaal, deurdat die meerderheid seuns (51.85%) en dogters (51.51%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate persoonlike dinge met hul stiefsibbe deel (vergelyk Tabel 140). Dit is egter noemenswaardig dat 'n groter aantal dogters (24.24%) as seuns (14.81%) in 'n gemiddelde mate teenoor die stiefsibbe sal oopmaak (vergelyk Tabel 140).

Tabel 141: In watter mate deel jou stiefouer dinge met jou? (vraag 28.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	9	27.27
2	11	40.74	2	8	24.24
3	6	22.22	3	9	27.27
4	3	11.11	4	3	9.09
5	2	7.41	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	2.48		<i>Gemiddeld</i>	2.55	

Tabel 142: In watter mate is dit vir jou gemaliker om dinge rakende jouself eerder met jou biologiese gesinslede te deel? (vraag 28.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	8	24.24
2	5	18.52	2	6	18.18
3	3	11.11	3	4	12.12
4	3	11.11	4	10	30.30
5	10	37.04	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.22</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.94</i>	

Tabel 143: In watter mate gesels die lede van jou stiefgesin vrylik met mekaar? (vraag 28.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	2	7.41	1	1	3.03
2	5	18.52	2	5	15.15
3	11	40.74	3	13	39.39
4	5	18.52	4	8	24.24
5	4	14.81	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.15</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.39</i>	

Tabel 144: In watter mate onderdruk jy jou ware gevoelens in jou stiefgesin? (vraag 28.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	12	36.36
2	7	25.93	2	4	12.12
3	6	22.22	3	9	27.27
4	3	11.11	4	4	12.12
5	1	3.70	5	4	12.12
6	1	3.70			
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.37</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.52</i>	

Die oorheersende kommunikasiepatroon, soos reeds aangedui, word verder aangetoon deurdat die meerderheid seuns (59.26%) en dogters (51.51%) se stiefouer geensins nie en in 'n geringe mate dinge met hul stiefkinders deel (vergeelyk Tabel 141). 22.22% seuns en 27.27% dogters se stiefouer deel in 'n gemiddelde mate dinge met hulle, terwyl 18.52% seuns en 21.21% dogters se stiefouer in 'n groot

en baie groot mate dinge met hulle deel (vergelyk Tabel 141). Dit is dus verstaanbaar dat die meeste seuns (48.15%) en dogters (45.45%) in 'n groot en baie groot mate verkies om persoonlike sake met hul biologiese gesinslede te bespreek (vergelyk Tabel 142). 'n Opvallende tendens kom egter duidelik na vore deurdat 'n groot aantal seuns (40.74%) en dogters (42.42%), ten spyte van die bestaande kommunikasiepatrone in die stiefgesin, geensins nie en in 'n geringe mate gemakliker voel om dinge eerder met die biologiese gesinslede te deel (vergelyk Tabel 142). Hierdie bevinding kan moontlik toegeskryf word aan die mate waarin adolessente verkies om sekere dinge met die portuurgroep, eerder as met die volwassenes in hul lewe, te bespreek. Adolessensie verteenwoordig 'n tydperk waarin tieners groter privaatheid ten opsigte van hul gesinslede handhaaf en veel eerder na die portuurgroep sal uitreik om ervarings te deel (Sprinthall & Collins, 1995, soos aangedui in 2.4.2). Die grootste aantal stiefgesinslede van die seuns (40.74%) gesels in 'n gemiddelde mate vrylik met mekaar, terwyl 33.33% seuns se stiefgesinslede in 'n groot en baie groot mate gemaklik kommunikeer (vergelyk Tabel 143). Die grootste aantal dogters (42.42%) daarenteen se stiefgesinslede kommunikeer in 'n groot en baie groot mate vrylik, terwyl dié interaksie by 39.39% in 'n gemiddelde mate plaasvind (vergelyk Tabel 143). 'n Positiewe situasie word waargeneem deurdat die meerderheid seuns (59.26%) en dogters (48.48%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate dit noodsaaklik vind om hul ware gevoelens in die stiefgesin te onderdruk, terwyl 22.22% seuns en 27.27% dogters hul ware gevoelens net in 'n gemiddelde mate onderdruk (vergelyk Tabel 144).

Die resultate in hierdie gedeelte dui daarop dat alhoewel die bestaande kommunikasiepatrone in beide die seuns en dogters se gevalle, strydig met die literatuur (Brown *et al.*, 1990, soos aangedui in 3.3.13), vry is van owerste vyandigheid en konflik, dit steeds in 'n redelike mate ontoereikend blyk te wees. Die dogters se kommunikasie met die stiefgesin blyk effens beter te wees as dié van die seuns in die steekproef, aangesien 'n groter aantal dogters persoonlike dinge, asook dinge wat hulle belangrik ag, met hul stiefouer en stiefsibbe deel, terwyl meer dogters se stiefgesinslede vrylik met mekaar gesels. Dit wil egter voorkom of meer dogters hul ware gevoelens in die stiefgesin onderdruk.

Die belangrikheid van effektiewe, toereikende kommunikasie is voor die hand liggend en speel 'n integrale rol by die aanpassing van die stiefgesinslede (soos aangedui in 3.3.13). 'n Gedeelte hieroor behoort sonder twyfel by die voorbereidingsprogram ingesluit te word.

6.2.14 **Afdeling 15: Selfesteem**

Die selfesteem van kinders in stiefgesinne is laer as dié van kinders in intakte gesinne (Ganong & Coleman, 1993b, soos aangedui in 3.3.14). Die selfesteem van adolessente word geassosieer met ouerlike ondersteuning, vertroeteling, inligtinguitruiling en die gereflekteerde waardering van ander belangrike persone (Ochiltree, 1990, soos aangedui in 3.3.14). Die mate waarin die stiefgesin die respondente in hierdie steekproef se selfesteem beïnvloed, word in hierdie gedeelte ondersoek.

Die tellings wat behaal is met betrekking tot hierdie afdeling word in Tabel 145 tot Tabel 150 uiteengesit.

Tabel 145: In watter mate is dit vir jou belangrik wat jou stiefouer van jou dink? (vraag 29.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	7	21.21
2	6	22.22	2	5	15.15
3	7	25.93	3	7	21.21
4	2	7.41	4	11	33.33
5	5	18.52	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.94</i>	

Tabel 146: In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefouer belangstel in jou gevoelens? (vraag 29.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	5	15.15
2	8	29.63	2	5	15.15
3	3	11.11	3	7	21.21
4	6	22.22	4	10	30.30
5	4	14.81	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.78</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.21</i>	

Tabel 147: In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefouer jou opinies ondersteun? (vraag 29.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	1	3.70	0		
1	7	25.93	1	5	15.15
2	4	14.81	2	4	12.12
3	8	29.63	3	7	21.21
4	1	3.70	4	15	45.45
5	6	22.22	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.81</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.15</i>	

Dit is vir die meeste stiefseuns (48.15%) geensins nie en in 'n geringe mate belangrik wat hul stiefouer van hulle dink, terwyl dit in 'n gemiddelde mate (25.93%), asook in 'n groot en baie groot mate (25.93%), vir die res van die seuns belangrik blyk te wees (vergelyk Tabel 145). In teenstelling hiermee is die stiefouer se opinie vir die meeste dogters (42.42%) in 'n groot en baie groot mate belangrik, ten spyte daarvan dat 36.36% dit geensins nie en slegs in 'n geringe mate belangrik ag (vergelyk Tabel 145). 'n Soortgelyke tendens kom voor deurdat dit vir die meerderheid seuns (51.85%) geensins nie of in 'n geringe mate belangrik is dat die stiefouer in hul gevoelens belangstel, terwyl 30.30% van die dogters dieselfde voel (vergelyk Tabel 146). Die grootste aantal dogters (48.48%) beskou hul stiefouer se belangstelling in hul gevoelens inderdaad in 'n groot en baie groot mate as belangrik, terwyl 'n groot aantal seuns (37.03%) ook dieselfde aandui (vergelyk Tabel 146). Dieselfde word ook gemerk ten opsigte van die stiefouer se ondersteuning van die respondente se opinies, aangesien die meeste seuns (40.74%) teenoor slegs 27.27% dogters dit geensins nie en in 'n geringe mate belangrik vind (vergelyk Tabel 147). Die grootste aantal dogters (51.51%) in vergelyking met 25.92% seuns, beskou die stiefouer se ondersteuning van hul opinies in 'n groot en baie groot mate as belangrik (vergelyk Tabel 147). 'n Groot aantal seuns (29.63%) beskou dit egter in 'n gemiddelde mate as belangrik (vergelyk Tabel 147).

Tabel 148: In watter mate is dit vir jou belangrik wat jou stiefbroers en –susters van jou dink? (vraag 29.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	8	29.63	1	10	30.30
2	5	18.52	2	4	12.12
3	5	18.52	3	7	21.21
4	2	7.41	4	4	12.12
5	4	14.81	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.54</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>	

Tabel 149: In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefbroers en -susters van jou hou? (vraag 29.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	4	14.81	0	3	9.09
1	7	25.93	1	8	24.24
2	2	7.41	2	6	18.18
3	7	25.93	3	8	24.24
4	4	14.81	4	3	9.09
5	3	11.11	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.74</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>	

Tabel 150: In watter mate is dit vir jou belangrik dat jou stiefbroers en -susters van jou biologiese gesinslede hou? (vraag 29.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	5	18.52	0	4	12.12
1	6	22.22	1	11	33.33
2	2	7.41	2	4	12.12
3	9	33.33	3	6	18.18
4	2	7.41	4	5	15.15
5	3	11.11	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.73</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>	

Die bestaande patroon ten opsigte van die stiefouer word nie herhaal met betrekking tot die stiefsibbe nie. Beide die meerderheid seuns (48.15%) en dogters (42.42%) vind hul stiefsibbe se opinie oor hulle geensins nie en in 'n geringe mate belangrik

(vergelyk Tabel 148). 'n Groter aantal dogters (27.27%) as seuns (22.22%) dui tog aan dat hul stiefsibbe se opinie in 'n groot en baie groot mate vir hulle belangrik is (vergelyk Tabel 148). Alhoewel die meeste seuns (33.34%) rapporteer dat hulle dit geensins nie en slegs in 'n geringe mate belangrik vind dat die stiefsibbe van hulle hou, is dit vir 25.93% in 'n gemiddelde mate en vir 25.92% in 'n groot en baie groot mate inderdaad belangrik (vergelyk Tabel 149). In die dogters se geval, beskou die meerderheid (42.42%) dit geensins nie en in 'n geringe mate belangrik, terwyl 24.24% dit óf in 'n gemiddelde, óf in 'n groot en baie groot mate belangrik vind dat hul stiefsibbe wel van hulle hou (vergelyk Tabel 149). Die meeste seuns (33.33%) vind dit in 'n gemiddelde mate belangrik dat die stiefsibbe van hul biologiese gesinslede hou (vergelyk Tabel 150). In teenstelling hiermee voel die grootste aantal dogters (45.45%) teenoor 29.63% seuns geensins nie en in 'n geringe mate dieselfde (vergelyk Tabel 150). Nieteenstaande bogenoemde vind 18.52% seuns en 24.24% dogters dit in 'n groot en baie groot mate belangrik dat die stiefsibbe van hul biologiese gesinslede hou (vergelyk Tabel 150).

Die resultate uit hierdie afdeling toon aan dat die dogters meer gesteld is daarop, as die seuns in die steekproef, dat die stiefouer van hulle hou, in hul gevoelens belangstel en hul opinies ondersteun. Aangesien die meeste stiefouers in hierdie steekproef stiefvaders is, stem dit grootliks ooreen met die literatuur wat stipuleer dat 'n stiefvader 'n sentrale rol ten opsigte van sy stiefdogter se selfbeeld speel deurdat die adolessent se selfsteem meer afhanklik van die gereflekteerde waardering van die ouer van die teenoorgestelde geslag is (Haberstroh *et al.*, 1998, soos aangedui in 3.3.14). Die ouerskapstyl van die stiefvader beïnvloed die stiefdogter se selfsteem in 'n groter mate as dié van haar moeder en biologiese vader (Haberstroh *et al.*, 1998, soos aangedui in 3.3.14). Indien die stiefvader dus liefdevol en aanvaardend teenoor sy stiefdogter is, die vrye uitdrukking van haar gevoelens aanmoedig en haar opinies ondersteun, verhoog haar selfsteem aansienlik. Dit verklaar dus waarom dit vir die meeste stiefdogters belangrik is dat die stiefvader van hulle hou en in hul gevoelens belangstel. Ten opsigte van die seuns dui hierdie bevindinge aan dat hulle waarskynlik 'n goeie verhouding en genoegsame kontak met hul biologiese vader het. 'n Groter aantal seuns teenoor dogters is begaan oor hul stiefsibbe se opinie aangaande hul biologiese gesinslede.

Aangesien die stiefouer 'n ontsettende groot impak op die selfsteem van hul stiefkinders het, behoort 'n gedeelte hieroor by die voorbereidingsprogram ingesluit te word, om sodoende tieners hiervan bewus te maak, veral in gevalle waar die stiefouer 'n negatiewe invloed op die adolessent het.

6.2.15 **Afdeling 16: Aanpassings- en gedragsprobleme teenwoordig in die aanvanklike verhoudings**

Die literatuur suggereer dat adolessente in huishoudings waar beide die biologiese ouers nie aanwesig is nie, meer aanpassings-, gedrags- en akademiese probleme vertoon (Demo & Acock, 1996; Nicholson *et al.*, 1999, soos aangedui in 3.3.15).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 151 tot Tabel 166 uiteengesit.

Tabel 151: In watter mate het jy verminderde kontak met jou ander biologiese ouer ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	5	15.15
1	6	22.22	1	9	27.27
2	2	7.41	2	7	21.21
3	4	14.81	3	3	9.09
4	3	11.11	4	6	18.18
5	6	22.22	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.05</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.54</i>	

Tabel 152: In watter mate het jy gevoelens van teneergedruktheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	8	24.24
2	6	22.22	2	6	18.18
3	8	29.63	3	12	36.36
4	4	14.81	4	5	15.15
5	3	11.11	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.61</i>	

Tabel 153: In watter mate het jy gevind dat jy jou onttrek het van jou vriende kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	15	45.45
2	4	14.81	2	10	30.30
3	4	14.81	3	2	6.06
4	3	11.11	4	5	15.15
5	3	11.11	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.22</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.0</i>	

Die meeste seuns (33.33%) meld aan dat hulle in 'n groot en baie groot mate minder kontak met die ander biologiese ouer kort na die huwelik van die biologiese en stiefouer gehad het, alhoewel 'n groot aantal (29.63%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate dieselfde mening handhaaf (vergelyk Tabel 151). Strydig hiermee, toon die grootste aantal dogters (48.48%) dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate verminderde kontak met hierdie ouer gehad het (vergelyk Tabel 151). 'n Kleiner aantal dogters (27.27%) as seuns (33.33%) rapporteer egter dat hulle inderdaad in 'n groot en baie groot mate minder kontak met die ander biologiese ouer gehad het (vergelyk Tabel 151). Die meerderheid seuns (44.44%) en dogters (42.42%) het geensins nie en slegs in 'n geringe mate gevoelens van teneergedruktheid na die huwelik ervaar, terwyl 'n groot aantal seuns (29.63%) en dogters (36.36%) wel in 'n gemiddelde mate so gevoel het (vergelyk Tabel 152). Die oorgrote meerderheid seuns (69.96%) en dogters (75.75%) dui aan dat hulle hulself geensins nie en slegs in 'n geringe mate kort na die huwelik tussen die biologiese en stiefouer van hul vriende onttrek het (vergelyk Tabel 153). 'n Klein aantal seuns (22.22%) en dogters (18.18%) het dit egter noodsaaklik gevind om in 'n groot en baie groot mate van hul vriende te onttrek (vergelyk Tabel 153).

Tabel 154: In watter mate het jy buierigheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	11	40.74	1	8	24.24
2	5	18.52	2	7	21.21
3	1	3.70	3	6	18.18
4	7	25.93	4	8	24.24
5	3	11.11	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.79</i>	

Tabel 155: In watter mate het jy aggressie ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	9	27.27
2	4	14.81	2	4	12.12
3	6	22.22	3	10	30.30
4	5	18.52	4	5	15.15
5	6	22.22	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.04</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.79</i>	

Tabel 156: In watter mate het jy angste ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	10	30.30
2	3	11.11	2	6	18.18
3	8	29.63	3	6	18.18
4	5	18.52	4	7	21.21
5	2	7.41	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.56</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>	

Tabel 157: In watter mate het jy skuldgevoelens ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.7)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	14	42.42
2	6	22.22	2	7	21.21
3	6	22.22	3	9	27.27
4	2	7.41	4		
5	1	3.70	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.04</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.12</i>	

Ten spyte daarvan dat die meeste seuns (59.26%) en dogters (45.45%) geensins nie en in 'n geringe mate buierigheid kort na die huwelik aangedui het, is dit opvallend dat 37.04% seuns en 36.36% dogters wel in 'n groot en baie groot mate buierigheid ondervind het (vergelyk Tabel 154). Aggressie is in 'n groot en baie groot mate deur die meerderheid seuns (40.74%) ervaar, alhoewel 37.03% seuns aandui dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate aggressie beleef het (vergelyk Tabel 155). In die dogters se geval blyk dit dat die grootste aantal dogters (39.39%) geensins nie of in 'n geringe mate aggressie ervaar het, teenoor 30.30% wat dit wel in 'n groot en baie groot mate aangemeld het (vergelyk Tabel 155). Alhoewel beide die meeste seuns (44.44%) en dogters (48.48%) geensins nie en in 'n geringe mate angs ondervind het, het 29.63% seuns wel in 'n gemiddelde en 33.33% dogters in 'n groot en baie groot mate gevoelens van angs ervaar (vergelyk Tabel 156). Skuldgevoelens is geensins nie en in 'n geringe mate teenwoordig by die meerderheid seuns (66.66%) sowel as dogters (63.63%), tog meld 22.22% seuns en 27.27% dogters dat hulle in 'n gemiddelde mate skuldig gevoel het na die huwelik (vergelyk Tabel 157).

Tabel 158: In watter mate het jy swakker skoolprestasie ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.8)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	13	39.39
2	6	22.22	2	5	15.15
3	1	3.70	3	5	15.15
4	5	18.52	4	5	15.15
5	7	25.93	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.89</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.52</i>	

Tabel 159: In watter mate het jy probleme met dissipline tuis ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.9)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	14	42.42
2	4	14.81	2	5	15.15
3	9	33.33	3	7	21.21
4	3	11.11	4	2	6.06
5	3	11.11	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.59</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.36</i>	

Tabel 160: In watter mate het jy probleme met dissipline by die skool ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.10)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	22	66.67
2	3	11.11	2	5	15.15
3	7	25.93	3	2	6.06
4	4	14.81	4	3	9.09
5	3	11.11	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.52</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.67</i>	

Tabel 161: In watter mate het jy spanning in die huis ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.11)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	6	18.18
2	3	11.11	2	7	21.21
3	4	14.81	3	7	21.21
4	10	37.04	4	7	21.21
5	4	14.81	5	6	18.18
6	1	3.70	6		
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>	

Die skoolprestasie van die grootste aantal seuns (51.85%) en dogters (54.54%) het geensins nie en slegs in 'n geringe mate afgeneem, alhoewel meer seuns (44.45%), in vergelyking met dogters (30.30%), se skoolprestasie wel in 'n groot en baie groot mate verswak het (vergelyk Tabel 158). Probleme met tuisdissipline is geensins nie en in 'n geringe mate aangemeld deur die meeste seuns (44.44%) en dogters

(57.57%), en in 'n gemiddelde mate deur 'n groter aantal seuns (33.33%) as dogters (21.21%) (vergelyk Tabel 159). Ten opsigte van die dissipline by die skool, het die seuns meer probleme as die dogters ondervind. Ten spyte daarvan dat die grootste getal seuns (48.15%) geensins nie en in 'n geringe mate probleme aangetoon het, het 25.93% in 'n gemiddelde en 25.92% in 'n groot en baie groot mate tog probleme met betrekking tot dissipline by die skool ervaar (vergelyk Tabel 160). Die meeste dogters (81.82%) daarenteen het hoofsaaklik geensins nie en slegs in 'n geringe mate probleme in hierdie verband ondervind, terwyl 'n klein aantal (12.12%) beweer hulle het in 'n groot en baie groot mate wel probleme hiermee ondervind (vergelyk Tabel 160). Spanning in die stiefgesin is in 'n groot en baie groot mate deur die meerderheid seuns (51.85%) gerapporteer, terwyl 29.63% geensins nie en net in 'n geringe mate spanning ervaar het (vergelyk Tabel 161). 'n Gelyke aantal dogters het terselfdertyd geensins nie en in 'n geringe mate (39.39%), asook in 'n groot en baie groot mate (39.39%), spanning in die huis ervaar (vergelyk Tabel 161).

Tabel 162: In watter mate het jy verhoogde alkohol- en dwelmgebruik ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.12)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	21	63.64
2	6	22.22	2	5	15.15
3	3	11.11	3	2	6.06
4	3	11.11	4	4	12.12
5	2	7.41	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.07</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.76</i>	

Tabel 163: In watter mate het jy skoolafwesigheid ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.13)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	13	48.15	1	18	54.55
2	4	14.81	2	5	15.15
3	3	11.11	3	4	12.12
4	3	11.11	4	5	15.15
5	4	14.81	5	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>1.97</i>	

Tabel 164: In watter mate het jy verhoogde seksuele aktiwiteite ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.14)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	16	59.26	1	24	72.73
2	2	7.41	2	4	12.12
3	9	33.33	3	4	12.12
4			4	1	3.03
5			5		
<i>Gemiddeld</i>	1.74		<i>Gemiddeld</i>	1.45	

Tabel 165: In watter mate het jy die begeerte om die skool te verlaat ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.15)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	15	45.45
2	6	22.22	2	4	12.12
3	2	7.41	3	3	9.09
4	3	11.11	4	6	18.18
5	4	14.81	5	5	15.15
<i>Gemiddeld</i>	2.30		<i>Gemiddeld</i>	2.45	

Tabel 166: In watter mate het jy die begeerte om die huis te verlaat ervaar kort na die huwelik van jou biologiese ouer en stiefouer? (vraag 30.16)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	15	45.45
2	4	14.81	2	4	12.12
3	3	11.11	3	2	6.06
4	8	29.63	4	2	6.06
5	7	25.93	5	10	30.30
<i>Gemiddeld</i>	3.30		<i>Gemiddeld</i>	2.64	

Ten opsigte van gedragsveranderinge het die meerderheid seuns (70.37%) en dogters (78.79%) geensins nie en in 'n geringe mate meer alkohol en dwelms gebruik, terwyl 'n klein aantal seuns (18.52%) en dogters (15.15%) in 'n groot en baie groot mate verhoogde alkohol- en dwelmgebruik gemeld het (vergelyk Tabel 162). Skoolafwesigheid het geensins nie of slegs in 'n geringe mate by die meerderheid seuns (62.96%) en dogters (69.70%) voorgekom, alhoewel 'n groter aantal seuns

(25.92%), in vergelyking met dogters (18.18%), in 'n groot en baie groot mate meer afwesig van die skool was (vergelyk Tabel 163). 'n Soortgelyke gedragpatroon het ook ten opsigte van seksuele aktiwiteite voorgekom, deurdat die grootste aantal seuns (59.26%) en dogters (72.73%) geensins meer seksueel aktief sedert die huwelik tussen hul biologiese en stiefouer blyk te wees nie (vergelyk Tabel 164). 33.33% seuns teenoor slegs 12.12% dogters rapporteer egter 'n gemiddelde verhoging in hul seksuele aktiwiteite (vergelyk Tabel 164). Die meeste seuns (66.66%) en dogters (57.57%) het geensins nie en slegs in 'n geringe mate die begeerte gehad om die skool te verlaat, alhoewel 'n groot aantal seuns (25.92%) en dogters (33.33%), op hul beurt, in 'n groot en baie groot mate wel die skool wou verlaat (vergelyk Tabel 165). Soos in die literatuur aangedui (Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999, soos aangedui in 3.3.15), het die meeste seuns (55.56%) aangedui dat hulle eerder in 'n groot en baie groot mate die begeerte gehad het om die huis te verlaat, terwyl die meeste dogters (57.57%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate dieselfde gevoel het (vergelyk Tabel 166). 'n Groot aantal dogters (36.36%) het egter wel, ooreenstemmend met hierdie literatuur (3.3.15), in 'n groot en baie groot mate die begeerte om die huis te verlaat, gerapporteer (vergelyk Tabel 166).

Die resultate uit hierdie gedeelte verskil van die literatuur (Bray, 1995; Ganong & Coleman, 1993b; Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999; Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.15) wat beweer dat stiefadolessente meer geïnternaliseerde probleme toon en meer geneig is tot antisosiale probleemgedrag. Die meerderheid respondente toon geensins nie of slegs geringe tekens van probleemgedrag. Soos reeds in vorige afdelings aangedui, blyk dit ook in hierdie afdeling dat die seuns in hierdie steekproef aanvanklik meer aanpassingsprobleme in die stiefgesin ondervind het as die dogters, aangesien 'n groter aantal seuns verminderde kontak met hul ander biologiese ouer gehad het en meer gevoelens van teneergedruktheid en aggressie beleef het. Hierdie seuns se skoolprestasie het verder meer afgeneem, gepaard met 'n toename in skoolafwesigheid asook probleme met betrekking tot hul dissipline by die skool, sowel as by die huis. Alhoewel hierdie seuns se alkoholiname geensins toegeneem het nie, het hulle wel meer seksuele gedrag vertoon. Die seuns rapporteer dat daar meer spanning in die huisgesin teenwoordig was, wat waarskynlik aanleiding gegee het tot die behoefte om die huis te verlaat. Die bevindinge uit die literatuur (soos aangedui in 3.3.15), dat kinders in stiefvadergesinne meer gedrags- en emosionele probleme ondervind, word dus gedeeltelik in hierdie studie bevestig. Hierdie bevindinge korreleer verder met die literatuur (Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999; Robinson, 1991, soos

aangedui in 3.3.15) wat stipuleer dat adolessente wat minder as twee jaar in 'n stiefgesin woonagtig is, probleme ervaar. Slegs 22.21% seuns is minder as twee jaar in hul stiefgesin betrokke (vergelyk 5.3.2.6) wat moontlik die minimale aanwesigheid van probleemgedrag verklaar. 'n Verdere aspek wat in ag geneem behoort te word, is dat tieners in betreklik goed aangepaste stiefgesinne minder psigologiese en emosionele stres, asook minder antisosiale gedrag, vertoon (Nielsen, 1996, soos aangedui in 3.4). Slegs 15.15% dogters is minder as twee jaar in hul stiefgesinne betrokke (vergelyk Tabel 5.3.2.6). In teenstelling met die literatuur (Cooney & Mortimer, 1999; Lawton & Sanders, 1994; Nicholson *et al.*, 1999, soos aangedui in 3.3.15), het die meerderheid dogters geensins die begeerte gehad om die huis of skool te verlaat nie. Dit blyk dus dat die dogters in hierdie studie minder aanpassings- en gedragsprobleme kort na die hertroue, in vergelyking met die seuns, openbaar het.

'n Gedeelte waarin die slaggate en tekortkominge van die aanvanklike situasie kort na die huwelik tussen die biologiese en stiefouer bestudeer word, blyk uiters noodsaaklik te wees vir die voorbereidingsprogram ten einde die adolessent in staat te stel om bepaalde aanpassingsprobleme te antisipeer, sover moontlik te begryp en so konstruktief moontlik te hanteer. Dit is van kardinale belang dat die adolessent insig in sy emosies en gedrag verkry sodat hy daartoe in staat is om die manifestering daarvan so konstruktief moontlik te kanaliseer ten einde antisosiale probleemgedrag, sowel as geïnternaliseerde probleme, te bekamp.

6.2.16 **Afdeling 17: Intergenerasiegrense**

Die psigologiese en fisiese grense van 'n stiefgesin is minder duidelik as dié van intakte gesinne (Ochiltree, 1990, soos aangedui in 3.3.16). Hierdie gedeelte bestudeer die respondente se mate van verwarring hieromtrent.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 167 uiteengesit.

Tabel 167: In watter mate verwar dit jou om te verduidelik wie is deel van jou gesin en wie nie? (vraag 31.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	12	44.44	1	12	36.36
2	4	14.81	2	9	27.27
3	4	14.81	3	5	15.15
4	3	11.11	4	5	15.15
5	4	14.81	5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.37</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.27</i>	

Die grootste aantal seuns (59.25%) en dogters (63.63%) vind dit geensins nie of slegs in 'n geringe mate verwarrend om aan ander te verduidelik wie deel is van hul stiefgesin (vergelyk Tabel 167). Hierdie stiefkinders is dus deeglik bekend met die lede van hul stiefgesin en beskik oor duidelike intergenerasiegrense. Dit is egter opvallend dat 25.92% seuns en 21.21% dogters in 'n groot en baie groot mate verwarring in hierdie verband beleef (vergelyk Tabel 167), veral wanneer in ag geneem word dat die meerderheid respondente reeds langer as twee jaar in die stiefgesin woonagtig is (vergelyk 5.3.2.6).

Dit blyk egter dat hierdie vraag grootliks op die fisiese grense van toepassing is en nie genoegsaam op die psigologiese grense fokus nie. 'n Vraag oor hoe die stiefadolesente voel met betrekking tot die huidige gesinsamestelling kon moontlik meer lig op die psigologiese intergenerasiegrense gewerp het.

Alhoewel die meeste respondente geen verwarring ten opsigte van hul stiefgesin se intergenerasiegrense toon nie, is dit tog belangrik om hierdie aspek kortliks in die voorbereidingsprogram te vervat, ten einde adolessente te help om die verwarring uit te skakel en gemaklik hierdie situasie aan ander te kan verduidelik.

6.2.17 **Afdeling 18: Verhoudings met die biologiese ouers en uitgebreide gesin**

Stiefkinders het nodig om afsonderlike bande met beide biologiese ouers te handhaaf aangesien dit hul aanpassing in die stiefgesin bevorder. Die instandhouding van betekenisvolle verhoudings tussen die kind en sy uitgebreide gesinslede is 'n belangrike faktor ten opsigte van die kind se welsyn (Kelley, 1992; Lawton & Sanders, 1994, soos aangedui in 3.3.17), aangesien hierdie verhoudings ondersteuning en gerusstelling bied gedurende die oorgang na die stiefgesin (Myers, 1999, soos aangedui in 3.3.18).

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 168 tot Tabel 175 uiteengesit.

Verhoudings met die biologiese ouers

Tabel 168: In watter mate voel jy dat jou stiefouer 'n invloed het op jou verhouding met jou biologiese ouer in die stiefgesin? (vraag 32.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	8	24.24
2	3	11.11	2	7	21.21
3	8	29.63	3	10	30.30
4	3	11.11	4	4	12.12
5	3	11.11	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.67</i>	

Tabel 169: In watter mate voel jy soms dat jou ouers jou afskeep? (vraag 32.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	10	30.30
2	6	22.22	2	9	27.27
3	6	22.22	3	5	15.15
4	2	7.41	4	5	15.15
5	5	18.52	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.63</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.52</i>	

Tabel 170: In watter mate is jy bang jy gaan kontak met jou ander biologiese ouer verloor? (vraag 32.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	6	18.18
1	9	33.33	1	14	42.42
2	1	3.70	2	4	12.12
3	5	18.52	3	5	15.15
4	2	7.41	4	1	3.03
5	4	14.81	5	3	9.09
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.57</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.07</i>	

Dit wil voorkom of die meeste seuns (48.15%) en dogters (45.45%) in die steekproef geensins nie en slegs in 'n geringe mate van mening is dat die stiefouer hul

verhouding met die biologiese ouer beïnvloed (vergelyk Tabel 168). Ten spyte hiervan voel 22.22% seuns en 24.24% dogters in 'n groot en baie groot mate inderdaad dat die stiefouer hierdie verhouding beïnvloed (vergelyk Tabel 168). Die grootste aantal seuns (51.85%) en dogters (57.57%) voel geensins nie, of in 'n geringe mate, dat hulle deur die biologiese ouers afgeskeep word, teenoor die 25.93% seuns en 27.27% dogters wat in 'n groot en baie groot mate afgeskeep voel (vergelyk Tabel 169). Alhoewel die meerderheid seuns (37.03%) en dogters (54.54%) geensins nie of in 'n geringe mate bang is dat hulle kontak met die ander biologiese ouer gaan verloor, dui 'n groter aantal seuns (22.22%) as dogters (12.12%) aan dat hulle in 'n groot en baie groot mate inderdaad bang is hiervoor (vergelyk Tabel 170).

Tabel 171: In watter mate wil jy meer kontak met jou ander biologiese ouer hê? (vraag 32.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	6	22.22	0	3	9.09
1	3	11.11	1	6	18.18
2	3	11.11	2	7	21.21
3	7	25.93	3	6	18.18
4	2	7.41	4	5	15.15
5	6	22.22	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.24</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.93</i>	

Tabel 172: In watter mate wil jy 'n afsonderlike band met jou toesighoudende biologiese ouer hê? (vraag 32.5)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	10	30.30
2	5	18.52	2	5	15.15
3	4	14.81	3	7	21.21
4	7	25.93	4	4	12.12
5	5	18.52	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.79</i>	

Tabel 173: In watter mate wil jy meer tyd met hierdie ouer deurbring? (vraag 32.6)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	5	18.52	1	3	9.09
2	6	22.22	2	7	21.21
3	2	7.41	3	10	30.30
4	7	25.93	4	6	18.18
5	7	25.93	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.19</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.21</i>	

Die grootste aantal seuns (29.63%) dui in 'n groot en baie groot mate aan dat hulle meer kontak met die ander biologiese ouer wil hê, terwyl 33.33% dogters in 'n groot en baie groot mate hiermee saamstem (vergelyk Tabel 171). Die meeste dogters (39.39%) verkies egter geensins nie en in 'n geringe mate meer kontak met die ander biologiese ouer, terwyl dieselfde by 22.22% van die seuns die geval blyk te wees (vergelyk Tabel 171). 25.93% seuns teenoor 18.18% dogters wil in 'n gemiddelde mate meer kontak met die ander biologiese ouer hê (vergelyk Tabel 171). 'n Addisionele verskil tussen die tellings van die seuns en dogters word opgemerk deurdat die grootste aantal seuns (44.45%) in 'n groot en baie groot mate 'n afsonderlike band met die toesighoudende biologiese ouer wil hê, terwyl 'n groot aantal dogters (33.33%) ook in 'n groot en baie groot mate 'n afsonderlike band met die toesighoudende biologiese ouer benodig (vergelyk Tabel 172). Die meeste dogters (45.45%) dui egter geensins nie en in 'n geringe mate dieselfde behoefte aan, terwyl 'n groot aantal seuns (40.74%) meld dat hulle, soos die meeste dogters, ook geensins nie of wel in 'n geringe mate oor hierdie behoefte beskik (vergelyk Tabel 172). In beide gevalle rapporteer die meerderheid seuns (51.86%) en dogters (39.39%) dat hulle in 'n groot en baie groot mate meer tyd met die toesighoudende biologiese ouer wil deurbring (vergelyk Tabel 173). 'n Interessante bevinding kom na vore deurdat 'n groter aantal seuns (40.74%) as dogters (30.30%) geensins nie en in 'n geringe mate meer tyd met hierdie ouer wil deurbring (vergelyk Tabel 173), terwyl meer seuns (44.45%), in vergelyking met die dogters (33.33%), die behoefte aan 'n afsonderlike band met die ouer aangedui het (vergelyk Tabel 172).

Die bevindinge uit hierdie gedeelte dui daarop dat die stiefouer nie juis 'n invloed op die respondente se verhouding met hul ander biologiese ouer het nie en dat die psigologiese grense (soos na verwys in 6.2.16) tussen die adolessente en hul stiefgesinne duidelik blyk te wees. Alhoewel die meeste respondente nie deur beide die biologiese ouers afgeskeep word nie, is dit opvallend dat 'n groter aantal seuns, in

vergeelyking met die dogters, bang is dat hulle kontak met die ander biologiese ouer gaan verloor en daarom dus meer kontak met hierdie ouer wil behou, terwyl hulle terselfdertyd ook die behoefte uitspreek om 'n afsonderlike band met die toesighoudende biologiese ouer te behou. Hierdie bevinding stem ooreen met die literatuur wat aandui dat stiefkinders die behoefte daaraan het om 'n afsonderlike band met die biologiese ouer te handhaaf wat onafhanklik van die verhouding met die stiefouer funksioneer (Kelley, 1992, soos aangedui in 3.3.17). Die dogters meld alleenlik, in vergeelyking met die seuns, 'n groter behoefte aan tyd met die toesighoudende biologiese ouer. Dit blyk dus dat die dogters oor 'n kleiner behoefte aan kontak met die biologiese ouers beskik en betreklik goed in hul stiefgesinne aangepas het. 'n Moontlike rede hiervoor is geleë daarin dat die meerderheid respondente in stiefvadergesinne woon wat impliseer dat die dogters se intieme band met hul moeder, strydig met die literatuur (Cherlin & Furstenburg, 1994; Robinson, 1991, soos aangedui in 3.3.3) nie so bedreig word soos die seuns se band met hul biologiese vader nie. Soos reeds genoem (in 3.3.14), ontwikkel dogters makliker 'n goeie verhouding met die stiefvader as seuns, wat die leemte van hul vader grootliks vul. Die seuns se groter behoefte aan kontak met beide die biologiese ouers spruit ook waarskynlik voort uit die resultate van verskeie afdelings, wat daarop dui dat hulle in 'n mindere mate in hul stiefgesin aangepas het, in vergeelyking met die dogters in die steekproef.

Dit is belangrik om 'n afdeling by die voorbereidingsprogram in te sluit wat fokus op die aspekte gepaard met behouding van kontak sowel as die vrese hieraan verbonde, aangesien die stiefkind se aanpassing grootliks hierdeur beïnvloed word.

Vervolgens word die verhoudings met die uitgebreide biologiese gesinslede bestudeer.

Verhoudings met die biologiese uitgebreide gesin

Tabel 174: In watter mate bied jou oumas en oupas ondersteuning wanneer jy dit nodig het? (vraag 33.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0		
1	4	14.81	1	5	15.15
2	3	11.11	2	2	6.06
3	3	11.11	3	9	27.27
4	5	18.52	4	6	18.18
5	9	33.33	5	11	33.33
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.50</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.48</i>	

Tabel 175: In watter mate bied die res van jou biologiese familie ondersteuning wanneer jy dit nodig het? (vraag 33.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	3	11.11	1	5	15.15
2	4	14.81	2	8	24.24
3	10	37.04	3	5	15.15
4	2	7.41	4	6	18.18
5	8	29.63	5	8	24.24
6			6	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.21</i>	

Die grootouers van die meeste seuns (51.85%), sowel as dogters (51.51%) bied in 'n groot en baie groot mate ondersteuning aan die respondente (vergelyk Tabel 174). 27.27% dogters se grootouers bied in 'n gemiddelde mate ondersteuning, terwyl 25.92% seuns geensins nie en in 'n geringe mate ondersteuning van die grootouers ontvang (vergelyk Tabel 174). Die res van die biologiese familie bied in 'n groot en baie groot mate (37.04%) en in 'n gemiddelde mate (37.04%) ondersteuning aan die seuns, terwyl die meeste dogters (42.42%) se uitgebreide biologiese familie hulle in 'n groot en baie groot mate ondersteun (vergelyk Tabel 175). 'n Groot aantal dogters (39.39%) meld egter dat die res van hulle biologiese familie hulle geensins nie en slegs in 'n geringe mate ondersteun (vergelyk Tabel 175).

Dit blyk uit hierdie gedeelte dat die meerderheid seuns en dogters stabiele verhoudings met hul grootouers en ander biologiese familie bied handhaaf wat volgens die literatuur (Henry *et al.*, 1993; Kennedy & Kennedy, 1993; Myers, 1999,

soos aangedui in 3.3.18) 'n waardevolle ondersteuningsstelsel aan die adolessent bied. Dit is egter interessant dat die dogters meer ondersteuning van hul grootouers ontvang, terwyl die seuns se ander biologiese familielid weer meer ondersteuning aan hulle bied. Dit blyk dus dat die respondente in hierdie steekproef betekenisvolle verhoudings met hul uitgebreide biologiese familieledes in stand hou wat 'n positiewe bydrae tot hul welsyn lewer (Lawton & Sanders, 1994, soos aangedui in 3.3.18).

'n Kort gedeelte betreffende hierdie tema kan by die voorbereidingsprogram ingesluit word om sodoende die adolessent wat 'n stiefgesin betree se aandag te vestig op die stabiele, bekende en biologiese ondersteuningsbronne wat tot hul beskikking is.

6.2.18 **Afdeling 19: Potensiële voordele vir die adolessent in die stiefgesin**

Ten spyte van die moontlike probleme en nadelige gevolge wat tot dusver in detail bestudeer is, hou stiefgesinne vir sommige adolessente wel 'n aantal voordele in wat nie misgekyk behoort te word nie (Coleman & Ganong, 1991; Nielsen, 1996, soos aangedui in 3.4). Die volgende gedeelte poog om etlike voordele te identifiseer.

Die tellings wat met betrekking tot hierdie afdeling behaal is, word in Tabel 176 tot Tabel 184 uiteengesit.

Tabel 176: In watter mate is dinge beter in jul huishouding vandat jou stiefouer deel is van die gesin? (vraag 34.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	10	37.04	1	3	9.09
2	9	33.33	2	5	15.15
3	5	18.52	3	13	39.39
4	1	3.70	4	3	9.09
5	2	7.41	5	9	27.27
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.11</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.30</i>	

Tabel 177: In watter mate het jou stiefgesin jou geleer om makliker aan te pas? (vraag 34.2.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	4	12.12
2	8	29.63	2	8	24.24
3	7	25.93	3	12	36.36
4	3	11.11	4	7	21.21
5			5	2	6.06
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.15</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.85</i>	

Tabel 178: In watter mate het jou stiefgesin jou geleer om konflik beter te hanteer? (vraag 34.2.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	6	22.22	1	6	18.18
2	9	33.33	2	7	21.21
3	8	29.63	3	12	36.36
4	1	3.70	4	4	12.12
5	3	11.11	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.48</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.79</i>	

Tabel 179: In watter mate het jou stiefgesin jou die geleentheid gegee vir meer mense om vir jou om te gee? (vraag 34.2.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	7	21.21
2	8	29.63	2	9	27.27
3	7	25.93	3	6	18.18
4	2	7.41	4	7	21.21
5	2	7.41	5	4	12.12
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.33</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.76</i>	

Die oorgrote meerderheid seuns (70.37%) rapporteer dat dinge geensins nie, of hoogstens in 'n geringe mate, in hul huishouding verbeter het sedert die toetrede van hul stiefouer, terwyl slegs 24.24% van die dogters dieselfde aandui (vergelyk Tabel 176). Daarteenoor dui die grootste aantal dogters (39.39%) aan dat dinge wel in 'n gemiddelde mate in hul huishouding verbeter het, terwyl 36.36% dogters teenoor slegs 11.11% seuns in 'n groot en baie groot mate meen dinge het inderdaad

verbeter sedert die stiefouer deel van die huisgesin geword het (vergelyk Tabel 176). Die grootste aantal seuns (62.96%) meen dat die stiefgesinslewe hulle geensins nie en in 'n geringe mate geleer het om makliker aan te pas, terwyl slegs 36.36% van die dogters in dié mate so gevoel het (vergelyk Tabel 177). In teenstelling hiermee rapporteer 'n aansienlik groter getal dogters (27.27%) as seuns (11.11%) dat hulle in 'n groot en baie groot mate aanpasbaarheid in die stiefgesin aangeleer het (vergelyk Tabel 177). 'n Soortgelyke tendens kom na vore ten opsigte van konflikhantering, aangesien die meeste seuns (55.55%) en dogters (39.39%) aandui dat hulle geensins nie en in 'n geringe mate geleer het om konflik beter te hanteer, terwyl 'n groter hoeveelheid dogters (24.24%) teenoor seuns (14.81%) wel in 'n groot en baie groot mate meen dat hulle geleer het om konflik beter te hanteer (vergelyk Tabel 178). Alhoewel die meeste seuns (59.26%) en dogters (48.48%) se stiefgesin geensins nie en in 'n geringe mate meer persone wat vir hulle omgee teweeggebring het, blyk dit wel in 'n groot en baie groot mate die geval te wees by 'n groter aantal dogters (33.33%) as seuns (14.82%) in die steekproef (vergelyk Tabel 179).

Die resultate in hierdie slotafdeling toon aan dat die stiefgesinslewe meer voordele vir die dogters as die seuns in hierdie steekproef inhou. 'n Groter aantal dogters vind, in ooreenstemming met die literatuur (Coleman & Ganong, 1991; Nielsen, 1996, soos aangedui in 3.4) dat dinge in die huishouding verbeter het sedert die stiefouer se betrokkenheid in die gesinsituasie, dat hulle meer aanpasbaar geword het, dat hulle konfliksituasies beter hanteer en dat daar meer mense is wat vir hulle omgee vanweë die totstandkoming van die stiefgesin (vergelyk 3.4).

Tabel 180: In watter mate het jou stiefgesin aan jou 'n beter lewenstandaard gebied as die enkelouergesin? (vraag 34.2.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	9	33.33	1	7	21.21
2	7	25.93	2	6	18.18
3	7	25.93	3	8	24.24
4	1	3.70	4	5	15.15
5	3	11.11	5	7	21.21
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.33</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.97</i>	

Tabel 181: In watter mate is jy bly dat jou biologiese ouer gelukkig getroud is met jou stiefouer? (vraag 34.3.1)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	7	25.93	1	3	9.09
2	6	22.22	2	1	3.03
3	7	25.93	3	6	18.18
4	4	14.81	4	8	24.24
5	3	11.11	5	15	45.45
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.63</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.94</i>	

Tabel 182: In watter mate is jy bly dat jy stiefbroers en –susters het? (vraag 34.3.2)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0	3	11.11	0	3	9.09
1	7	25.93	1	8	24.24
2	2	7.41	2	4	12.12
3	7	25.93	3	8	24.24
4	3	11.11	4	4	12.12
5	5	18.52	5	6	18.18
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.88</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>2.87</i>	

Tabel 183: In watter mate is jou stiefouer vir jou 'n vriend? (vraag 34.3.3)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
1	8	29.63	1	9	27.27
2	7	25.93	2	6	18.18
3	7	25.93	3	3	9.09
4	2	7.41	4	6	18.18
5	2	7.41	5	9	27.27
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.70</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.0</i>	

Tabel 184: In watter mate is jy tevrede in jou huidige stiefgesin? (vraag 34.4)

Seuns			Dogters		
<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>	<i>Respons</i>	<i>Frekwensie</i>	<i>Persentasie</i>
0			0	1	3.03
1	4	14.81	1	3	9.09
2	9	33.33	2	4	12.12
3	7	25.93	3	10	30.30
4	2	7.41	4	9	27.27
5	5	18.52	5	5	15.15
6			6	1	3.03
<i>Gemiddeld</i>	<i>2.81</i>		<i>Gemiddeld</i>	<i>3.38</i>	

Die totstandkoming van die stiefgesin het aan die meerderheid seuns (59.26%) en dogters (39.39%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate 'n verhoogde lewenstandaard meegebring, hoewel 25.93% seuns se lewenstandaard in 'n gemiddelde mate en 36.36% dogters in 'n groot en baie groot mate verbeter het (vergelyk Tabel 180). Die grootste aantal seuns (48.15%) is geensins nie of in 'n geringe mate bly dat hul biologiese ouer gelukkig hergetroud is, terwyl die res óf in 'n gemiddelde (25.93%), óf in 'n groot en baie groot mate (25.92%) wel bly is (vergelyk Tabel 181). In teenstelling hiermee, is die meeste dogters (69.69%) in 'n groot en baie groot mate bly dat hul ouer gelukkig is in die tweede huwelik, terwyl 'n klein hoeveelheid (12.12%) geensins nie en in 'n geringe mate blydskap ten opsigte hiervan ervaar (vergelyk Tabel 181). Die meerderheid seuns (33.34%) en dogters (36.36%) is egter geensins nie, of slegs in 'n geringe mate, ingenome met hul stiefsibbe, alhoewel 'n groot aantal seuns (29.63%) en dogters (30.30%) nietemin in 'n groot en baie groot mate bly is oor hul toevoeging tot die stiefgesin (vergelyk Tabel 182). Soos verwag, beskou die grootste aantal seuns (55.56%) hul stiefouer geensins nie en in 'n geringe mate as 'n vriend vir hulle, terwyl 25.93% in 'n gemiddelde mate tog die stiefouer as 'n vriend beskou (vergelyk Tabel 183). 'n Gelyke aantal dogters beskou hul stiefouer enersyds geensins nie en slegs in 'n geringe mate (45.45%) en andersyds in 'n groot en baie groot mate (45.45%) as hul vriend (vergelyk Tabel 183). Ten laaste is dit duidelik dat die grootste aantal seuns (48.14%) geensins nie en slegs in 'n geringe mate tevrede met die huidige stiefsituasie is, terwyl die res terselfdertyd óf in 'n gemiddelde mate (25.93%), óf in 'n groot en baie groot mate (25.93%) tevrede ervaar (vergelyk Tabel 184). Die grootste aantal dogters (42.42%) daarenteen is in 'n groot en baie groot mate, asook in 'n gemiddelde (30.30%) mate tevrede met die stiefgesinsituasie, hoewel slegs 'n klein aantal (21.21%) geensins nie en in 'n geringe mate tevrede aandui (vergelyk Tabel 184).

Hierdie gedeelte se bevindinge toon aan dat die stiefgesinslewe op 'n ekonomiese vlak ook voordeliger vir die dogters as die seuns in hierdie steekproef blyk te wees deurdat hul lewenstandaard verhoog het. Meer dogters is verder verheug dat hul biologiese ouer gelukkig hergetroud is. Ten spyte hiervan is hulle, soos die seuns, nie besonder gelukkig ten opsigte van die teenwoordigheid van die stiefsibbe nie. Dit blyk verder dat meer dogters as seuns hul stiefvader as 'n vriend beskou wat volgens die literatuur (soos aangedui in 3.3.14) hul selfesteem verbeter en aan hulle 'n objektiewer persoon bied wat as tussenganger met hul biologiese ouers kan optree (Coleman & Ganong, 1991 soos aangedui in 3.4). Ten opsigte van die seuns, blyk dit dat hulle minder tevrede met die stiefgesinsituasie is, moontlik omdat hulle minder goed aangepas het by hul stiefgesin, wat gedurende hierdie studie telkens duidelik na vore gekom het.

Ander positiewe aspekte

In die addisionele ruimte (by vraag 34.5) gelaat vir die noem van enige verdere positiewe aspekte het slegs 13 dogters en 2 seuns die volgende opmerkings ingevul:

- Drie respondente dui aan dat hulle beter versorg is en dat die gesin meer geld tot hul beskikking het.
- Vier respondente dui aan dat die interaksie en samesyn toegeneem het en dat meer sosiale aktiwiteite soos uitstappies onderneem word.
- Twee respondente dui aan dat die gesin heg is met duidelike verwagtinge en grense.
- Drie respondente dui aan dat 'n groter mate van eerlikheid en openlikheid in die stiefgesin heers.
- Een respondent dui aan dat sy baie gelukkig is om haar hergetroude biologiese ouer gelukkig te sien.
- Een respondent rapporteer dat sy meer liefde van haar stiefouer as ander biologiese ouer ontvang.
- Drie respondente dui aan dat hulle vinnig geleer het om mense te aanvaar vir wat hulle is, selfs al verskil hul gewoontes en lewenstyle soms in 'n groot mate van mekaar.
- Drie respondente dui aan dat die stiefgesinslewe bygedra het tot die verbetering van hul geduld en selfbeheersing.
- Een respondent dui aan dat die stiefgesinslewe gelei het tot die verbetering van haar selfesteem.
- Drie respondente dui aan dat hulle oor meer vryheid beskik.
- Een respondent dui aan dat sy vanweë die stiefsituasie oor meer vriende beskik.
- Drie respondente dui aan dat hulle meer aandag en liefde ontvang.

- Een respondent dui aan dat die stiefgesin 'n situasie waarin sy meer vertrou word, teweegbring het.
- Een respondent dui aan dat die stiefouer soms haar kant kies wanneer die toesighoudende biologiese ouer onredelik is.
- Twee respondente dui aan dat die biologiese hergetroude ouer sedert die hertrou gemoedeliker is.
- Een van die seuns rapporteer dat sy stiefvader hom soos 'n man hanteer en hy ervaar hierdie interaksie as positief.

Alhoewel bogenoemde slegs die response van enkele respondente verteenwoordig, is dit tog opmerklik dat die goedaangepaste respondente in hierdie steekproef inderdaad oor positiewe stiefgesinservaringe beskik.

6.3 **Samevatting**

Die steekproef was beperk ten opsigte van die omvang en grootte daarvan en het bestaan uit goed aangepaste stiefkinders wat oënskynlik die meeste van die tipiese stiefgesinsprobleme oorkom het, aangesien hulle reeds 'n gemiddelde tydperk van 81.81 maande (ongeveer 7 jaar) in hul betrokke stiefgesinne woonagtig is. Die empiriese resultate korreleer gevolglik slegs in 'n beperkte mate met die bevindinge uit die literatuurstudie. Dit blyk deurgaans dat die seuns se aanpassing in die stiefgesin egter minder suksesvol as dié van die dogters in die steekproef is.

Die volgende resultate is uit die meting met die steekproef verkry:

- Die portuurgroepverhouding en -skakeling is by die meeste respondente heeltemal toereikend, terwyl die meerderheid oor goeie, ondersteunende vriendskappe beskik, wat 'n goeie aanduiding van aanpassing gedurende volwassenheid is. Dit is verder opvallend dat die dogters in die steekproef 'n groter mate van empatie en intimiteit in hul vriendskapverhoudings bereik het. Ongeag bogenoemde, het beide geslagte 'n groepsidentiteit, asook die tot stand bring van betekenisvolle verbintenisse, bemeester. Die respondente blyk dus goed ingeskakel te wees by hul portuurgroep, ten spyte van hul stiefkindstatus, om sodoende die ontwikkelingstake van adolessensie te bemeester.
- Die aanwesigheid van negatiewe stereotipering en mites is grotendeels beperk by die meeste respondente, maar kom in 'n gedeeltelike mate meer by die seuns as by die dogters in die steekproef voor.
- Die respondente se lewe in die stiefgesin verskil grootliks van hulle lewe in die enkelouergesin. Alhoewel dit drasties verskil, is die meerderheid respondente

goed aangepas en mis hulle nie hul vorige lewe uitermatig nie. Alhoewel stiefgesinswaardes grootliks verskil, kom ouerlike wedywing en beïnvloeding in 'n geringe mate voor.

- Alhoewel genoegsame kontak met die biologiese ouers gehandhaaf word, dui die seuns aan dat hulle meer kontak sou wou hê. Die gevoelens wat beleef is kort na die totstandkoming van die stiefgesin is beperk tot dié van frustrasie en hartseer by beide geslagte, alhoewel die seuns 'n groter mate van eensaamheid en ongewaardeerdheid gerapporteer het.
- Alhoewel die fases in die stiefgesinsontwikkelingsiklus nie ondersoek is nie, blyk dit dat 'n groter aantal seuns as dogters in fase een, wat gekenmerk word deur die aanwesigheid van onrealistiese fantasieë wat die stiefgesinslede se aanpassing in die stiefgesinsituasie belemmer, verkeer.
- Die meeste respondente, veral die seuns, het 'n redelike mate van emosionele en gedragsononomie bereik, wat in die meeste gevalle bevorder word deur die stiefgesinsituasie, ten spyte daarvan dat hierdie outonomie in 'n geringe mate met die behoeftes van die stiefgesin konflikteer.
- Die meeste seuns se verhoudings met hul biologiese vaders het 'n verandering ondergaan, terwyl die meerderheid dogters se verhoudings met beide biologiese ouers verander het.
- Die meerderheid respondente in die steekproef ervaar geen van die seksuele ongemak wat in die literatuur aangedui word nie.
- Ten spyte daarvan dat die meeste respondente se nie-toesighoudende biologiese ouer nie met die stiefouer oor die weg kom nie, blyk dit dat die meerderheid respondente min aanpassingsprobleme ervaar het en inderdaad goed in die stiefgesinsituasie aangepas het. Die dogters het, strydig met die literatuur, beter as die seuns aangepas, terwyl die seuns meer negatieweiteit as die dogters ondervind het.
- Die stiefouer is grotendeels betrokke by die dissipline van die meeste respondente, alhoewel in 'n groter mate by die dogters in die steekproef. Ten spyte daarvan dat hulle die stiefouer sal gehoorsaam, sal die meeste respondente eerder na hul biologiese ouer luister. Die verwagte deteriorasie in ouerskap na die huwelik is in 'n minimale mate aanwesig.
- Daar is oor die algemeen min aanpassingsprobleme by hierdie respondente teenwoordig. 'n Geringe aantal respondente voel dat hulle struikelblokke vir hul stiefouers is, terwyl 'n klein hoeveelheid ook soos verraaiers teenoor hul ander biologiese ouer voel. Die meeste respondente se ouers baklei oor geldelike aspekte wat die stiefgesinaanpassing uiteraard negatief beïnvloed.

- Min lojaliteitskonflik, woede, skuldgevoelens en vrees word, in teenstelling met die literatuur, deur die respondente ervaar.
- Sibbewedwering, -konflik en -jaloesie is minimaal aanwesig, alhoewel meer prominent by die seuns as by die dogters in die steekproef, terwyl die meerderheid respondente gemaklik tussen die verskillende huishoudings beweeg.
- Die blootstelling aan konflik is gering. Die seuns rapporteer wel meer konflik met hul hergetroude biologiese vader, terwyl die dogters geen toename in konflik met enige van haar twee hergetroude biologiese ouers beleef nie.
- Alhoewel min konflik teenwoordig is, is die kommunikasie in die meeste stiefgesinne oppervlakkig en ontoereikend, deurdat persoonlike sake eerder met biologiese gesinslede gedeel word.
- Die selfesteem van beide die seuns en dogters blyk goed te wees, alhoewel die dogters se selfesteem bevorder word deur die positiewe stiefvaderinteraksie.
- Die meerderheid seuns en dogters het geringe gedragsprobleme direk na die totstandkoming van die gesin getoon, tog is dit merendeels die seuns wat in hierdie verband probleme aangedui het.
- Die intergenerasiegrense van hul stiefgesinne is nie vir hierdie respondente verwarrend nie.
- Die verhoudings met die biologiese ouers blyk goed te wees en word nie juis deur die stiefouer beïnvloed nie. Soos reeds genoem, het die seuns 'n groter behoefte aan kontak met beide hul biologiese ouers as die dogters in die steekproef.
- Die meeste respondente handhaaf goeie kontak met hul biologiese grootouers en uitgebreide biologiese familieledes wat 'n stabiele ondersteuningsbron skep.
- Die respondente is hoogstens in 'n gemiddelde mate tevrede met hul stiefgesinlewensituasie en rapporteer gevolglik geringe voordele ten opsigte van hierdie gesinslede.

Vanweë die feit dat die empiriese resultate slegs in 'n beperkte mate die bevindinge van die literatuurstudie ondersteun, is die navorser van mening dat sterker gesteun behoort te word op die bevindinge van die literatuur by die ontwikkeling van temas wat in 'n voorbereidingsprogram vir voornemende stiefkinders opgeneem behoort te word, aangesien so 'n program voorbereidend van aard is en gerig is op adolessente wat nog nie by 'n stiefgesin betrokke is nie. Die doelwit van die program is juis die voorbereiding van die adolessent op al die moontlike probleme en situasies wat hy/sy te wagte kan wees om sodoende die aanpassingsproses te vergemaklik en te versnel. Die temas wat wel in so 'n voorbereidingsprogram opgeneem kan word, sal in Hoofstuk 7 aangedui word.

7.1 Inleiding

In hierdie afdeling word gefokus op die belangrikste gevolgtrekkings waartoe die navorser uit die literatuur- en empiriese studie gekom het, leemtes wat in die huidige navorsingsprojek bestaan, riglyne vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne gaan betree en aanbevelings vir verdere navorsing op hierdie terrein.

7.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings word op grond van die literatuur- en empiriese studie gemaak:

- Dit blyk uit die literatuur dat 'n groot hoeveelheid navorsing gedoen is oor stiefgesinne met stiefkinders van alle ouderdomme en die unieke probleemsituasies en aanpassingskwessies wat deur hulle ervaar word. Die bestaande navorsing toon dat adolessentstiefkinders se bemeestering van die ontwikkelingstake van adolessensie grootliks afhang van die mate van tevredenheid wat hulle in hul stiefgesin ervaar.
- Die sentrale ontwikkelingstaak van adolessensie is die verwerwing van 'n persoonlike identiteit. Hierdie identiteitsverwerwing vind plaas in die adolessent se verhoudings met sy gesin en sy portuurgroep wat impliseer dat gesinsveranderinge en -probleme 'n groot invloed op die funksionering, aanpassing en identiteitsverwerwing van die adolessent het (Head, 1997). Die adolessent se vaardighede is dus direk verwant aan die kwaliteit van sy gesinsverhoudinge (Head, 1997).
- Verskeie studies bevestig dat die algemene aanpassing van adolessente in stiefgesinne swakker is as in eerstephuwelikgesinne (Bray, 1992; Demo & Acock, 1996; Fine *et al.*, 1991; Fine *et al.*, 1992; Nicholson *et al.*, 1999; Ochiltree, 1990). Dit impliseer 'n belangrike invloed op die welstand van die adolessent (Henry & Lovelace, 1995).

-
- Alhoewel die bestaande navorsing poog om riglyne vir die hantering van adolessentstiefkinders te bied, bestaan 'n groot leemte deurdat bykans geen voorbereidingsprogramme bestaan wat spesifiek gerig is op die adolessent in die stiefgesin nie. Die bestaande programme (soos na verwys in Hoofstuk 4) is grotendeels gerig op die stiefouers in die stiefgesin en die reeds gevestigde hersaamgestelde gesin. Alhoewel waardevolle aspekte ten opsigte van die aanpassing van stiefkinders in stiefgesinne deur etlike van die programme ondervang word, is geeneen van die programme voorbereidend van aard en uitsluitlik geformuleer na aanleiding van die unieke behoeftes van die adolessent nie. Die meerderheid programme is verder nie in Suid-Afrika beskikbaar nie.
 - Dit blyk uit die literatuurstudie dat die stiefgesin in 'n samelewing funksioneer wat hulle voortdurend negatief stereotipeer en bepaalde mites, betreffende hulle, aanhang. Die samelewing bied verder geen riglyne, rolvoorskrifte en ondersteuning aan die stiefgesinslede nie, wat kan lei tot verhoogde stres en negatiwiteit in hierdie gesinne. Die vernaamste probleme wat stiefadolessente volgens die literatuurstudie ervaar, wentel om die verkryging van outonomie; die hantering van seksualiteit; die ouerskapstyl en dissipline in die stiefgesin; lojaliteitskonflikte; woede; skuldgevoelens; vrees; die teenwoordigheid van stiefsibbe; konflik; kommunikasie; selfesteem; aanpassings- en gedragsprobleme; intergenerasiegrense; en die handhawing van volgehoue bevredigende verhoudings met die onderskeie biologiese ouers. Aanpassingsverskille ten opsigte van stiefdogters en –seuns, asook verskillende probleme betreffende stiefvader- en stiefmoederhuisgesinne, blyk ook te bestaan.
 - Van die vernaamste afleidings wat uit die literatuur gemaak is, is dat die meeste stiefouers en stiefkinders onvoorbereid 'n stiefgesin betree en dat baie van die probleme wat opduik, voorkom of in 'n groot mate verminder kan word deur hulle voor te berei op en vertrouwd te maak met die onbekende. Die toenemende kognitiewe ontwikkeling van die adolessent stel hom/haar in staat om baat te vind by 'n voorbereidingsprogram ten einde die aanpassing by die stiefgesin, gepaard met die eise van adolessensie, te vergemaklik.
 - Die empiriese studie het slegs gedeeltelik die bevindinge van die literatuurstudie ondersteun. Die bepaalde steekproef stiefkinders woon reeds 'n geruime tyd in hul stiefgesinne en het waarskynlik die meeste struikelblokke rakende die inskakeling by 'n stiefgesin reeds oorkom.

7.3 Riglyne vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir stiefadolesente

Die volgende temas is uit die literatuur en die reeds bestaande programme geïdentifiseer en behoort in die beplande voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree, ingesluit te word:

- **Die adolessentontwikkelingsfase:** Die ontwikkelingsfase, adolessensie, behoort omskryf te word ten einde die eise van die betrokke ontwikkelingstake te identifiseer om sodoende die adolessent in staat te stel om tussen die problematiese aspekte van adolessensie en dié gepaard met die aanpassing by die stiefgesin te onderskei. Adolessensie is 'n veeleisende, verwarrende lewensfase wat deur so 'n bespreking toegankliker en verstaanbaarder word. Die hantering van hierdie aspek aan die begin van die program dra daartoe by dat die adolessente gemeenskaplikheid bereik wat hulle in staat stel om gemakliker in die groep deel te neem en mekaar te ondersteun. Die wete dat ander tieners deur dieselfde persoonlike krisisse gaan, hetsy in intakte of geskeide gesinne, bied gerusstelling en normaliseer die adolessentkrisisse.
- **Negatiewe stereotipering en bestaande mites:** Die bekende negatiewe konnotasies en stigmatisering gekoppel aan stiefgesinne behoort ondersoek en bespreek te word ten einde die toekomstige stiefgesinstatus van die adolessent te normaliseer. Bestaande mites moet bespreek word ten einde die ongeldigheid en skadelike invloed daarvan te beklemtoon, asook om die adolessent se moontlike onrealistiese vrese en verwagtinge wat aanwesig kan wees te besweer.
- **Die verskille tussen eerstehuwelik- en stiefgesinne:** Die beklemtoning van die strukturele verskille tussen die eerstehuwelik- en stiefgesin kan die adolessent se onrealistiese verwagtinge dat die gesinne dieselfde gaan wees, in perspektief plaas. Die unieke eienskappe van 'n stiefgesin en die totstandkoming van 'n realistiese gesinsidentiteit moet ondersoek word ten einde die adolessent voor te berei op die gesinsituasie wat hy/sy gaan betree. Aandag behoort verder geskenk te word aan die identifisering van die verliese wat die adolessent reeds ervaar het as gevolg van sy ouers se egskeding (verlies van intakte biologiese gesin en kontak met die nie-toesighoudende biologiese ouer), asook moontlike toekomstige verliese vanweë die stiefgesin (verlies aan aandag van biologiese ouer deurdat stiefsibbe ingesluit word, verlies van posisie in die kinderrangorde, verlies aan status wat bekleed is in die verhouding met die enkelouer asook moontlike vervreemding in die nuwe gesinsidentiteit). Die adolessent se ervaring en hantering van hierdie treurproses ten opsigte van verliese kan bespreek word

en riglyne asook ondersteuning kan in groepsverband gebied word. Die verlies aan beheer wat die adolessente ervaar het deurdat hulle geen keuse in hierdie besluite wat hul lewens direk beïnvloed gehad het nie, gepaard met gevoelens van magteloosheid en hulpeloosheid, behoort ondersoek te word.

- **Die fases in die stiefgesinsontwikkelingsiklus:** Alhoewel die fases van die siklus nie in detail bespreek behoort te word nie, sal die adolessente dit moontlik gerusstellend vind om bewus te wees daarvan dat 'n siklus van fases wel bestaan wat moontlike stiefgesinprobleme verklaar, asook dat die aanpassing by 'n stiefgesin nie oornag suksesvol sal wees nie, maar wel deur 'n aanpassingsproses kan groei tot 'n bevredigende situasie vir elkeen. Hierdie gesinsproses kan die ontwikkeling van 'n gesinsidentiteit fasiliteer en kan die integrasie daarvan by die lede van die stiefgesin bewerkstellig.
- **Die afwesigheid van stiefrolvoorskrifte:** Dit is noodsaaklik om die adolessente in te lig dat die samelewing geen duidelike rolvoorskrifte en rolverwagtinge vir stiefouers en stiefgesinne bied nie. Die aanvanklike aanpassingsperiode gaan dus 'n tyd van onsekerheid en verwarring meebring totdat die gesin hul eie riglyne bepaal het. Die afwesigheid van voorskrifte normaliseer in 'n mate die rolverwarring en rolonsekerheid wat die stiefouer ten opsigte van hulle in die begin ervaar. Dit is verder noodsaaklik dat die adolessente bewus gemaak word van die probleme waarmee hul biologiese ouers in 'n tweede huwelik gekonfronteer word.
- **Outonomie en onafhanklikheid:** Die invloed van die stiefgesin op die adolessent se outonomie en behoefte aan onafhanklikheid behoort ondersoek te word. Die verkryging van outonomie is 'n sentrale kenmerk van adolessensie, wat normaalweg gepaard gaan met konflik en spanning. Deur hierdie behoefte aan die adolessent te verduidelik, tesame met die behoeftes van die nuwe stiefgesin, word insig verkry wat moontlik kan lei tot 'n situasie waarin die spanning verminder en die bemeestering van outonomie bevorder word. Die moontlike probleemsituasies waar behoeftes konflikteer, moet geïdentifiseer word, asook die bevredigendste hanteringswyses daarvan. Aandag behoort verder geskenk te word aan die moontlike verminderde oerbetrokkenheid wat die adolessent te wagte kan wees, asook die moontlikheid dat die ouerskapstyl waaraan hy/sy gewoond is, kan wysig.

- **Seksualiteit:** Aangesien hierdie tema 'n sensitiewe onderwerp is, sal die omvattendheid van die bespreking bepaal word deur die gemiddelde ouderdom van die betrokke groepslede. Die adolessente se bewustheid van hul eie ontwikkelende seksualiteit tesame met dié van hul ouers kan bespreek word ten einde moontlike ongemak hieromtrent te hanteer en te normaliseer. Verdere aandag behoort ook geskenk te word aan moontlike situasies waarin die adolessent aangetrokkenheid tot die stiefouer of stiefsibbe ervaar of bewus is daarvan dat 'n stiefgesinslid aangetrokke tot hom/haar blyk te wees.
- **Aanpassingsverskille tussen adolessentstiefseuns en -dogters:** Die doel van hierdie tema is nie 'n indringende vergelyking tussen die aanpassing van seuns en dogters nie, maar bloot die identifisering en normalisering van moontlike verskille. Aangesien ooglopende verskille bestaan wat moontlik verwarring tussen biologiese broers en susters kan skep, kan redes en verduidelikings aangebied word sodat tieners hulself en hul aanpassing nie aan mekaar se vordering meet nie.
- **Ouerskapstyle en dissipline:** Die hantering van dissipline in meer as een gesin, tesame met die aanvanklike deteriorasie in ouerskap, kan adolessente verwar. Die tipiese gedrag van nuwe stiefouers behoort bespreek te word, sowel as die redes vir hul optrede. Die verwagte deteriorasie van biologiese ouerskap kan weereens aangeraak word terwyl konflik ten opsigte van die dissipline en nuwe huisreëls bespreek behoort te word. Die biologiese nie-toesighoudende ouer se weerstand teen die stiefouer se outoriteit, asook die invloed daarvan op die verhouding tussen die stiefouer en adolessent, behoort bestudeer te word. Hierdie afdeling is daarop gerig om gedragsprobleme wat kan voorkom, te vermy.
- **Stiefvader- en stiefmoedergesinne:** Dit is belangrik om die verskille tussen hierdie gesinne uit te lig, veral gesien in die lig daarvan dat beide ouers moontlik sal hertrou. Die aanpassing by 'n stiefvaderhuisgesin verskil van 'n stiefmoederhuisgesin weens verskillende redes en omstandighede. Die doel van hierdie tema is om die tieners bewus te maak van wat hulle in die onderskeie gesinne kan verwag, waar slaggate en probleemareas is, asook die redes daarvoor. Weereens impliseer dit geensins 'n omvattende teoretiese gedeelte nie; slegs 'n bewusmaking van moontlike situasies waarmee die bepaalde stiefouer (byvoorbeeld skuldgevoelens teenoor eie kinders) en betrokke adolessent (byvoorbeeld lojaliteitskonlikte teenoor die biologiese en stiefouer) gekonfronteer kan word.

-
- **Lojaliteitskonflikte:** Die teenwoordigheid van lojaliteitskonflikte teenoor die biologiese en stiefouers moet bespreek word asook die stres wat hiermee gepaard kan gaan en gewoonlik in gedragsprobleme sal manifesteer. In gevalle waar 'n biologiese ouer oorlede is, moet gevoelens van dislojaliteit geïdentifiseer en vrese betreffende verdere verliese genormaliseer word.
 - **Woede:** Die moontlike woede wat die adolessent ervaar, aangesien hy/sy geen keuse in of beheer oor die verliese het wat reeds ervaar is, asook oor die toekomstige stiefgesinsituasie nie, moet ondersoek word. Die wyses waarop hierdie woede in gedragswyses kan manifesteer, moet geïdentifiseer word tesame met die aanbieding van moontlike hanteringswyses.
 - **Skuldgevoelens:** Die skuldgevoelens wat sommige adolessente ervaar rakende die moontlikheid dat hulle die oorsaak van hul biologiese ouers se egskeiding was, moet verreken word, asook moontlike vrese dat hulle 'n tweede egskeiding kan veroorsaak weens hul dislojaliteit teenoor die stiefouer en stiefgesin.
 - **Vrees:** Die egskeiding van hul biologiese ouers veroorsaak dat sommige adolessente se vertroue in volwassenes in so 'n mate geskend is dat hulle vrees dat alle verdere verhoudings sal misluk en hulle dus nog 'n gesin gaan verloor. Verdere vrese wat ondersoek behoort te word is die vrees om die biologiese ouer aan die stiefsibbe af te staan (te "verloor") asook die vrees vir verwerping deur die stiefouer. Hierdie vrese behoort genormaliseer te word en realistiese hanteringsvaardighede moet ondersoek word.
 - **Stiefsibbe:** Die bespreking van die invloed van stiefsibbe in die nuwe stiefgesin is uiters belangrik aangesien die adolessent in die proses moontlik sy privaatheid moet opoffer aangesien die woonruimte met ander "vreemde" kinders gedeel moet word. Alhoewel die adolessent kan redeneer dat hulle nie daar hoort nie, verwag sy biologiese ouer dalk dat hy hulle dadelik as familie moet aanvaar en vir hulle lief sal wees terwyl daar geen bande bestaan nie. Die teenwoordigheid van die stiefsibbe is hoofsaaklik nie hul keuse nie en gewoonlik teen hul sin. Die teenwoordigheid van wedywering, jaloesie, voortrekkery en 'n nuwe sibbe-posisie moet bespreek word gepaard met konstruktiewe hanteringswyses ten einde realistiese verwagtinge te genereer wat die aanpassingsproses vergemaklik.
 - **Konflik:** Voortdurende konflik tussen die geskeide biologiese ouers, stiefouers en stiefgesinslede lei tot gedragsprobleme en aggressie. Hierdie situasies moet

bespreek word sowel as moontlike gevalle waar die adolessent in die middel tussen sy biologiese ouers, of biologiese en stiefouer, vasgevang voel. Die insluiting van hierdie gedeelte is daarop gerig om konfliktsituasies te ontloot en die adolessent met effektiewe konflikthanteringsvaardighede toe te rus ten einde probleemgedrag te bekamp.

- **Kommunikasie:** Die voordele van openlike, eerlike kommunikasie behoort bespreek te word terwyl positiewe kommunikasiepatrone wat die aanpassing in die stiefgesin bevorder, ondersoek moet word.
- **Selfesteem:** Die adolessente in stiefgesinne beskik gewoonlik oor 'n laer selfesteem as dié in intakte gesinne. Redes hiervoor behoort in groepverband ondersoek te word, gepaard met moontlike wyses waarop dit verbeter kan word. Die invloed van die houding van die stiefouer op hul selfesteem kan ook onder die loep geneem word.
- **Aanpassings- en gedragsprobleme:** Die kompleksiteite van die stiefgesinslewe kan ondersoek word tesame met die gesinsontwrigtinge wat aanleiding kan gee tot gedragsprobleme. Die teenwoordigheid van gedragsprobleme behoort geïdentifiseer te word waarna hanteringswyses gegeneer moet word. Die hantering van die spanning in 'n stiefgesin behoort bespreek te word ten einde gedragsprobleme te voorkom.
- **Eie behoeftes en probleme:** Die adolessente behoort geleentheid gegun te word om hulle probleme en behoeftes wat nie deur die voorafgaande temas ondervang is nie, te formuleer. Die adolessente behoort dus 'n verdere geleentheid te kry om hul persoonlike sake met ander tieners in 'n soortgelyke situasie te deel en saam na oplossings te soek. Die groep behoort terselfdertyd ondersteuning en kameraadskap aan die groepslede te bied. Die groepslede kan verder hul persoonlike doelwitte as lede van 'n stiefgesin identifiseer.
- **Grense:** Die verwarrende nuwe gesinsamestellings en afwesigheid van formele, biologiese grense moet bestudeer word. Aangesien sommige kinders skaam en selfbewus ten opsigte van die samestelling van hul nuwe stiefgesin is, behoort hierdie gedeelte dit te normaliseer en die verduideliking daarvan aan ander, te vergemaklik.

- **Verhoudings met die ander biologiese ouer en uitgebreide gesinslede:** Voortgesette kontak met die ander biologiese ouer verbeter die aanpassing van adolessente in stiefgesinne. Die rol van die afwesige ouer moet gevolglik ondersoek word. Die uitgebreide gesinslede, veral die grootouers, behoort uitgesonder te word as stabiele bronne van ondersteuning, gerusstelling en veiligheid.
- **Moontlike voordele vir die adolessent in die stiefgesin:** Die potensiële voordele wat die stiefgesinsituasie aan die adolessent bied, moet in groepsverband geëksploreer word ten einde negatiwiteit en angs te normaliseer.

Die genoemde temas dien slegs as 'n omvattende struktuur vir 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree. Die riglyne is geensins volledig bespreek nie, maar is slegs aanduidend van aard. Alhoewel die navorser van mening is dat die adolessentontwikkelingsfase om bepaalde redes as die eerste tema in die program hanteer behoort te word, is die volgorde van die daaropvolgende temas geensins rigied nie.

Aangesien 'n groot aantal relevante temas in hierdie studie geïdentifiseer is, sal die inkorporering van elkeen in 'n enkele program moontlik problematies wees weens die omvang en lengte van die aanbieding, wat uit die aard van die saak die impak daarvan op die adolessente kan verminder. Ten einde hierdie kwessie op te los kan die kombinerings van toepaslike temas oorweeg word, of die program kan selfs in meer as een fase gestruktureer en aangebied word. In gevalle waar die adolessente reeds 'n voorsmaak van moontlike probleme vanweë hul biologiese ouer en toekomstige stiefouer se saamwonyer ervaar het, kan 'n volledige lys geïdentifiseerde temas aan hulle gegee word waaruit hulle relevante temas vir hul voorbereidingsprogram kan selekteer.

7.4 Leemtes van hierdie navorsingsprojek

Verskeie leemtes bestaan in hierdie studie. Ten eerste het die keuseformaat van die vrae sekere inligting beperk en kan dit oorweeg word om meer opsies, of selfs oop vrae, by te voeg. Ten tweede blyk dit dat die vraelys moontlik vir sommige adolessente te lank kon gewees het. Alhoewel die navorser hiervan bewus was, is die volledigheid van die meetinstrument vir hierdie verkennende navorsing as noodsaakliker geag. 'n Moontlike verkorte weergawe van die vraelys kan ondersoek word. Dertens is sommige van die literatuurgedeeltes, soos die basiese verskille tussen eerstephuwelik- en stiefgesinne, die fases in die stiefgesinsontwikkelingsiklus,

die aanpassing van stiefseuns en -dogters, spesifieke ouerskapstyle en die verskille tussen stiefvader- en stiefmoedergesinne in 'n vraelysformaat moeilik verifieerbaar, sonder om vaag te wees, en sou 'n onderhoud waarskynlik meer inligting gegenereer het. Laastens is die steekproef te klein in omvang om interferensiële statistiek te regverdig, gevolglik is die studie beperk tot beskrywende statistiek. Die bevindinge kan ook nie veralgemeen word na die algemene populasie nie.

7.5 Aanbevelings

7.5.1 Aanbevelings ten opsigte van hierdie studie

Die navorser beveel aan dat die empiriese studie herhaal word met 'n aansienlik groter steekproef bestaande uit adolessente wat betreklik onlangs 'n stiefgesin betree het ten einde die geïdentifiseerde temas empiries te bevestig. 'n Herhaling van die empiriese studie met stiefkinders wat onlangs 'n stiefgesin betree het, kan moontlik ook meer van die bevindinge uit die literatuurstudie ondersteun. 'n Verkorte weergawe van die ontwikkelde vraelys kan moontlik saamgestel word, aangesien die bestaande meetinstrument tydrowend is en moontlik vir sommige respondente uitputtend kan wees, wat die kwaliteit van die response kan beïnvloed. 'n Verdere aanbeveling ten opsigte van die vraelys is dat 'n vraag ten opsigte van die psigologiese intergenerasiegrense ook ingesluit sal word. Aangesien sommige vroeë oorfleuelend blyk te wees vanweë die moeilike verifieerbaarheid van die literatuur, kan hierdie vroeë saamgegroepeer word, na ander afdelings geskuif of selfs weggelaat word. Die steekproef behoort meer Engelse respondente in te sluit, asook adolessente van ander rasse om sodoende hul konsep van 'n stiefgesin te bestudeer. Die insluiting van 'n groot aantal adolessente van alle rasse impliseer 'n vollediger empiriese studie wat verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse populasie is. 'n Verdere oorweging is die moontlike insluiting van adolessente teenwoordig in saamwoongesinne waar die volwassenes 'n gesinsopset skep, alhoewel hulle nie 'n formele verbintenis het nie.

7.5.2 Aanbevelings ten opsigte van die voorgename voorbereidingsprogram

Die program behoort op 'n professionele, dog informele wyse aangebied te word en behoort gestruktureer te word om kompak maar tog volledig te wees. 'n Belangrike aspek om te oorweeg is of die teikengroep slegs adolessente wat nog nie 'n stiefgesin betree het nie moet betrek, en of tieners wat betreklik onlangs hul stiefgesinne betree het ook die program mag bywoon. Die insluiting van adolessente in 'n saamwoongesin behoort ook ondersoek te word aangesien sommige pare 'n leeftyd saamwoon sonder om te trou.

'n Verdere belangrike aanbeveling is dat die program 'n volledige werkboek moet insluit waarin die adolessent notas tydens byeenkomste kan aanbring en later as verwysingsbron kan gebruik. Dit is verder noodsaaklik dat opvolgessies na afloop van die program geskeduleer sal word ten einde adolessente te ondersteun, bepaalde aspekte te hersien en verdere riglyne asook hanteringsvaardighede te verskaf. Die stig van 'n ondersteuningsgroep waarby die tieners wat die program deurloop het kan aansluit, word aanbeveel aangesien dit die leerproses in stand hou, verligting en ondersteuning aan die tieners bied en die situasie waarin hulle verkeer, normaliseer.

7.5.3 Aanbevelings vir 'n soortgelyke voorbereidingsprogram vir toekomstige stiefouers sowel as vir die biologiese ouers betrokke by die adolessent se lewe

Aangesien die gedrag en mate van aanpassing van die adolessent in sy/haar stiefgesin een van die grootste oorsake van die verbrekking van 'n tweede huwelik is, is dit belangrik om die betrokke stiefouers en biologiese ouers genoegsaam voor te berei ten einde die adolessent te ondersteun en sy/haar aanpassing in die stiefgesin te fasiliteer. Ingeligte en voorbereide ouers het begrip vir die adolessent se moeilike stryd ten opsigte van individuasie, veral wanneer dit gepaard gaan met die aanpassing by 'n stiefgesin. Alhoewel verskeie programme bestaan wat op die voorbereiding van volwassenes wat hertrou en 'n stiefgesin betree gerig is (Hoofstuk 4), word aanbeveel dat 'n program soortgelyk aan en bestaande uit dieselfde temas as die adolessentprogram ontwikkel word. Die temas behoort inligting relevant vir die ouers in te sluit en sekere aspekte kan indringender bespreek word. Die rede vir die aanbeveling is om die stiefouers en biologiese ouers wat by die adolessent betrokke is, voor te berei ten opsigte van hom/haar sodat hulle sy/haar unieke behoeftes en gedrag kan verstaan en dit konstruktief kan hanteer. Die emosionele en kognitiewe ontwikkeling van die adolessent stel hom/haar in staat om die temas met die stief- en biologiese ouers te bespreek wanneer 'n probleemsituasie opduik. 'n Moontlike gesamentlike sessie na afloop van beide programme bevorder die konsolidasie en integrasie van die leerervaring vir almal wat by die situasie betrokke is.

'n Verdere aanbeveling is dat die program vir die volwassenes ook 'n werkboek sal insluit om dieselfde redes as wat vir die adolessente gegeld het. Deurdat verskeie soortgelyke programme reeds ontwikkel is, is verskeie riglyne en inligting beskikbaar vir die programinhoud. Addisionele riglyne vir die begeleiding van kinders in hersaamgestelde gesinne kan verkry word uit die deeglike navorsingstudie van Buchler (1995) waarin die riglyne in ses kategorieë verdeel word, naamlik:

- Die eie ervaring van die kind in die hersaamgestelde gesin.

-
- Die verhouding van die kind met sy/haar biologiese ouers.
 - Die verhouding van die kind met sy/haar stiefouers.
 - Die kommunikasie met die kind in die hersaamgestelde gesin.
 - Die dissiplinering van die kind in die hersaamgestelde gesin.
 - Die verhouding met die stiefsibbe.

Riglyne vir die begeleiding van ouers in hersaamgestelde gesinne word gevind in die omvattende navorsingstudie deur S. Coleman (1992) en kan in die program bygewerk word. S. Coleman (1992) beklemtoon die verbetering van die interpersoonlike verhoudinge binne die stiefgesin en bied riglyne ten opsigte van die onkunde van stiefouers, kommunikasieprobleme, skuldgevoelens betreffende die egskeding, asook ten opsigte van gesagshandhawing en aanvaardingsprobleme. Beide die studies van Buchler (1995) en S. Coleman (1992) is plaaslik gedoen en fokus op 'n Suid-Afrikaanse stiefgesin.

'n Verdere aanbeveling is dat ondersteuningsgroepe vir die betrokke biologiese en stiefouers gestig moet word ten einde ondersteuning, begrip en gemeenskaplikheid teweeg te bring. Die insluiting van al die volwassenes wat by die adolessent betrokke is, stel hulle in staat om hul invloed op die adolessent se ontwikkeling en aanpassing te besef en sodoende te poog om samewerking te verleen en konflik te verminder ten einde hul kind se welstand te bevorder. Die volwassenes kry ook begrip vir elkeen se rol, optrede en behoeftes. Die volwassenes word in staat gestel om probleemgedrag te identifiseer en toepaslike, effektiewe hanteringsvaardighede te implementeer.

7.5.4 Verdere algemene aanbevelings

Dit is noodsaaklik om pogings aan te wend om die stiefgesinsituasie te destigmatiseer om sodoende meer ondersteuning vir hierdie gesinne vanuit die samelewing te verkry. Aksies kan geloods word om kinders in intakte gesinne te sensitiseer ten opsigte van stiefkinders aangesien 'n groot aantal van hul vriende stiefkinders gaan wees. Die stig van toeganklike ondersteuningsgroepe is reeds genoem en kan deur instansies soos kerke, skole en welsynsorganisasies ingestel word. 'n Aanbeveling uit die studie van Pretorius (1997) wat sentreer om die publisering van plaaslike literatuur in Afrikaans en Engels word ondersteun aangesien die meerderheid beskikbare literatuur oorsee gepubliseer is. Die waardevolle navorsing wat wel plaaslik gedoen is, is hoofsaaklik navorsingstudies wat nie vrylik tot beskikking van die algemene publiek is nie.

- Adams, G.R. (1992). Introduction and overview. In G.R. Adams, T.P. Gullotta & R. Montemayor (Eds), *Adolescent identity formation* (pp. 1–8). London: Sage.
- Babbie, E. (1992). *The practice of social research* (6th ed.). California: Wadsworth Publishing Company.
- Barber, B.L. & Lyons, J.M. (1992). Family processes and adolescent adjustment in intact and remarried families. *Journal of Youth and Adolescence*, **23**(4), 421-437.
- Becvar, D.S. & Becvar, R.J. (1996). *Family therapy: A systemic integration* (2nd ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Beer, W.R. (1988). *Relative strangers: Studies of stepfamily processes*. New York: Rowman & Littlefield.
- Berger, R. (1994). Children draw their stepfamilies. *Journal of Family Psychotherapy*, **5**(4), 33-48.
- Blos, P. (1967). The second individuation process of adolescence. *Psychoanalytic Study of the Child*, **22**, 162–186.
- Blos, P. (1968). Character formation in adolescence. *Psychoanalytic Study of the Child*, **23**, 245–263.
- Blos, P. (1971). The child analyst looks at the young adolescent. *Daedalus*, **100**, 961–978.
- Blos, P. (1979). *The adolescent passage: Developmental issues*. New York: International Universities Press.
- Bray, J.H. (1992). Family relationships and children's adjustment in clinical and nonclinical stepfather families. *Journal of Family Psychology*, **6**(1), 60-68.

-
- Bray, J.H. (1995). Children in stepfamilies: Assessment and treatment issues. In D. K. Huntley (Ed.), *Understanding stepfamilies: Implications for assessment and treatment* (pp. 59-71). Alexandria: American Counseling Association.
- Bray, J.H. & Berger, S.H. (1993). Developmental issues in stepfamilies research project: Family relationships and parent child interactions. *Journal of Family Psychology*, **7**(1), 76-90.
- Breger, L. (1974). *From instinct to identity: The development of personality*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- Brown, A.C., Green, R.J. & Druckman, J. (1990). A comparison of stepfamilies with and without child-focused problems. *American Journal of Orthopsychiatry*, **60**(4), 556-566.
- Buchanan, C.M., Maccoby, E.E. & Dornbusch, S.M. (1996). *Adolescents after divorce*. Cambridge: Harvard University Press.
- Buchler, G.C. (1995). *Riglyne vir die begeleiding van kinders in hersaamgestelde gesinne*. Ongepubliseerde M. Ed.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Bumpass, L. & Rindfuss, R. (1978). *Children's experience of marital disruption*. Wisconsin-Madison: The University of Wisconsin-Madison.
- Burt, M.S. & Burt, R.B. (1996). *Stepfamilies: The step by step model of brief therapy*. New York: Brunner/ Mazel.
- Capaldi, D.M., Forgatch, M.S. & Crosby, L. (1994). Affective expression in family problem-solving discussions with adolescent boys. *Journal of Adolescent Research*, **9**(1), 28-49.
- Capaldi, F. & McRae, B. (1979). *Stepfamilies: A cooperative responsibility*. New York: New Viewpoints / Vision Books.
- Cherlin, A.J. & Furstenberg, F.F. (1994). Stepfamilies in the United States: A Reconsideration. *Annual Review of Sociology*, **20**, 359-381.
- Coleman, J.C. (1992). Young people and stepfamilies: Needs, roles and conflict. In E. De'Ath (Ed.), *Stepfamilies: What do we know? What do we need to know?* (pp. 49-55). Croydon: Significant Publications.

-
- Coleman, S. (1992). *Riglyne vir die begeleiding van ouers in hersamegestelde gesinne*. Ongepubliseerde M Ed-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Coleman, M. & Ganong, L.H. (1991). Remarriage and stepfamilies: What about the children? *Family and Conciliation Courts Review*, **29**(4), 405-412.
- Coleman, J.C. & Hendry, L. (1990). *The nature of adolescence* (2nd ed.). London: Routledge.
- Collins, W.A. & Repinski, D.J. (1994). Relationships during adolescence: Continuity and change in interpersonal perspective. In R. Montemayor, G.R. Adams & T.P. Gullotta (Eds), *Personal relationships during adolescence* (pp. 7–36). London: Sage.
- Collins, W.E., Newman, B.M. & McKenry, P.C. (1995). Intrapyschic and interpersonal factors related to adolescent psychological well-being in stepmother and stepfather families. *Journal of Family Psychology*, **9**(4), 433-445.
- Cooney, T.M. & Mortimer, J.T. (1999). Family structure differences in the timing of leaving home: Exploring mediating factors. *Journal of Research on Adolescence*, **9**(4), 367-393.
- Corsini, R.J. (1999). *The Dictionary of Psychology*. New York: Brunner/Mazel.
- Crosbie-Burnett, M. (1984). The centrality of the step-relationship: A challenge to family theory and practice. *Family Relations*, **33**, 459-463.
- Demo, D.H. & Acock, A.C. (1996). Family structure, family process, and adolescent well-being. *Journal of Research on Adolescence*, **6**(4), 457-488.
- Duncan, S.F. & Brown, G. (1992). Renew: A program for building remarried family strengths. *Families in Society*, **March**, 149-158.
- Du Plessis, J. (1993). *'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n Sielkundig-Opvoedkundige perspektief*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Durlak, J.A. (1995). *School based prevention programs for children and adolescents*. New York: Sage Publications.

-
- Elkind, D. (1975). Egocentrism in adolescence. In J.J. Conger (Ed.), *Contemporary Issues in Adolescent Development* (pp. 44-52). New York: Harper & Row.
- Erikson, E.H. (1963). *Childhood and Society* (2nd ed.). New York: W.W. Norton & Co.
- Erikson, E.H. (1968). *Identity: Youth and crisis*. London: Faber & Faber.
- Erikson, E.H. (1971). *Identity: Youth and crisis*. London: Faber & Faber.
- Fausel, D.F. (1995). Stress inoculation training for stepcouples. *Marriage and Family Review*, **21**(1 - 2), 137-155.
- Fine, M.A., Coleman, M. & Ganong, L.H. (1998). Consistency in perceptions of the step-parent role among step-parents, parents and stepchildren. *Journal of Social and Personal Relationships*, **15**(6), 810-828.
- Fine, M.A., Donnelly, B.W. & Voydanoff, P. (1991). The relation between adolescents' perceptions of their family lives and their adjustment in stepfather families. *Journal of Adolescent Research*, **6**(4), 423-436.
- Fine, M.A. & Kurdek, L.A. (1995). Relation between marital quality and (step) parent-child relationships quality for parents and stepparents in stepfamilies. *Journal of Family Psychology*, **9**, 216-223.
- Fine, M.A., Kurdek, L.A. & Henningen, L. (1992). Perceived self-competence, stepfamily myths, and (step)parent role ambiguity in adolescents from stepfather and stepmother families. *Journal of Family Psychology*, **6**(1), 69-76.
- Fine, M.A. & Schwebel, A.I. (1991). Stepparent stress: A cognitive perspective. *Journal of Divorce and Remarriage*, **17**(1 - 2), 1-15.
